

Departement Kultuursake en Sport

Wes-Kaapse Regering

Begrotingspos 13

Jaarverslag

2020/2021

In die geval van vertaalfoute tydens die vertaling van die dokument word die Engelse weergawe van hierdie verslag, as brontaal, as die amptelike teks beskou.

Inhoud

Deel A	4
1. Algemene inligting oor die Departement	5
2. Lys van afkortings/akronieme	6
3. Voorwoord	9
4. Verslag van die Rekenpligtige Beampte	11
5. Verklaring van verantwoordelikheid en bevestiging van die akkuraatheid van die Jaarverslag	16
6. Strategiese oorsig	17
6.1. Visie	17
6.2. Missie	17
6.3. Waardes	17
7. Wetgewende en ander mandate	17
7.1. Grondwetlike mandate	17
7.2. Wetgewende mandate	20
7.3. Beleidsmandate	25
8. Organisasoriese struktuur	28
9. Entiteite wat aan die Minister rapporteer.....	30
Deel B	32
1. Verslag van die Ouditeur-Generaal: Voorafbepaalde Doelwitte	33
2. Oorsig oor Departementele prestasie	33
2.1. Diensleweringomgewing.....	34
2.2. Diensleweringverbeteringsplan.....	43
2.3. Organisasoriese omgewing.....	56
2.4. Kern beleidsontwikkelings en veranderinge aan wetgewing.....	57
3. Prestasies van Institusionele Strategiese Impak en Uitkomste	58
3.1. Besondere prestasies ten opsigte van die 2019-24 Medium-Termyn Strategiese Raamwerk en Provinsiale Strategiese Plan.....	60
4. Prestasie-inligting per program	67
4.1. Program 1: Administrasie	67
4.2. Program 2: Kultuursake	71
4.3. Program 3: Biblioteek- en Argiefdienste	89
4.4. Program 4: Sport en Ontspanning.....	100
5. Verslag oor die Institusionele Reaksie op die Covid-19 pandemie.....	119

6.	Oordragbetalings	123
6.1.	Oordragbetalings aan openbare entiteite	123
6.2.	Oordragbetalings aan alle organisasies buiten openbare entiteite	124
7.	Voorwaardelike Toekennings.....	157
7.1.	Voorwaardelike Toekennings en Geormerkte fondse betaal.....	157
7.2.	Voorwaardelike Toekennings en Geormerkte fondse ontvang.....	157
8.	Skenkerfondse.....	164
9.	Kapitaalbelegging	164
9.1.	Kapitaalbelegging, instandhouding en batebestuursplan.....	164
Deel C		165
1.	Inleiding	166
2.	Risikobestuur	166
3.	Bedrog en korrupsie	169
4.	Vermindering van botsende belange	170
5.	Gedragkode	170
6.	Gesondheid-, veiligheid- en omgewingskwessies.....	170
7.	Portefeuljekomitees.....	171
8.	Skoor-besluite	172
9.	Vorige wysigings	172
10.	Interne beheer	172
11.	Interne oudit en ouditkomitees.....	172
12.	Verslag van ouditkomitee	174
13.	Prestasie-inligting oor B-GSEB-nakoming	176
Deel D.....		178
1.	Inleiding	179
2.	Stand van mensebestuur in die Departement	179
2.1.	Departementele arbeidsmagbeplanningsprioriteite.....	179
2.2.	Werknemerprestasiebestuur.....	180
2.3.	Werknemerwelstand	180
2.4.	Monitering van mensebestuur	181
3.	Oorsigstatistiek rakende mensebestuur	181
Deel E		211
1.	Verslag van die Ouditeur-Generaal	212
2.	Finansiële jaarstate	218

Deel A

ALGEMENE INLICHTING

1. Algemene inligting oor die Departement

Wes-Kaapse Departement van Kultuursake en Sport

STRAATADRES	Protea Assuransie-gebou Groentemarkplein Kaapstad 8001
POSADRES	Privaatsak X9067, Kaapstad 8000
TELEFOONNOMMER	0860 142 142
FAKSNOMMER	021 483 9504
E-POSADRES	dcas.com@westerncape.gov.za
WEBTUISTE	www.westerncape.gov.za/dept/cas

2. Lys van afkortings/akronieme

AERP	Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk
ASDSBR	Algemene Staatsdienssektorbedingingsraad
AU	Afrika-unie
BGV	Beroepsgesondheid en -veiligheid
BPAI	Bestuursprestasie-assesseringsinstrument van die DBME
BS	Buurskoolprogram
BVJ	Bevordering van Jeug
CHEC	Kaapse Konsortium vir Hoër Onderwys
DKK	Nasionale Departement van Kuns en Kultuur
DKES	Departement van Kultuursake en Sport
D: ORB	Direktoraaat: Ondernemingsrisikobestuur, Departement van die Premier
DISWEC	Sport vir Gestremdes Wes-Kaap
DGV	Departement van Gemeenskapsveiligheid
DH	Departementshoof
DORA	Wet op die Verdeling van Inkomste
DvdP	Departement van die Premier
DSA	Departement van Staatsdiens en Administrasie
DSKK	Department van Sport, Kuns en Kultuur
DPME	Departement van Prestasiemonitering en Evaluering in die kantoor van die President
DMO	Departement van Maatskaplike Ontwikkeling
DVP	Diensleweringverbeteringsplan
EAP	Werknemerbystandprogram
EHB	Erfenishulpbronbestuur
EWK	Erfenis Wes-Kaap
FBV	Finansiële Bestuursverbeteringsplan
FJS	Finansiële jaarstate
FEDANSA	Federasie vir Danssport Suid-Afrika
FMIP	Verbeteringsprogram vir Finansiële Bestuur
FMPPi	Raamwerk vir die Bestuur van Programprestasie-inligting
Gg	Goewermentsgarage
GI	Gelyke indiensneming
HBI	Histories benadeelde individu
HFB	Hoof- finansiële beampte
HPS	Hoëprestasiesentrums
MH	Menslike Hulpbronne
HS	Hoërskool
ICAS	Onafhanklike Berading- en Adviseringsdienste
IKT	Inligtings- en kommunikasietegnologie
IFSC	Internasionale Federasie van Klimsport
IT	Inligtingstegnologie
KBRS	Koördinerende Bedingingsraad vir die Staatsdiens
KOP	Klubontwikkelingsprogram
KKNK	Klein Karoo Nasionale Kunstefees
KVW	Koste van Werknemer
LS	Laerskool

LUR	Lid van die (Provinsiale) Uitvoerende Raad (Provinsiale Minister)
MBT	MIV-berading-en-toetsing
MIT	Munisipale Infrastruktuurtoekenning
MGO	Program vir Massadeelname; Geleentheid en Toegang; Ontwikkeling en Groei
MvV	Memorandum van Verstandhouding
MRBR	Mediumtermyn-bestedingsraamwerk
MTSR	Mediumtermyn- Strategiese Raamwerk
NKR	Nasionale Kunsteraad
NOP	Nasionale Ontwikkelingsplan
NP	Naskoolse program
NRO	Nieregeringsorganisasie
NER	Nasionale Erfenisraad
NIF	Nasionale Inkomstefonds
NSOP	Nasionale Sport- en Ontspanningsplan
MSW	Maatskappy sonder winsbejag
MVB	Munisipale Vervangingsbefondsing
OIB	Ondernemingsinhoudbestuur
ORB	Ondernemingsrisikobestuur
ORBK	Ondernemingsrisikobestuurskomitee
ORBEK	Ondernemingsrisikobestuur- en Etiekkomitee
OSW	Organisasie sonder winsbejag
PO	Prestasie-ooreenkoms
PanSAT	Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad
PBD	Provinsiale Billike Deel
PERSAL	Personeelsalarisstelsel
PBD	Provinsiale Bedrogsdiens
PBT	Persoonlike Beskermende Toerusting
PBK	Persoonlike Beskermende Klere
PBIS	Prestasiebestuursinligtingstelsel
PFD	Provinsiale Forensiese Dienste
PILIR	Beleid oor Ongeskiktheidsverlof en Aftrede weens Swak Gesondheid
PTF	Provinsiale Taalforum
PTK	Provinsiale Taalkomitee
PK	Provinsiale Kennisgewing
PSD	Provinsiale Strategiese Doelwit
PSP	Provinsiale Strategiese Plan
SA	Suid-Afrika/Suid-Afrikaanse
SAFA	Suid-Afrikaanse Sokkervereniging
SAEHA	Suid-Afrikaanse Erfenishulpbrongagentskap
SAGT	Suid-Afrikaanse Gebaretaal
SANSK	Suid-Afrikaanse Nasionale Skolekampioenskap
RB	Rekenpligtige Beampte
RSAGN	Raad vir Suid-Afrikaanse Geografiese Name
RWM&E-stelsel	Regeringswye Monitering- en Evalueringstelsel
SAPD	Suid-Afrikaanse Polisie
SARU	Suid-Afrikaanse Rugbyunie
SASKOK	Suid-Afrikaanse Sportkonfederasie en Olimpiese Komitee
SK	Suid-Kaap

SGMDP	Siyadlala Gemeenskapsmassadeelnameprogram
SCOA	Standaardstaat van Rekeninge
SKOOR	Staande Komitee oor Openbare Rekeninge
SHEQ	Veiligheid-, Gesondheid-, Omgewing-, Risiko- en Gehaltebestuur
SITA	Staatsinligtingstegnologie-agentskap
SLIMS	SITA Biblioteekinligtingsbestuurstelsel
SBD	Seniorvlakbestuursdiens
SBP	Standaardbedryfsprosedure
SKP	Sakekontinuiteitsplan
SOSA	Sport en Ontspanning Suid-Afrika
SOI's	Seksueel oordraagbare infeksies
SMV	Staatsmotorvervoer
SWD	Suidwestelike Distrikte
TB	Tuberkulose
UNAIDS	Gesamentlike Program van die Verenigde Nasies oor MIV/vigs
UK	Universiteit van Kaapstad
UOWP	Uitgebreide Openbarewerkeprogram
UNESCO	Verenigde Nasies se Opvoedkundige, Wetenskaplike en Kulturele Organisasie
UWK	Universiteit van Wes-Kaapland
VIP	Visiegeïnspireerde Prioriteite
VOC	Vereenigde Oost-Indische Compagnie
VGOG	Veiligheid, Gesondheid, Omgewing en Gehalte
VKB	Verkrygingskettingbestuur
WBE	Weerstand en Bevryding Erfenisroete
WET	Wêrelderfenisterrein
WNEH	Wet op Nasionale Erfenishulpbronne
WK	Wes-Kaap
WEKSA	Wes-Kaapse Sportakademie
WGW	Werknemergesondheid en -welstand
WGWP	Werknemergesondheid en -welstandprogram
WKKK	Wes-Kaapse Kultuurkommissie
WKOD	Wes-Kaapse Onderwysdepartement
WKR	Wes-Kaapse Regering
WTK	Wes-Kaapse Taalkomitee
WKPGNK	Wes-Kaapse Provinsiale Geografiese Namekomitee
WKPSK	Wes-Kaapse Provinsiale Sportkonfederasie
WP	Westelike Provinsie
WOO	Wet op Openbare Oudit
WOFB	Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999
WVI	Wet op Verdeling van Inkomste
VvW	Vergoeding van Wernemers

3. Voorwoord

Die Departement van Kultuursake en Sport bied hierdie jaarverslag vir die periode 2020/21 aan as bewys van voortgesette dienslewering uitkomst. Ons vertrou dat dit groter insig sal gee in die prestasies en uitdagings wat ons gedurende hierdie periode ten opsigte van bedryfsprestasies, bestuur, menslike hulpbronne en finansiële bestuur ondervind het.

Die gevolge van die Covid-19 pandemie en die gepaardgaande inperkingsregulasies het 'n aansienlike impak gehad op die maatskaplike, ekonomiese en persoonlike sektore aan wie ons diens lewer. Die beperking op byeenkomste as gevolg van inperkingsregulasies het 'n vernietigende invloed op die sport, kuns- en kultuursektore gehad en het daartoe aanleiding gegee dat talle beplande gebeure in die 2020/21 finansiële jaar gekanselleer moes word. Dit het 'n inkomsteverlies en vermindering van geleenthede in die sport en kreatiewe gemeenskap om inkomste te genereer tot gevolg gehad, veral in die "gig" en lewendige optrede ekonomie, en dus 'n verlies aan inkomste vir skeppende kunstenaars in die volle waardeketting van die Kulturele en Kreatiewe ekonomie. Dit sal 'n rimpel- en blywende gevolg op die sport, kuns- en kultuursektore oor die 2021 MTSR hê.

Ten spyte van die onvoorstelbare uitdagings gedurende die 2020/21 finansiële jaar, het die Departement nuwingsgewende organisasies, kwesbare kunstenaars en sport en ontspanning entiteite ondersteun en het 'n Covid-19 Hulpfondsstrategie ontwikkel om verligting aan die geaffekteerde industrieë te bring. Die Departement het verder die Nieregeringsorganisasie Befondsingsbeleid hersien om die volledige waardeketting in die kunste in te sluit. Dit is vir my aangenaam om bekend te maak dat die nuwe beleid meer inklusief en 'n weerspieëling is van die verskeidenheid van kunsvorme en individue wat in die kunstedijsipline betrokke is.

Ons Sport- en Ontspanning Hoofdirektoraat het in die verslagjaar onverpoos gewerk om proaktief te reageer op die ongeëwenaarde omstandighede deur vernuwendes oplossings te vind, omdat ons besef dat sport en ontspanning 'n etos van lewenslange aktiwiteit en maatskaplike insluiting en welstand bevorder en die jeug blootstel aan 'n omgewing wat 'n gesonde alternatief bied tot die maatskaplike probleme wat ons gemeenskap teister. Aangesien hierdie aktiwiteite deur die inperkingsregulasies beperk was, het die hoofdirektoraat ondersteuning gebied waar nodig met betrekking tot Covid-19 verwante opdragte, insluitende humanitêre verligting, voeding en hulp aan skole in die hele provinsie. Op gemeenskapsvlak is ondersteuning gebied deur gemeenskappe op te lei met betrekking tot higiëne, afstandhouding en nakoming van inperking waarskuwingsvlakke.

Gegewe die bykomende eise en behoeftes, het die Departement op dienslewering aan al die inwoners van die Wes-Kaap gefokus met die provinsiale en departementele Strategiese Plan as gids, aangesien ons werk aansluiting vind in al die strategiese prioriteite van die Wes-Kaapse Regering, insluitende VIP 1: Veilige en inklusiewe gemeenskappe; VIP 2: Groei en werksgeleenthede; VIP 3: Bemagtiging van mense; VIP 4: Mobiliteit en ruimtelike transformasie en VIP 5: Vernuwing en Kultuur.

Hoogtepunte hiervan het ingesluit: die uitbreiding van ons Naskoolse Program aan laefooi- en geenfooileerders in die hele provinsie, die professionalisering van die sektor, vaardigheidsontwikkeling van praktisyns en die ontwikkeling van kwaliteit programnorme en -standaarde. Met die sluiting van skole in 2020, is die programme aangepas om @home fisiese leerhulpbronne vir leerders te voorsien en aanlyn portale vir praktisyns. Ons het ook die

geleentheid gebruik om te herbesin oor die onderwys ekosisteem, die betrek van ouers en opvoeders en die bou van portuurnetwerke.

Aansluitend tot die Wes-Kaap se Herstelplan op die gebied van werksgeleenthede, veiligheid en welstand en waardigheid, was jeugontwikkeling die kern van die Departement se pogings om tot die vermindering van werkloosheid in die provinsie by te dra. Vir hierdie doel het die Departement vennootskappe met NRO's, die regering, skole, leerders, ouers en werklose jeugdige aangegaan, om die maatskaplike en ekonomiese uitdagings aan te spreek en as hefboom die totale gemeenskap te betrek deur die YearBeyond, MGO, Buurt skole, UOWP, Kunstenaarontwikkeling en Sportbevordering programme, om maar enkele voorbeelde te noem.

Aangesien hierdie verslagjaar seker die mees ongekende jaar vir ons almal was, wil ek hierdie geleentheid gebruik om almal in die uitsonderlike DKES-span te bedank vir hul onwrikbare toewyding in dienslewering aan die mense van die Wes-Kaap, vanuit elke hoek van die provinsie, vanuit elke direktoraat en eenheid en vir sommige in die persoonlike ruimtes van hul wonings tydens besondere moeilike tye.

Gegewe die huidige fiskale omgewing, die gepaardgaande begrotingsbesnoeiings en omliggende onsekerhede, verwag ons verskeie bykomende uitdagings in die bereiking van ons strategiese doelwitte. Ek het egter geen twyfel in my gemoed nie dat die Departement en die Wes-Kaapse Regering as 'n geheel sal voortgaan om ons mandaat aan die mense van die Wes-Kaap met groot sorgsaamheid, bevoegdheid, verantwoordbaarheid, integriteit, innovering en responsiwiteit te lewer. As die vertroude vennoot van ons sport en kulturele belanghebbendes, diegene wat dinamiese verandering in gedragstendense op grondvlak teweegbring, bly ons toegewyd om die onderskeie strukture te bemagtig deur innoverende ondersteuning en ingryping soos die behoeftes en eise bepaal.

AMarais

Anroux Marais

Wes-Kaapse Minister van Kultuursake en Sport

4. Verslag van die Rekenpligtige Beampte

Oorsig oor die werksaamhede van die Departement

Die Jaarverslag van die Wes-Kaapse Departement van Kultuursake en Sport (DKES) word aangebied ingevolge artikel 40(1(d) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur (WOFB), 1 van 1999.

Die 2020/21 oorsigjaar het begin met President Ramaphosa wat 'n nasionale ramptoestand ingevolge die Rampbestuurwet afgekondig het, met swaar inperkings en streng beperkings as 'n geïntegreerde en gekoördineerde rampmeganisme wat slegs enkele noodsaaklike sektore toegelaat het om te funksioneer. Die regulasies van die nasionale ramptoestand en die gepaardgaande inperking en beperking van beweging van mense het vernietigende gevolge op die Sport-, Ontspanning-, Kultuur- en Erfenissektore gehad as gevolg van die kansellering en uitstel van gebeure. Veral die swaar inperkings het die aktiwiteite en programme van die Departement nadelig beïnvloed. As gevolg van die impak hiervan op die Departement se diensleweringvermoë, moes sekere prestasie-aanwyser teikens dienooreenkomstig aangepas word.

Die Departement het Sake-kontinuiteitsplanne vir al sy komponente ontwikkel en implementeer om die verspreiding van Covid-19 te beperk en om aan die Covid-19 regulasies te voldoen, met inagneming van sosiale afstandhouding, nie-opeenhoping en voorsorg dat al ons terreine aan die nodige Covid-19 protokolle voldoen het.

Die sektor is gedwing om aan te pas by die beperkings op openbare optredes en byeenkomste, fisieke afstandhouding en die algemene ekonomiese impak.

Die visie van die Departement is 'n "maatskaplik inklusiewe, aktiewe, kreatiewe en verbonde Wes-Kaap". Die Departement het sy mandaat uitgevoer deur die lewering van dienste via drie strategiese uitkomstes:

1. Toegang en geleentheid vir deelname aan die Kunste-, Kultuur- en Erfenissektore, ondersteuning van ekonomiese groei, en veilige en samehorige gemeenskappe.
2. Toegang tot inligting en kennis wat 'n kultuur van lees en lewenslange leer ondersteun.
3. Toegang en geleentheid vir deelname aan sport en ontspanning.

Hierdie strategiese doelwitte dek die volle demografiese en geografiese bestek van die besigheid van die Departement regoor alle gemeenskappe deur die bevordering van: die kunste, kultuur en taal; biblioteek- en argiefdienste; museums, erfenis en geografiese name, en sport en ontspanning.

Die Departement is ook verantwoordelik vir drie openbare entiteite, naamlik die Wes-Kaapse Kultuurkommissie, die Wes-Kaapse Taalkomitee en Erfenis Wes-Kaap.

Die Departement het 82 van 119 Prestasie-aanwysers bereik (66 van 89 Program Prestasie-aanwysers en 16 van 30 Voorwaardelike Toekenning-aanwysers) deur gesamentlike dienslewering sinsette.

In 'n tyd wat miljarde mense fisies van mekaar geskei word, het kultuur en sport die vermoë om ons te verenig. Dit bring troos, inspirasie en hoop in 'n tyd van enorme ang en onsekerheid. Terwyl gemeenskappe op kultuur en sport vertrou het om hulle deur die krisis te help, het kultuur

en sport self swaar gelyk as gevolg van die impak van die pandemie. Talle skeppende kunstenaars, veral dié wat in die informele of “gig”-ekonomie werk, sowel as atlete en werknemers in die sport- en ontspanningsektor, kon nie finansiële oorleef nie. Kultuur- en sportinstansies, beide groot en klein, verloor op 'n daaglikse basis beduidende bedrae in inkomste. Terwyl wêreldwyd gepoog is om die onmiddellike gevaar van Covid-19 aan te spreek, moes ons stappe neem om ons kunstenaars en atlete te ondersteun. Daarom het DKES 'n Covid-19 Maatskaplike Hulpfonds vir Sport, Ontspanning, Kunste, Kultuur en Erfenis tot stand gebring en implementeer dit parallel met soortgelyke pogings deur die nasionale Departement van Sport, Kuns en Kultuur.

Die Wes-Kaapse Regering het 'n provinsiale reaksie met die Wes-Kaapse Herstelplan ontwikkel. DKES het 'n rol in al drie pilare van hierdie plan gespeel. Eerstens, onder die “Poste” pilaar, het DKES ekonomiese herstel ondersteun met sektorgebaseerde fondse in die sport- en kuns- en kultuursektore en die digitalisering van hulpbronne. Tweedens, wat “Veiligheid” betref, was die fokus op die heropbou van gemeenskappe, skakeling tussen gemeenskappe en sosiale samehörigheid. DKES het 'n sleutelrol gespeel in die humanitêre werkstroom en het antwoorde ontwikkel op die impak van die virus op werksgeleenthede vir die jeug, na-skoolse programme en sosiale samehörigheid.

Uitdagings gedurende die jaar

Die ekonomiese situasie van die land het die rasionalisasie van werksaamhede genoodsaak, en die sluiting van al die Departement se sektore vir groot dele van die jaar as gevolg van die Covid-19 pandemie was 'n groot uitdaging vir die Departement. Ongeag hierdie uitdaging, het die Departement met dienslewering voortgegaan waar dit moontlik was met aangepaste (aanlyn) metodes. Die Covid-19 pandemie het 'n reuse impak gehad op kuns, kultuur, sport en ontspanning en die toerismesektor, met alle aktiwiteite verbode deur die inperking wat slegs toegelaat word om op beperkte wyse te hervat, wanneer dit veilig is om dit te doen.

Oorsig oor die finansiële resultate van die Departement

Departementele ontvangste

Naam van program	2020/21			2019/20		
	Skatting (R'000)	Werklike bedrag ingevorder (R'000)	Oor-/ (Onder-) invordering (R'000)	Skatting (R'000)	Werklike bedrag ingevorder (R'000)	(Oor-)/ Onderinvordering (R'000)
Verkoop van goedere en dienste buiten kapitaalbates ¹	598	436	(162)	2 056	2 438	382
Oordragte ontvang van ander regeringseenhede Eenhede ²		450	450	779	1 000	221
Boetes, strafgelde en verbeurings	220	186	(34)	682	404	(278)
Rente, dividende en huurgeld op grond		5	5		29	29
Finansiële transaksies in bates en laste ³		404	404		5 432	5 432
Totaal	818	1 481	663	3 517	9 303	5 786

- Die afwyking is as gevolg van minder inkomste by toegangsfoeie as gevolg van die Nasionale inperking wat die aantal besoeke aan museums en die toerismesektor in die algemeen beïnvloed het.
- Oordrag ontvang van die Departement van Sport, Kuns en Kultuur (DSKK) om navorsing te doen en data te versamel oor die status van die Gemeenskapskuns- en Kultuursentra en Organisasies in die Wes-Kaap.
- Vorige boekjare se uitgawes wat verhaal is in die huidige boekjaar hou verband met skuldinvordering.

Programbesteding

Naam van program	2020/21			2019/20		
	Finale begroting (R'000)	Werklike besteding (R'000)	(Oor-)/Onderbesteding (R'000)	Finale begroting (R'000)	Werklike besteding (R'000)	(Oor)/Onderbesteding (R'000)
Administrasie	64 926	64 037	889	67 033	65 891	1 142
Kultuursake	117 128	114 862	2 266	119 351	117 903	1 448
Biblioteek- en Argiefdienste	358 503	352 923	5 580	397 416	395 316	2 100
Sport en Ontspanning	205 248	203 632	1 616	210 650	205 461	5 189
Totaal	745 805	735 454	10 351	794 450	784 571	9 879

Die onderbesteding kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die vertraging in die vul van poste (Vergoeding van Werknemers); goedere en dienste; en aangekoopte kapitaalgoedere wat nie teen 31 Maart gelewer kon word nie. Oorplasingversoeke vir die toegewese fondse is aan die Provinsiale Tesourie voorgelê. Besonderhede van die oorplasingversoeke is vervat in die narratiewe inligting hieronder.

Viremente/fondse oorgedra:

van program	standaard item	bedrag R'000	na program	standaard item	bedrag R'000
program 2	Lopende betalings (KvW)	-40	program 3	Lopende betalings (KvW)	40
program 3	Lopende betalings (G&D)	-624	program 2	Lopende betalings (G&D)	624
TOTAAL		-664			664

Fondse oorgedra:

Die Departement het 'n versoek by die Provinsiale Tesourie ingedien vir die oorplasing van toegewese fondse vir die 2021/22 boekjaar soos hieronder verduidelik. Die rede vir die vertraging in die lewering van goedere en dienste en kapitaalitems is hoofsaaklik as gevolg van die impak van Covid-19 op die betrokke industrieë.

Goedere en Dienste:

Die Oorplasingversoeke met betrekking tot goedere en dienste sluit in Biblioteekmateriaal (boeke); Verbruiksgoedere vir drukkers toebehore; Kontrakteurs vir onderhoud en herstel van strepieskodeskandeerders en kragopwekkers; Konsultante vir die daarstel van die Weerstand en Bevryding Erfenisroete (WBE) in die Wes-Kaap; en Vervoer vir die vervoer van kragopwekkers na gedeelde fasiliteite.

Kapitaal:

Die oorplasingversoeke vir Kapitaal bestaan uit Masjienerie en Toerusting vir aangekoopte rekenaarhardeware (skootrekenaars), kantoormeubels en huishoudelike toerusting (kragopwekkers).

Ongemagtigde, vrugtelose en verkwistende uitgawes

Die Departement het nie gedurende die oorsigjaar enige ongemagtigde, vrugtelose of verkwistende uitgawes aangegaan nie.

Toekomsplanne van die Departement

Die Covid-19-pandemie het die behoefte aan welsyn en sosiale samehorigheid van mense en die gepaardgaande bydrae tot die bevordering van gemeenskaplike en individuele veiligheid beklemtoon. Dit het die belangrikheid van die aanspreek van kernoorake vir geweld en ander maatskaplike en sosiale kwale beklemtoon. DKES wil deelnemende kulturele uitdrukking en ontspanningsaktiwiteite bevorder wat mense in staat stel om terselfdertyd meer in beheer te voel van hulle reis deur die lewe en meer betrokke te wees by hul gemeenskap. Ons fokus is op die daarstel en koördineer van geleenthede om alternatiewe moontlikhede vir die jeug in die Wes-Kaap te skep.

Dit is die strategiese dryfvere wat alle toekomstige planne van die Departement sal dryf.

Openbare-private vennootskappe

Geen.

Gestaakte aktiwiteite/Aktiwiteite wat gestaak gaan word

Geen aktiwiteite is gedurende die oorsigjaar gestaak nie, maar sommige aktiwiteite is tydelik opgeskort as gevolg van die pandemie en behoort na die pandemie voortgesit te word.

Nuwe of beoogde aktiwiteite

Geen nuwe aktiwiteite is gedurende die oorsigjaar ingestel nie, maar sommige aktiwiteite is tydelik ingestel as gevolg van die pandemie en behoort beëindig te word na die pandemie (bv die voorsiening van hulpbefondsing).

Verkrygingskettingbestuur (VKB)

Geen ongevraagde aanbiedings is gedurende die oorsigjaar aanvaar nie.

VKB-prosesse en -stelsels is in werking om onreëlmatige uitgawes te verhoed.

VKB het tydens die oorsigjaar geen belangrike uitdagings ervaar nie.

Geskenke en donasies in natura ontvang van nie-verwante partye

Raadpleeg Bylae 1E in die Finansiële Jaarstate.

Vrystellings en afwykings van die Nasionale Tesourie ontvang

Geen vrystellings of afwykings is gedurende die oorsigjaar van die Nasionale Tesourie ontvang nie.

Gebeure ná die verslagdoeningsdatum

Daar was 'n inbraak by die Bridgton Openbare Biblioteek op 30 April 2021. Die Departement het geen verliese met betrekking tot biblioteekboeke of rekenaars gehad nie aangesien slegs kables gesteel is.

Samevatting

Ten slotte wil ek erkenning gee aan die werk van die Ouditeur-Generaal van Suid-Afrika, wat 'n audit van die finansiële jaarstate en prestasie-inligting gedoen het. Ek wil my waardering uitspreek teenoor die Ouditkomitee wat die jaarverslag krities beoordeel het.

Ek wil ook graag die bydrae van ons belanghebbers in die interregeringstrukture van die burgerlike samelewing en ons susterdepartemente erken vir hulle volgehoue ondersteuning, veral vir hierdie verslagjaar waar hulle almal nuwe uitdagings ervaar het as gevolg van die Covid-19 pandemie.

Ek wil van hierdie geleentheid gebruik maak om my opregte waardering te betuig aan die hele DKES-span vir hulle ondersteuning deur die jaar op die pad na dienslewering vir die inwoners van die Wes-Kaap. Die vordering wat ons gemaak het, sou nie moontlik gewees het sonder hulle harde werk en toewyding nie.

Die Departement het 'n lang pad geloop om die huidige gedugte span met 'n duidelike doelgerigtheid te word. Hiervoor is ons dankbaar teenoor mnr Brent Walters wat die program van opbou van DKES gelei het tot wat dit vandag is. Sy onvermoeide toewyding tot diensbaarheid het verseker dat DKES se suksesse nie net tot die raadsaal beperk is nie, maar dat dit tot tasbare uitkomst in die lewens van die mense van die Wes-Kaap vertaal is. Ons wens hom die beste toe in sy nuwe rol as Wes-Kaapse Superintendent-Generaal van Onderwys (DH Onderwys).

Laastens wil ek die rol en ondersteuning van ons Minister, me. Anroux Marais erken vir haar strategiese rigtinggewing, leiding en onwrikbare ondersteuning vir die werk van hierdie Departement.



Guy Redman
Rekenpligtige Beampte
Departement van Kultuursake en Sport
31 Augustus 2021

5. Verklaring van verantwoordelikheid en bevestiging van die akkuraatheid van die Jaarverslag

Na my beste wete en oortuiging bevestig ek die volgende:

- 2 Alle inligting en bedrae wat regdeur die jaarverslag openbaar gemaak is, is konsekwent.
- 3 Die jaarverslag is volledig, akkuraat en sonder enige weglatings.
- 4 Die jaarverslag is opgestel in ooreenstemming met die jaarverslag riglyne soos uitgereik deur die Nasionale Tesourie.
- 5 Die finansiële jaarstate (Deel E) is opgestel ingevolge die gewysigde kontantstandaard en die relevante raamwerke en riglyne soos uitgereik deur die Nasionale Tesourie.
- 6 Die Rekenpligtige Beampte is verantwoordelik vir die opstel van die finansiële jaarstate en vir die oordeel wat in hierdie inligting uitgespreek word.
- 7 Die Rekenpligtige Beampte is verantwoordelik vir die vestiging en implementering van 'n stelsel van interne beheer wat ontwerp is om redelike gerusstelling te bied rakende die integriteit en betroubaarheid van die prestasie-inligting, die menslikehulpbroninligting en die finansiële jaarstate.
- 8 Die eksterne ouditeure is verbind om 'n onafhanklike mening oor die finansiële jaarstate uit te spreek.

Na my mening bied hierdie jaarverslag 'n redelike weergawe van die werksaamhede, prestasie-inligting, menslikehulpbroninligting en die finansiële sake van die Departement van Kultuursake en Sport vir die boekjaar geëindig 31 Maart 2021.

Die uwe



Rekenpligtige Beampte

Guy Redman

31 Augustus 2021

6. Strategiese oorsig

6.1. Visie

'n Maatskaplik inklusiewe, kreatiewe, aktiewe en verbonde Wes-Kaap.

6.2. Missie

Ons moedig uitnemendheid en inklusiwiteit in sport en kultuur aan deur die effektiewe, doelmatige en volhoubare gebruik van ons hulpbronne, en deur middel van kreatiewe vennootskappe. Op pad na uitnemendheid en die ontwikkeling van die Wes-Kaap tot die sport- en kultuursentrum van Suid-Afrika, sal ons die omstandighede vir toeganklikheid en massadeelname, talentidentifisering en vaardigheidsontwikkeling skep.

6.3. Waardes

Sorgsaamheid, bevoegdheid, verantwoordbaarheid, integriteit, innovering en responsiwiteit.

7. Wetgewende en ander mandate

Die Departement van Kultuursake en Sport (DKES) beskou die wetgewende mandaat waarop sy oorhoofse funksionering gebaseer is as bindend, veral ten opsigte van doeltreffende, billike en toeganklike dienslewering gegrond op die nasionale regering se Witskrif oor die Transformasie van Dienslewering in die Staatsdiens, die Batho Pele-inisiatief. Die DKES funksioneer binne die wetgewende en beleidsmandate wat in die volgende tabelle uiteengesit word:

7.1. Grondwetlike mandate

Artikel	Beskrywing
Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996	
Artikel 6(3),(4) en (5): Taal	Die Wes-Kaapse Regering (WKR) moet deur wetgewende en ander maatreëls hul gebruik van amptelike tale reël en monitor. Alle amptelike tale moet gelykheid van aansien geniet en billik behandel word. Die Wes-Kaapse Taalkomitee (WKTK) en DKES werk saam met die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad om die drie amptelike tale in die provinsie te bevorder en skep toestande vir die ontwikkeling en gebruik van die Khoisan-tale en Suid-Afrikaanse Gebaretaal. Die WKTK, en DKES is verantwoordelik vir die monitering en evaluering van die implementering van die Wes-Kaapse Taalbeleid, wat in 2001 aangeneem is, en moet ten minste een keer per jaar aan die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement oor hierdie mandaat

Artikel	Beskrywing
	verslag doen. Die WKTK staan onder toesig van die DKES wat administratiewe en finansiële ondersteuning aan die komitee verleen.
Artikel 30: Taal en kultuur	Die DKES fasiliteer geleenthede vir die mense van die Wes-Kaap om hulle taal- en kultuurregte uit te oefen deur die program en projekte wat dit aanbied en ondersteun.
Artikel 31: Kultuur, godsdiens- en taalgemeenskappe	Die DKES moet verseker dat sy program en projekte die kultuur- en taaldiversiteit van die Wes-Kaapse bevolking respekteer.
Artikel 41: Beginsels van regering van samewerking en interregeringsbetrekkinge	Die DKES werk saam met alle regeringsfere. Ingevolge sy spesifieke mandate werk die DKES nou saam met die nasionale Departement van Kuns en Kultuur (DKK) en Sport en Ontspanning Suid-Afrika (SOSA), die nasionale departement verantwoordelik vir sport en ontspanning), nasionale en provinsiale openbare entiteite, en munisipaliteite in die Wes-Kaap.
Artikel 156(4): Toekenning van magte	<p>Die DKES moet by wyse van 'n ooreenkoms en behoudens enige voorwaardes aan 'n munisipaliteit die administrasie opdra van 'n aangeleentheid wat in Deel A van Bylae 4 of Deel A van Bylae 5 vermeld word en wat noodsaaklikerwys op plaaslike regering betrekking het, indien—</p> <ul style="list-style-type: none"> • daardie aangeleentheid die doeltreffendste plaaslik geadministreer sou kon word; en • die munisipaliteit die vermoë het om dit te administreer. <p>Die DKES fasiliteer die lewering van openbare biblioteekdienste, wat plaaslike regering as 'n onbefondsde mandaat beskou. Hierdie dienste word in samewerking met die Nasionale Tesourie en die nasionale Departement van Kuns en Kultuur gelewer deur middel van die Voorwaardelike Toekenning vir Gemeenskapsbiblioteke, en met verdere ondersteuning van die Provinsiale Tesourie se Munisipale Vervangingsbefondsing.</p>
Bylae 4: Funksionele gebiede van konkurrente nasionale en provinsiale wetgewende bevoegdheid	<ul style="list-style-type: none"> • Kultuuraangeleenthede: • Die DKES werk nou saam met die DKK en verwante staatsorgane sover dit konkurrente kuns-, kultuur- en erfenisaangeleenthede aangaan. • Taalbeleid en die regulering van amptelike tale in die mate dat die bepalings van artikel 6 van die Grondwet uitdruklik wetgewende bevoegdheid aan die Wes-Kaapse Provinsiale Wetgewer verleen: • Die DKES werk nou saam met die DKK en verwante staatsorgane rakende taalbeleidaangeleenthede.
Bylae 5: Funksionele gebiede van eksklusiewe provinsiale wetgewende bevoegdheid	<p>Argiewe buiten nasionale argiewe:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Die DKES het 'n mandaat om provinsiale wetgewing rakende argiewe, buiten nasionale argiewe, te formuleer en om die implementering daarvan te bestuur. Die Departement is verantwoordelik vir die Wes-Kaapse Argief-en Rekorddiens. <p>Biblioteke buiten nasionale biblioteke:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Die DKES het 'n mandaat om provinsiale wetgewing rakende biblioteke, buiten nasionale biblioteke, te formuleer en om die implementering daarvan te bestuur. Die Departement is verantwoordelik vir die lewering van die Wes-Kaapse Biblioteekdiens en om nou saam te werk met plaaslike owerhede om 'n openbare biblioteek- en inligtingsdiens te lewer. <p>Museums buiten nasionale museums:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Die DKES het 'n mandaat om provinsiale wetgewing rakende museums, buiten nasionale museums, te formuleer en om die implementering daarvan te bestuur. Die Departement is verantwoordelik

Artikel	Beskrywing
	<p>vir die lewering van die provinsiale museumdiens, om nou saam te werk met geaffilieerde museums en om hierdie museums te ondersteun.</p> <p>Provinsiale kultureaangeleenthede (insluitend erfenishulpbronbestuur en geografiese name):</p> <ul style="list-style-type: none"> • Die DKES voorsien Erfenis Wes-Kaap (EWK) – die provinsiale erfenishulpbronowerheid wat ingevolge die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999 (WNEH) aangestel is – van personeel en ander gedeelde finansiële en administratiewe ondersteuning om sy regsmandaat uit te voer en te administreer. Die LUR (Lid van die [Provinsiale] Uitvoerende Raad) stel die Raad van EWK aan en is die aangestelde erfenisappélowerheid vir die Wes-Kaap. • Die DKES verskaf professionele en ander ondersteuning aan die Wes-Kaapse Provinsiale Geografiese Namekomitee (WKPGNK) om openbare deelname in verband met die standaardisering van en veranderinge aan geografiese name te fasiliteer. Wanneer konsultasie afgehandel is, maak die provinsiale komitee aanbevelings aan die Raad vir Suid-Afrikaanse Geografiese Name. <p>Sport, ontspanning en geriewe:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Die DKES het 'n mandaat om te help met die skep van 'n bemagtigende omgewing vir provinsiale sport- en ontspanningsaktiwiteite..
<p>Artikel 195: Basiese waardes en beginsels wat openbare administrasie beheers</p>	<p>DKES-amptenare moet die bepalings van artikel 195 nakom, wat 'n beskrywing gee van die demokratiese waardes en beginsels wat openbare administrasie beheers. Artikel 195(1)(b) vereis die bevordering van die doelmatige, ekonomiese en doeltreffende aanwending van hulpbronne. Dit impliseer dat programme wat in die openbare sektor onderneem word, die maksimum voordele teen die laags moontlike koste moet lewer.</p>
<p>Artikel 92 en 133</p>	<p>Artikel 92 bepaal dat lede van die Kabinet gesamentlik en afsonderlik teenoor die Parlement aanspreeklik is vir die uitoefening van hul bevoegdhede en die verrigting van hul funksies, en dat hulle die Parlement van volledige en gereelde verslae oor aangeleenthede onder hul beheer moet voorsien. Artikel 133 bepaal dat LUR'e van 'n provinsie gesamentlik en afsonderlik teenoor die provinsiale wetgewer aanspreeklik is vir die uitoefening van hul bevoegdhede en die verrigting van hul funksies, en dat hulle die wetgewer van volledige en gereelde verslae oor aangeleenthede onder hul beheer moet voorsien.</p>
<p>Grondwet van die Wes-Kaap, 1997</p>	<p>Grondwet van die Wes-Kaap, 1997</p>
<p>Artikel 5</p>	<p>Vir die doeleindes van die Wes-Kaapse Regering moet:</p> <ul style="list-style-type: none"> • die amptelike tale Afrikaans, Engels en Xhosa gebruik word; en • hierdie tale gelyke status geniet. <p>Die WKR moet sy gebruik van Afrikaans, Engels en Xhosa deur wetgewende en ander maatreëls reël en monitor. Die WKR moet praktiese en daadwerklike maatreëls tref om die status en gebruik van dié inheemse tale van die mense van Wes-Kaap, waarvan die status en gebruik histories ingekort is, te verhoog en te bevorder.</p>
<p>Artikel 70</p>	<p>Provinsiale wetgewing moet voorsiening maak vir die instelling en redelike finansiering, binne die beskikbare middele van die Wes-Kaapse Regering, vir 'n kultuurraad of rade vir 'n gemeenskap of gemeenskappe in die provinsie wat 'n gemeenskaplike kultuur-en taalerfenis deel.</p> <p>Registrasie van en steun vir kultuurrade:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Die Wes-Kaapse Kultuurkommissie (WKKK) is belas met die registrasie van en steun vir geregistreerde kultuurrade. Die WKKK staan onder toesig van die DKES wat administratiewe en finansiële ondersteuning aan die kommissie verleen.

Artikel	Beskrywing
Artikel 81	<p>Die Wes-Kaapse Regering moet beleide om die welsyn van die mense van die provinsie daadwerklik te bevorder en te handhaaf, aanneem en uitvoer, insluitend beleide wat daarop gemik is om die volgende te bereik:</p> <ul style="list-style-type: none"> • die bevordering van respek vir die regte van kultuur-, godsdiens- en taalgemeenskappe in die Wes-Kaap; en • die beskerming en bewaring van die natuurhistoriese, kultuurhistoriese, argeologiese en argitektoniese erfenis van die Wes-Kaap tot voordeel van huidige en toekomstige geslagte. <p>Die DKES implementeer spesifieke beleide om hierdie bepalings te ondersteun.</p>
Artikel 82	Die rigtinggewende provinsiale beleidsbeginsels in Hoofstuk 10 (artikel 81) rig die Wes-Kaapse Regering by die opstel en toepassing van wette.

7.2. Wetgewende mandate

Nasionale wetgewing	Verwysing	Beskrywing
Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999	Wet 1 van 1999	<p>1. Die Wet op Openbare Finansiële Bestuur (WOFB):</p> <ul style="list-style-type: none"> • reguleer finansiële bestuur in nasionale en provinsiale regerings, gelyste openbare entiteite, grondwetlike instellings en provinsiale wetgewers; • verseker dat alle inkomste, uitgawes, bates en laste van hierdie instansies doeltreffend en doelmatig bestuur word; en • definieer die verantwoordelikhede van persone aan wie die finansiële bestuur van hierdie liggame toevertrou is
Staatsdienswet, 1994 (soos gewysig deur onder andere die Staatsdienswysigingswet, 2007)	Proklamasie 103, Staatskoerant 15791, 3 Junie 1994 en Wet 30 van 2007	Hierdie wet maak voorsiening vir die organisasie en administrasie van die DKES, die regulering van die diensvoorwaardes, ampstermyne, dissipline, aftrede en ontslag van lede van die staatsdiens, en verwante aangeleenthede.
Wet op die Verdeling van Inkomste (jaarliks)	Daar is elke jaar 'n nuwe wet.	<p>Die Wet op die Verdeling van Inkomste (DORA):</p> <ul style="list-style-type: none"> • maak elke jaar voorsiening vir die billike verdeling van inkomste, wat nasionaal ingevorder is, tussen die nasionale, provinsiale en plaaslike regeringsfere; • bepaal elke jaar elke provinsie se billike deel van die provinsiale gedeelte van daardie inkomste; en • maak elke jaar toekennings aan provinsies, plaaslike regerings of munisipaliteite uit die nasionale regering se deel van daardie inkomste, onderhewig aan voorwaardes. <p>Die DKES ontvang voorwaardelike toekennings van die nasionale regering en is verantwoordelik vir die bestuur van hierdie fondse.</p>
Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000	Wet 2 van 2000	<ul style="list-style-type: none"> • Hierdie wet gee uitvoering aan die reg om toegang te verkry tot rekords wat deur die regering, staatsinstellings en privaat instansies gehou word. Die DKES en elke ander openbare en privaat liggaam moet ondermeer:

Nasionale wetgewing	Verwysing	Beskrywing
		<ul style="list-style-type: none"> • 'n handleiding saamstel wat aan lede van die publiek verduidelik hoe om 'n aansoek om toegang tot inligting, wat deur die betrokke liggaam gehou word, in te dien; en • 'n inligtingsbeampte aanstel om versoeke om toegang tot inligting, wat deur die betrokke liggaam gehou word, te oorweeg.
Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtigheid, 2000	Wet 3 van 2000	<p>Hierdie wet:</p> <ul style="list-style-type: none"> • gee 'n uiteensetting van die reëls en riglyne wat administrateurs moet volg wanneer hulle besluite neem; • vereis dat administrateurs mense in kennis stel van hul reg op hersiening of appèl en hul reg om redes te versoek; • vereis dat administrateurs redes vir hulle besluite verskaf; en • gee lede van die publiek die reg om die besluite van administrateurs in die hof te betwis.
Wet op Kultuurinstellings, 1998	Wet 119 van 1998	Die DKES moet met nasionaal verklaarde kultuurinstellings skakel en saamwerk ten opsigte van kuns-, kultuur- en erfenisaangeleenthede.
Wet op Kultuurbevordering, 1983	Wet 35 van 1983	Hierdie wetgewing is spesifiek vir die Wes-Kaap en die DKES is verantwoordelik vir die nakoming van die bepalings van hierdie wet.
Wet op Kulturele Aangeleenthede (Volksraad), 1989	Wet 65 van 1989	Hierdie wetgewing is spesifiek vir die Wes-Kaap en die DKES is verantwoordelik vir die nakoming van die bepalings van hierdie wet.
Wet op die Nasionale Argiewe en Rekorddiens van Suid-Afrika, 1996	Wet 43 van 1996	Die DKES is verantwoordelik vir die benoeming van 'n Wes-Kaapse provinsiale verteenwoordiger om in die Adviesraad van die Nasionale Argiewe te dien. Die Departement is ook verantwoordelik vir nakoming van die nasionale norme en standaarde wat ingevolge hierdie wet gestel is.
Wet op die Nasionale Kunsteraad, 1997	Wet 56 van 1997	Die DKES is verantwoordelik vir die benoeming van 'n Wes-Kaapse provinsiale verteenwoordiger om in die Nasionale Kunsteraad (NKR) te dien, vir samewerking en skakeling met die NKR, en vir die administrasie van NKR-befondsing vir die ontwikkeling van kuns en kultuur in die Wes-Kaap.
Wet op die Nasionale Erfenisraad, 1999	Wet 11 van 1999	Die DKES is verantwoordelik vir die benoeming van 'n Wes-Kaapse provinsiale verteenwoordiger om in die Nasionale Erfenisraad (NER) te dien, vir samewerking met die NER, en vir die koördinerende van aktiwiteite wat verband hou met die befondsing en projekte van die NER in die Wes-Kaap.
Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999	Wet 25 van 1999	Die DKES verseker nakoming van die WNEH deur toesig te hou oor die benoeming van 'n Wes-Kaapse provinsiale verteenwoordiger, verkieslik 'n lid van die Raad van Erfenis Wes-Kaap, om in die Raad van die Suid-Afrikaanse Erfenishulpbronagentskap (SAEHA) te dien. Die DKES verseker ook nakoming van die vereiste dat die LUR ingevolge die WNEH 'n Raad vir EWK aanstel, as die provinsiale erfenishulpbronowerheid. Die Departement is verantwoordelik vir skakeling en samewerking met SAEHA, EWK en munisipaliteite ten opsigte van die bestuur van erfenishulpbronne. Die DKES staan die

Nasionale wetgewing	Verwysing	Beskrywing
		LUR ook by wanneer appèlle teen besluite van die EWK by hom of haar ingedien word.
Wet op die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad, 1995	Wet 59 van 1995	Hierdie wet vereis onder andere dat die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad (PanSAT) 'n provinsiale taalkomitee (PTK) in elke provinsie tot stand bring. PanSAT Wes-Kaap is in Augustus 2019 gevestig.
Wet op die Raad vir Suid-Afrikaanse Geografiese Name, 1998	Wet 118 van 1998	Die DKES is verantwoordelik vir die nakoming van die bepalings in hierdie wet om 'n Wes-Kaapse provinsiale verteenwoordiger te benoem om in die Raad vir Suid-Afrikaanse Geografiese Name te dien; om navorsing te doen oor geografiese name in die Wes-Kaap; om standaardisering te verseker; en om, waar nodig, openbare deelname ten opsigte van voorgestelde veranderinge aan hierdie name te fasiliteer. Die Departement verskaf professionele en ander ondersteuning aan die Wes-Kaapse Provinsiale Geografiese Namekomitee. Wanneer konsultasie afgehandel is, maak die WKPGNK aanbevelings aan die Raad vir Suid-Afrikaanse Geografiese Name.
Wet op die Wêrelderfeniskonvensie, 1999	Wet 49 van 1999	Die DKES is verantwoordelik vir die aanstelling van 'n Wes-Kaapse provinsiale verteenwoordiger om in die Suid-Afrikaanse Wêrelderfenisadvieskomitee te dien. Die Departement is ook verantwoordelik vir nakoming van die bepalings van die wet en die Wêrelderfeniskonvensie ten opsigte van die benoeming van potensiële terreine vir die Suid-Afrikaanse voorlopige lys van terreine, en vir die benoeming van terreine op die Suid-Afrikaanse voorlopige lys vir oorweging deur UNESCO se Wêrelderfeniskomitee.
Wet op Nasionale Sport en Rekreasie, 1998	Wet 110 van 1998	Die wet maak voorsiening vir die bevordering en ontwikkeling van sport en ontspanning en die koördinerende van betrekkinge tussen SASKOK (die Suid-Afrikaanse Sportkonfederasie en Olimpiese Komitee), SOSA, sportfederasies, sportrade en ander agentskappe. Die wet maak verder voorsiening vir maatreëls wat daarop gerig is om wanbalanse in sport en ontspanning reg te stel; om gelykheid en demokrasie in sport en ontspanning te bevorder; en om meganismes vir geskilbeslegting in sport en ontspanning daar te stel.

Nasionale wetgewing	Verwysing	Beskrywing
Wet op Veiligheid by Sport en Ontspanningsgeleenthede, 2010 (SASREA)	Wet 2 van 2010	Om voorsiening te maak vir maatreëls om die fisiese welstand en veiligheid van persone en eiendom by sport-, ontspannings-, godsdiens-, kulturele, uitstallings-, organisatoriese of soortgelyke geleenthede wat in stadions, lokale of langs 'n roete aangebied word te beskerm; vir die aanspreeklikheid van rolspelers by geleenthede; vir sekere verbodsbepalings; vir die risikokategorisering van geleenthede; vir die instelling van maatreëls om veiligheid en sekuriteit by geleenthede te hanteer; vir die akkreditasie van rolspelers by geleenthede; vir kaartjie-uitreiking by geleenthede; vir toegangsbeheer van toeskouers en voertuie by geleenthede; vir die uitreiking van veiligheidsertifikate vir beplande of bestaande stadions of lokale; vir die inhoud van veiligheidsertifikate en wysigings aan veiligheidsertifikate; vir die aanstelling van inspekteurs en hul toegangs- en inspeksiebevoegdheid; vir die ontplooiing van sekuriteitsdienste; vir toeskouer uitsluitings kennisgewings; vir verbodsbepalings kennisgewings; vir die inwerkingstelling van 'n appèlraad en vir appèlle; vir publieke aanspreeklikheidsversekering vir geleenthede; vir betaling van fooie; vir oortredings en strafgelde; en vir aangeleenthede wat daarmee verband hou.
Wet op Tradisionele Khoi-San-Leierskap, 2019	Wet 23 van 2019	Die wet maak voorsiening vir: <ul style="list-style-type: none"> • die erkenning van tradisionele en Khoi-Sangemeenskappe, vir leierskapsposisies en vir die intrekking van sodanige erkenning; • die funksies en rolle van tradisionele en KhoiSanleiers; • die erkenning, instelling, funksies, rolle en administrasie van koningskaps- en koninginskapsrade, hoof- tradisionele rade, tradisionele rade, Khoi-San-rade en tradisionele subrade, asook vir ondersteuning vir sodanige rade; • die instelling, samestelling en funksionering van die Nasionale Huis van Tradisionele en Khoi-San-leiers; • die instelling van provinsiale huise van tradisionele en Khoi-San-leiers; • die instelling en samestelling van plaaslike huise van tradisionele en Khoi-San-leiers; • die instelling en bedryf van die Kommissie oor Khoi-San-aangeleenthede; • 'n gedragskode vir lede van die Nasionale Huis, provinsiale huise, plaaslike huise en alle tradisionele en Khoi-San-rade; en • reguleringsbevoegdhede van die Minister en Premiers.

Provinsiale wetgewing	Verwysing	Beskrywing
Wes-Kaapse Provinsiale Talewet, 1998	Wet 13 van 1998 (Wes-Kaap)	Die Wes-Kaapse Taalkomitee wat deur hierdie wet ingestel is, moet onder andere: <ul style="list-style-type: none"> • die gebruik van Afrikaans, Engels en Xhosa deur die Wes-Kaapse Regering monitor; • aanbevelings aan die LUR en die Provinsiale Parlement maak oor voorgestelde of bestaande

Provinsiale wetgewing	Verwysing	Beskrywing
		<p>wetgewing, praktyke en beleide wat direk of indirek met taal in die Wes-Kaap te doen het;</p> <ul style="list-style-type: none"> • die beginsel van veeltaligheid aktief bevorder; • die ontwikkeling van voorheen gemarginaliseerde inheemse tale aktief bevorder; • die LUR en die Wes-Kaapse Kultuurkommissie oor taalaangeleenthede in die provinsie adviseer; en • PanSAT oor taalaangeleenthede in die Wes-Kaap adviseer. <p>Die WKKK staan onder toesig van die DKES wat administratiewe en finansiële ondersteuning aan die kommissie verleen.</p>
Wes-Kaapse Kultuurkommissie- en Kultuurradewet, 1998	Wet 14 van 1998 (Wes-Kaap)	<p>Hierdie wet maak voorsiening vir die Wes-Kaapse Kultuurkommissie om onder andere oorweging te skenk aan die registrasie en deregistrasie van kultuurrade wat gemeenskappe verteenwoordig wat 'n gemeenskaplike kultuur- en taalerfenis deel. Die WKKK mag ook aanbevelings maak oor die volgende:</p> <ul style="list-style-type: none"> • die visuele, uitvoerende en literêre kunste; • die natuur-en geesteswetenskappe; • kultuurgeskiedenis; en • die kulturbewustheid en kultuurbetrokkenheid van die jeug. <p>Die WKKK staan onder toesig van die DKES wat administratiewe en finansiële ondersteuning aan die kommissie verleen.</p>
Wes-Kaapse Erfenishulpbron bestuursregulasies, 2002	PK 336 van 25 Oktober 2002	<p>Erfenis Wes-Kaap – die provinsiale erfenishulpbronowerheid wat ingevolge die WNEH ingestel is – staan onder toesig van die DKES wat administratiewe en finansiële ondersteuning aan EWK verleen. Die LUR is verantwoordelik vir die totstandkoming van die owerheid en vir die aanstelling van 'n Raad vir elke opeenvolgende diensteryn.</p>
Wes-Kaapse Erfenishulpbronbestuursregulasies, 2003	PK 298 van 29 Augustus 2003	<p>Erfenis Wes-Kaap – die provinsiale erfenishulpbronowerheid wat ingevolge die WNEH ingestel is – staan onder toesig van die DKES wat administratiewe en finansiële ondersteuning aan EWK verleen. Die LUR is verantwoordelik vir die totstandkoming van die owerheid en vir die aanstelling van 'n Raad vir elke opeenvolgende diensteryn.</p>
Wet op die Provinsiale Argief-en Rekorddiens van die Wes-Kaap, 2005	Wet 3 van 2005 (Wes-Kaap)	<p>Hierdie wet maak voorsiening vir die Provinsiale Argief- en Rekorddiens van die Wes-Kaap om openbare en nie openbare rekords van blywende waarde vir gebruik deur die publiek en deur die staat te bewaar; om sodanige rekords toeganklik te maak; en om die gebruik daarvan deur die publiek te bevorder.</p>
Museumordonnansie, 1975	Museumordonnansie, 1975	<p>Die DKES is verantwoordelik vir nakoming van die bepalings van hierdie ordonnansie waar dit van toepassing is op provinsiale museums in die Wes-Kaap. Nuwe provinsiale wetgewing in verband</p>

Provinsiale wetgewing	Verwysing	Beskrywing
		met museums word in oorleg met die betrokke belanghebbendes geformuleer..
Ordonnansie op die Oude Kerk Volksmuseum Van 't Land van Waveren (Tulbagh), 1979	Ordonnansie 11 van 1979 (Kaapprovinsie)	Die DKES is verantwoordelik vir die toepassing en nakoming van die bepalings van hierdie ordonnansie om die sake van die Oude Kerk Volksmuseum op Tulbagh te reël.
Wes-Kaapse Museum-Ordonnansie Wysigingswet	Ordonnansie 2 van 2021	Die DKES is verantwoordelik vir die toepassing van die bepalings van hierdie ordonnansie ten opsigte van wat die geaffilieerde provinsiale, provinsie gesteunde en plaaslike museums in die Wes-Kaap betref.
Ordonnansie op die Provinsiale Biblioteekdiens, 1981	Ordonnansie 16 van 1981 (Kaapprovinsie)	Die DKES is verantwoordelik vir die uitvoering en nakoming van die bepalings van hierdie ordonnansie ten opsigte van provinsiale biblioteke in die Wes-Kaap.

7.3. Beleidsmandate

Beleid	Beskrywing
Nasionale beleide	
Nasionale Witskrif oor Kuns, Kultuur en Erfenis(1996)	Hierdie dokument verskaf 'n raamwerk vir nasionale en provinsiale beleid oor kuns-, kultuur-, erfenis-, biblioteek- en argiefdienste.
Nasionale Taalbeleidsraamwerk (2003)	Hierdie dokument verskaf 'n nasionale raamwerk vir die toepassing van die bepalings van die Grondwet en wetgewende mandate op alle staatsorgane, met inbegrip van die DKES. Dit verskaf ook 'n uiteensetting van beginsels en implementeringstrategieë wat gevolg moet word.
Nasionale Rekordbestuursbeleid (Rekordbestuurbeleidshandleiding, 2007)	Hierdie dokument reguleer die spesifieke parameters waarbinne regeringsliggame moet funksioneer ten opsigte van die bestuur van hul rekords en die manier waarop die DKES toesig moet hou oor die rekordbestuur van regeringsliggame in die Wes-Kaap.
Bestuur van Elektroniese Rekords in Regeringsliggame: Beleid, Beginsels en Vereistes(2006)	Hierdie beleid verskaf leiding aan regeringsliggame om hulle te help om te voldoen aan wetgewende vereistes aangaande elektroniese rekords as 'n integreerende deel van rekordhulpbronbestuur. Die DKES moet voldoen aan die voorgeskrewe toepaslike nasionale en internasionale standaarde ten opsigte van rekenaarhardeware, -sagteware en bewaringsmedia vir argiefbewaring.
Verklaring oor die Nasionale Sport- en Ontspanningsindaba	Hierdie verklaring vereis dat die DKES se hoofdoelstellings belynd moet word met die strategiese riglyn in die verklaring wat die visie vir sport en ontspanning tot 2020 uiteensit.
Nasionale Sport- en Ontspanningsplan (2012)	Die Nasionale Sport- en Ontspanningsplan (NSOP) verskaf 'n uiteensetting van die visie vir sport en ontspanning in Suid-Afrika tot 2020.
Nasionale Witskrif oor Sport en Ontspanning (2012)	Hierdie beleid beklemtoon die volgende belangrike aspekte: <ul style="list-style-type: none"> • verhoging van die vlak van deelname aan sport en ontspanning; • verbetering van die profiel van sport te midde van botsende prioriteite;

Beleid	Beskrywing
	<ul style="list-style-type: none"> • maksimisering van die kans op sukses by belangrike sportgeleenthede; en plasing van sport aan die voorpunt van pogings om misdaad te verminder. • Die algehele verantwoordelikheid vir sport en ontspanning berus by SOSA.
Beleidsraamwerk vir die Regeringswye Monitoring- en Evalueringbeleidstelsel (2007)	Die oogmerk van die Regeringswye Monitoring- en Evalueringstelsel (RWM&E) is om by te dra tot verbeterde bestuursoorsig en om die doeltreffendheid van organisasies en instellings in die openbare sektor te verbeter. Hierdie dokument verskaf die oorkoepelende beleidsraamwerk vir monitoring en evaluering (M&E) in Suid-Afrika. Dit bevorder resultaatgebaseerde bestuur.
Groenskrif oor Prestasiebestuurmonitoring en -evaluering (2009)	Hierdie dokument is daarop gemik om staatsamptenare en die uitvoerende gesag in staat te stel om op die bereiking van die uitkoms- en uitsetmaatstawwe vervat in die Mediumtermyn-Strategiese Raamwerk (MTR) te fokus. Dit het ten doel om goeie departementele en individuele prestasie op alle vlakke te bevorder.
Riglyne vir Nasionale en Provinsiale Departemente vir die opstel van 'n M&E-raamwerk	Hierdie riglyne maak voorsiening vir die ontwikkeling van 'n raamwerk vir monitoring en evaluering in alle staatsinstellings sodat hulle hul vordering kan meet teen hul gestelde doelwitte en regstellende stappe kan doen waar nodig. Hierdie proses vereis dat departemente 'n omvattende begrip moet hê van alle administratiewe datastelsels, administratiewe datastelle en prestasie-aanwysers. Die aanwysers moet aan spesifieke beleidsopdragte gekoppel word en die stelle aanwysers moet ontleed word om vas te stel of daar enige verband tussen oorsake en gevolg is.
Riglyne vir die Uitgebreide Openbarewerkeprogram(UOWP)	Die riglyne vir die UOWP-sakeplanne vir die Maatskaplike Sektor (Sport en Ontspanning), asook die Omgewings- en Kultuursektor (Kultuursake), verskaf 'n raamwerk vir die DKES om openbare befondsing vir die vermindering en verligting van werkloosheid te gebruik.
Provinsiale beleide	
Wes-Kaapse Taalbeleid(PK369, 27 November 2001)	Die DKES en alle ander provinsiale departemente is verplig om die bepalings van die Wes-Kaapse Taalbeleid en die Wes-Kaapse Provinsiale Talewet, Wet 13 van 1998, te implementeer. Hierbenewens het die Departement die opdrag om taalsteundienste aan die Wes-Kaapse Regering te lewer deur middel van sy sentrale taaleenheid.
Befondsingsbeleid vir Kuns en Kultuur (2009)	Hierdie dokument bevat riglyne vir die toewysing van finansiële bystand aan kultuurorganisasies.
Befondsingsriglyne vir Sport en Ontspanning (2012)	Hierdie dokument bevat riglyne vir die toewysing van finansiële bystand aan sportorganisasies.
Beleid vir die Benoeming en Herbenoeming van Geografiese Kenmerke (2015)	Hierdie beleid verskaf 'n uiteensetting van die kriteria wat oorweeg moet word en die prosesse wat deur die DKES en die Wes-Kaapse Geografiese Namekomitee gevolg moet word wanneer belanghebbendes en gemeenskappe geraadpleeg word oor die standaardisering of herbenoeming van, of veranderinge aan bestaande geografiese name. Hierdie liggamme maak aanbevelings aan die Raad vir Suid-Afrikaanse Geografiese Name en die nasionale Minister van Kuns en Kultuur.
Provinsiewye Monitoring- en Evalueringstelsel (2009)	Hierdie stel dokumente dien as 'n provinsiale reaksie op die Regeringswye Monitoring- en Evalueringstelsel. Die oogmerk is om bestuursoorsig en provinsiale uitvoerende verslagdoening te verbeter deur ondersteuning te bied vir geleidelike verbeterde

Beleid	Beskrywing
	bewysgebaseerde besluitneming, beleidsverfyning en doeltreffende hulpbrontoewysing.
Wes-Kaapse Museumbeleid (2013)	Hierdie beleid verskaf 'n grondslag vir individue en gemeenskappe om museums in die Wes-Kaap tot stand te bring en in stand te hou. Dit stel ook 'n raamwerk voor vir voorgestelde nuwe provinsiale wetgewing oor museums om die verouderde Museumordonnansie [Kaapprovinsie], 1975, te vervang.
Rekordbestuursbeleid van Wes-Kaapse Regeringsliggame (2017)	Die doel met die beleid is om riglyne aan Wes-Kaapse provinsiale regeringsliggame te verskaf oor die bestuur van rekords vir goeie bestuursoorsig en aanspreeklikheid, asook korporatiewe en maatskaplike geheue.
Digitaliseringsbeleid van Wes-Kaapse Regeringsliggame (2017)	Die doel met die beleid is hoofsaaklik om riglyne te verskaf rakende die digitalisering van rekords as 'n integrerende deel van die strategiese bestuur van rekords.
Raamwerk vir Suid-Afrikaanse Gebaretaal (SAGT) vir die Wes-Kaapse Regering	Om taalgebruik aan te moedig wat toeganklik is en sosiale verdraagsaamheid bevorder vir persone wat SA Gebaretaal gebruik.


Strategieë	Beskrywing
Nasionale strategieë	
Voorwaardelike toekenning: Biblioteekherkapitalisasie-program vir die uitbreiding van gemeenskapsbiblioteekdienste	Die DKES is verantwoordelik vir die suksesvolle implementering en bestuur van hierdie voorwaardelike toekenningsprojek in die Wes-Kaap.
Opdrag: Gesamentlike Provinsiale Taakspan vir Skolesport (2012)	Die DKES het opdrag van SOSA en die nasionale Departement van Basiese Onderwys om 'n Gesamentlike Provinsiale Taakspan vir Skolesport tot stand te bring, om 'n skolesportstrategie te koördineer, te implementeer en daarvoor toesig te hou, en om deelname aan skolesport te verseker.
Riglyne vir die instelling van kodekomitees om skolesport te ondersteun (2013)	SOSA en die nasionale Departement van Basiese Onderwys gee duidelike riglyne vir die instelling van kodespesifieke skolesportkomitees op reeks-, distriks- en provinsiale vlak. Die DKES ondersteun die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) om skolesportverwante aktiwiteite in die verskillende kodes te koördineer, met ons fokus op die volgende vlak deelname op provinsiale, nasionale en internasionale vlak. Die WKOD is egter verantwoordelik vir Skoolsportstrukture, aangesien dit opvoeders behels. DKES, in die hoedanigheid as provinsiale departement van Sport, Kuns en Kultuur, het 'n mandaat om met federasiestrukture te werk. Kodespesifieke koördineringskomitees moet aan die betrokke sportfederasies verslag doen en kan nie outonoom fungeer nie. Die totstandbring en samestelling van Skoolsportstrukture word tans hersien.
Provinsiale strategieë	
Norme en Standaarde vir Openbare Biblioteke in die Wes-Kaap	Norme en standaarde is noodsaaklik om die lewering en deurlopende ontwikkeling van openbare biblioteekdienste te verseker ten einde uitvoering te gee aan die Konsepwetsontwerp op Suid-Afrikaanse Openbare Biblioteek- en Inligtingsdientehandves van 2014. Hierdie strategie gee aandag aan die norme en standaarde vir biblioteekfunksies, personeel, fasiliteite, internettoegang, biblioteekversameling en biblioteekure vir openbare biblioteke in die Wes-Kaap.
Skolesportriglyn (2013)	Hierdie DKES-dokument bied leiding aan belanghebbendes om aan die verskillende skolesportbeleidsdokumente en die Nasionale Sport- en Ontspanningsplan te voldoen. Daar is ook 'n Memorandum van

Strategieë	Beskrywing
	Verstandhouding (MvV) onderteken deur SOSA (SRSA) en DBO op 30 Mei 2018. Hierdie MvV definieer die rolle en verantwoordelikhede van SOSA(SRSA) en DBO en die onderskeie provinsiale departemente op duidelike wyse.
Wes-Kaapse Jeugontwikkelingstrategie (2013)	Die Wes-Kaapse Jeugontwikkelingstrategie het ten doel om meer ondersteuning, geleenthede en dienste vir alle jongmense te bied sodat hulle beter met hul omgewing kan omgaan en verantwoordelike, onafhanklike en stabiele volwassenes kan word. Die doel met die strategie is vir die jeug in die Wes-Kaap om geïnspireerde, geleerde, verantwoordelike, onafhanklike en gesonde individue te wees wat teen die ouderdom van 25 jaar produktiewe persoonlike, gesins- en sosiale verhoudings kan handhaaf.
Genre- ontwikkelingstrategie (2008)	Hierdie dokument verskaf 'n raamwerk vir die ontwikkeling, bevordering en bewaring van kunsvorms in die Wes-Kaap.
Jaarlikse Padmars- en Kompetisieraamwerk (2012/13)	Verskaf riglyne vir die items en die persentasie wat toegewys moet word vir die jaarlikse padmarse en kompetisies van die Klopse en die Kersfees- en Maleierkore.
Wes-Kaapse Inisiasieraamwerk	Hierdie raamwerk bied aan plaaslike kultuurorganisasies, munisipaliteite en ander owerhede leiding oor die kultuurpraktyk van inisiasie.
Wes-Kaapse Raamwerk vir Mondelinge Geskiedenis	Hierdie raamwerk bied aan DKES-personeel en geaffilieerde instellings wat veldwerk doen die minimum riglyne en etiese standaarde wat nagekom moet word wanneer onderhoude oor mondelinge geskiedenis gevoer word.

8. Organiseriese struktuur

Die Departement se organisatoriese struktuur (soos op 31 Maart 2021) word op die volgende bladsy uitgebeeld. Die organogram weerspieël die verslagjaar, alhoewel 'n nuwe DH vanaf 1 Augustus 2021 aangestel is.

Organisatoriese organogram



9. Entiteite wat aan die Minister rapporteer

Die tabel hieronder dui entiteite aan wat aan die Minister rapporteer:

Openbare entiteite:

Naam van entiteit	Wetgewende mandaat	Finansiële verwantskap	Aard van werksaamhede
Wes-Kaapse Kultuurkommissie	Wes-Kaapse Kultuurkommissie en Kultuurradewet, 1998 (Wet 14 van 1998)	Die DKES is die primêre befondsers van die WKKK. Die DKES maak 'n oordragbetaling aan die kommissie om so sy werksaamhede te befonds.	Die WKKK is volgens wet verantwoordelik vir die registrasie en deregistrasie van kultuurrade. Hulle is ook verantwoordelik vir toesig oor die bestuur van sewe kultuurfasiliteite wat die Minister vir Kultuursake en Sport onder hulle beheer geplaas het.
Wes-Kaapse Taalkomitee	Wes-Kaapse Provinsiale Talewet, 1998 (Wet 13 van 1998)	Die DKES is die primêre befondsers van die WKTK. Die DKES maak 'n oordragbetaling aan die komitee om so sy werksaamhede te befonds.	Die WKTK is verantwoordelik vir die monitering van die gebruik van Afrikaans, Engels en Xhosa deur die Wes-Kaapse Regering; die maak van aanbevelings aan die Minister vir Kultuursake en Sport en die Provinsiale Parlement; die aktiewe bevordering van veeltaligheid; die aktiewe bevordering van die ontwikkeling van voorheen gemarginaliseerde inheemse tale; en adviserings van die Minister van Kultuursake en Sport en PanSAT oor taalaangeleenthede in die Wes-Kaap.
Erfenis Wes-Kaap	Wet op Nasionale Erfenisbronne, 1999 (Wet 25 van 1999)	Die DKES is die primêre befondsers van EWK. Die DKES maak 'n oordragbetaling aan EWK om so sy werksaamhede te befonds.	EWK is die provinsiale erfenishulpbronnowerheid vir die Wes-Kaap en is verantwoordelik vir die identifisering, beskerming, bevordering en bestuur van erfenishulpbronne ingevolge die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999.

Geproklameerde provinsiale museums:

Naam van entiteit	Wetgewende mandaat	Finansiële verwantskap	Aard van werksaamhede
Bartolomeu Dias Museum, Mosselbaai	Museumordonnansie, 1975 (Ordonnansie 8 van 1975)	Die Departement befonds hierdie museums as deel van sy diensstaat.	As geproklameerde provinsiegesteunde museums het hierdie museums die regsverantwoordelikheid om hul versamelings te bestuur, te bewaar, daarvoor navorsing te doen, mense daarvoor in te lig en dit te bevorder ingevolge die goedgekeurde temas van elke museum en die DKES se strategiese doelwitte.
Kaapse Mediese Museum, Kaapstad			
Kaapstad Museum			
George Museum			
Worcester Museum			

Geproklameerde provinsiegesteunde museums:

Naam van entiteit	Wetgewende mandaat	Finansiële verwantskap	Aard van werksaamhede
Beaufort-Wes Museum	Museum- ordonnansie, 1975 (Ordonnansie 8 van 1975)	Die DKES is die primêre befondser van die meeste provinsiegesteunde museums. Die DKES stel 'n subsidie beskikbaar vir die instandhouding van die museums en voorsien gesekondeerde personeel ingevolge die goedgekeurde diensstaat van die DKES, met die uitsondering van die Kangogrotte Museum.	As geproklameerde provinsiegesteunde museums het hierdie museums die regsverantwoordelikheid om hul versamelings te bestuur, te bewaar, daarvoor navorsing te doen, mense daarvoor in te lig en dit te bevorder ingevolge die goedgekeurde temas van elke museum en die DKES se strategiese doelwitte.
Caledon Museum			
CP Nel Museum, Oudtshoorn			
Drostyd Museum, Swellendam			
Genadendal Sendingmuseum			
Houtbaai Museum, Kaapstad			
Hugenote Gedenkmuseum, Franschhoek			
Kangogrotte Museum, Oudtshoorn			
Koringbedryfmuseum, Moorreesburg			
Lwandle Trekarbeidmuseum, Kaapstad			
Montagu Museum			
Ou Hawe Museum, Hermanus			
Oude Kerk Volksmuseum, Tulbagh			
Paarl Museum			
SA Sendinggestig Museum, Kaapstad			
Simonstad Museum, Kaapstad			
Skeepswrakmuseum, Bredasdorp			
Stellenbosch Museum			
Togryers Museum, Ceres			
Wellington Museum			

Geproklameerde plaaslike museums:

Naam van entiteit	Wetgewende mandaat	Finansiële verwantskap	Aard van werksaamhede
Elandsbaai Museum	Museumordonnansie, 1975 (Ordonnansie 8 van 1975)	Die DKES is die primêre befondser van plaaslike museums. Die DKES stel hulptoelae oordragbetalings beskikbaar vir die instandhouding van die plaaslike museums.	As geproklameerde plaaslike museums het die museums die regsverantwoordelikheid om hul versamelings te bestuur, te bewaar, daarvoor navorsing te doen, mense daarvoor in te lig en dit te bevorder ingevolge die goedgekeurde temas van elke museum en die DKES se strategiese doelwitte.
Fransie Pienaar Museum, Prins Albert			
Groot-Brakrivier Museum			
Jan Danckaert Museum, Porterville			
Robertson Museum			
SA Vissery Museum, Laaiplek			

Departementele advieskomitee

Naam van entiteit	Wetgewende mandaat	Finansiële verwantskap	Aard van werksaamhede
Wes-Kaapse Geografiese Namekomitee	Wet op die Raad vir Suid-Afrikaanse Geografiese Name, 1998 (Wet 118 van 1998)	Die DKES is die primêre befondser van die komitee. Die komitee se begroting is deel van die algehele departementele begroting.	Die komitee adviseer die Minister oor aangeleenthede wat verband hou met veranderinge aan en standaardisering van geografiese name ingevolge die Wet op die Raad vir Suid-Afrikaanse Geografiese Name.

Deel B

PRESTASIE-INLIGTING

1. Verslag van die Ouditeur-Generaal: Voorafbepaalde Doelwitte

Die OGSA voer tans sekere ouditprosedures uit oor die prestasie-inligting om redelike gerusstelling in die vorm van 'n ouditbevinding te gee. Die ouditbevinding oor die prestasie ten opsigte van voorafbepaalde doelwitte word by die verslag aan die bestuur ingesluit, met geen wesenlike bevindings wat onder die opskrif "Voorafbepaalde doelwitte" gerapporteer word in die afdeling oor ander wetlike en regulatiewe vereistes van die ouditeur se verslag nie.

Raadpleeg die Verslag van die Ouditeur-Generaal, gepubliseer as Deel E: Finansiële Inligting, van hierdie Jaarverslag 2020/21.

2. Oorsig oor Departementele prestasie

Kultuursake en Sport is 'n instrument wat gebruik word om te help met die bou van 'n maatskaplik inklusiewe Wes-Kaap. Die Departement is verantwoordelik vir die lewering van die volgende dienste:

HOOFDIENS	BESKRYWING VAN DIENS
Administratiewe steundienste	<ol style="list-style-type: none">1. Verskaf strategiese en bedryfsbestuursteun aan die Departement.2. Verskaf finansiële en verkrygingsketteringbestuursdienste aan die Departement.3. Strategiese bestuursteun en koördinerings van die UOWP-Program in die Omgewings- en Kultuursektor in die DKES.
Kuns en Kultuur	<ol style="list-style-type: none">4. Fasiliteer die ontwikkeling, bewaring en bevordering van kuns en kultuur in die Wes-Kaap deur die skep van doeltreffende en lewendige funksionerende kuns- en kultuurstrukture, -aktiwiteite en -omgewings, en verskaf ondersteuning en bystand aan die Wes-Kaapse Kultuurkommissie (WKKK) om sy wetgewende mandaat uit te voer.
Museums, Erfenishulpbronbestuur en Geografiese Naamdienste	<ol style="list-style-type: none">5. Bevorder, bewaar en ontwikkel ons erfenis deur museumdienste te verskaf aan geaffilieerde museums en professionele en ander ondersteuning aan die beheerliggame van geaffilieerde museums te voorsien.6. Bevorder, bewaar en bestuur die erfenishulpbronne van die Wes-Kaap en fasiliteer aangeleenthede rakende die Konvensie oor Wêrelderfenis in die Wes-Kaap.7. Help met erfenishulpbronbestuur deur die implementering van tersaaklike wetgewing.8. Fasiliteer prosesse, waar nodig, vir die standaardisering van of veranderinge aan geografiese name in die Wes-Kaap.9. Adviseer plaaslike owerhede en werk saam met hulle om te verseker dat hulle die beginsels van die RSAGN op die name onder hulle jurisdiksie toepas.
Taaldienste	<ol style="list-style-type: none">10. Bevorder en ontwikkel veeltaligheid in die Wes-Kaap.11. Ontwikkel die voorheen gemarginaliseerde inheemse tale van die Wes-Kaap aktief.12. Fasiliteer die implementering en monitering van die Wes-Kaapse Taalbeleid.13. Verskaf professionele en administratiewe steun aan die Wes-Kaapse Taalkomitee (WTK) om sy wetgewende mandaat uit te voer.

HOOFDIENS	BESKRYWING VAN DIENS
Biblioteekdienste	14.Verskaf biblioteek- en inligtingsdienste en bevorder 'n kultuur van lees en lewenslange leer in vennootskap met munisipaliteite.
Argiefdienste	15.Verskaf toegang tot argiefferenis en bevorder behoorlike bestuur en bewaring van openbare rekords.
Sportdienste	16.Verskaf gespesialiseerde dienste vir sport. 17.Verskaf kliënte- en wetenskaplike ondersteuning.
Ontspanning	18.Bevorder ontspanningsaktiwiteite.
Skolesport	19.Bevorder spesifieke naskoolse aktiwiteite en deelname aan geleenthede op 'n volgende vlak.
MGO-program	20.Bevorder massadeelname deur die voorsiening van 'n verskeidenheid naskoolse aktiwiteite.
Naskoolse Spelwisselaar	21.Koördineer, ontwikkel en bou kapasiteit vir uitgebreide dag- of naskoolse program by geenfooi- en laefooiskole reg deur die provinsie en dwarsoor DKES, DMO, WKOD, DGV en DvdP. Die Naskoolse Spelwisselaar werk ook saam met die Stad Kaapstad en honderde NRO's.

Die Departement se dienslewering gedurende 2020/21 word in afdeling 2.1 hieronder bespreek.

2.1. Diensleweringomgewing

Die Covid-19 pandemie het ons uitgedaag om ons tradisionele model, werksaamhede en toerusting te hersien, en het ons gedwing om te besin en op te tree deur tegnologie te omarm om aanpasbaarheid by die diverse en steeds veranderende eksterne omgewing te verseker.

Gedurende die oorsigjaar was die Departement verplig om sy werksaamhede te rasionaliseer vanweë begrotingsbesnoeiings ter ondersteuning van die reaksie op die gesondheidskrisis, en Covid-19, en gedwonge besparing as gevolg van die ongewenste ekonomiese vooruitsigte wat ontstaan het vanweë stadige ekonomiese groei, inflasie, hoër as verwagte loonooreenkomste en onsekerheid en spekulasie in die ekonomiese arena. Om die impak op dienste te beperk en primêre dienslewering aan die kwesbaarstes te beskerm, het die Departement 'n waarde-vir-geld-beginsel toegepas en die geld wat aan die Departement toegewys is so doeltreffend en doelmatig as moontlik gebruik om ons werksaamhede te rasionaliseer.

DIE ONAFHANKLIKE TRIBUNAAL VAN DIE MINISTER

Artikel 49 (2) van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 25 van 1999 (die Wet) bemagtig die Minister om 'n onafhanklike tribunaal aan te stel om appèlle wat deur lede van die publiek teen besluite van die EWK-raad ingedien is, te oorweeg. Die Onafhanklike Appèltribunaal (die Tribunaal) speel 'n kritieke statutêre rol om die Minister te help om haar mandaat ingevolge die Wet na te kom. Gedurende die oorsigtydperk het die Tribunaal sewe appèlle oorweeg. Die uitsprake het verreikende gevolge vir die bewaring van erfenishulpbronne.

Benewens die vertroue van die publiek en vertroue in die appèlprosesse, beoordeel die Tribunale komplekse en tegniese sake, wat vereis dat 'n balans tussen ontwikkelingsregte, erfenisbewaring, wettigheid en billikheid verkry word. Alle uitsprake van die Tribunale vorm

administratiewe optrede. Tydens die finansiële jaar onder oorsig is sewe besluite na die Minister se Onafhanklike Tribunaal verwys.

KUNS EN KULTUUR

Die kunste het die potensiaal om ons perspektiewe te hervorm en ons lewens te transformeer, sosiale samehorigheid te bou en narratiewe te gee om ons wêreld te navigeer. Dit het nog duideliker geblyk tydens die inperkings tydperk toe die Kunste die vertroosting gebied het wat individue, die gemeenskap en die samelewing nodig had. Die Departement het ingesien dat vernuwings nie spontaan plaasvind nie, maar dat dit 'n sistematiese benadering benodig en daarom is die proses om die Befondsingsbeleid te hersien geneem om nuwe idees te ontsluit en medeskepping reg oor die waardeketting te fasiliteer. Die kunste beïnvloed ons begrip van ander mense en kulture en help ons om met ander te skakel. Dit is dus verstandig dat die Departement 'n uiteenlopende reeks organisasies en aktiwiteite ondersteun wat die kunste in alle praktykareas en binne verskillende gemeenskappe skep, vervaardig, aanbied en bevorder.

Die Covid-19 beperkinge het 'n vernietigende impak op die kreatiewe industrieë en alle dienste oor die waardekettings tot gevolg gehad, in die kunste en kultuur ekosisteme, insluitend toerisme en gasvryheidsdienste. Soos die industrieë gesluit het, is die impak gekenmerk deur werkverliese en ekonomiese gevolge vir families, en is die onsekerheid van werk in die industrie blootgelê. Die Departement het 'n gedeelte van die kunstebefondsing herprioritiseer om 'n mate van sosiale verligting aan die skeppende bedrywe te bring in reaksie op die impak van Covid-19 op die sektor.

Die skeppende industrie omgewing voer steeds 'n stryd terwyl die verslappings van regulasies aktiwiteite in die industrie stadigaan laat terugkeer in aanlyn-formaat, met virtuele platforms wat gebruik word vir werkskepping, kreatiewe uitdrukking van die mensdom se Covid-19 ervarings, en die herstel van bande van hoop en vertroue.

Die huidige ekonomiese klimaat, vererger deur die toename in die vraag na dienste, het die kuns- en kultuurkomponent genoodsaak om sy strategieë te hersien oor hoe dienste aan gemeenskappe gelewer moet word. Op 'n gebied waar vraag aanbod ver oorskry, het die behoefte om programme te konsolideer en met die nasionale en plaaslike regering saam te werk die wyse geword waarop die beoogde uitkomst bereik kan word. Die ontwikkeling van betekenisvolle vennootskappe het die middelpunt geword van die sukses, uitbreiding en volhoubaarheid van die dienste wat deur die Departement gelewer word.

MUSEUMS, ERFENISHULPBRONBESTUUR EN GEOGRAFIESE NAAMDIENTE

Die sektor rakende museums, erfenis en geografiese name speel 'n belangrike rol in die bou van maatskaplike insluiting, die bevordering van toerisme en dra by tot plaaslike ekonomiese groei; nog te meer belangrik gegewe die impak wat Covid-19 op die land se ekonomie en gepaardgaande werkverliese het. Die Departement gaan voort om strategiese erfenisprojekte te ondersteun, byvoorbeeld die Weerstand en Bevryding Erfenisroete, die Wieg van Menslike Kultuur Toerismeprojek en die ontwikkeling van benoemingsdokumente vir twee voorgestelde UNESCO Wêrelderfenisterreine. Die nominasies behels die Vroeë Kaapse Opstalle en die Vroeë Moderne Mense: Pleistoseen- besettingsterreine van Suid-Afrika.

Die Ouditeur-Generaal moet ingevolge artikel 32 van Museumordonnansie 8 van 1975 jaarlikse oudits van provinsiegesteunde museums doen. Die Ouditeur-Generaal se fooie vir 2019/20 was

R2.35 miljoen, en vir 2020/21 was dit R2.5 miljoen. Alhoewel dit van uiterste belang is dat museums geoudit word, is 'n nuwe, finansiële volhoubare ouditmodel, die Museumordonnansie Wysigingswet, No. 2 van 2021, aanvaar. Daarvolgens sal Provinsiegesteunde Museums vanaf 2021/22 voortaan deur professionele, geakkrediteerde ouditeure geouditeer word, anders as die Ouditeur-Generaal. Dit sal bydra om finansiële druk op hierdie museums te verlig.

Die ongekende stappe wat geneem is om die Covid-19 pandemie te bestry, het tot 'n volledige sluiting van museums van 23 Maart 2020 tot 6 Julie 2020 gelei, waarna hulle by die nasionale Minister van Sport, Kuns en Kultuur kon aansoek doen om heropening volgens regulasies wat gepubliseer is tydens die gevorderde vlak 3 van die inperking in Gazette No. 43507.

Museums het met elke dag van die nasionale inperking heelwat van hul inkomste verloor. Museums in die Wes-Kaap het die uitdaging en nuwe werkterrein aanvaar deur waar moontlik virtuele, aanlyn uitstallings en aktiwiteite aan te bied wat vir die publiek tydensgewys toeganklik was. Alhoewel die aanlyn uitstallings en aktiwiteite daarvoor gesorg het dat die publiek steeds toegang tot museums had tydens die inperking en dat museums goed geïmponeer was vir besoekers tydens die herstelfase van die pandemie, het dit nie die probleem van verlore inkomste deur besoekers aan museums (toegangsgeld) as gevolg van die inperking opgelos nie. Die Minister van Kultuursake en Sport het die Kultuursake Covid-19 Hulpfonds Strategie 2020/21 goedgekeur om te verseker dat museums in die Wes-Kaap in staat is om hulpfondse te bekom om die verlies van inkomste aan te spreek. Volgens die hulpstrategie is R 1 305 544 beskikbaar gestel dat museums kon fungeer (insluitend nie-geaffilieerde museums) tydens en na die Covid-19 pandemie.

TAALDIENS

Die kritieke belang van taal vir Suid-Afrika word weerspieël in artikel 6 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996. Taal is meer as ooit 'n bindmiddel vir ons nasie terwyl ons tot verhaal probeer kom en herstel van die gevolge van die Covid-19 pandemie. Taal is 'n meganisme vir kommunikasie, wat 'n bydraende faktor is tot sukses in die onderwys. Dit het op sy beurt 'n invloed op sosiale insluiting en op alle strategiese prioriteitsareas van die regering. Verder het taal die verskeidenheid van ons kulture en die kennis van ons verskillende gemeenskappe vasgelê en is dit van kritieke belang vir die oordrag van kulture en waardes van een generasie na die volgende. Alhoewel dit in die Grondwet vasgelê is as 'n mensereg en beskerm word deur nasionale en provinsiale wetgewing, is dit belangrik om voort te gaan met die bewusmaking en die implementering van die Wes-Kaapse Taalbeleid.

Die Departement dra by tot bogenoemde deur die voorsiening van vertaal- en tolkdienste aan alle provinsiale departemente in die Wes-Kaap, in al drie amptelike tale in die Provinsie, sowel as Suid-Afrikaanse Gebaretaal.

UNESCO het 2019 as die Jaar van Inheemse Tale verklaar. Dit het aanleiding gegee tot meer gefokusde projekpogings op hierdie gebied. In die proses, het die Departement voortgegaan om die status te verhoog en die gebruik van inheemse tale te bevorder waarvan die status en gebruik histories verminder is. Vir hierdie doel het die Departement probeer om geleenthede te herdenk en te ondersoek om San- en Khoitale te bevorder en te onderhou.

In reaksie op besparingsmaatreëls en beperkte finansiële hulpbronne, het die departement gefokus op die versterking van samewerking met belanghebbendes in die sektor en relevante

entiteite wat soortgelyke mandate deel, om bronne en kundigheid te benut vir groter impak. Die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad het in Augustus 2019 'n Wes-Kaapse Provinsiale Taalkomitee (WKPTK) aangestel ingevolge artikel 8(a) van die Wet op die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad, 59 van 1995. Dit bied die geleentheid vir die Departement, die WKPT en ander belanghebbendes om saam te werk en hulpbronne en kundigheid saam te voeg wat 'n groter impak op die uitvoering van ons kernprioriteite sal hê, veral in 'n streek waar sommige inheemse tale 'n buitengewoon groot risiko van uitsterf het, byvoorbeeld Nama en Khoekhoegowab.

Die taalterminologiese omgewing is besig om geleidelik rondom taal in die provinsie te stabiliseer. Vir vertaal- en tolkdoeleindes ontstaan daar nuwe velde waarvoor voorskrifte tans nie bestaan nie. Dit het die Departement genoodsaak om aan prosesse deel te neem om nuwe terminologieë vir verskillende dissiplines te ontwikkel, soos byvoorbeeld die Internasionale Wette vir Netbal, wat in Xhosa vertaal is.

INISIASIEPROGRAM

Gedurende die oorsigtydperk het gebruikelike inisiasie nie plaasgevind nie as gevolg van die Covid-19 beperkinge.

Die Departement het 'n vennootskap met 'n geakkrediteerde opleidingsinstelling ontwikkel wat op mediese manlike besnyding en Covid-19 voorkoming opleiding konsentreer. 'n Totaal van 223 kulturele praktisyns is van 13 Maart 2021 tot 25 April 2021 in Covid-19 voorkomende maatreëls opgelei. Die opleiding het daarop gefokus om die kulturele praktisyn se kennis en begrip oor die voorkoming van verspreiding van Covid-19 te verbreed, asook die voldoeningsmaatreëls om 'n inisiasieskool te bedryf ten tye van die pandemie. Deelnemers het 'n bywoningstifikaat ontvang.

Die Departement het verder Standaard Bedryfsprosedures vir die inisiasieskole wat in Covid-19 omstandighede fungeer in samewerking met die Provinsiale Departement van Gesondheid ontwikkel om nakoming van Covid-19 protokolle te verseker. Die Departement van Gesondheid het ook voorligting en insette gelewer by die opleidingsinhoud van die kulturele praktisyns.

BIBLIOTEEKDIENS

Gedurende die verslagtydperk het die Departement 374 biblioteekdienspunte ondersteun en onderhou wat as volg deur die provinsie versprei is: Kaapse Wynlande – 88; Eden/Sentraal-Karoo – 84; Weskus – 93; en die Metropool – 108.

Gratis internet is aan gemeenskappe verskaf deur middel van die Konnektiwiteitsprojek vir Landelike Biblioteke by 228 biblioteke. Hierdie projek is deel van die Breëband-inisiatief en lae-inkomste-landelike gemeenskappe trek voordeel uit gevorderde breëbandkonnektiwiteit.

In samewerking met die Suid-Afrikaanse Biblioteek vir Blindes voorsien die Departement 27 mini-biblioteke vir blindes en gesiggestremdes in die hele provinsie.

As gevolg van Covid-19 inperkingsregulasies is moniteringsbesoeke, opleidingsprogramme en promosieprojekte aan openbare biblioteke beïnvloed, en sommige projekte is gekanselleer; Openbare biblioteke kon nie met geletterdheid- en uitreikprogramme soos beplan, voortgaan nie; en die publiek kon nie openbare biblioteke gedurende hierdie tyd besoek nie, wat daartoe gelei het dat biblioteeklidmaatskap nie hernu is nie.

ARGIEFDIENSTE

Die gebruik van inligting- en kommunikasietegnologie vir vinniger toegang tot argiefmateriaal en elektroniese rekordbestuur is internasionaal 'n belangrike tendens. Om met die ontwikkeling by te bly, het die Departement opdrag ontvang om ondernemingsinhoudbestuur (OIB) in WK departemente te implementeer. Dit is steeds aan die gang en opleiding word aan die betrokke personeel verskaf.

OIB is in 2019/20 hersien en 'n verbeteringsplan en 'n nuwe sakegeval is ontwikkel. Die aanbevelings hiervan het die feit beklemtoon dat die WKR op die regte baan met betrekking tot OIB is. Drie temas lê die grondslag vir die verbeteringsplan, naamlik die ontwikkeling van 'n visie- en beleidsraamwerk, veranderingsbestuur en kapasiteitsversterking en die voldoende herverwerking van OIB. Deurlopende digitalisering van argiefmateriaal sorg vir die bewaring en toekomstige elektroniese toegang tot argiewe erfenis aan die publiek, nasionaal en internasionaal.

As gevolg van Covid-19 inperking is sosiale inklusiwiteitsprogramme soos Nasionale Argiefweek gekanselleer. Die Departement het egter voortgegaan om mondelinge geskiedenis opnames van biblioteke en museums te kollekteer vir permanente bewaring by die Argief.

SPORT EN ONTSPANNING

Die sektor was in volledige inperking vanaf 1 April 2020 tot middel Augustus as gevolg van die Covid-19 pandemie en die Departement het reageer deur waar moontlik virtuele interaksies aan te bied.

Die strategiese stukrag en mandaat van die Nasionale Sport- en Ontspanningplan is gerig op 'n "Aktiewe Nasie" en 'n "Wen Nasie". Ontspanning fokus op die lewering van 'n "Aktiewe Nasie" element van hierdie mandaat en bied aktiwiteite wat vrywillige deelname vereis. Dit verleen ook toegang en bied geleenthede en dien as 'n platform vir deelnemers om na die volgende vlak van deelname te beweeg. Die vrywillige aard van ontspanning het egter die potensiaal om die Departement se prestasie te belemmer, aangesien mense kan kies om te help of deel te neem of nie.

In sy aard werk sport saam met die burgerlike sport, insluitend federale sportfederasies, die ses distriksportrade en die Wes-Kaapse Provinsiale Sportkonfederasie. Die departement hou sessies met sportfederasies wat ons ten minste twee keer per jaar befonds om hulle te laat verstaan hoe die befondsingsproses werk en hoe die aansoeke vir befonding in die toekoms sal lyk en wat die belangrikste aspekte in die dokument is. Die befondsde sportfederasies neem deur die trilaterale proses deel aan ontwikkelingsprogramme wat deur die Departement befonds word, wat nie beperk is tot die kapasiteit van hul lede, transformasieprojekte, vroue en meisies se projekte en byeenkomste nie.

Daarbenewens fasiliteer en lewer ons 'n bydrae tot belangrike sportbyeenkomste waar sportfederasies die leiding neem, en personele van die Departement vorm deel van die plaaslike organiseringskomitees (LOC's) van hierdie byeenkomste, sodat ons verseker dat die prosesse wat tot die byeenkoms lei, glad verloop. Sportklubs wat in plattelandse en plaasdorpe geleë is, kry voorkeur ten opsigte van ondersteuning ten einde beide die sportfederasie en sy onderskeie lede te bevoordeel.

Om meer stukrag te gee, het die Departement bygedra tot die groei van die hoëprestasiekoort van atlete wat aan die sportakademie deelgeneem het. Hierdie atlete

kon gebruik maak van die dienste wat aangebied word deur die akademiese program, wat mediese en wetenskaplike ondersteuning, lewensvaardighede, seminare teen die neem van middels, afrigting, oefenkampe en voeding, rehabilitasiedienste, sielkundige ondersteuning, vaardigheidsontwikkelingsprogramme en al die ander verwante programme insluit. Dit het verseker dat die ontwikkelingsproses van atlete van landelike gebiede verbeter en bevorder word. Hierdie dienste moes verminder word gedurende 2020/21 as gevolg van die Covid-19 pandemie.

Met die aanpak van een van die pilare van die Nasionale Sport- en Ontspanningsplan, het fasiliteite 'n belangrike rol gespeel in die aanmoediging van die Wes-Kaapse munisipaliteite om aansoek te doen vir die munisipale infrastruktuurtoelae, wat deur COGTA aangebied word. Die Departement was instrumenteel in die onderskriging van projekte in die Wes-Kaap ter waarde van R 9 000 000 miljoen vir Mosselbaai en R10 miljoen vir Matzikama munisipaliteite. Wat die finansiering van die fasiliteite van die Departement betref, het ons 7 projekte in sewe munisipaliteite ondersteun, naamlik Laingsburg, Swellendam, Knysna, Hessequa, Saldanabaai, Kaap Agulhas en Langeberg. Die laaste ses munisipaliteite is deel van die Netbal 2023 Wêreldbeker Nalatenskap program.

Gedurende die oorsigjaar het die Departement ses skole ondersteun as deel van die program vir sportfokusskole.

Die klubontwikkelingsprogram gaan voort om klubs en administrateurs te ontwikkel en om beter geleenthede vir hierdie klubs te skep. Alle klubs wat deel van die program uitmaak, het baat gevind by die vervoer na hul onderskeie ligaprogramme en ontwikkelingsprogramme, waar klubadministrateurs en afrigters tot voordeel van hul klubs ontwikkel word, en 180 klubs het toerusting en klere ontvang. Die ondersteuning van die liga is deur die pandemie beïnvloed.

Die Departement werk met ontspanning en sport burgerlike-verenigingorganisasies in die fasiliteer van ontspanning-, sportontwikkeling- en sportbevorderingsinisiatiewe. Dit word nie beperk tot die voorsiening van sportfasiliteite, groot sportgeleenthede, ondersteuning van sportfederasies en klubs nie, aangesien die Klubontwikkelingsprogram hard daaraan werk dat die kern van sport optimaal ondersteun word om stukrag te verleen aan die sportontwikkeling kontinuum wat spelers, atlete, afrigters en tegniese beamptes, veral binne die 16 prioriteit sportkodes, insluit.

Ontspanning is 'n platform van waar sport, kuns en kultuur kan ontwikkel en groei, omdat dit 'n etos en filosofie van gesond lewe, lewenslange aktiwiteit, en lewenslange leer, bevorder. Ontspanning maak mense ook bewus van die potensiaal, vaardighede en talente waartoe hulle in staat mag wees. Deur die fasiliteer van ontspanningsprojekte, programme, geleenthede en aktiwiteite, is die doel om bande te skep tussen individue, gemeenskappe, die jeug, families en die gemeenskap in sy geheel. Ontspanning bevorder daarom sy aktiwiteite deur die Siyadlala Gemeenskap Massa-deelname Program vir volhoubaarheid. Dit ondersteun vooraf geïdentifiseerde ontspanningsstrukture vir spesifieke ontwikkelingsdoelwitte. Die Covid-19 pandemie het in die oorsigjaar Sportontwikkeling se sterk fokus op die Inheemse Spele verswak, waar burgers deelneem aan ontspanningsaktiwiteite wat die verlede met die hede verbind; die Goue Spele, wat vir ouer burgers aktiwiteite bied; die Jeugkampe, waar jongmense ontwikkel en voorberei word vir die toekoms en Groot Wandeling, wat jonk, oud, volwassene, bejaard en die familie, in een aktiwiteit byeenbring. Die fokus is verder op aangepaste ontspanningsaktiwiteite, sowel as spel/speletjies wat deur Sportontwikkeling se Ontspanningssentra aangebied word, waar die fokus ook op die ECD-vlak deelnemer is.

Die aktiwiteite by die MGO-sentrums, of die MGO-program, volg op die ECD-gebaseerde aktiwiteite van die Ontspanningsentra. Hier by die MGO-Sentrums is die fokus op die volgende vlak van ontspanningsaktiwiteite, sowel as toegang tot vaardigheidsontwikkelingsgeleenthede, wat weer aanleiding gee tot toegang tot deelname aan intraskool- en interskoolvlak, sowel as talentontwikkelingsvlak. Oor die algemeen is daar groeiende belangstelling in naskoolse deelname by die MGO-sentrums, maar tydens die verslagjaar, as gevolg van die Covid-19 pandemie en meegaande beperkings op naskoolse aktiwiteite, kon die sentrums vir 'n groot deel van die jaar nie by die skole fungeer nie. Die Departement het die diens virtueel en op verskeie terreine aangebied, byvoorbeeld by gemeenskapsentrums, waar moontlik. Die voedingsprogram is as gevolg van die Covid-pandemie gedurende 2020/21 uitgebrei saam met die volgende relevante reaksies tot Covid-19 protokolle, soos ondersteuning met die handhawing van sosiale afstandhouding en die neem van temperatuur, selfs tydens inperkingsvlakke 5 en 4, om gemeenskapsbehoefte aan te spreek. Die MGO-program het 'n groot deel van sy provinsiale program gelewer deur sy afrigtingspersoneel, wie as ontspanning-, sport-, kuns- en/of kultuurafrigters, veel meer as hul daaglikse take gedoen het en hulself aan vele risiko's verwant aan die Covid-19 pandemie blootgestel het, ter wille van dienslewering aan die Provinsie en sy onderskeie gemeenskappe.

Skolesport, se Buurtskoolsentra, via sy Buurtskoolprogramme, skakel met die MGO-sentrums. By die Buurtskoolsentra is die volgende vlak deelname se fokus op interdistriks- en interprovinsiale vlak, asook op talentontwikkelingsvlak, wat verband hou met die ontwikkeling van 'n "Wen-nasie". Die klem val egter hier op die verdere ontwikkeling en groei van die vaardighede en talentvlakke van die deelnemers.

Die koppeling van die Ontspanningsentra met die MGO-sentra met sy buurskole het verder aanleiding gegee tot die ontwikkeling van die Buurtskoolprogramme met sy Buurtskoolsentra, sowel as Buurtskool Ontwikkelingsinisiatiewe, soos die skep van nuwe klubs in die betrokke buurte, wat nuwe en vars geleenthede vir die deelnemers bied.

Skolesport het deur sy Buurtskoolsentrum personeel, soos die MGO-program se afrigtingspersoneel, gehelp met die reaksie op die Covid-19 verligtingsprogram, bv die voedingsprogramme, sowel as take verwant aan sosiale afstandhou en die neem van temperatuur in die relevante en verskeie woonbuurte. Soos hul MGO-Program kollegas het hulle as volgende vlak sport, kuns en/of kultuur aktiwiteitsafrigters, veel verder gegaan as hul normale take en hulself aan baie risiko's verwant aan die Covid-19 pandemie blootgestel, in hul strewe om die Provinsie en sy verskeie gemeenskappe te dien. Daar is ook ondersteuning verleen aan provinsiale sportfederasiestrukture met die vestiging van hulle hoëprestasiesentrums om gespesialiseerde deurlopende ondersteuning aan talentvolle skoolgaande jeugdige te bied. As 'n direkte gevolg van inter-sektorale samewerking en verdere ondersteuning, is daar ook ondersteuning verleen aan provinsiale sportfederasiestrukture met die vestiging van hoëprestasiesentrums om gespesialiseerde deurlopende ondersteuning aan talentvolle skoolgaande jeugdige te bied.

Covid-19 se inperkingsregulasies en beperkinge het egter deelname op verskeie vlakke benadeel. Die eerste interdistrik aktiwiteite het in Oktober 2020 onder streng toepassing van Covid-19 protokolle begin. Die fokus was hier op nie-kontak sportkodes, sowel as kuns- en kultuuraktiwiteite. Daar was geen nasionale kompetisies nie, aangesien dit deur DSKK in samewerking met DBO gekanselleer is.

'n Aantal aktiwiteite en interaksies het boonop met Sport se Provinsiale Federasies in 2020/21 plaasgevind, insluitend virtuele webinars wat deur provinsiale federasiestrukture

gefasilieer is. DKES, via die Direkoraat: Sportontwikkeling, het deur 'n vennootskap met die WKOD ook veeldoelige, gedeelde fasiliteite ontwikkel in 'n aantal distrikte in die provinsie, naamlik in Metro-Suid (Lavender Hill), Sentraal Karoo (Beaufort-Wes), die Tuinroete (Thembalethu/Georges) en die Weskus (Malmesbury).

Die Departement het meegewerk aan 41 groot byeenkomste in al ses distrikte in die Provinsie om sporttoerisme in die Provinsie te bevorder, maar in 'n meer beperkte mate as vorige jare as gevolg van Covid-19. Gedurende die 2020/21 finansiële jaar is hibriede gebeure soos die Kaapstad Marathon en die Nelson Mandela Vryheidswedren virtueel aangebied met beperkte in-persoon teenwoordigheid.

Die Departement het die Provinsiale Sporttoekennings 2020 op 'n kleiner skaal aangebied om te verseker dat daar aan Covid-19 protokolle voldoen is. Daar was vier ministeriële toekennings vir sportatlete en administrateurs wat in sport presteer het en 21 atlete en administrateurs wat hulle lewens as gevolg van Covid-19 verloor het, is vereer.

Die Departement het sportprogramme vir hoë prestasie in al die distriksakademies in die Provinsie aangebied.

JEUG EN NASKOOLSE PROGRAM

Die naskoolse Program binne die Naskoolse Spelwisselaar bereik die doelwitte van die Provinsiale Jeugontwikkelingstrategie deur middel van sorgsame volwassenes wat met ons jeug werk, deur opvoeding te verbeter deur middel van akademiese steun, sport, kuns en kultuur, en lewensvaardighede, deur positiewe “bendes” te skep waarvan ons jeug deel kan wees, en deur nuwe geleenthede vir jongmense te skep om weer by skoolonderrig betrokke te raak.

Gegewe die Covid-19 pandemie en verwante skoolsluitings, is die fokus in 2020/21 aangepas om met gemeenskappe en families saam te werk om “home@learning” te ondersteun. Die Jeug en Naskoolse Program het met belanghebbendes saamgewerk om vernuwende metodes te vind om te verseker dat leerders steeds toegang had tot holistiese opvoedingsgeleenthede.

'n Aanlynportaal is vinnig tot stand gebring met 'n een-stop-winkel vir individue en organisasies wat toegang tot inhoud vir Naskoolse Programme soek. Inagnemend dat talle leerders in gemeenskappe met beperkte hulpbronne nie internettoegang het nie, het die span drie volumes van gedrukte hulpbronne laat druk met as titel “Naskoolse Skatkis”. Die Skatkis het meer as 68 000 leerders regoor die Wes-Kaap bereik deur 'n netwerk van skole en NRO-vennote. Die Skatkis projek is geïdentifiseer as 'n finalis vir Dienslewering Toekennings in die kategorie Span Baanbreker: Innovasie.

Een van die bestaande programme, die “YearBeyond Program” het daarvoor gesorg dat graad 3 en 4 leerders ondersteun is met @home resources. Die Hoërskool Akademiese program het WhatsApp groepe as spilpunt gebruik om graad 8 en 9 leerders met wiskunde te help, waardeur leerders buite normale Naskoolse ure bereik en die impak van die program versterk is.

Die span het voortgegaan om op die *Mense van die Naskoolse Beweging* te fokus, met die “Ligte aan na Skool” veldtog wat in Oktober bekendgestel is. Die veldtog is daarop gerig om te fokus op die impak van die Naskoolse Programme. Hierdie veldtog sal in 2021 verder groei en versterk word. In 'n vertoning van veerkragtigheid het die gemeenskap van organisasies

wat in Naskool werk inderdaad ook gegroei. Op 31 Maart 2021 is 284 NRO's gemobiliseer en afgebeeld op "Edu-collaborate".

Die Jeug en Naskoolse Program het ook met die Kaapse Hoër Onderwys Konsortium en die Stellenbosch Universiteit in vennootskap gegaan om die eerste Naskoolse Navorsingsimposium op 28-30 Oktober aan te bied. Dit het bestaan uit 'n twee-dae virtuele navorsingsimposium met navorsingvoorleggings en aanbiedinge wat gewissel het van akademiese instellings tot praktykgebaseerde onderrig van NRO's. Verbintenisse van die Navorsingsimposium het gefokus op hoe om voort te gaan om 'n robuuste, bewysgebaseerde motivering vir die impak van Naskoolse Skoolprogramme in gemeenskappe met beperkte hulpbronne te bou. Die sluitingsverslag kan by die volgende skakel oopgemaak word: https://drive.google.com/drive/folders/1luW_0nLJFvZmKEtYuXF-ZR3INJycHH3.

Die Kantoor het voortgegaan met sy verbintenis tot kapasiteitsbou inisiatiewe deur verpligtinge na aanlyn te verander waar nodig. 'n Totaal van 721 praktisyns het hierdie jaar opleiding ontvang deur op 'n reeks van inisiatiewe wat op die bou van kwaliteitsprogramme sowel as Covid-19 spesifieke inisiatiewe om personeel en programme te ondersteun, te fokus. Die Kantoor het ook drie aanlyn Praktisyn Gemeenskap van Praktyk aktiwiteite gedurende die jaar aangebied, waardeur verseker is dat praktisyns en organisasies gekoppel en ondersteun is gedurende die jaar.

JEUGDIENSPROGRAM

Die krisis by die jeug is deur Covid-19 vererger en werkloosheid onder die jeug het tot 63.2% gestyg, wat opnuut dringende reaksie genoodsaak het.

YearBeyond is deel van die Provinsiale reaksie. Dit is 'n jeugdiens oorbruggingsprogram wat werklose jeugdige onder 25 'n geleentheid bied om aan hul gemeenskap terug te gee terwyl hulle bou aan hul gereedheidsvaardighede onderweg na werk of studies.

Geloods in 2015 as 'n vlagskip van die jeugstrategie, het YearBeyond in 2019/20 gefokus daarop om die sisteme te ontwikkel vir uitbreiding. Gedurende 2020/21 is op uitbreiding gefokus ten spyte van die uitdagings van Covid-19. Gedurende die 2020 kalenderjaar is 516 jeugdige gewerf en in diens geplaas en 'n verdere 220 geleentheid is geïdentifiseer.

Buiten vir YearBeyond Akademies, wat nou Graad 3 en 4 leerders ondersteun in net meer as 100 skole, is die program in 2020 uitgebrei na Scouting in Schools, @home learning, 'n data program, 'n ondersteuningsprogram vir jeugdige betrokke by die Jeugdige Basiese Pakket van Dienste en 'n Biblioteek leesprogram.

In reaksie op Covid-19, is YearBeyond gedwing om die jeugontwikkelingsprogram te migreer na 'n virtuele program en in 2020/21 is 'n interne opleidingsplatform geloods wat elke jeugdige toegang gee tot persoonlike en professionele ontwikkelingsinhoud, selfs tydens inperking. Die program het verder WhatsApp gebruik om met die jeugdige te kommunikeer en te verseker dat die psigo-sosiale impak van inperking versag is.

Die program het ook sy dienslewingsprogram vernuwe en die jeugdige kon voortgaan met leerders met @home studiehulpbronne vir kinders op die program. Dit het die program in staat gestel om leerders te ondersteun en hul families kon voortgaan om te werk aan beide geleterdheid en gesyferdheid fundamente op 'n prettige, interaktiewe manier.

Soos die inperking verslap is, kon ons die jeug, of Yeboneers, ondersteun met 'n progressie opleidingskamp wat CV en onderhoudvaardighede en 'n loopbaanmark by die Nagraadse Sakeskool wat persoonlike skakels na sake- en werksgeleenthede vir die jeug gebied het.

Ander innovasies om groei te ondersteun het die ontwikkeling van ons *opleiding-van-opleiers* model ingesluit en desentralisering van opleiding stel ons in staat om in 2021/22 verder as die metro uit te reik.

2021 het ook die bekendstelling van ons Deurlopende Kwaliteitsverbeteringsproses, toerusting en opleiding, gesien. As deel van hierdie proses het 'n personeellid elke vennoot in die Provinsie besoek en verskillende aspekte van opleiding waargeneem—hoofsaaklik fasilitering, Covid-19 protokolle, daarstel van die ruimte, jeugontwikkeling opleiding en akademiese opleiding. 'n Terugvoergesprek is by die geleentheid met die vennoot gehou om hulle te ondersteun met opleiding in die toekoms en om te verseker dat kwaliteitprogramering gelewer word.

Ten slotte is die YearBeyond Alumni Netwerk gedurende die verslagjaar bekendgestel. 'n Geslote Facebook blad is vir alumni opgestel en die eerste alumni geleentheid is op 27 Maart 2021 gehou.

Die Departement van Kultuursake en Sport is daartoe verbind om sy leierskap in die sektor te behou en het 'n Jeugforum vir regering- en nie-regeringsvennote in die Provinsie aangebied om leer en sinergieë te fasiliteer om jeugontwikkelingswerk in die Provinsie te versterk.

2.2. Diensleweringverbeteringsplan

Die Departement het 'n diensleweringverbeteringsplan voltooi. Die tabelle hieronder sit die diensleweringplan en die prestasies tot op hede uiteen.

Hoofdienste en standaarde

Hoofdiens- ste	Begunstigdes	Huidige/werklike standaard van diens	Gewenste standaard van diens	Werklike prestasie
Toegang tot kultuurfasiliteite	Gemeenskaps-groepe en individue/ organisasies Wes-Kaapse Kultuurkommissie (WKKK) Regerings-departemente	a) 15 112 verkry toegang tot en benut kultuurfasiliteite Die Departement het toegang en gebruik van fasiliteite verhoog van die basislyn van 14 504. Die laer as geteikende prestasie is egter as gevolg van die sluiting van die Schoemanspoort fasiliteit vir die 2019/20 finansiële jaar vir die opgradering en verbeterings by die fasiliteit deur die Departement van	a) 24 795 (teiken) verkry toegang tot en benut kultuurfasiliteite	a) 171 gebruikers het die Melkbos Kultuursentrum en Melkbos Oppiesee kultuurfasiliteite gesamentlik vir dagbesoeke besoek nadat dit aan die Departement aan die einde van November 2020 terug gegee is aangesien dit nie meer as isolasiesentra benodig was nie.

Hoofdiens- ste	Begunstigdes	Huidige/werklike standaard van diens	Gewenste standaard van diens	Werklike prestasie
		<p>Vervoer en Openbare Werke. Verder was al die fasiliteite van middel Maart af gesluit as gevolg van die Covid-19 pandemie en 'n afgekondigde totale inperking.</p> <p>b)Die SOP vir verkryging is aangepas om in pas te bly met die opgedateerde finansiële regulasies wat van die Provinsiale Tesourie (PT) ontvang is. Die SOP vir die aanlyn reserveringstelsel is aangepas om alle rolspelers wat by die aanlynstelsel ingeskakel is, te akkommodeer.</p> <p>c)Die besprekings is deur die verantwoordelike amptenare gemonitor en goedgekeur, en die finansiële aspekte deur die HFB ondersteuningspersoneel.</p>	<p>b)Monitor die effektiwiteit daarvan</p>	<p>Die fasiliteite is die grootste deel van die jaar nie deur gemeenskappe gebruik nie omdat dit as isolasieterreine gedurende die Covid-19 pandemie gebruik is. Schoemanspoort is ook nog nie aan die Departement teruggegee nie omdat die opgradering van die fasiliteit nog nie afgehandel is nie.</p> <p>b)Die twee fasiliteite was in Desember 2020 slegs vir interne kliënte oop en middel-Januarie vir eksterne kliënte.</p> <p><u>Addisionele prestasies:</u></p> <p>a)Die SOP vir verkryging (die Verkrygings SOP is onder oorsig en die nodige veranderings word hanteer deur die Openbare Entiteite: HFB Ondersteuning, in konsultasie met die Kuns- en Kultuurspan) is opgedateer in ooreenstemming met die opgedateerde finansiële regulasies wat van PT ontvang is. Die SOP vir aanlyn besprekings is aangepas om alle rolspelers wat by die aanlynstelsel ingeskakel is, te akkommodeer. Die besprekings word deur die verantwoordelike amptenare gemonitor en die</p>

Hoofdiens- ste	Begunstigdes	Huidige/werklike standaard van diens	Gewenste standaard van diens	Werklike prestasie
				finansiële aspekte word deur die Openbare Entiteite HFB ondersteuningspersoneel hanteer.
Museums se opvoedkundige programme	29 geaffilieerde museums, leerders en landsburgers is deur die intervensie geteiken	<p>a) Voorsien ovoedkundige dienste aan 29 geaffilieerde museums</p> <p>b) 50% van museums se opvoedkundige programme/intervensies is geëvalueer.</p> <p>c) Twee Opvoedkundige materiaal pakkette is beskikbaar gestel en vertaal in drie regionale tale. (Speelgoed en Fossiel programme).</p> <p>d) Twee Opvoedkundige vaardigheids-werkswinkels is aangebied.</p> <p>e) Monitering en evaluasie raamwerk/ge-reedschap is implementeer</p> <p>f) Museums is opgelei in monitering/evaluasie van opleidings-programme</p>	<p>a) Voorsien ovoedkundige dienste aan 29 geaffilieerde museums (soos versoek en indien hulp-bronne beskikbaar is).</p> <p>b) 100% van museums se opvoedkundige programme/intervensies is geëvalueer</p> <p>c) 2 pakkette Opvoedkundige materiaal is in 3 streekstale beskikbaar gestel</p> <p>d) Verander opleidings-materiaal na video</p> <p>e) Twee Opvoedkundige vaardighede werkswinkels</p> <p>f) Hersien opvoedkundige intervensies</p>	<p>a) Voorsien ovoedkundige dienste aan 29 geaffilieerde museums met die hulp van aanlyn platforms.</p> <p>b) 100 % van museums se opvoedkundige programme/intervensies is geëvalueer.</p> <p>c) Twee pakkette opvoedkundige materiaal is beskikbaar gemaak en na 3 streekstale vertaal om toeganklikheid van program-materiaal te verbeter. (Museum Uitstalling en Groot Brakrivier programme)</p> <p>d) Opvoedkundige Gebeure videos is opgeneem vir Jeugdag, Mandeladag, Vrouedag, Erfenisdag, Nasionale Simbole Program, en Ek is die Vlag Program.</p> <p>e) Twee Opvoedkundige vaardighede werkswinkels</p>

Hoofdienste	Begunstigdes	Huidige/werklike standaard van diens	Gewenste standaard van diens	Werklike prestasie
		<p>g) Monitering en evalering van die implementering en impak van die opleidings-intervensie is gedoen</p> <p>Gedetailleerde soos-dit-is-proses vir museums se opvoedkundige raamwerk programme ontwikkel.</p>	<p>g) Assesseer die impak van museum opvoeding dienste en bepaal die impak wat museums op leerders maak</p> <p>h) Monitor en evalueer die implementering raamwerk om toekomstige beplanning te vergemaklik</p>	<p>Is aanlyn aangebied</p> <p>f) Monitering en evaluering van implementering en impak van opvoeding intervensies is voltooi tot met die inperking en daarna weer voortgesit.</p> <p>g) Moniteer en evalueer raamwerk/ gereedskap is implementeer en aangewend.</p> <p>h) Museums is voorberei om monitering en evaluering programme te gebruik deur die ontwerpte evaluasie dokumente te gebruik.</p> <p><u>Addisionele prestasies:</u></p> <p>'n Gedetailleerde soos-dit-is- proses vir museums se opvoedkundige raamwerk programme is voltooi en implementeer voor algehele inperking en daarna hervat vir museumopvoedings-programme.</p>

Batho Pele-reëlings met begunstigdes (Oorlegpleging, toegang, ens.)

Huidige/werklike reëlings	Gewenste reëlings	Werklike prestasie
<p>Toegang tot kultuurfasiliteite</p> <p>Oorlegpleging:</p> <p>a) Elektroniese, skriftelike en telefoniese kommunikasie</p> <p>b) Generiese email adres is geaktiveer vir gebruik van kliënte. Dit is geaktiveer en verskyn op die webblad. Korrespondensie is gemonitor en opgeneem.</p> <p>c) Die WKKK-webblad is bygewerk en toegang tot die elektroniese besprekingstelsel kon ook via die webblad verkry word.</p> <p>d) Terugvoer van kliënte en die besetting statistiek word gedeel met lede sodat voorstelle vir bemerking om meer kliënte te trek, verkry kan word.</p> <p>e) Insette en terugvoer word van kliënte ontvang op die besprekingsverslag-vorm en besware word opgeteken en aangespreek.</p> <p>Toegang:</p> <p>a) 3de verdieping, Protea Assuransie Gebou, Groentemarkplein, Kaapstad</p>	<p>Oorlegpleging:</p> <p>a) Elektroniese, skriftelike en telefoniese kommunikasie</p> <p>b) Die WKKK-webblad is bygewerk met inligting oor die fasiliteite, beleide en die ligging van die fasiliteite.</p> <p>c) Insette en terugvoer van kliënte en die besettingstatistiek word gedeel met lede sodat voorstelle tydens beplanning oorweeg kan word en wanneer die onderhoudsplan opgestel word.</p> <p>Toegang:</p> <p>a) Protea Assuransie Gebou, 7de Verdieping, Groentemarkplein Kaapstad</p>	<p>Oorlegpleging:</p> <p>a) Elektroniese, skriftelike en telefoniese kommunikasie. Generiese email adres is geaktiveer vir gebruik van kliënte. Dit is geaktiveer en verskyn op die webblad.van DKES.</p> <p>b) Die WKKK-webblad is bygewerk en toegang tot die elektroniese besprekingstelsel kon ook via die webblad verkry word.</p> <p>c) Die fasiliteite is nie vir besprekings gebruik nie as gevolg van die Covid-19 pandemie inperking regulasies en die gebruik van die fasiliteite as isolasie terreine gedurende die jaar, gevolglik is geen egte statistieke gegeneer nie. Nuwe idees met betrekking tot bemerking van die fasiliteite is ondersoek en oorweeg tydens beplanning.</p> <p>Toegang:</p> <p>a) Protea Assuransie Gebou, 3de verdieping, Groentemarkplein, Kaapstad, is die fasiliteit wat gebruik moet word,</p>

Huidige/werklike reëlings	Gewenste reëlings	Werklike prestasie
<p>b) Twee landelike kantore, Vredendal en Oudtshoorn</p> <p>c) Via die amptelike departementele webwerf https://www.westerncape.gov.za/general-publication/booking-cultural-facility</p> <p>d) Duidelike aanwysings vir rolstoel toegang, inrol stort</p> <p>e) Aanwysings dui die aantal mense met gestremdhede aan wat by die fasiliteit akkommodeer kan word. Vier van die sewe kultuurfasiliteite is gestremd-vriendelik.</p> <p>f) Aanwysingsborde is by elke fasiliteit teenwoordig en leesbaar in die drie amptelike tale van die provinsie met kontak telefoonnommers.</p>	<p>b) Twee landelike kantore, Vredendal en Oudtshoorn</p> <p>c) Via die amptelike departementele webwerf https://www.westerncape.gov.za/general-publication/booking-cultural-facility</p> <p>d) Fasiliteite word bemark via brosjures wat na gemeenskapsentra, skole en biblioteke versprei word.</p> <p>e) Kliënte ontvang hulp van beamptes om vorms te voltooi en elektroniese korrespondensie word verskaf met betrekking tot die status van elke aansoek.</p> <p>f) Aanlyn reserveringsstelsel vir kliënte om die beskikbaarheid van elke fasiliteit te kan besigtig.</p>	<p>maar die fasiliteite is nie vir besprekings gebruik nie as gevolg van die Covid-19 pandemie inperking regulasies en die gebruik van die fasiliteite as isolasie terreine gedurende die jaar.</p> <p>b) Twee landelike fasiliteite, naamlik Koekenaap kultuurterrein in die Matzikama plaaslike munisipaliteit en Schoemanspoort kultuurterrein in die Oudtshoorn plaaslike munisipaliteit.</p> <p>c) Via die amptelike departementele webwerf https://www.westerncape.gov.za/general-publication/booking-cultural-facility</p> <p>d) Fasiliteite word op die Wes-Kaap regering se regeringswebblad portaal adverteer. Inligting word telefonies beantwoord aan alle kliënte wat oor kultuurfasiliteite navraag doen.</p> <p>e) Kliënte word adviseer om datums aanlyn te bespreek, amptenare help kliënte met registrasie, die aflaaif van dokumentasie, die betalingsprosedure, sowel as die aankomsprosedure.</p> <p>f) Die aanlyn reserveringsstelsel stel die kliënt in staat om te besigtig, enige fasiliteit te kies en moontlike datums te bekyk. Die stelsel is ontwerp om kliënte te help in die stroomlyning van hulle besprekings deur 'n besprekingsnommer te verskaf, sowel as 'n lys van al die besprekings van die kliënt met 'n statusverslag.</p>

Huidige/werklike reëlings	Gewenste reëlings	Werklike prestasie
<p>g) Personeel by die fasiliteit is aan diens en bereikbaar na ure.</p> <p>h) Gidshonde word by die fasiliteit toegelaat</p> <p>Hoflikheid:</p> <p>a) Alle besprekings word voor aankoms bevestig.</p> <p>b) Personeel is aan diens vir die duur van die verblyf van kliënte om te help en enige probleme aan te spreek.</p> <p>c) Hoflikheid word rapporteer en gemeet deur: * Kliënt beprekkingsverslag-vorms * Elektroniese korrespondensie</p> <p>d) Kwartaallikse fasiliteitsvergaderings is gehou waar bekommernisse en verslae bespreek is en verskeie maatreëls/bekommernisse is aangespreek waar nodig.</p>	<p>g) Die toegang van die diens word ook verbeter deur:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Rolstoeltoegang by al die fisieke liggings • Ons het vier (4) uit sewe (7) kultuurfasiliteite wat gestremd-vriendelik is • Aanwysingsborde is by elke fasiliteit teenwoordig en leesbaar in die drie amptelike tale van die provinsie • Verlengde werksure (op sekere dae) en • Gidshonde word by die fasiliteite toegelaat <p>Hoflikheid:</p> <p>a) Alle besprekings word voor aankoms bevestig.</p> <p>b) Personeel is aan diens vir die duur van die verblyf van kliënte om te help en enige probleme aan te spreek.</p> <p>c) Hoflikheid word rapporteer en gemeet deur: * Kliënt beprekkingsverslag-vorms * Elektroniese korrespondensie</p> <p>d) Kwartaallikse fasiliteitsvergaderings is gehou waar bekommernisse en verslae bespreek is en verskeie maatreëls/bekommernisse is aangespreek waar nodig.</p>	<p>g) Duidelike aanwysings vir rolstoel toegang, inrol stort. Aanwysings dui die aantal mense met gestremdhede aan wat by die fasiliteit akkommodeer kan word. Vier van die sewe kultuurfasiliteite is gestremd-vriendelik. Aanwysingsborde is by elke fasiliteit teenwoordig en leesbaar in die drie amptelike tale van die provinsie met kontak telefoonnommers (inligting op die borde sal opdateer word gedurende die 2021/22 finansiële jaar in lyn met die beskikbare begroting. Personeel by die fasiliteit is aan diens en bereikbaar na-ure.</p> <p>Gidshonde word by die fasiliteit toegelaat soos in die Kultuurfasiliteite Gebruiksbeleid uiteengesit.</p> <p>Hoflikheid:</p> <p>a) Alle besprekings word voor aankoms bevestig.</p> <p>b) Personeel is aan diens vir die duur van die verblyf van kliënte om te help en enige probleme aan te spreek.</p> <p>c) Hoflikheid word rapporteer en gemeet deur: * Kliënt- beprekkingsverslag-vorms * Elektroniese korrespondensie</p> <p>d) Tweemaandelikse fasiliteitsvergaderings word gehou waar bekommernisse en verslae bespreek word, en verskeie stappe/bekommernisse word aangespreek soos benodig. Gereelde terreininspeksies/besoeke</p>

Huidige/werklike reëlings	Gewenste reëlings	Werklike prestasie
<p>Addisionele prestasies:</p> <p>a) Die Gedragskode is aan al die personeel by die fasiliteite gesirkuleer.</p> <p>Openheid en deursigtigheid:</p> <p>a) 'n Databasis van alle gebruikers is opgestel en toegang kan op die elektroniese stelsel daartoe verkry word.</p> <p>b) Al die WKKK se jaarverslae word op die intranet beskikbaar gestel, sowel as op die webblad vir kuns en kultuur – onder openbare entiteite.</p> <p>c) Inkomste- en gebruikbeleid is hersien en is in lyn gebring met die elektroniese besprekingstelsel.</p> <p>d) Daar bestaan 'n databasis van alle gebruikers. Formele korrespondensie is aan alle gebruikers op die databasis aangestuur waarin hulle in kennis gestel is van die elektroniese reserveringstelsel met die skakel ingesluit en instruksies oor hoe om elektroniese besprekings te maak.</p>	<p>Openheid en deursigtigheid:</p> <p>a) Die databasis bestaan uit 2019/20 en 2020/21 kliënte wat al die kliënte se inligting bevat en die tipe programme wat by die fasiliteit gehou is.</p> <p>b) Al die WKKK se jaarverslae word op die intranet beskikbaar gestel, sowel as op die webblad vir kuns en kultuur – onder openbare entiteite.</p> <p>c) Verskaf die Inkomste en Gebruikbeleid aan kliënte.</p>	<p>aan die fasiliteit deur die bestuurder verseker dat uitdagings betyds aangespreek en opgelos word.</p> <p>Addisionele prestasies:</p> <p>a) Die Gedragskode is aan al die personeel by die fasiliteite gesirkuleer. Alle inligting met betrekking tot Covid-19 is aan die personeel versprei en protokolle met betrekking tot die bekamping van die verspreiding van die virus is duidelik sigbaar by al die fasiliteite.</p> <p>Openheid en deursigtigheid:</p> <p>a) 'n Databasis van alle gebruikers vorm deel van outomatiese opname van inligting as een van die eienskappe van die Aanlyn besprekingstelsel. Dit is toeganklik via die elektroniese sisteem.</p> <p>b) Die WKKK se Jaarverslae, Strategiese Planne en die Jaarlikse Prestasieplanne van die WKKK is beskikbaar op die webblad van DKES, sowel as die Kuns en Kultuur webblad-onder Openbare Entiteite.</p> <p>c) Kultuurfasiliteite Gebruiksbeleid is in lyn met die Aanlyn Reserveringstelsel en word gemonitor om behoorlike implementering te verseker.</p> <p>Addisionele prestasies:</p> <p>Formele korrespondensie word aan potensiële nuwe gebruikers gestuur wat navraag doen oor die besprekingsdiens, waarin hulle ingelig word oor die Aanlyn reserveringstelsel, die bespreking skakel inklusief van instruksies oor hoe om 'n elektroniese bespreking te maak.</p>

Huidige/werklike reëlings	Gewenste reëlings	Werklike prestasie
<p>Waarde vir geld:</p> <p>a) Fasiliteite het dubbele gebruik ingestel deur middel waarvan kleiner groepe die opsie het om die raadskamers vir 12 of minder persone te bespreek.</p> <p>b) Geleenthede vir binne- sowel as buitenshuise aktiwiteite is aangebied.</p> <p>c) 'n Breër spektrum van kliënte oor die hele Wes-Kaap is die geleentheid gebied om die fasiliteite te gebruik.</p> <p>d) Die koste van bespreking is volgens gebruiksarea. Koste word volgens die tarief-/kosteregister bereken.</p> <p>Addisionele prestasies:</p> <p>e) Daaglikse gebruikskoste van 08:00 – 16:00 is R2 500 inklusief van die gebruik van die kombuis en saal.</p> <p>Opgradering by die Okkie Jooste, Schoemanspoort en Bien Donne Manor Huis het groot klem op kostebesparingmaatreëls geplaas en het daarom sonverwarmingspanele laat installeer. Die kombuise, ablusiegeriewe en sekuriteit is ook opgradeer.</p>	<p>Waarde vir geld:</p> <p>a) Personeel verskaf inligting oor die omgewing aan kliënte op versoek – kliënte kry bruikbare inligting kosteloos.</p> <p>b) 'n Toename in minderbevoorregte kliënte om landelike fasiliteite te gebruik waardeur 'n platform vir opvoedkundige doelwitte geskep word.</p> <p>Die koste vir bespreking is sedert 1 April 2018 per chalet per nag.</p>	<p>'n Brief is per epos aan gebruikers op die databasis gestuur waarin hulle ingelig is dat die fasiliteite as gevolg van Covid-19 gesluit is.</p> <p>Waarde vir geld:</p> <p>a) Sekere fasiliteite het dubbele gebruik bekendgestel waardeur kleiner groepe die opsie het om die raadsale vir 12 of minder persone te reserveer.</p> <p>b) 'n Breër spektrum van kliënte oor die hele Wes-Kaap is die geleentheid gebied om die fasiliteite te gebruik.</p> <p>c) Die koste van reservering is per gebruiksarea. Koste word volgens die tariewe register bepaal.</p> <p>Addisionele prestasies:</p> <p>Daaglikse gebruikskoste van 08:00 – 16:00 is R2 500 inklusief van die gebruik van die kombuis en saal.</p> <p>Opgradering by Okkie Jooste, Schoemanspoort en Bien Donne Manor Huis het groot klem op kostebesparingmaatreëls geplaas en het daarom sonverwarmingspanele laat installeer. Die kombuise, ablusiegeriewe en sekuriteit is ook opgradeer. Die aanstelling van Gewapende Reaksie dienste instede van sigbare sekuriteit (sekuriteitswagte en sekuriteitshonde) verlaag die koste vir sekuriteit en verminder die druk op die beperkte</p>

Huidige/werklike reëlings	Gewenste reëlings	Werklike prestasie
		begroting van die Kommissie.
<p>Museums se opvoedkundige programme</p> <p>Oorlegpleging:</p> <p>a) Terugvoer van geaffilieerde museums is by vergaderings verskaf en dit het inligting verskaf vir toekomstige opleiding, soos versoek.</p> <p>b) Monitering en Evaluasie verslae word jaarliks gebruik om toekomstige aktiwiteite te beplan.</p> <p>Toegang:</p> <p>a) Die span ondersteun museums op 'n versoek basis.</p> <p>b) Die span reis na museums waar dienste gelewer word.</p> <p>c) Alle geaffilieerde museums het 'n lys van kontakbesonderhede van die bewaarders en opvoedingsbeamptes en kan direk kontak maak om rompslomp te vermy.</p> <p>d) 'n Reisuittalling van Museumdienste oor Nasionale Simbole is regdeur die provinsie gesirkuleer om dienste buite die geaffilieerde museums te bevorder.</p> <p>e) Twee nuwe opleidingspakkette is in drie tale vir die jaar beskikbaar gestel. Dit was die Imam Haron en die Nasionale Ordes Museum Opvoedingprogram.</p> <p>f) Lokale vir opleiding word gekies met inagneming van spesiale behoeftes.</p>	<p>Oorlegpleging:</p> <p>a) Die diens word deur versoeke gedryf, maar terugvoer van geaffilieerde museums word by jaarlikse vergaderings bespreek en gebruik vir toekomstige opleiding.</p> <p>b) Monitering en Evaluasie verslae sal gebruik word om jaarliks nuwe aktiwiteite te beplan.</p> <p>Toegang:</p> <p>a) Die span ondersteun enige museum op 'n versoek basis.</p> <p>b) Die span reis na die museum waar die diens gelewer word.</p> <p>c) Alle geaffilieerde museums het 'n lys van kontakbesonderhede van die bewaarders en opvoedingsbeamptes en kan direk kontak maak om rompslomp te vermy.</p> <p>d) 'n Reisuittalling van Museumdienste oor Nasionale Simbole is regdeur die provinsie gesirkuleer om dienste buite die geaffilieerde museums te bevorder.</p> <p>e) Ten minste 2 nuwe opleidingspakkette is in 3 tale vir die jaar beskikbaar.</p> <p>f) Lokale vir opleiding word gekies met inagneming van spesiale behoeftes.</p>	<p>Oorlegpleging:</p> <p>a) Terugvoer van geaffilieerde museums is tydens jaarlikse vergaderings verskaf en is vir toekomstige opleiding gebruik soos versoek.</p> <p>b) Monitering en Evaluasie verslae word jaarliks gebruik om toekomstige aktiwiteite te beplan.</p> <p>Toegang:</p> <p>a) Die span het enige museum op 'n versoek basis ondersteun.</p> <p>b) Die span het na die museums gereis soos versoek of via virtuele vergaderings.</p> <p>c) Alle geaffilieerde museums het 'n lys van kontakbesonderhede van die bewaarders en opvoedingsbeamptes en kan direk kontak maak om rompslomp te vermy.</p> <p>d) 'n Reisuittalling van Museumdienste oor Nasionale Simbole is regdeur die provinsie gesirkuleer om dienste buite die geaffilieerde museums te bevorder.</p> <p>e) Twee nuwe opleidingspakkette is in drie tale vir die jaar beskikbaar gestel. Dit was die Imam Haron en die Nasionale Ordes Museum Opvoedingprogram.</p> <p>f) Lokale vir opleiding word gekies met inagneming van spesiale behoeftes.</p>

Huidige/werklike reëlings	Gewenste reëlings	Werklike prestasie
<p>Hoflikheid:</p> <p>a) Opleidingsbeamptes tree hoflik op teenoor almal met wie hulle interaksie het met betrekking tot die program.</p> <p>b) Die gedragkode vir die staatsdiens word nagevolg.</p> <p>c) Daar word verslag gedoen oor hoflikheid en dit word gemeet deur middel van evaluasie en terugvoer van deelnemers en belanghebbers (bv. onderwysers) by museumgebaseerde onderwysprogramme.</p> <p>d) Monitering- en evalueringsverslae word gebruik om probleme met museumbestuurders op 'n kwartaallikse basis te identifiseer en te hanteer.</p> <p>Openheid en deursigtigheid:</p> <p>a) Die Museumdiens het oor sy aktiwiteite gerapporteer aan geaffilieerde museums wat by die jaarlikse simposium teenwoordig was.</p> <p>b) Die Departement se jaarverslag is op die webwerf beskikbaar.</p> <p>c) Gereelde verslagdoening aan die Parlement vind deur middel van die Staande Komitee plaas.</p> <p>Waarde vir geld:</p> <p>a) Museums het hierdie ondersteuning ontvang sonder dat hulle arbeidskoste, opleidingskoste en die produksiekoste van materiaal hoef te betaal, buiten waar die materiaal vir hulle eie uitstallings is. Dit is dus 'n kostebesparing ten bate van museums.</p>	<p>Hoflikheid:</p> <p>a) Opleidingsbeamptes tree hoflik op teenoor almal met wie hulle interaksie het met betrekking tot die program.</p> <p>b) Die gedragkode vir die staatsdiens word nagevolg.</p> <p>c) Daar word verslag gedoen oor hoflikheid en dit word gemeet deur middel van evaluasie en terugvoer van deelnemers en belanghebbers (bv. onderwysers) by museumgebaseerde onderwysprogramme.</p> <p>d) Monitering- en evalueringsverslae sal word gebruik om probleme met museumbestuurders op 'n kwartaallikse basis te identifiseer en te hanteer.</p> <p>Openheid en deursigtigheid:</p> <p>a) Museumdiensverslae oor sy aktiwiteite aan geaffilieerde museums by die jaarlikse simposium.</p> <p>b) Die Departement se jaarverslag is op die webwerf beskikbaar.</p> <p>c) Gereelde verslagdoening aan die Parlement vind deur middel van die Staande Komitee plaas.</p> <p>Waarde vir geld:</p> <p>a) Museums het hierdie ondersteuning ontvang sonder dat hulle arbeidskoste, opleidingskoste en die produksiekoste van materiaal hoef te betaal, buiten waar die materiaal vir hulle eie uitstallings is. Dit is dus 'n kostebesparing ten bate van museums.</p>	<p>Hoflikheid:</p> <p>a) Opleidingsbeamptes tree hoflik op teenoor almal met wie hulle interaksie het met betrekking tot die program.</p> <p>b) Die gedragkode vir die staatsdiens is nagevolg.</p> <p>c) Daar is verslag gedoen oor hoflikheid en dit word gemeet deur middel van evaluasie en terugvoer van deelnemers en belanghebbers (bv. onderwysers) by museumgebaseerde onderwysprogramme.</p> <p>d) Monitering- en evalueringsverslae is gebruik om probleme met museumbestuurders op 'n kwartaallikse basis te identifiseer en te hanteer.</p> <p>Openheid en deursigtigheid::</p> <p>a) Museumdiens het oor sy aktiwiteite aan geaffilieerde museums by die jaarlikse simposium verslag gedoen.</p> <p>b) Die Departement se jaarverslag is op die webwerf beskikbaar.</p> <p>c) Gereelde verslagdoening aan die Parlement het deur middel van die Staande Komitee plaasgevind.</p> <p>Waarde vir geld:</p> <p>a) Museums het hierdie ondersteuning ontvang sonder dat hulle arbeidskoste, opleidingskoste en die produksiekoste van materiaal hoef te betaal, buiten waar die materiaal vir hulle eie uitstallings is. Dit is dus 'n kostebesparing ten bate van museums.</p>

Huidige/werklike reëlings	Gewenste reëlings	Werklike prestasie
b) Die opleidings- en drukkoste vir die Museumdiens is so ekonomies as moontlik, aangesien dit in groepe gedoen word en nie vir individue by museums nie, en die goedkoopste kwotasie aanvaar word wanneer verskaffers verkry word.	b) Die opleidings- en drukkoste vir die Museumdiens is so ekonomies as moontlik, aangesien dit in groepe gedoen word en nie vir individue by museums nie, en die goedkoopste kwotasie aanvaar word wanneer verskaffers verkry word.	b) Die opleidings- en drukkoste vir die Museumdiens is so ekonomies as moontlik, aangesien dit in groepe gedoen word en nie vir individue by museums nie, en die goedkoopste kwotasie aanvaar word wanneer verskaffers verkry word.

Dienslewering sinligtingsinstrument

Huidige/werklike inligtingsinstrumente	Gewenste inligtingsinstrumente	Werklike prestasie
Toegang tot kultuurfasiliteite		
a) Brosjures van kultuurfasiliteite is aanlyn beskikbaar en die beskikbare fasiliteite word duidelik aangedui.	a) Pamflette	a) Kliënte het nie alleen insae in brosjures om die kultuurfasiliteite te besigtig nie; daar is besoekstelsel beskikbaar vir kliënte tussen 08:00 en 16:00 indien kliënte die fasiliteite wil besigtig.
b) Kwartaallikse vergaderings is gehou soos beplan.	b) Jaarverslag	b) Jaarverslag beskikbaar
c) Een-tot-een-sessie is gehou wanneer fasiliteite deur potensiële kliënte besigtig is.	c) Departement se Dienshandves	c) Dienshandves is ontwikkel en na fasiliteite versprei.
d) Jaarverslag beskikbaar	d) Inligting kan direk van die beampte verkry word.	d) Alle inligting in verband met fasiliteite is op die webblad beskikbaar. Opgraderings is in die jaarverslag aangedui en met die subkomitees van die kommissie gedeel.
e) Dienshandves is ontwikkel en na fasiliteite versprei.	e) Aanlyn reserveringsstelsel het al die inligting oor die kultuurfasiliteit aanlyn beskikbaar.	e) Alle benodigde inligting is sigbaar op die stelsel, met hulpoortjies om kliënte met onsekerhede te help.
f) Alle inligting in verband met fasiliteite is op die webblad beskikbaar. Opgraderings is in die jaarverslag aangedui en met die subkomitees van die kommissie gedeel.	f) Virtuele bekyk van elke kultuurfasiliteit Die inligting (pamflette, posters/brosjures/ens) hierbo aangedui is ook via die web verkrygbaar.	f) Beeldmateriaal is op die webblad en kan saam met die tariewe en beskikbare geriewe besigtig word. Inligting kan ook via die tolvrye telefoon helplyn verkry word, en deur die generiese

Huidige/werklike inligtingsinstrumente	Gewenste inligtingsinstrumente	Werklike prestasie
Inligting kan ook via die tolvrye telefoon helplyn verkry word, en die generiese eposadres wat op die webblad verskaf word, ens.		eposadres wat op die webblad verskaf word, ens.
Museums se opvoedkundige programme a) Inligting oor die dienste wat aangebied word, soos aangedui op die Departement se webwerf, is hersien. 'n Reisuistalling oor die nasionale simbole van die Museumdiens het deur die provinsie gesirkuleer om dienste buite die geaffilieerde museums te bevorder.	a) Inligting oor die dienste wat aangebied word, soos aangedui op die Departement se webwerf, is hersien om meer besonderhede te verskaf. 'n Drie-stel Reisuistalling van die Museumdiens het deur die provinsie gesirkuleer om dienste buite die geaffilieerde museums te bevorder.	a) Inligting oor die dienste wat aangebied word, soos aangedui op die Departement se webwerf, is hersien. 'n Reisuistalling oor die nasionale simbole van die Museumdiens het deur die provinsie gesirkuleer om dienste buite die geaffilieerde museums te bevorder.

Klagtemeganisme

Huidige/werklike klagtemeganisme	Gewenste klagtemeganisme	Werklike prestasie
Toegang tot kultuurfasiliteite a) Gebruikspatrone en statistieke is hersien om impak, indien enige, van die elektroniese sisteem te bepaal. Voorstelle ontvang vanaf die terugvoervorms is in ag geneem toe die instandhoudingsplan opgestel is, asook tydens ons WKKK-subkomitee-vergaderings hanteer.	a) Gebruikspatrone en statistieke moet hersien word om impak, indien enige, van die elektroniese sisteem te bepaal. b) Word in die klagtesregister opgeneem Aanlyn reserveringstelsel het 'n generiese epos adres waar klagtes, voorstelle, ens gemonitor en aangespreek sal word.	a) Beamptes registreer en rapporteer die gebruikstatistiek van elke kultuurfasiliteit op 'n maandelikse basis. b) Alle bekommernisse/klagtes sal deur 'n standaard prosedure aangespreek word en rekord daarvan gehou word van ontvangs tot uitkoms. Die generiese epos laat die kliënt toe om direk met die beampte te kommunikeer met betrekking tot enige besprekingsnavraag.
Museums se opvoedkundige programme a) Geen formele klagtes is ontvang nie. Daar word egter erkenning gegee aan die korrespondensie, 'n ondersoek en 'n verslag oor die voorval word	a) Erkenning word gegee aan die korrespondensie, 'n ondersoek en 'n verslag word oor die voorval gegeneer en die klaer	a) Geen formele klagtes is ontvang nie. Daar word egter erkenning gegee aan die korrespondensie, 'n ondersoek en 'n verslag oor die voorval word

Huidige/werklike klagtemeganisme	Gewenste klagtemeganisme	Werklike prestasie
gegeneer en die klaer word van 'n formele antwoord voorsien. b) Voorstelle is oorweeg by span/bestuursvergaderings en die klaer is van 'n antwoord voorsien Omkeertyd vir erkenning van klagtes is 48 uur.	word van 'n formele antwoord voorsien. b) Voorstelle word oorweeg by span/bestuursvergaderings en die klaer van 'n antwoord voorsien. Omkeertyd vir erkenning van klagtes is 48 uur.	gegeneer en die klaer word van 'n formele antwoord voorsien. b) Voorstelle is oorweeg by span/bestuursvergaderings en die klaer is van 'n antwoord voorsien. Omkeertyd vir erkenning van klagtes is 48 uur.

2.3. Organisasoriese omgewing

Bedanking en/of aanstelling van sleutelpersoneel

Direkteur: Museum, Erfenis en Geografiese Name bedank op 30 November 2020.

Adjunk-Direkteur: Sentrale Organisasie (Biblioteekdienste) afgetree op 31 Januarie 2021.

Herstruktureringpogings

Geen

Stelselonderbrekings

Daar was geen beduidende stelselonderbrekings wat die Departement se vermoë beïnvloed het om dienste te lewer nie.

Bedrog- en korrupsiesake

Die Provinsiale Forensiese Dienste (PFD) het 'n saakbewegingsertifikaat uitgereik wat die volgende beweging van sake vir die Departement (betreffende bedrog en korrupsie) gedurende hierdie boekjaar weergee:

Onafgehandelde sake soos op 1 April 2020	0
Nuwe sake gerapporteer gedurende 2020/21	0
Afgehandelde sake (2021/21)	0
Onafgehandelde sake soos op 31 Maart 2021	0

Stakings

Daar was geen staking deur departementele amptenare gedurende 2020/21 nie.

2.4. Kern beleidsontwikkelings en veranderinge aan wetgewing

Ten einde die dringende bedryfsuitdagings en konstitusionele belynings die hoof te bied, het die Departement 'n Museums Ordonnansie Wysigingswetsontwerp geformuleer. Die Provinsiale Kabinet het in die Provinsiale Parlement op 28 Julie 2020 goedkeuring verleen vir die instelling van die Wes-Kaapse Museums Ordonnansie Wysigingswetsontwerp, 2020, onder Kabinet Notule No. 476. Op 30 Oktober 2020 het die Speaker die instelling van die Wes-Kaapse Museums Ordonnansie Wysigingswetsontwerp, 2020, in ooreenstemming met Staande Reël 170(1)(b) aangekondig. Op 31 Maart 2021 is die Wes-Kaapse Museums Ordonnansie Wysigingswet No. 2 van 2021 amptelik as wet onderteken in Provinsiale Gazette No. 8408 om effektief te word op 1 April 2021.

Die Gebruiklike Praktyk van Inisiasie Wetsontwerp (B7-2018) is op 16 Maart deur die parlement aanvaar en na die President vir goedkeuring gestuur. Die Wetsontwerp het ten doel die voorsiening van effektiewe regulasies vir gebruiklike inisiasie praktyke asook:

- Om voorsiening te maak vir 'n Nasionale Inisiasie Oorsigkomitee
- Die vestiging van Provinsiale Inisiasie Koördinasiekomitees en hul funksies
- Om voorsiening te maak vir die verantwoordelikhede, rolle en take van die onderskeie rolspelers betrokke by inisiasiepraktyke
- Om voorsiening te maak vir effektiewe regulasies vir inisiasieskole
- Om voorsiening te maak vir regulatoriese magte vir die Minister en Premiers
- Om voorsiening te maak vir die monitering van die implementering van die wet en vir provinsiale eienaardighede

Die Nasionale Kabinet het die publikasie van die Suid-Afrikaanse Wetsontwerp op Openbare Biblioteek- en Inligtingsdienste van 2019 vir openbare kommentaar goedgekeur. Die wetsontwerp beoog om transformasieprobleme aan te pak in die voorsiening van openbare biblioteke aan gemeenskappe, veral aan voorheen benadeelde gemeenskappe. Dit bevorder ook samewerkende bestuur en koördinerende oor die drie regeringsfere rakende openbare biblioteek- en inligtingsdienste. Die Nasionale Departement van Sport, Kuns en Kultuur het die kostes van implementering van die Wetsontwerp aan die Nasionale Tesourie (gesamentlike vergadering van Nasionale en Provinsiale Tesouries) op 17 Januarie 2020 voorgelê. Nasionale Tesourie het aangedui dat as gevolg van die huidige finansiële beperkinge aanbeveel word dat die Wetsontwerp uitgestel word. DSKK het daarna die besluit geneem dat die implementering met ten minste drie jaar uitgestel word.

Die Departement het ook die Beroepsgesondheid en Veiligheid Covid-19 Beleid goedgekeur en implementeer. Volgens hierdie beleid het die Departement 'n Covid-19 Nakomingsbeampte en die Departementele Covid-19 Beroeps- en Gesondheidsstuurkomitee aangestel. Die Komitee het verseker dat alle Covid-19 aangeleenthede bespreek en afgehandel word, insluitend die verkryging en voorsiening van Persoonlike Beskermende Klere (PBK) vir alle personeel.

3. Prestasies van Institusionele Strategiese Impak en Uitkomst

Die Departement se strategiese uitkomsgeoriënteerde doelwitte soos volgens sy strategiese plan word hieronder getabuleer, en dui die vordering aan wat met die bereiking van die doelwitte gemaak is.

Doelwitverklaring	'n Maatskaplik inklusiewe, kreatiewe, aktiewe en gekonnekteerde Wes-Kaap
--------------------------	--

No.	Uitkoms	Uitkoms aanduiding	Basislyn	Vyftien teiken
1	Toegang en geleentheid vir deelname in die Kunste-, Kultuur- en Erfenissektore, ter ondersteuning van ekonomiese groei en veilige en samehörige gemeenskappe	Toename in dienste in die Kunste-, Kultuur- en Erfenissektore in die Wes-Kaap	400 250	551 075
2	Toegang tot inligting en kennis ter ondersteuning van 'n kultuur van lees en lewenslange leer	Aantal geregistreerde biblioteekgebruikers	731 456	735 000
		Aantal besoeke deur navorsers	8 700	8 700
3	Toegang en geleentheid vir deelname in sport en ontspanning	Toename in deelname en gebruik van dienste in die sport- en ontspanningssektor in die Wes-Kaap	444 210	500 000

Uitkoms 1	Toegang en geleentheid vir deelname in die Kunste-, Kultuur- en Erfenissektore, ter ondersteuning van ekonomiese groei en veilige en samehörige gemeenskappe.
Uitkoms aanduiding	Toename in dienste in die Kunste-, Kultuur- en Erfenissektore in die Wes-Kaap

Om tot hierdie uitkoms by te dra, het die Departement hulpbronne aan geaffilieerde museums, Erfenis Wes-kaap en die Geografiese Namekomitee beskikbaar gestel. Hierdie hulpbronne het befondsing deur oordragbetalings, personeel en administratiewe, tegniese en wetenskaplike kundigheid ingesluit. Die Departement het ook 'n leidende rol gespeel in die vestiging van die Wieg van Menslike Kultuur, 'n argeologiese en paleontologiese erfenistoerisme-roete in die Wes-Kaap. Daarbenewens vorder die departement goed met die voorbereiding van die benoemingsdossier vir die Wêrelderfenisgebied.

As gevolg van die Covid-19 verwante verbod op byeenkomste, het die kunsontwikkeling komponent sy programme vir die 1^{ste} en 2^{de} kwartale van die finansiële jaar opgeskort. Gedurende hierdie tydperk het die Departement die uitrol van die Covid-19 Kuns, Kultuur en Erfenis Maatskaplike Verligtingsfonds gefasiliteer met die doel om 'n mate van finansiële verligting aan die Wes-Kaapse Kreatiewe Industrie praktisyns en organisasies te verskaf.

In die tweede helfte van die jaar, met verminderde beperkings, was beperkte kunsontwikkeling projekbetrokkenheid weer moontlik. Projekte is aangebied met 'n hibriede

model waar elemente van projekte in persoon aangebied is, en vertonings, of opleiding op 'n virtuele platform aangebied is. Die Departement was daarom in staat om verskeie projekte regoor die Provinsie te implementeer; dit sluit in die literêre kunste – opkomende skrywersprojek, die drama-onwikkelingsprojek – manuskrip skryf werksinkels en uitvoerende optredes, die dansontwikkelingsprojek – liedjie skryf kompetisies,

Uitkoms 2	Toegang tot inligting en kennis wat 'n kultuur van lees en lewenslange leer ondersteun
Uitkoms aanduiders	Aantal geregistreerde biblioteekgebruikers Aantal besoeke deur navorsers

Gedurende die oorsigjaar het die Departement voortgegaan om munisipaliteite te ondersteun deur die verskaffing van openbare biblioteek- en inligtingsdienste aan 374 openbare biblioteek dienspunte wat:

- a) Gratis, billik en toeganklik is.
- b) Voorsien in die inligting-, lees- en leerbehoefte van mense; en
- c) 'n Kultuur van lees, biblioteekgebruik en lewenslange leer bevorder.

Met die transformasie van die biblioteekdiens en die opneem van tegnologiese vooruitgang, is daar tot op hede 228 biblioteekpersele van internet toegang voorsien wat gratis vir lede van die gemeenskap beskikbaar is. 27 Mini-biblioteke vir blindes en visueelgestremdes word regoor die provinsie voorsien.

Om nasiebou en sosiale insluiting te bevorder, het die Wes-Kaapse argief- en rekorddiens vanaf September 2020 toegang tot die argiewe verskaf met 'n verminderde aantal navorsers per keer tot die einde van die finansiële jaar. Altesaam 2 649 navorsers het die Argief vir navorsingsdoeleindes besoek. Versameling van mondelinge geskiedenis projekte is in die derde kwartaal voortgesit om die bewaring van mondelinge geskiedenis te verseker. Altesaam sewe opleidingsintervensies vir rekordbestuur is uitgevoer, en 22 oudits vir rekordbestuur is uitgevoer om gesonde rekordbestuurspraktyke in regeringsinstansies te versterk. Praktyke vir rekordbestuur is versterk deur saam te werk met regeringsinstansies om stelselmatige beskikkingsprogramme en toepaslike rekordklassifikasiesistelsels te implementeer.

Uitkoms 3	Toegang en geleentheid vir deelname in sport en ontspanning
Uitkoms aanduiders	Toename in deelname en gebruik van dienste in die sport- en ontspanningssektor in die Wes-Kaap

Die Departement het beduidende vordering gemaak om die doelwitte van die strategiese vyfjaarplan te realiseer binne die beperkings van inperkingsmaatreë. Programme is ontwerp om die doelstellings en doelwitte van die Nasionale Sport-en Ontspanningsplan te akkommodeer. Ontspanning- en sportprogramme en -projekte is in alle distrikte van die Wes-Kaap geïmplementeer. Konstruktiewe skakeling het tussen die ses Distrik Sportrade en die WKPS plaasgevind.

3.1. Besondere prestasies ten opsigte van die 2019-24 Medium-Termyn Strategiese Raamwerk en Provinsiale Strategiese Plan

Gedurende 2020/21, het die Departement as volg bygedra tot die Nasionale Uitkomst van die Mediumtermyn-Strategiese Raamwerk (MTR) 2019-2024:

Die Departement se bydrae tot die prestasies van die 7 Nasionale Prioriteite is die volgende:

MTR Prioriteit	Departementele bydrae
<p>Prioriteit 1: 'n bekwame, efiese en ontwikkelende staat</p>	<p>Sport en ontspanning in die provinsie word gedryf deur die Nasionale Sport-en Ontspanningsplan en dienste is in vennootskap met die burgerlike samelewing se sportfederasies en munisipaliteite gelewer.</p> <p>Die ontwikkeling van 'n Diensleweringverbeteringsplan (DVP) verseker dat die Departement op 'n program van verbetering van geïdentifiseerde dienste fokus.</p>
<p>Prioriteit 2: Ekonomiese transformasie en werkskepping</p>	<p>Die aanbied van groot aktiwiteite bevorder sporttoerisme. Die Departement werk met sportfederasies in die Provinsie wat befonsing vir groot aktiwiteite kan bekom.</p> <p>Die Departement van Kultuursake en Sport is verantwoordelik vir die provinsiale jeugdiensprogram. Dit word gemodelleer op die YearBeyond Program. Die YearBeyond Program bied ons jeug elke jaar meer as 400 vrywilligersgeleenthede om saam met ekstensiewe leierskapopleiding werkervaring op te doen. Tot nou het 82% van die groep vrywilligers oorgegaan na werksgeleenthede of studies, en amper helfte werk steeds op vrywillige basis in hulle gemeenskappe.</p> <p>Die Ontspanningsprogram, MGO Programme en SkoolSportprogramme bied werksgeleenthede aan talle mense van ontvanger gemeenskappe.</p> <p>UOWP werksgeleenthede word in die ontspanning, sport, kuns, kultuur en maatskaplike sektore gebied. Die Departement fasiliteer werksgeleenthede en verskeie kapasiteitsbou geleenthede met programme wat op die jeug gerig is om vaardighede te ontwikkel om toegang tot die arbeidsmark te verkry.</p> <p>Covid-19 het tot gevolg gehad dat kultuurtoerime gekanselleer is as gevolg van die kansellering van kultuuraktiwiteite, alhoewel organisasies gereprioritiseer het en programme virtueel aangebied het waar moontlik.</p> <p>Die Departement befonds die personeel van openbare biblioteke. Werksgeleenthede word geskep deur die bou en opgradering van openbare biblioteke.</p>
<p>Prioriteit 3: Onderwys, vaardighede en gesondheid</p>	<p>'n Groot deel van die Departement se begroting word spandeer aan die voorsiening van biblioteekdienste en die aankoop van biblioteekmateriaal ter ondersteuning van geleterdheid uitkomst. Die Departement verskaf ook boeke aan hierdie skole deur YearBeyond.</p> <p>Die opvoedkundige gaping tussen toegeruste en nie-toegeruste leerders kan toegeskryf word aan hulle onderskeidelike toegang tot boeke by die huis, familievakansies, die internet, buitemuurse aktiwiteite, blootstelling en ondersteuning. Die Departement van Kultuursake en Sport help om hierdie gaping te verklein deur naskoolse programme aan skoolgaande leerders aan te bied deur die MGO-sentrums in 181 skole, die 134 Buurskoolsentra en meer as 140 YearBeyond-terreine.</p>

MTSR Prioriteit	Departementele bydrae
	<p>Leerder deelname aan hierdie programme help met positiewe skoolbywoning, leerder dissipline, spanwerk, sowel as om leerders geïnteresseerd te hou om skool by te woon.</p> <p>Die MGO-sentrums bied leerders blootstelling aan ontspanning en sport deur 'n gestruktureerde curriculum en lesplanne wat ook op lewensvaardighede ontwikkeling fokus.</p> <p>Die Buurskoolsentra help om talent te identifiseer en te koester in geteikende kodes. Die Skoolsportprogram fokus op naskoolse aktiwiteite vir skoolgaande kinders. Die Ontspanningsprogram fokus op Sentra om ontspannings- en sportaktiwiteite van ECD tot senior burger vlak te bevorder. YearBeyond fokus op die aanspreek van geheelkindontwikkeling, insluitend 'n fokus op opvoedkundige gapings in geletterdheid en gesyferdheid, en bou 'n liefde vir lees en 'n liefde vir die buitelug.</p> <p>Die Departement bevorder aktiewe ontspanning- en sportaktiwiteite vir die Provinsie. Ontspanning en sport bevorder 'n etos van lewenslange aktiwiteit. Die Departement se kultuurfasiliteite is omskep in isolasie- en kwarantynterreine vir die bestuur van Covid-19 gevalle.</p> <p>Die Departement het kapasiteitsbou opleiding vir kunstenaars in uitvoerende kunste aangebied.</p>
<p>Prioriteit 4: Konsolidasie van die maatskaplike loon deur betroubare- en kwaliteitsdienste</p>	<p>Deur sy maatskaplik-inklusiewe programme verbreed die Departement sy maatskaplik-beskermende beleide deur die versagting van maatskaplike kwesbaarhede van vroue, kinders, die meisiekind, die gestremde, en die bejaardes, deur kuns en kultuur en ontspanning- en sportprogramme.</p>
<p>Prioriteit 5: Ruimtelike integrasie, menslike nedersettings en plaaslike regering</p>	<p>Infrastruktuur vir inligtings- en kommunikasietegnologie (IKT) word voorsien aan openbare biblioteke deur die Konnektiwiteitsprojek vir Landelike Biblioteke. Die projek word versterk deur die aanwending van breëband en Wi-Fi toegang. Kleiner biblioteke word tot stand gebring in landelike gebiede met klein bevolkings om toegang tot biblioteke te verskaf.</p> <p>Klubs in landelike gebiede word deur Klubontwikkelingsprogramme ondersteun. Ontspanningsentra, MGO-sentrums en Buurskoolsentrums bied sport- en ontspanningsdienste aan landelike gemeenskappe. Landelike MGO-sentrums word ook in 'n voedingsprogram ingesluit.</p> <p>Deur die kuns en kultuurprogramme en deur befondsingondersteuning verseker die Departement die bewaring van kultuur en die bevordering van kuns in die landelike distrikte.</p> <p>Erfenis Hulpbronbestuur is 'n integrale deel van beplanning en die bestuur van infrastruktuur ontwikkeling. As sulks beoog die Departement, in vennootskap met munisipaliteite, om te verseker dat erfenis in dorp- en streeksbeplanning geïntegreer word, en ontwikkeling in die vroegste stadia van beplanning. Dit word grotendeels gedoen deur die ondersteuning van die provinsiale erfenis hulpbrongesag verantwoordelik vir die bestuur van erfenishulpbronne.</p> <p>Die voorsiening van Sportfasiliteite word met alle munisipaliteite en sportfederasies fasiliteer om sport in alle gemeenskappe in die Provinsie te ontwikkel en te stroomlyn.</p>

MTSR Prioriteit	Departementele bydrae
	<p>Kultuurfasiliteite bied gemeenskappe en organisasies fisiese ruimtes vir aktiwiteite in lyn met die mandaat van die Departement. In die oorsigjaar is die kultuurfasiliteite as Covid-19 isolasieterreine gebruik.</p> <p>Erfenis Wes-Kaap skep boonop meganismes vir die integrasie van omgewings- en erfenisaangeleenthede in die ruimtelike- en ontwikkelingproses.</p> <p>Kultuur is 'n hulpmiddel vir die oordrag van kennis en maatskaplike waardes. Kuns- en kultuurbevordering en bewaring verseker kulturele volhoubaarheid van gemeenskappe se sosiale weefsel wat bydra tot volhoubare menslike nedersettings.</p> <p>Die Rekordbestuurprogram ondersteun regeringsliggame, insluitend munisipaliteite, om rekords te bestuur om aanspreeklikheid en goeie regering te bestuur.</p> <p>Die Departement het ook verbintenis tot OOP belyning demonstreer deur OOP interaksies met plaaslike regering wat in 2020 virtueel gehou is as gevolg van Covid-19.</p> <p>Die Departement se geaffilieerde museums bied opvoedingsprogramme aan wat volhoubare gebruik van omgewingshulpbronne bevorder.</p> <p>Die Departement bevorder konstitusionele waardes en nasionale simbole deur uitstallings, openbare programme, gemeenskapsgesprekke, opvoedkundige programme, bestuur van erfenishulpbronne, jeugontwikkeling, sport en ontspanning, en naskoolse programme.</p>
<p>Prioriteit 6: Sosiale samehorigheid en veilige gemeenskappe</p>	<p>Erfenis Wes-Kaap, 'n provinsiale Openbare Entiteit opgerig in terme van die Nasionale Erfenis Hulpbron Wet, is verantwoordelik vir die identifiseer, beskerming, bewaring, bevordering en bestuur van erfenis hulpbronne van waarde wat ons gedeelde waardes en identiteit weerspieël.</p> <p>Die Wes-Kaapse Geografiese Namekomitee moedig sosiale insluiting aan deur bewusmaking en steun vir die (her)benaming proses. Die proses word ondersteun deur heftige publieke deelname prosesse.</p> <p>Die Wes-Kaapse Kultuurkommissie se doel is om kultuur te bevorder, bewaar en ontwikkel. Die programme wat die WKKK ondersteun is gerig op die bevordering en bewaring van kultuurpraktyke en streef daarna om waardering van en respek vir die diverse kulture binne die Wes-Kaap te skep.</p> <p>Deur die voorsiening van redigering, vertaling en tolkdienste, dra die Departement by tot sosiale insluiting/samehorigheid deur die verbetering van kommunikasie in die drie amptelike tale van die Wes-Kaap, sowel as Suid-Afrikaanse Gebaretaal.</p> <p>Die Departement bevorder saam met die Wes-Kaapse Taalkomitee veeltaligheid, gemarginaliseerde inheemse tale en Suid-Afrikaanse Gebaretaal deur sy programme om bewustheid en gebruik van hierdie tale te bevorder onder die inwoners van die Wes-Kaap.</p> <p>Deur kuns en kultuur ontwikkeling- en bevorderingsprogramme verskaf die Departement geleenthede vir jeug, vroue, kinders en mense met beperkinge van diverse gemeenskappe om deur interaksie artistieke- en lewensvaardighede te bekom.</p>

MTSR Prioriteit	Departementele bydrae
	<p>Hierdie geleentheid vir die kwesbare en gemarginaliseerde bied platforms vir sosiale interaksie en dialoog, terwyl dit sosiale insluiting/samehorigheid onder gemeenskappe versterk.</p> <p>Museums vier verskeie nasionale herdenkingsdae met uitreik- en openbare programme wat sosiale insluiting/samehorigheid bevorder. Uitstallings reflekteer steeds meer voorheen afgeskepte aspekte van plaaslike en kollektiewe Suid-Afrikaanse geskiedenis, wat bydra tot verdere sosiale insluiting/samehorigheid.</p> <p>Biblioteke dien as gemeenskapspilpunte wat sosiale insluiting bevorder en ondersteun.</p> <p>Ontspanning, MGO-programme, en Skoolsportaktiwiteite wat in verskeie munisipaliteite plaasvind, ondersteun positiewe sosiale, ontspanning- en sportinteraksie binne gemeenskappe.</p> <p>Sport het in vennootskap met die burgerlike samelewing voortgegaan om die ontwikkeling van sportfederasies, atlete, administrateurs en tegniese beamptes te ondersteun.</p> <p>Massadeelname in sport en ontspanning, en kuns en kultuur, dra by tot die bou van 'n gemene nasionale identiteit in 'n diverse, sosiaal samehorige gemeenskap, en die Departement ondersteun dit deur sy inisiatiewe.</p> <p>Die Witskrif vir Sport en Ontspanning (2012) onderstreep die belangrikheid van sport in sy pogings om misdaad te bekamp. Die Sportontwikkelingsprogram sluit 'n gestruktureerde curriculum en lesplanne in wat ook op lewensvaardighede fokus. Sport sal deel vorm van die proses waar ons gaan bydra tot die Veiligheidsplan van die Wes-Kaap Regering deur die voorsiening van sportverwante aktiwiteite in die onderskeie gemeenskappe, soos voorgeskryf deur die kabinet.</p> <p>Die MGO-programme sluit 'n gestruktureerde kurrikulum en lesplanne in wat ook op lewensvaardighede-ontwikkeling fokus. Skoolgaande leerders neem deel aan naskoolse aktiwiteite by skoolgebaseerde MGO-sentrums en Buurskoolsentrums, waardeur 'n veilige ruimte en omgewing vir deelneem aan pretgevolde aktiwiteite, speel, ontspanning, sport, kuns, kultuur, sowel as akademiese aktiwiteite geskep word.</p>
<p>Prioriteit 7: 'n Beter Afrika en Wêreld</p>	<p>Ter ondersteuning van regionale en kontinentale integrasie, bevorder die Departement se Afrika Maand program Afrika trots om Sosiale insluiting te steun en xenophobia te elimineer. Daar is ook ondersteuning vir die Nasionale Federasies om kontinentale deelname te verbeter.</p> <p>Die Museumdiens het Afrikadag op 29 Mei 2020 met 'n aanlyn opvoedkundige aktiwiteit gevier. Die program het deelname deur jeugdiges van oor die hele Wes-Kaap ingesluit. Jeugdige het aktief aan die programme deelgeneem deur bydraes met liedere, debatte, klanklose video's en gedigte wat vra vir sosiale samehorigheid en 'n einde aan geweld en konflik.</p>

Gedurende 2020/21 het die Departement tot die Provinsiale Visie-Geïnspireerde Prioriteite (VGP's) en strategiese temas bygedra.

Strategiese Prioriteit Area	Departementele Bydrae vir 2020-2021
Groei en werksgeleenthede	<ul style="list-style-type: none"> • Befondsing van openbare biblioteke personeel en skep van werksgeleenthede deur opgradering en bou van nuwe biblioteke. • Youth Beyond skep eerste werksgeleenthede vir werklose jeug. • Werksgeleenthede deur UOWP. Werksgeleenthede in die kreatiewe industrieë: teaterproduksies. Toneelfeeste, bemanning van gebeurtenisse, handwerkontwikkeling en kleinhandel. Virtuele programme is implementeer waar moontlik as gevolg van die pandemie. • Kuns en Kultuur Befondsingprogramme bied ondersteuning aan gevestigde en intermediêre Kunsorganisasies wat werk skep en opleiding vir kunspraktisyns. Sport, Erfenis- en argeologiese- en kultuurtoerisme. • Sportbefondsing bied steun aan gevestigde Distriksport federasies, die Wes-Kaapse federasies, die Distrik Sportrade, die Wes-Kaapse Provinsiale Sportfederasie en relevante belanghebbers vir die ontwikkeling en bevordering van sport in die provinsie. • Ontspanning, sport, kuns en kultuur werksgeleenthede • Naskoolse programme – sluiting van die geleentheidsgaping • Die ontwikkeling van die ontspanning en sportindustrie, wat van nature arbeidsintensief is, deur sportontwikkelingsprogramme (Ontspanning, MGO-programme, Skoolsport) wat aanleiding gee tot werksgeleenthede en sakegeleenthede binne gemeenskappe. • Woonbuurt Ontwikkelingsprogramme
Bemagtiging van mense	<ul style="list-style-type: none"> • Biblioteke – voortdurende bevordering van 'n kultuur van lees en lewenslange leer • Die Landelike Biblioteek Konnektiwiteitsprojek bied gratis internet toegang om aanlyn werksaansoeke moontlik te maak, aanlyn leer, e-leer portale, ens. • Vennootskappe met die Departement van Onderwys , Nal'ibali en ICAN-sentrums om geletterdheid en lees te bevorder. • YearBeyond graad 3 en 4 geletterdheid en gesyferdheid inhaalprogramme • Betrek van risiko-jeug in NSP • Jeugdiens, YearBeyond, skep eerste werksgeleenthede vir werkloses tussen 18 – 25 jaar. • Toegang tot argief inligting vir navorsers en studente • Leeskamer in Argief vir openbare toegang tot kennis en vaardighede • Opleiding verskaf vir UOWP begunstigdes • Voorsiening van ruimte vir indiensopleiding • Voorsiening van spasie vir PAY-interns • Aanbied van aanlyn Rekordbestuur, Elektroniese Rekordbestuur en Registrasieklerk kursusse om mense te bemagtig • Voorsiening van opleidingsgeleenthede aan ander belanghebbendes • Inisiasieprogram opleiding • Taal en kulturele insluiting, bv bevordering van die gebruik van inheemse tale met voorheen gemarginaliseerde status. • Voorsiening van taal ondersteuningsdienste en die bevordering van die drie amptelike tale van die Wes-Kaap, insluitend Suid-Afrikaanse Gebaretaal. • Ontspanningsprogramme (ECD, spilpunt aktiwiteite) • Sportaktiwiteite en projekte bied geleenthede vir groei en werksgeleenthede. • MGO en Buurskoolprogramme • Uitvoerende Kunsontwikkeling - kapasiteitsbou

Strategiese Prioriteit Area	Departementele Bydrae vir 2020-2021
	<ul style="list-style-type: none"> • Skoolsportprogramme (Kode-ontwikkeling, Atleetontwikkeling, Afrigterontwikkeling) • Die Woonbuurt Ontwikkelingsprogram • Die voorsiening van kuns- en kultuuraktiwiteite lê die grondslag vir kunstenaars en kulturele uitdrukking, bevordering van empatie met as grondslag verdraagsaamheid, aanvaarding en sosiale insluiting. • Die ondersteun van kuns- en kultuuraktiwiteite bevorder die ontwikkeling van regionale kultuuridentiteite en die behoud van tradisionele kunsvorme. • Blootstelling aan kunsvaardigheidontwikkeling bied die geleentheid tot ontwikkeling van lewensvaardighede vir jeugdige en dra by tot geleenthede in die kreatiewe industrieë. • Voorsiening van opleidingsgeleenthede aan opkomende kunstenaars. • ASP teiken risiko-jeug • Jeugdiensprogramme
Mobiliteit en ruimtelike transformasie	<ul style="list-style-type: none"> • Die Departement is in elke dorp in die Provinsie teenwoordig, byvoorbeeld in die vorm van biblioteke, museums, of sportkantore. • Sosiale infrastruktuur, bv biblioteke sportfasiliteite, museums, sportkantore, ens. • Ruimtelike transformasie van die erfenislandskap deur ondersteuning van die werk van die Erfenis Wes-Kaap entiteit. • Kultuurfasiliteite verskaf aan gemeenskappe en burgerlike organisasies 'n veilige ruimte vir aktiwiteite wat sosiale transformasie ondersteun, maar hierdie fasiliteite is as Covid-19 isolasieterreine gebruik in 2020/21. • Sportontwikkeling sentra (Ontspanning, MGO en Woonbuurt Skoolsentra) in elke distriksmunisipaliteit en meeste dorpe in die Provinsie. • Distriksportakademies is in al ses van die distrikte binne die Wes-Kaap beskikbaar, ondersteun deur die onderskeie munisipaliteite. • Fasiliteite beskikbaarheid word fasiliteer in vennootskap met alle munisipaliteite in die Provinsie tot voordeel van gemeenskappe. Dit vorm deel van dienslewering vir sport en ontspanning.
Veilige en Samehorige Gemeenskappe	<ul style="list-style-type: none"> • Openbare biblioteke bied 'n veilige ruimte vir kinders na skool en vir gemeenskapslede. • Voorsiening van ontspanning, sport, kuns- en kultuurgeleenthede vir gemeenskappe as deel van die skep van alternatiewe platforms om samehorigheid te bou. • Versekering van 'n inklusiewe argiefdiens met inligting wat oop en toeganklik is vir alle kliënte. • Mense kan leer oor wie hulle is, hul genealogiese inligting, historiese gebeure, boedeldokumente (testamente, doodsberigte) huwelike, geboorte- en doodsregisters en het dus 'n beter begrip van waar hulle behoort. • Veilige ruimte met gratis en uitgebreide dienste word verskaf. • Kunsontwikkelingsprogramme verskaf veiliger en konstruktiewe aktiwiteite vir jeugdige, alternatiewe tot destruktiewe gedrag, platforms verskaf veilige ruimtes vir gemeenskappe om in deel te neem. Kunsontwikkeling en -bevordering aktiwiteite is virtueel aangebied waar Covid-19 regulasies persoonlike interaksie verhoed het. • Voorsiening van toegang bied tot rekords van vorige ongeregthede en skending van menseregte om genesing , geregtigheid en rekonsiliasie te bevorder.

Strategiese Prioriteit Area	Departementele Bydrae vir 2020-2021
	<ul style="list-style-type: none"> • Verbintnisse deur sport en burgerlike gemeenskappe om sosiale samehorigheid en nasiebou te bevorder. • Vennootskappe met susterdepartemente sal gebou word om gemeenskappe te baat en veiliger ruimtes vir sport en ontspanning en gemeenskapsontwikkeling te skep. • Bou sosiale samehorigheid deur sport en ontspanning. • Teiken risiko-jeug om risikoneem te verminder. • Die gebruik van skole as veilige ruimtes vir skoolgebaseerde gemeenskappe na skoolure, (bv Ontspanningsentra, MGO-sentra en Buurtskoolsentra en gedeelde fasiliteite). • Betrokkenheid in die Woonbuurtontwikkelingprogram
Vernuwing en Kultuur	<ul style="list-style-type: none"> • Die gebruik van vrywilligers in biblioteke om geletterdheid te verhoog waar moontlik as gevolg van die pandemie. • Gebruikneem van meer elektroniese hulpbronne in biblioteke • Openbaar-private vennootskapmodelle van dienslewering in beide jeugdienste en sportontwikkeling • Ontwikkeling van jeugdiens norme en standaarde • Die bou van 'n kultuur van reaktiewe regering in al ons dienste • Bou van 'n kultuur van lees deur ons biblioteke, jeugdienste, argief en museums • Digitisasie van argiefrekords • Aanlyn uitstallings en uitreikprogramme • Versterking van Elektroniese Rekordbestuurprogramme wat verantwoordelik is vir die effektiewe en sistematiese kontrole van die skep, ontvangs, onderhoud, gebruik en toestand van elektroniese rekords, insluitend die proses van vasvang en behoud van bewyse van en inligting oor sake-aktiwiteite en transaksies. • Elektroniese Rekordbestuur • Aanlyn reserveringsstelsel vir kultuurfasiliteite • Aanlyn reservering om registrasieklerk-, rekordbestuur- en elektroniese rekordbestuurkursusse by te woon • Aanlyn registrasieklerkkursus • Implementering van AtoM • Provinsiale Mondelinge Geskiedenis databasis wat alle mondelinge geskiedenisprojekte wat in die Wes-Kaap gedoen is, sal opteken. Implementering van aanlyn inspeksie opnames vir die Wes-Kaapse Argief en Rekorddiens kliëntekantore. • Onderneming Inhoudsbestuur • Bevorder die funksionaliteite voorsien deur die Onderneming Inhoudsbestuur (OIB) program om besighede te help om beter beheer oor dokumente- en rekordbestuur te bereik. • Vennootskapmodel in YearBeyond • Die innoverende finansieringsmodel is ons sosiale franchise model wat 'n gedeelde koste model tussen WKR, donateurs en implementerende NROs verskaf. • Die Woonbuurt Ontwikkelingsprogram • Gedeelde-fasiliteit benadering om skoolgaande leerders en die skoolgebaseerde gemeenskap toegang te bied tot 'n kwaliteit ontspanning, sport, kuns- en kultuurfasiliteit. • Aanlyn sportbefondsing aansoekstelsel ontwikkel vir sportfederasies

4. Prestasie-inligting per program

4.1. Program 1: Administrasie

4.1 Doel

Om algemene finansiële en strategiese bestuur en administratiewe ondersteuning aan die Departement van Kultuursake en Sport te lewer.

Subprogramme

Subprogram 1.1: Kantoor van die LUR

Om administratiewe, kliënteskakelings- en ondersteuningsdienste aan die Minister van Kultuursake en Sport te lewer.

Subprogram 1.2: Finansiële bestuursdienste

Om 'n algemene ondersteuningsdiens vir finansiële bestuur aan DKES te lewer, insluitend finansiële bestuursdienste aan die drie openbare entiteite wat aan die Minister van Kultuursake en Sport rapporteer.

Subprogram 1.3: Bestuursdienste

Om 'n administratiewe ondersteuningsfunksie aan die Departementshoof te lewer deur 'n doeltreffende kommunikasiediens en strategiese en bedryfsondersteuningsdiens te verskaf, met inbegrip van 'n monitering- en evalueringdiens, die implementering van inisiatiewe vir diensleweringverbetering, doeltreffende kliënteverhoudings, of doeltreffende bestuur van intra-/interregeringsbetrekkings, en beperkte voorsiening vir instandhoudings- en akkommodasiebehoefte te maak.

Bydrae tot institusionele uitkomst

Program 1 ondersteun al drie die Departement se Uitkomst.

Strategiese doelwitte, prestasie-aanwysers, beplande teikens en werklike prestasies

Die Finansiële Bestuursplan dien as 'n instrument om eksterne en interne ouditbevindings te monitor. Die beheeromgewing het deur die implementering van die plan aansienlik verbeter. Dit het die intensiewe monitering en opvolg van die bevindings op 'n kwartaallikse basis behels. Alle aanbevelings is vir die verslagtydperk geïmplementeer.

Die verantwoordelikhede van Subprogram 1.3: Bestuursdienste sluit in die implementering van Batho Pele-inisiatiewe binne die Departement, monitering en evaluering van die Departement se prestasie, en beplanning vir die Departement se bestuursbehoefte rakende sy onroerende bates. Alle aanwysers is bereik, wat bestaan uit die ontwikkeling en goedkeuring van 'n terreinspesifieke handves en 'n jaarverslag aan landsburgers, sowel as kwartaallikse prestasiemoniteringsverslae, die voltooiing van 'n evaluering en 'n gebruikersbatesbestuursplan. Die strategiese doelwitte, prestasie-aanwysers, beplande teikens en werklike prestasies word aangebied in die tabelle wat volg.

Strategiese uitkomst, doelwitte, prestasie-aanwysers, teikens en tabel van werklike prestasies

PROGRAM 1: ADMINISTRASIE									
Uitkomst	Uitset	No.	Prestasie-aanwyser	Werklike prestasie 2018/2019	Werklike prestasie 2019/20	Bepaalde teiken 2020/2021	Werklike prestasie 2020/2021	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2020/2021	Kommentaar op afwykings
Sub-program 1.2: Finansiële Bestuursdienste									
Almal	Jaarlikse Finansiële Bestuursverbeteringsplan (FBP)	1.2.1	Getal planne implementeer om oudituitkomst te verbeter en die ouditbevindings deur die Ouditeur-Generaal en Interne Ouditeur te verminder om diensuitnemendheid te behaal	1	1	1	1	-	-
Almal	Interne Oudit aanbevelings implementeer	1.2.2	Persentasie van Interne Oudit aanbevelings implementeer	-	-	100%	97%	-3%	As gevolg van Covid-19 kon beplande terplaatse vergaderings/be soeke nie uitgevoer word nie
Subprogram 1.3: Bestuursdienste									

PROGRAM 1: ADMINISTRASIE

Uitkoms	Uitset	No.	Prestasie-aanwyser	Werklike prestasie 2018/2019	Werklike prestasie 2019/20	Beplande teiken 2020/2021	Werklike prestasie 2020/2021	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2020/2021	Kommentaar op afwykings
Almal	Jaarverslag na burgers; Jaarverslag oor Dienslewingsverbeteringsplan	1.3.1	Getal inisiatiewe vir dienslewingsverbetering in lyn met Batho Pele geïmplementeer	2	2	2	2	-	-
Almal	Evaluasie	1.3.2	Getal evaluerings gedoen (monitering- en evalueringsverwant)	1	1	1	1	-	-
Almal	Kwartaallike prestasiemoniteringsverslae saamgestel	1.3.3	Getal kwartaallike prestasiemoniteringsverslae saamgestel	4	4	4	4	-	-
All	GBBP	1.3.4	Getal GBBP'e ingedien	1	1	1	1	-	-
All	Departementele Sake-Kontinuiteitsplan	1.3.5	Departementele Sake-Kontinuiteitsplan jaarliks hersien en aangepas indien nodig	-	-	1	1	-	-

PROGRAM 1: ADMINISTRASIE									
Uitkoms	Uitset	No.	Prestasie-aanwyser	Werklike prestasie 2018/2019	Werklike prestasie 2019/20	Bepaalde teiken 2020/2021	Werklike prestasie 2020/2021	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2020/2021	Kommentaar op afwykings
All	PERSAL Verslag	1.3.6	Getal van Premier se Bevordering van Jeug (BVJ) interns	-	-	32	32	-	-
All	Kommunikasieplan	1.3.7	Goedgekeurde Departementele Kommunikasieplan	-	-	1	1	-	-

Strategie om areas van onderprestasie te bowe te kom

Een teiken is nie behaal nie as gevolg van Covid-19. 'n Hersiene datum is reeds bepaal om die teiken te behaal.

Prestasie in verhouding met Gestandaardiseerde Uitsette en Prestasie-aanduiders vir sektore met Gelyktydige Funksies

Daar was geen gestandaardiseerde uitsette en prestasie-aanduiders vir Program 1 nie.

Skakeling van prestasie met begrotings

Subprogrambesteding vir Program 1: Administrasie was soos volg:

Subprogram	2020/21			2019/20		
	Finale begroting R'000	Werklike besteding R'000	(Oor-)/Onderbesteding R'000	Finale begroting R'000	Werklike besteding R'000	(Oor-)/Onderbesteding R'000
Kantoor van die LUR	9 239	9 239	-	10 014	9 839	175
Finansiële bestuursdienste	32 560	31 737	823	30 246	29 780	466
Bestuursdienste	23 127	23 061	66	26 773	26 272	501
Totaal	64 926	64 037	889	67 033	65 891	1 142

Die besparing is hoofsaaklik weens die stadige vul van poste en Goedere en Dienste wat verband hou met verkryging van oopplan kantoormeubels wat nie teen 31 Maart 2021 gelewer kon word nie. 'n Versoek om oorplasing vir die toegewyde uitgawes vir kantoormeubels is aan die Provinsiale Tesourie gedoen.

4.2. Program 2: Kultuursake

Doel

Om kuns-, kultuur-, museum-, erfenis- en taalverwante dienste aan die inwoners van die Wes-Kaap te lewer.

Subprogramme

Subprogram 2.1: Bestuur

Om strategiese bestuursteun aan Kultuursake te verskaf.

Subprogram 2.2: Kuns en Kultuur

Om die ontwikkeling, bewaring en bevordering van kuns en kultuur in die Wes-Kaap te fasiliteer deur middel van die skep van doeltreffende en lewenskragtige funksionerende kuns- en kultuurstrukture, -aktiwiteite en -omgewings, en om die Wes-Kaapse Kultuurkommissie met die uitvoering van sy wetgewende mandaat by te staan en te ondersteun.

Subprogram 2.3: Museumdiens

Om die transformasie van die Wes-Kaap se erfenis te versnel deur verskeie dienste te lewer om die erfenis van die provinsie deur middel van die geaffilieerde museumdiens en geaffilieerde erfenis instellings te bewaar, ontwikkel en te bevorder.

Subprogram 2.4: Erfenishulpbronbestuursdiens

Om Erfenis Wes-Kaap by te staan en te ondersteun, om belangrike erfenishulpbronne te beskerm, bewaar, bestuur en bevorder in terme van die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, 1999; om prosesse te fasiliteer met betrekking tot wêrelderfeniskwessies in die Wes-Kaap in terme van die Wet op Wêrelderfeniskonvensie, 1999; om prosesse te fasiliteer vir die standaardisering of veranderinge, waar nodig, van geografiese name in die Wes-Kaap deur die implementering op provinsiale vlak van die mandate van die Wet op die Raad van Suid-Afrikaanse Geografiese Name, 1998.

Subprogram 2.5: Taaldienste

Om veeltaligheid in die Wes-Kaap te bevorder om dienslewering en toeganklikheid te verbeter; om die voorheen gemarginaliseerde inheemse tale aktief te ontwikkel; om die implementering en monitering van die Wes-Kaapse Taalbeleid te fasiliteer; en om administratiewe steun aan die Wes-Kaapse Taalkomitee met die uitvoering van sy wetgewende mandaat te verleen.

Bydrae tot Strategiese doelwitte

Die program dra by tot die Strategiese Uitkomsgeoriënteerde Doelwit 1 deur toegang en geleenthede te bied vir deelname aan die Kuns-, Kultuur- en Erfenissektore, deur ekonomiese groei en veilige en samehorige gemeenskappe te ondersteun.

Strategiese doelwitte, prestasie-aanwysers, beplande teikens en werklike prestasies

Die gevolge van die nasionale noodtoestand as gevolg van Covid-19 het die Departement genoop om sy teikens te verminder om sy wetgewende mandaat te bereik om veeltaligheid en die voorheen gemarginaliseerde inheemse tale te bevorder en na die behoeftes van dowes om te sien. Hierdie teiken is van ses na drie projekte vir 2020/21 verminder. Alternatiewe, soos aanlyn platforms en samewerking met vennote sal gesoek word om sy mandaat met beperkte hulpbronne uit te voer.

Gedurende die nasionale noodtoestand het die Departement gereeld versoeke vir taalondersteuningsdienste ontvang. In 2021/22 gaan die Departement voort om taalondersteuningsdienste te bied by wyse van redigering, vertaling en tolkdienste in die drie amptelike tale van die Wes-Kaap en Suid-Afrikaanse Gebaretaal. Dit het ook voortgegaan om die Wes-Kaapse Taalbeleid te bevorder deur 'n oordragbetaling aan die Wes-Kaapse Taalkomitee te doen, 'n skedule 3C openbare entiteit in terme van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, Wet 1 van 1999.

Die Departement gaan voort met die wetlik gemagtigde mandaat om die provinsiale erfenishulpbronoutoriteit, Erfenis Wes-Kaap, te ondersteun met 'n jaarlikse oordragbetaling en die voorsiening van personeel van EHB om die werk van die entiteit uit te voer. Die Direkoraat Museums-, Erfenis- en Geografiese Naamdienste ondersteun met intervensies wat bydra tot

die Wes-Kaapse Provinsiale hoofstuk van die Weerstand en Bevryding Erfenisroete as deel van die nasionale Weerstand en Bevryding Erfenisroete projek.

Die Kunsontwikkelingsprogram, gegrond op wetlike mandate en strategiese doelwitte, het 'n kunsontwikkelingsprogram ontwerp wat onderbou is op sy drieledige benadering van talentidentifisering, ontwikkeling en bevordering. Deur drama, dans, musiek, literêre kuns en handwerkontwikkeling beoog die eenheid om opleidingsprogramme te implementeer wat sal fokus op die ontwikkeling van die artistieke vaardighede van jeug in die landelike distrikte. Die opleidingsprogramme sal kulmineer in deelname deur optredes by feeste en vertonings. Die kunsontwikkelingsprogram streef daarna om sy vennootskappe met openbare en privaatsektor organisasies inklusief van burgerlike samelewing te versterk.

As gevolg van die vernietigende impak van die pandemie op regeringsbegrotings, sal die operasionele begroting vorentoe ernstig affekteer word, insluitend KvW-toekennings. Die hulpbronne, beide menslik en finansiële, sal nie die vereistes van die nuwe norm kan bereik nie en die eenheid sal sy vennote in die sektor strategies moet benader. Die eenheid sal dit doen deur 'n 'bestuurde netwerk' institusionele model in verhouding met sy vennote te aanvaar. Hierdie benadering sal uit vennoot organisasies bestaan, instellings en liggame wie se visie in ooreenstemming is met DKES en deur formele ooreenkomste sal bydra tot die lewering van die mandaat van DKES. Die bestuurde netwerk verhoudings en verbintenisse sal op uitkomste (nie organisatories) – en gesamentlike agendabepaling - fokus, waarby die leierskap van DKES betrokke is en geformaliseer deur middel van ooreenkomste.

Bestuur

Die Uitgebreide Openbarewerkeprogram het 366 werkseleenthede op die gebied van gebou-instandhouding, uitvoerende kunste en administrasie, erfenis, museums, biblioteke en argiewe geskep. Die Departement gaan voort om grense te verskuif betreffende die ontwikkeling van UOWP-werkseleenthede op die gebied van kultuursake regoor die provinsie deur die hoeveelheid en verskeidenheid van werkseleenthede.

Kuns en kultuur

Die Departement, deur die jaarlikse befondsingsproses, verseker dat die voordele van die kunste in alle gemeenskappe beslag kry. Die ondersteuning aan organisasies help om mense se kapasiteit vir lewe te vergroot deur hulle te help om te verstaan, vertolk en aan te pas by die wêreld rondom hulle. Die finansiële steun ontsluit moontlikhede vir mense in stedelike gebiede, maar meer so in landelike gebiede, om veilige ruimtes te bied om vaardighede te ontwikkel, selfvertroue en selfbeeld deur die kunste te bou. Die bestede ondersteuning stel organisasies in staat om die kunste te gebruik om individuele lewens te verbeter en veiliger en meer samehorige gemeenskappe te bou.

Die Departement het gedurende die oorsigjaar 128 aansoeke van oor die hele Provinsie ontvang en het 79 organisasies ondersteun om hulle programme te implementeer. Organisasies wat ondersteun is, was in staat om hul programme en aktiwiteite aan te pas in ooreenstemming met Covid-19 protokolle, aangesien hulle oor die nodige hulpbronne en kennis beskik het. Organisasies het virtuele optredes en opleidingsprogramme gehad terwyl ander kleiner getalle by hul aktiwiteite toegelaat het.

Die Departement moedig samewerking tussen organisasies en programme aan, aangesien dit bydra tot kreatiewe ervarings en medeskepping van artistieke werke en bewus is van die

vermoë van die kunste om gemeenskaplike veerkragtigheid te bou gedurende moeilike tye, aangesien dit 'n kragbron van herstel en heling is.

Grootse toerisme-aktiwiteite kon helaas nie in die verslagjaar plaasvind nie as gevolg van die beperkings as gevolg van die pandemie. Virtuele programme en sessies is gehou om gehore te betrek en die kunste ten toon te stel. Die aktiwiteite van hierdie feeste is daarop gerig om die publiek te laat voordeel trek uit die volledige artistieke/kulturele sektor, gemeenskap en ekonomie. Die Kleinkaroo Nasionale Kunstefees (KKNK), Kaapstad Internasionale Jazz Fees, Kaapstad Karnaval en Klopse aktiwiteite is getref deur die nasionale noodtoestand wat ingestel is om die verspreiding van Covid-19 te beperk en daarom moes die feeste gekanselleer word. Dit het 'n groot ekonomiese las op die organiseerders, kunstenaars, diensverskaffers en deelnemers aan hierdie groot gebeure tot gevolg gehad.

Die Departement streef daarna om groeigeleenthede te skep deur die fasilitering van vaardigheidsontwikkelingsprogramme en werkskeppingsgeleenthede, en om deelname in die ekonomie te verbreed en vernuwing en deursettingsvermoë vir 'n steeds veranderende eksterne omgewing aan te moedig. Groter fokus is geplaas op die mobilisering van hulpbronne, samewerking en vennootskappe om die gemeenskap se verwagtings en eise aan te spreek. Die span het daarom 'n aanlyn reserveringstelsel vir die 2021/22 jaarlikse befondsingsiklus implementeer.

Die kultuurfasiliteite kon nie soos gewoonlik funksioneer nie, aangesien dit vir die grootste deel van die jaar as isolasieterreine aangewend is. Die Schoemanspoort terrein het groot opknappingswerk ondergaan en was vir die hele jaar onbruikbaar. Dit het tot gevolg gehad dat geen inkomste vir onderhoud ontvang is nie. Nuwe innoverende maniere om meer kliënte te trek, word ondersoek en voorsiening word gemaak om dit te kan akkommodeer.

Die Kunsontwikkelingsprojekte is swaar getref deur die Covid-19 pandemie en die gevolglike inperkingsregulasies. Die 1^{ste} en 2^{de} kwartale se projekte is gekanselleer en vervang deur die Covid-19 Kuns-en Kultuur Verligtingsprogram wat daarop gerig is om 'n mate van sosiale verligting te bied aan kunstenaars en mense in die skeppende industrie wat swaar deur die inperkingsregulasies getref is. In totaal het 582 begunstigdes befonding deur die Verligtingsfonds in die Wes-Kaap ontvang.

Die Drama Ontwikkelingsprogram het sy projekte in die 3^{de} en 4^{de} kwartale implementeer soos die inperkingsregulasies verlig is. Die programme het egter steeds 'n vermindering in deelname gehad omdat begunstigdes onttrek het as gevolg van vrees vir infeksie. Dit het 'n hersiening van die implementeringsmodel vereis en aktiwiteite is vir eerste keer op 'n virtuele platform aangebied, met 'n sekere mate van sukses.

Die Dansontwikkelingsprogramme was in staat om projekte vanaf die 3^{de} kwartaal aan te bied. Dit het die aanbod van die Kaapse Dans Kaleidoskoop tot gevolg gehad wat daarop gemik was om aanlyn tutoriale aan dansers te bied wat aan 'n danskompetisie deelgeneem het om die Rieldans gekombineer met hiphop en moderne jazz te populariseer. Die projek is aangebied in vennootskap met die ATKV, Iziko Museums, Kunstekaap, Indoni, Jazz Art en Uitsig Riel Dansers.

Die Sosiale Samehorigheid Gemeenskapsgesprekke is in vennootskap met die Kommissie vir die Bevordering en Beskerming van die Regte van Kulturele, Godsdienstige en Taalgemeenskappe (die CRL-regte-kommissie) en die Stad Kaapstad aangebied. Die samesprekings is toegelig deur die regering se fokus op geslagsgebaseerde geweld en het

gepoog om besprekings te ontlok oor die rol van kulturele tradisies in die versagting van geslagsgebaseerde geweld en storievertelling vir die behoud van narratiewe wat morele waardes leer.

Die Musiekontwikkelingsprogram is in die 3^{de} en 4^{de} kwartale voortgesit soos die inperkingregulasies verlig is. In samewerking met geïdentifiseerde munisipaliteite, het die eenheid die Liedskryfkompetisie aangebied wat daarop gerig is om talent te identifiseer, vaardigheid te ontwikkel en 'n mentorskapprogram met gevestigde musiekprodusente in die land. Hierdie program is regoor die provinsie goed ontvang en jong skrywers is aan die bestuur van musiekondernemings, verstaan van kopiëregwette, die loods van digitale platforms om produkte te bevorder en verbruikers te genereer, bekendgestel.

Die Literêre Ontwikkelingsprogram het in die 3^{de} en 4^{de} kwartale projekte begin met die ontluikende skrywerswerkswinkel wat by die Harare Biblioteek in Khayelitsha aangebied is. Die werkswinkel was daarop gerig om belowende skrywers tegniese en artistieke vaardighede te leer om hul skryfwerk te verbeter deur begeleide skryfsessies, een op een evaluasie, groepsredigering sessies en kreatiewe aanbiedings van hul werk. Die storievertel werkswinkel is in Du Noon gehou en daarop gerig om 'n kultuur van storievertel te vestig en nasionale identiteit te bevorder.

Die inisiasieprogram het voortgegaan om 'n veilige en bemagtigende omgewing te bied vir die ingewydes en die kulturele praktyk. Tradisionele chirurgie is die kern van die bereiking van 'n veilige deurgang en word beskou as die bron van inheemse kennis in hierdie tradisie. Die Departement ontwikkel steeds die minimum standaard vir die verbetering van die praktyk deurdat die tradisionele chirurg tradisionele versorgers aanstel wat opgelei is en op die databasis gelys is. Higiëne- en Covid-19 voorkomende maatreëls het 'n prioriteit geword om die risiko in die begin van die deurgang te verminder.

Die Departement is tans besig om met munisipaliteite oor infrastruktuursteun te onderhandel en formele ooreenkomste te sluit. Die Provinsiale Inisiasie Koördinasiekomitee wat uit munisipaliteite en departemente met gedeelde mandate bestaan, het die koördinasie en fasilitering van dienste en toerusting ondersteun om deurgaans 'n veilige deurgangsrutueel te verseker gedurende die oorsigperiode. Die inisiasiestrukture het 'n belangrike rol gespeel in die disseminasie van inligting tussen die Departement en die gemeenskappe.

Museums, Erfenishulpbronbestuur en Geografiese namediens

Gedurende 2020/21 het die ongekende aksies wat geneem is om die kurwe van die Covid-19 pandemie af te plat daartoe aanleiding gegee dat alle museums in die hele land vanaf 23 Maart 2020 tot 6 Julie 2020 gesluit was, waarna daar by die nasionale Minister van Sport, Kuns en Kultuur aansoek gedoen kon word om te heropen in terme van die inperking vlak 3 regulasies gepubliseer in Gazette No. 43507. Die eerste geaffilieerde museum wat toestemming ontvang het om te heropen, was die Hugenate Gedenkmuseum wat op 17 Augustus 2021 heropen het.

Museums het op daaglikse basis tydens die nasionale inperking aansienlike bedrae in inkomste verloor. Museums in die Wes-Kaap het die uitdaging so ver as moontlik aangespreek en begin om met behulp van virtuele ruimte publiek-toeganklike, tydige, aanlyn uitstallings en aktiwiteite aan te bied wat vir baie personeel nuwe terrein was. Alhoewel hierdie aanlyn uitstallings en geleenthede verseker het dat die publiek steeds toegang tot museums kon geniet tydens die inperking, het dit nie die verlore geleenthede tot inkomste van mense wat museums besoek

(toegangsfooie) opgelos tydens die inperking nie. Minister Anroux Marais het die Kultuursake Covid-19 Hulpbefondsingsstrategie 2020/21 goedgekeur om te verseker dat museums in die Wes-Kaap toegang kon kry tot hulpbefondsing vir die verlies aan inkomste. Daarvolgens kon die hulpstrategie die bedrag van R 1,305,544.00 beskikbaar stel om te verseker dat die sake van museums in die provinsie kon voortgaan tydens en na die Covid-19 pandemie. Negentien Museums in die Provinsie het suksesvol aansoek gedoen en hulpbefondsing ontvang. Dit het ook vier nie-geaffilieerde museums ingesluit, naamlik: Distrik Ses Museum, Darling Museum, Suid-Afrikaanse Parfuum Museum, en die Suid-Afrikaanse Joodse Museum.

Die Departement het ook verseker dat die nodige museum operasionele planne gereed was en het geaffilieerde museums van die nodige PBT voorsien om aan al die gesondheidsvoorskrifte te voldoen.

Die Museumdiens het voortgegaan om 31 geaffilieerde museums in die Wes-Kaap te ondersteun met museologiese ondersteuning, versamelingbestuurkundigheid, opvoedkundige programme en uitstallingontwikkeling. Die Museumdiens het gedurende 2020/21 jaarlikse subsidies aan 19 Provinsie-gesteunde Museums betaal en hulptoelae aan ses Plaaslike Museums.

Die 2020/21 Museumdiens het verder 'n virtuele werkswinkel gehou met geaffilieerde museumbestuurders en lede van beheerliggame om die herposisionering van museums vir ontwikkeling na Covid-19 te bespreek. Die werkswinkel het opleiding aan geaffilieerde museumbestuurders en beheerliggameverteenwoordigers gebied. Verder het museumbestuurders en die voorsitters van geaffilieerde museumbeheerliggame belangrike aangeleenthede met die Departement bespreek.

Die vernuwing van geaffilieerde museum tentoonstellings en uitstallings is in 2020/21 as gevolg van die impak van Covid-19 uitgestel. Die George Museum se voorportaal uitstalling is egter gerekonteksionaliseer om die teenwoordigheid van inheemse mense in die tyd van die Verenigde Oost-Indische Compagnie (VOC) bekend te stel en is virtueel op 30 September 2020 geloods.

Die Museumdiens het verder verskeie virtuele gebeure tydens 2020/21 aangebied, insluitend Internasionale Museumdag (op 18 Mei 2020), Mandeladag (op 17 Julie 2020), Vrouedag (7 Augustus 2020) en Jeugdag (16 Junie 2020).

Die Departement het die amendement op die Museumordonnansie gefinaliseer. Die Provinsiale Kabinet het op 28 Julie 2020 in die Provinsiale Parlement in Kabinetsnotule No. 476 toestemming verleen vir die bekendstel van die Wes-Kaapse Museumordonnansie Wetsontwerp, 2020, in ooreenstemming met Staande Reël 170(1)(b). Op 31 Maart 2021 is die Wes-Kaapse Museumordonnansie Wysigingswet No. 2 van 2021 amptelik as wet in die Provinsiale Gazette No. 8408 onderteken en is effektief met ingang vanaf 1 April 2021.

Die Museumdiens het verder die herbegrawe van die menslike oorskot van Koos Sas suksesvol by die Montagu Museum fasiliteer. Die Minister van Kultuursake en Sport het op 9 Maart 2021 die menslike oorskot aan die gemeenskap in Montagu (Montagu Museum) teruggegee tydens die amptelike oorhandigingseremonie.

Ondersteuning van die geaffilieerde museums sal in die volgende finansiële jaar voortgesit word by wyse van befondsing, bemarking en promosie, onderwys en opleiding,

uitstallingontwikkeling, bewaringswerk, die sekondering van personeel, mentorskap en advies. Waar hulpbronne beskikbaar is, sal dienste ook na nie-geaffilieerde museums uitgebrei word.

Die Museumdiens sal verder voortgaan om 'n aansienlike bydrae te maak tot werkskepping in die Provinsie deur die plasing van UOWP-begunstigdes (interns) by geaffilieerde museums binne projekte met betrekking tot die oudit en digitalisering van museumversamelings, toerisme, administrasie en onderhoud.

Die Weerstand en Bevryding Erfenisroete is 'n deurlopende nasionale projek deur die nasionale Departement van Sport, Kuns en Kultuur, wat bestaan uit die bekendstelling van 27 terreine of nodusse van belang wat verband hou met die land se weerstands- en bevrydingserfenis. Die Departement is deel van hierdie nasionale projek om belangrike terreine te bevorder wat verband hou met weerstands- en bevrydingserfenis in die provinsie.

Lewensvatbaarheidstudies is begin vir die Madiba Huis by die Drakenstein Korrektiewe Fasiliteit, wat deel uitmaak van die Pad na Vryheid: Terreine verwant aan Nelson Mandela se Roete na Vryheid op 11 Februarie 1990; en die projek waarna verwys word as Tussen Die Riviere: Herdenking van die vroeë erfenisse van verset deur die inheemse mense in Suid-Afrika. Die uitkomst van beide studies moet die integrasie van die narratiewe van hierdie terreine in die algehele RLHR aanspreek, en hoe dit op die beste wyse herdenk en bestuur kan word.

Die Departement het voortgegaan met steun aan die Erfenis Wes-Kaap entiteit deur 'n jaarlikse oordragbetaling. Die DKES, in samewerking met Erfenis Wes-Kaap (EWK), het gevorder met werk saam met die Bestuurskomitee van die Wieg van Menslike Kultuur Toerismeprojek. Die Bestuurskomitee bestaan uit verteenwoordigers van die DKES, EWK, AMAFA Erfenis en Navorsinginstituut Kwazulu-Natal, die KZN Departement van Kuns en Kultuur, SAHRA en die nasionale Departement van Bosbou, Visserye en die Omgewing.

Die Komitee het die insluiting van die Sibhudu Grot in KZN in die Ontstaan van Moderne Mense Wêrelderfenisterrein Nominasiedossier ondersteun. Die insluiting van hierdie terrein versterk die dossier se motivering vir Wêrelderfenisterrein-status in terme van die UNESCO kriteria vir Uitstaande Universele Waarde.

Die dossier het daarom 'n amendement ondergaan onder die direksie van die projek kampioen verantwoordelik vir die Wieg van Menslike Kultuur Toerismeprojek. Verdere ondersteuning is deur die EWK verskaf wat toesig gehou het oor die opdatering van die Geïntegreerde Bewaringsbestuursplan.

DKES en die EWK het saamgewerk om 'n ewekniebeoordeling werkwinkel van die Dossier deur kundiges op die gebied van Steentydperk Argeologie en die ontwikkeling van moderne menslike gedrag aan te bied, en het oor die volledigheid van die voorlegging by 'n virtuele Wêrelderfenis Nominasie Werkswinkel dit voorgelê wat deur die Departement van Bosbou, Visserye en Omgewingsake aangebied is.

Taaldienste

Die hooffokus van die Departement se taalkomponent is om vertaal-, tolk- en redigeer-/proefleesdienste te verskaf. Gedurende die oorsigjaar het die Departement sy beplande teiken vir taalondersteuningsdienste in die drie amptelike tale en SA Gebaretaal oortref. Die beplande teiken van 380 is dus oortref met 'n finale uitset van 492 as volg verdeel: 'n totaal van 396 dokumente is vertaal, 47 dokumente is geredigeer/proeflees, en tolkdienste is by 49 geleenthede verskaf, insluitend tolking in Suid-Afrikaanse Gebaretaal (SAGT).

In die tweede kwartaal van 2020/21 het die Departement met PanSAT saamgewerk om op 30 September Internasionale Vertaaldag met die tema "Vind die woorde in 'n wêreld van krisis" te vier. Die doel van die projek was om taalpraktisyns en ander praktisyns in die taalgemeenskap te vier, en daardeur hulle bydrae tot die bevordering van veeltaligheid en die verskeie beroepe en loopbane op taalgebied te erken.

'n Boek is bekendgestel met 'n boodskap van Minister Anroux Marais en bydraes van 'n aantal taalpraktisyns wat vir die Wes-Kaapse regering werk, sowel as verteenwoordigers van PanSAT en die Wes-Kaapse Taalkomitee, wat boodskappe gedeel het oor wat hulle werk en betrokkenheid by veeltaligheid vir hulle beteken. Die drie amptelike tale van die Provinsie is deurgaans bevorder, sowel as Suid-Afrikaanse Gebaretaal en Khoekhoegowab. Die publikasie is op al DKES se virtuele platforms gesirkuleer.

Gedurende die derde kwartaal het die Departement Suid-Afrikaanse Gebaretaal speelkaarte van die Nasionale Instituut vir die Dowes verkry en onder verskeie provinsiale departemente, instellings en deelnemers van programme versprei. Die speelkaarte is bruikbare opvoedkundige hulpmiddels om SAGT te bevorder, maar help ook die algemene publiek om ten minste 54 basiese SA Gebaretaal tekens te leer, wat dit moontlik maak om basiese kommunikasie met die dowes te begin. Die SAGT tekens word in kleurvolle illustrasies uitgebeeld saam met die bypassende Engels, Afrikaans, Xhosa en Zulu woorde.

Die Departement het ook die Wes-Kaapse Taalbeleid publikasie in die derde kwartaal herdruk. Die doel van die beleid is om te verseker dat die drie amptelike tale, Afrikaans, Engels en Xhosa gelyke status in die Wes-Kaap geniet. Die boekie is aan al die Wes-Kaapse Regeringsdepartemente gesirkuleer.

Die Departement het Internasionale Moedertaaldag op 22 Februarie 2021 gevier in samewerking met die Wes-Kaapse Taalkomitee, Universiteit van Kaapstad, PanSAT, Nasionale Biblioteek, Suid-Afrikaanse Sentrum vir die Boek, Swahili Taalraad, SupuSupu Khoi Taalprojek, Iziko Museums van Suid-Afrika en die Inheemse Taalaksie Forum. Dit was 'n virtuele gebeurtenis met die tema "Beveiliging van linguïstiese diversiteit en veeltaligheid". Die diskoers het gefokus op die bevordering van veeltaligheid en multikulturalisme, waardeur die skep van bewustheid van die gebruik en bewaring van ons ryk en diverse linguïstiese en kulturele erfenis regoor die wêreld aangemoedig word. Saam met die bevordering van die amptelike tale het Suid-Afrikaanse Gebaretaal en Khoekhoegowab prominent gefigureer.

Die Departement het die netbal reëlboek na Xhosa vertaal, wat op 23 Februarie 2021 deur Minister Marais bekendgestel is. In 'n poging om toegang en deelname aan sport in die Wes-Kaap te vergroot, is daar met professionele linguïstiese vennote en kundige kode belanghebbendes saamgewerk om kode-spesifieke materiaal te vertaal om leer, begrip en die verskeie sportkodes te bemeester, wat voorheen alleenlik in of Engels of Afrikaans beskikbaar was.

Die Departement het een vergadering van die Wes-Kaapse Provinsiale Taalforum (PLF) gehou gedurende 2020/21. Die fokus van die vergadering was op stylgidse en die ontwikkeling van terminologie. Konsepte van stylgidse in Xhosa, Afrikaans en Engels is vir die Wes-Kaapse Regering ontwikkel. Die terminologielyste in die finale gidse sal aan PanSAT vir goedkeuring voorgelê word. Taalpraktisyns het ook die volgende programma wat deur PanSAT aangebied is, bygewoon: die bekendstel van die Afrikaanse geslagsensitiewe terminologie publikasie, die SA Gebaretaal werkwinkel en die bekendstel van die Suid-Afrikaanse Gebaretaal Handves.

Die Departement het ook kontak gehad met die Universiteit van Wes-Kaapland en die Universiteit van Kaapstad om vennootskappe te bespreek in verband met hul Afrikaans en Khokhoegowab programme, onderskeidelik. Hierdie samewerking sal in 2021/22 verder ontwikkel.

Die Strategiese uitkomst, uitsette, prestasie-aanduiders, beplande teikens en ware prestasies word in die tabel hieronder aangebied:

Uitkomst, uitsette, prestasie-aanduiders, teikens en ware prestasies: Aanduiders hersien in die hervoorleggingproses

PROGRAM 2: KULTUURSAKE										
Uitkomst	Uitsette	No.	Prestasie-aanduiders	Werklike prestasie 2018/2019	Werklike prestasie 2019/20	Bepaalde teiken 2020/2021	Werklike prestasie 2020/21 (K1 en K2)	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2020/21	Kommentaar op afwykings	Rede vir hersiening van die JPP
Subprogram 2.2: Kuns en Kultuur										
Nasionale aanduiders										
1	Kapasiteitsbou programme	2.2.1	Getal praktisyns wat by kapasiteitsbou geleenthede baat	267	355	249	0	-249	Die Departement kon nie in K1 en K2 dienste lewer nie as gevolg van Covid-19 en inperkingregulasies. Hierdie aanduiders is hersien in die hervoorleggingproses as gevolg van Covid-19.	Hierdie aanduiders is hersien in die hervoorleggingproses as gevolg van Covid-19.
Provinsiale aanduiders										
1	Finansiële steun aan kuns en kultuur organisasies	2.2.5	Getal kuns en kultuur organisasies ondersteun deur oordragbetalings	69	64	60	31	-29	Die Departement kon nie in K1 en K2 dienste lewer nie as gevolg van Covid-19 en inperkingregulasies. Hierdie aanduiders is hersien in die hervoorleggingproses as gevolg van Covid-19.	Hierdie aanduiders is hersien in die hervoorleggingproses as gevolg van Covid-19.
1	Vertoon- en promosie-platforms	2.2.6	Getal projekte om kuns en kultuur te ontwikkel en bevorder	20	23	18	0	-18	Die Departement kon nie in K1 en K2 dienste lewer nie as gevolg van Covid-19 en inperkingregulasies. Hierdie aanduiders is hersien in die hervoorleggingproses as gevolg van Covid-19.	Hierdie aanduiders is hersien in die hervoorleggingproses as gevolg van Covid-19.
Subprogram 2.3: Museumdienste										
Provinsiale aanduiders										

PROGRAM 2: KULTUURSAKE										
Uitkomst	Uitsette	No.	Prestasie-aanduider	Werklike prestasie 2018/2019	Werklike prestasie 2019/20	Beplande teiken 2020/2021	Werklike prestasie 2020/21 (K1 en K2)	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2020/21	Kommentaar op afwykings	Rede vir hersiening van die JPP
1	Getal besoekers aan geaffilieerde museums	2.3.6	Getal museumbesoekers	-	-	400 000	1 451	-398 549	Die Departement kon nie in K1 en K2 dienste lewer nie as gevolg van Covid-19 en inperkingregulasies. Hierdie aanduider is hersien in die hervoorleggingproses as gevolg van Covid-19.	Hierdie aanduider is hersien in die hervoorleggingproses as gevolg van Covid-19.
Subprogram 2.5: Taaldienste										
Provinsiale aanduiders										
1	Projekte voltooi wat veeltaligheid, voorheen gemarginaliseerde, inheemse tale en SA Gebaretaal bevorder	2.5.2	Getal projekte wat die wetgewende mandaat uitvoer om veeltaligheid, voorheen gemarginaliseerde inheemse tale en SA Gebaretaal te bevorder	6	7	6	1	-5	Die Departement kon nie in K1 en K2 dienste lewer nie as gevolg van Covid-19 en inperkingregulasies. Hierdie aanduider is hersien in die hervoorleggingproses as gevolg van Covid-19.	Hierdie aanduider is hersien in die hervoorleggingproses as gevolg van Covid-19.

Uitkomst, uitsette, prestasie-aanduiders, teikens en werklike prestasies tabel

PROGRAM 2: KULTUURSAKE									
Uitkoms	Uitsette	No.	Prestasie-aanduider	Werklike prestasie 2018/2019	Werklike Prestasie 2019/20	Beplande teiken 2020/2021	Werklike prestasie 2020/21	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2020/21	Kommentaar op afwykings
Subprogram 2.1: Bestuur									
Nasionale aanduiders									
1	UOWP werksgeleenthede	2.1.1	Getal UOWP-werksgeleenthede geskep	467	402	412	366	-46	As gevolg van Covid-19 is minder geleenthede geskep.
2	Werksgeleenthede deur kuns, kultuur en erfenis programme geskep	2.1.2	Getal werksgeleenthede deur kuns, kultuur en erfenis programme geskep	-	-	445	473	+28	Meer organisasies is finansiell ondersteun wat meer aanstellings tot gevolg gehad het
Subprogram 2.2: Kuns en Kultuur									
Nasionale aanduiders									
1	Kapasiteitsbou programme	2.2.1 (hersien)	Getal praktisyns wat baat by kapasiteitsbou-program geleenthede	267	355	155	194	+39	As gevolg van Covid-19 is aanlynplatforms saam met tradisionele fisieke bywoning gebruik. Dit het verhoogde bywoning tot gevolg gehad.
1	Nasionale en geskiedkundige dae gevier	2.2.3	Getal nasionale en geskiedkundige dae gevier	3	3	3	3	-	-
1	Getal strukture ondersteun	2.2.4	Getal gemeenskapstrukture ondersteun	32	34	36	19	-17	Sommige vergaderings of opleiding is nie bygewoon nie omdat die inisiasieprogramme in 2020 opgekort is en nadat aktiwiteite hervat

PROGRAM 2: KULTUURSAKE

Uitkoms	Uitsette	No.	Prestasie-aanduider	Werklike prestasie 2018/2019	Werklike Prestasie 2019/20	Beplande teiken 2020/2021	Werklike prestasie 2020/21	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2020/21	Kommentaar op afwykings
									is, het sommige forums nie bygewoon nie, veral bejaardes wat 'n hoër Covid-19 risiko had of nie in staat was om virtueel kontak te maak nie.
Provinsiale aanduiders									
1	Finansiële ondersteuning vir kuns en kultuur organisasies	2.2.5 (Hersien)	Getal kuns en kultuur organisasies ondersteun deur oordragbetalings	69	64	75	79	+4	Oorprestasie is as gevolg van Hulpfonds verskaf aan organisasies wat nie in oorspronklike begroting ingesluit is nie. 'n Begrotings-herprioritering oefening het fondse verseker vir 'n Covid-19 Hulpfonds vir organisasies.
1	Vertoning- en promosieplatforms	2.2.6 (hersien)	Getal projekte om kuns en kultuur te ontwikkel en bevorder	20	23	11	3	-8	Covid-19 regulasies het die vertoongeleenthede beperk.
1	Finansiële ondersteuning aan die Kultuurkommissies	2.2.7	Getal Kultuurkommissies deur oordragbetalings ondersteun	-	1	1	1	-	-
2	Gemeenskaps-gesprekke/dialoë om sosiale interaksie te bevorder	2.2.8	Getal gemeenskaps-gesprekke/dialoë om sosiale interaksie te bevorder	3	3	3	3	-	-
1	Openbare bewustheid	2.2.9	Getal openbare bewustheid aktiverings	-	-	4	4	-	-

PROGRAM 2: KULTUURSAKE									
Uitkoms	Uitsette	No.	Prestasie-aanduider	Werklike prestasie 2018/2019	Werklike Prestasie 2019/20	Beplande teiken 2020/2021	Werklike prestasie 2020/21	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2020/21	Kommentaar op afwykings
	aktiverings oor die "Ek is die vlag kampanje"		oor die "Ek is die vlag kampanje"						
1	Kunstenaars in skole geplaas	2.2.10	Getal kunstenaars in skole geplaas per jaar	-	-	25	0	-25	Covid-19 inperkingsregulasies het die vermoë om hierdie program in skole te implementeer gerack.
Subprogram 2.3: Museumdienste									
Nasionale aanduiders									
1	Aktiwiteite wat nasionale en ander simbole bevorder	2.3.1	Getal aktiwiteite wat nasionale en ander simbole bevorder	3	3	3	3	-	-
Provinsiale aanduiders									
1	Finansiële en ander administratiewe ondersteuning aan geaffilieerde museums	2.3.2	Aantal geaffilieerde museums ondersteun	30	31	31	31	-	-
1	'n Goed onderhoude Museumdiens wat volhoubare diens aan geaffilieerde museums lewer	2.3.3	Getal geaffilieerde museumdienste onderhou om ondersteuningsdienste aan museums te lewer	1	1	1	1	-	-
1	Kennisdelende platforms bygewoon deur geaffilieerde museums en verteenwoordigers van Beheerliggame	2.3.4	Getal museumdiens simposiums aangebied	1	1	1	1	-	-

PROGRAM 2: KULTUURSAKE

Uitkoms	Uitsette	No.	Prestasie-aanduider	Werklike prestasie 2018/2019	Werklike Prestasie 2019/20	Beplande teiken 2020/2021	Werklike prestasie 2020/21	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2020/21	Kommentaar op afwykings
	Bied opvoedkundige programme aan by geaffilieerde museums	2.3.5	Getal opvoedkundige programme by museums aangebied	3	4	3	3	-	-
1	Getal besoekers by geaffilieerde museums	2.3.6 (hersien)	Getal museumbesoekers	-	-	200 000	68 884	-13 116	Hierdie sektor was vir 'n groot deel van die jaar gesluit as gevolg van Covid-regulasies. Onvermoë om Kwartaal 1 en 2 teikens aan te pas tydens aanpassings-beramings. Verder 'n drastiese afname in plaaslike en internasionale besoekers as gevolg van Covid-19 het laer aantal besoekers aan museums tot gevolg gehad.
Subprogram 2.4: Erfenis Hulpbrondienste									
Provinsiale aanduiders									
1	Getal provinsiale erfenishulpbron-bestuursowerhede deur oordragbetalings ondersteun	2.4.1	Getal provinsiale erfenishulpbron-bestuursowerhede deur oordragbetalings ondersteun	1	1	1	1	-	-
1	Hersien en verifieer van geografiese name in die Provinsie	2.4.2	Getal geografiese name deur die Wes-Kaapse Provinsiale Geografiese	340	405	340	340	-	-

PROGRAM 2: KULTUURSAKE									
Uitkoms	Uitsette	No.	Prestasie-aanduider	Werklike prestasie 2018/2019	Werklike Prestasie 2019/20	Beplande teiken 2020/2021	Werklike prestasie 2020/21	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2020/21	Kommentaar op afwykings
			Namekomitee geverifieer en hersien						
1	Provinsiale Weerstand en Bevryding Erfenisroete Intervensies (WBE)	2.4.3	Getal Provinsiale Weerstand en Bevryding Erfenisroete (WBE) intervensies	-	-	2	2	-	-
Subprogram 2.5: Taaldienste									
Nasionale aanduiders									
1	Finansiële ondersteuning aan die Wes-Kaapse Taalkomitee	2.5.1	Getal taalkoördineringsstrukture ondersteun	1	1	1	1	-	-
Provinsiale aanduiders									
1	Voltooide projekte wat die wetgewende mandaat uitvoer om veeltaligheid, voorheen gemarginaliseerde inheemse tale en SA Gebaretaal te bevorder	2.5.2 (hersien)	Getal projekte wat die wetgewende mandaat uitvoer om veeltaligheid, voorheen gemarginaliseerde inheemse tale en SA Gebaretaal te bevorder	6	7	3	5	+2	Die uitvoer van addisionele projekte was moontlik danksy samewerking met ander entiteite, waaronder 'n virtuele program wat min hulpbronne benodig het en moontlik was binne Covid-19 protokolle.
1	Taalondersteuningsdienste in die 3 amtelike tale van die Wes-Kaap en SA Gebaretaal	2.5.3	Getal taalondersteuningsdienste in die 3 amtelike tale van die Wes-Kaap en SA	-	-	380	492	+112	Hierdie aanduiders is gebaseer op die getal taaldiensteondersteuning versoekte ontvang van provinsiale departemente. Daar

PROGRAM 2: KULTUURSAKE

Uitkoms	Uitsette	No.	Prestasie-aanduider	Werklike prestasie 2018/2019	Werklike Prestasie 2019/20	Beplande teiken 2020/2021	Werklike prestasie 2020/21	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2020/21	Kommentaar op afwykings
			Gebaretaal (nuwe aanduider)						was 'n toename in taaldiensondersteuning met Covid-19 verwante kommunikasie-aktiwiteite.

Nota: Grys aanduider selle dui hersiene aanduiders aan.

Strategie om areas van onderprestasie te bowe te kom

Die Covid-19 pandemie en gepaardgaande inperkingsregulasies het kritieke gevolge gehad vir die Program se vermoë om die Kunsontwikkelingsprojek aktiwiteite en Museumdienste in die eerste en tweede kwartale te implementeer. Toe die inperkingsregulasies in die derde en vierde kwartale versoepel is, is 'n gehibridiseerde model bekendgestel om projekte fisies en virtueel te implementeer. Hierdie benadering se sukses het gehelp om die gehibridiseerde model te verbeter vir voortdurende gebruik terwyl die inperkingsregulasies voortgaan om programme se aktiwiteite te beïnvloed.

Prestasie in verhouding tot Gestandaardiseerde Uitsette en prestasie-aanduiders vir sektore met gelyktydige funksies

Alle gestandaardiseerde uitsette en prestasie-aanduiders is inkorporeer in die Jaarlikse Prestasieplan en daarom geïmplementeer en verslag oor gedoen in die Jaarverslag soos gereflekteer in die prestasietabel hierbo.

Skakeling van prestasie met begrotings

Subprogrambesteding vir Program 2: Kultuursake was soos volg:

Subprogram	2020/21			2019/20		
	Finale begroting R'000	Werklike besteding R'000	(Oor-)/Onderbesteding R'000	Finale begroting R'000	Werklike besteding R'000	(Oor-)/Onderbesteding R'000
Bestuur	4 328	3 753	575	3 953	3 838	115
Kuns en Kultuur	39 270	38 515	755	36 081	36 011	70
Museum-dienste	61 461	61 389	72	65 616	64 466	1 150
Erfenishulp-brondienste	7 375	6 855	520	8 734	8 655	79
Taaldienste	4 694	4 350	344	4 967	4 933	34
Totaal	117 128	114 862	2 266	119 351	117 903	1 448

Die besparing hou verband met die stadige vul van poste, sowel as 'n projek verwant aan die Weerstand- en Bevryding Erfenisroete-projek wat nie teen 31 Maart 2021 voltooi kon word nie. 'n Oorplasingversoek vir die toegewese besteding vir hierdie projek is aan Provinsiale Tesourie voorgelê.

4.3. Program 3: Biblioteek- en Argiefdienste

Doel

Om omvattende biblioteek- en argiefdienste in die Wes-Kaap te lewer.

Subprogramme

Subprogram 3.1: Bestuur

Om strategiese bestuur en ondersteuning aan die Biblioteekdiens, Provinsiale Argiefdiens en Direkoraat: Ondernemingsinhoudbestuur te verleen

Subprogram 3.2: Biblioteekdiens

Om biblioteekdienste in ooreenstemming met betrokke toepaslike wetgewing en grondwetlike mandate te lewer.

Subprogram 3.3: Argiefdienste

Om argief- en rekordbestuursdienste te lewer ingevolge die Wet op die Provinsiale Argief- en Rekorddiens van die Wes-Kaap, 2005.

Om ondernemingsinhoudbestuur (OIB)/MyContent in Wes-Kaapse regeringsliggame te implementeer.

Bydrae tot strategiese uitkomst

Die program dra by tot die Departement se Uitkoms 2 deur toegang te verskaf tot inligting en kennis wat toegang verleen tot inligting en kennis wat 'n kultuur van lees en lewenslange leer ondersteun.

Strategiese doelwitte, prestasie-aanwysers, beplande teikens en werklike prestasies

Biblioteekdiens

Teen die einde van Maart 2021 het die Biblioteekdiens 374 dienspunte in die Provinsie gehad.

Die Departement het voortgegaan om voorwaardelike toekenningsbefondsing te ontvang om gemeenskapsbiblioteke te ondersteun en om gemeenskappe in staat te stel om toegang te kry tot kennis en inligting wat hulle sosio-ekonomiese situasie kan verbeter. Geen nuwe biblioteke is voltooi nie as gevolg van konstruksie wat vertraag is as gevolg van die Covid-19 inperking. Die munisipale vervangingsbefondsingsprogram het voortgegaan om finansiële ondersteuning aan die 15 kategorie B3-munisipaliteite in die Provinsie te verskaf. Dit het ingesluit Beaufort-Wes, Bergrivier, Bitou, Kaap Agulhas, Cederberg, Hessequa, Kannaland, Laingsburg, Langeberg, Matzikama, Prins Albert, Swartland, Swellendam, Theewaterskloof en Witzenberg Munisipaliteite. Hierdie befondsing het 'n uiters belangrike rol gespeel in die aanval van munisipale belegging in die lewering van provinsiale biblioteekdienste in kategorie B3-munisipaliteite.

Die Metrobiblioteektoekenning is steeds aan die Stad Kaapstad toegeken.

Inligting- en kommunikasietegnologie-infrastruktuur (IKT) is aan een nuwe biblioteek verskaf. Dit bring die totale getal terreine wat deur middel van die Konnektiwiteitsprojek vir landelike biblioteke gekonnekteer is op 228 te staan. In die meeste kleiner gemeenskappe is die gratis internetdienste wat by die biblioteke aangebied word, die enigste internetdienste wat aan daardie gemeenskappe beskikbaar is. Die meeste van die 228 biblioteke is deel van die breëbandinisiatief van die Wes-Kaapse Regering.

Die Suid-Afrikaanse Biblioteek vir Blindes-projek het voortgegaan om 'n spesiale diens aan visueel-gestremde gemeenskappe te voorsien, met opleiding en bemagtiging in die gebruik van die spesiale IT-toerusting by die 27 Mini Biblioteke vir die Blindes in die Provinsie.

Die hersiene inperkingsregulasies gepubliseer op 6 Julie 2020 (Gazette No. 43507) het biblioteke in die hele Suid-Afrika toegelaat om by die Nasionale Minister van Sport, Kuns en Kultuur aansoek te doen om te heropen in lyn met maatreëls om die verspreiding van Covid-19 soos in 27(2) van die Noodbestuur Wet 2002 (Wet no. 57 van 2002) vervat, afhangende van die nasionale Departement se goedkeuring. Toestemming vir biblioteke om te heropen is eers aan die einde van Augustus 2020 toegestaan.

Met verskeie munisipaliteite wat as gevaar punte verklaar is, het sommige biblioteke besluit om nie vir die publiek te heropen nie. Dit het die getal moniteringsbesoeke aan openbare biblioteke en opleiding van biblioteekpersoneel ernstig beïnvloed. Aanlyn vergaderings en opleidingsprogramme is aangebied waar moontlik. Die uitrol van geletterdheidsprogramme is ook negatief beïnvloed. Openbare biblioteke het vernuwende inisiatiewe soos die uitrol van aanlyn stories deur verskeie aanlyn platforms begin. Aangesien die publiek nie Openbare Biblioteke kon besoek tydens die inperking om biblioteeklidmaatskap te hernu nie, was daar 'n afname in geregistreerde biblioteekgebruikers.

Provinsiale argiefdiens

As gevolg van die Covid-19 pandemie en die gepaardgaande regulasies, is die uitreikprogramme gekanselleer. Een bewusmakingsprogram het tydens Menseregtemaand plaasgevind deur aanlyn uitstallings. 'n Totaal van 2 649 navorsers het die Argief besoek en 2 932 navrae is geprosesseer. Om te verseker dat argiefrekords goed bewaar en in goeie toestand gebruik kan word, is 425 archivalia herstel en 166.8 lineêre meter se rekords georden en beskryf. 'n Totaal van vyf inventarisse is opdateer om toegang tot die argiefrekords te vergemaklik.

Goeie rekordbestuur in regeringsliggame is belangrik vir goeie bestuursoorsig en verantwoordbaarheid. Om goeie, bekwame, verantwoordingspligtige regeringspraktyke te bevorder, is 22 rekordbestuursoudits uitgevoer, en 7 rekordbestuursopleidingsintervensies aan personeel in regeringsliggame in die Wes-Kaap gelewer.

Die Strategiese doelwitte, prestasie-aanwysers, beplande teikens en ware prestasies word aangebied in die tabelle wat volg.

Uitkomst, uitsette, prestasie-aanduiders, teikens en werklike prestasies tabel: aanwysers hersien in die hertabelleringproses

PROGRAM 3: BIBLIOTEKE EN ARGIEFDIENSTE										
Uitkoms	Uitsette	No.	Prestasie-aanduiders	Werklike prestasie 2018/2019	Werklike prestasie 2019/20	Bepaalde teiken 2020/21	Werklike prestasie 2020/21 (K1 en K2)	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2020/2021	Kommentaar op afwykings	Redes vir hersiening van die JPP
Subprogram 3.2: Biblioteekdienste										
Nasionale aanduiders										
2	Biblioteke gebou	3.2.1	Getal nuwe biblioteke gebou	2	4	2	0	-2	As gevolg van die Covid-19 pandemie en inperkingsregulasies kon die infrastruktuur projekte nie voltooi word nie.	Hierdie aanduiders is tydens die her-voorlegging hersien as gevolg van Covid-19.
Provinsiale aanduiders										
2	Moniteer van besoeke	3.2.4	Getal van moniterings-besoeke gedoen	1 503	1 495	1 386	10	-1 376	Die Departement kon nie in K1 en K2 dienste lewer nie as gevolg van Covid-19 beperkings. Die aanduiders is tydens die her-voorleggingsproses hersien as gevolg van Covid-19.	Hierdie aanduiders is tydens die her-voorlegging hersien as gevolg van Covid-19.
2	Opleidingsprogramme	3.2.6	Getal opleidingsprogramme aan biblioteekpersoneel aangebied	33	29	20	0	-20	Die Departement kon nie in K1 en K2 dienste lewer nie as gevolg van Covid-19 beperkings. Die aanduiders is tydens die her-voorleggingsproses hersien as gevolg van Covid-19.	Hierdie aanduiders is tydens die her-voorlegging hersien as gevolg van Covid-19.
2	Biblioteek dienspunte	3.2.8 **	Getal biblioteek dienspunte	375	378	380	0	-380	Hierdie was 'n jaarlikse teiken wat tydens die her-voorlegging hersien is.	Hierdie aanduiders is tydens die her-voorlegging hersien as gevolg van Covid-19.

PROGRAM 3: BIBLIOTEKE EN ARGIEFDIENSTE

Uitkoms	Uitsette	No.	Prestasie-aanduider	Werklike prestasie 2018/2019	Werklike prestasie 2019/20	Beplande teiken 2020/21	Werklike prestasie 2020/21 (K1 en K2)	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2020/2021	Kommentaar op afwykings	Redes vir hersiening van die JPP
2	Moniterings-besoeke	3.2.12	Getal moniterings-besoeke aan B3 munisipaliteite *	48	46	45	0	-45	Die Departement kon nie in K1 en K2 dienste lewer nie as gevolg van Covid-19 beperkings. Die aanduider is tydens die hervoorleggingsproses hersien as gevolg van Covid-19.	Hierdie aanduider is tydens die hervoorlegging hersien as gevolg van Covid-19.
2	Literêre intervensies	3.2.14	Getal literêre intervensies aangebied in openbare biblioteke in die Wes-Kaap	-	-	14 400	43	-14 357	Die Departement kon nie in K1 en K2 dienste lewer nie as gevolg van Covid-19 beperkings. Die aanduider is tydens die hervoorleggingsproses hersien as gevolg van Covid-19.	Hierdie aanduider is tydens die hervoorlegging hersien as gevolg van Covid-19.
Subprogram 3.3: Argiewe										
Nasionale aanduiders										
2	Gemeenskapsuitreikprogramme aangebied in biblioteke, museums en argiewe	3.3.1	Getal gemeenskapsuitreikprogramme aangebied in biblioteke, museums en argiewe	30	28	29	0	-29	Die Departement kon nie in K1 en K2 dienste lewer nie as gevolg van Covid-19 beperkings. Die aanduider is tydens die hervoorleggingsproses hersien as gevolg van Covid-19.	Hierdie aanduider is tydens die hervoorlegging hersien as gevolg van Covid-19.
2	Navrae verwerk	3.3.4	Getal navrae verwerk	6 070	6 812	5 050	511	-4 539	Die Departement kon nie in K1 en K2 dienste lewer nie as gevolg van Covid-19 beperkings. Die aanduider is tydens die hervoorleggingsproses	Hierdie aanduider is tydens die hervoorlegging hersien as gevolg van Covid-19.

PROGRAM 3: BIBLIOTEKE EN ARGIEFDIENSTE

Uitkoms	Uitsette	No.	Prestasie-aanduider	Werklike prestasie 2018/2019	Werklike prestasie 2019/20	Beplande teiken 2020/21	Werklike prestasie 2020/21 (K1 en K2)	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2020/2021	Kommentaar op afwykings	Redes vir hersiening van die JPP
									hersien as gevolg van Covid-19.	
2	Besoeke deur navorsers	3.3.5	Getal besoeke deur navorsers aan die Argiewe	8 896	9 316	8 500	401	-8 099	Die Departement kon nie in K1 en K2 dienste lewer nie as gevolg van Covid-19 beperkings. Die aanduider is tydens die hervoorleggingsproses hersien as gevolg van Covid-19.	Hierdie aanduider is tydens die hervoorlegging hersien as gevolg van Covid-19.
2	Herstelde argivalia	3.3.6	Getal argivalia (dokumente) herstel	563	570	572	125	-447	Die JPP teikens is hersien en verminder as gevolg van die Covid-19 inperking. Die getal rekords wat herstel word, verskil van tyd tot tyd as gevolg van onbehoorlike hantering en gebruik deur navorsers.	Hierdie aanduider is tydens die hervoorlegging hersien as gevolg van Covid-19.
2	Lineêre meter rekords oorgedra	3.3.7	Getal lineêre meter van oordragte ontvang van regeringsliggame **	278.30	271	275	0	-275	Die Departement kon nie in K1 en K2 dienste lewer nie as gevolg van Covid-19 beperkings. Die aanduider is tydens die hervoorleggingsproses hersien as gevolg van Covid-19..	Hierdie aanduider is tydens die hervoorlegging hersien as gevolg van Covid-19.
2	Lineêre meter gerangskik	3.3.8	Getal lineêre meter gerangskik	236.30	242.65	241	49.3	-191.7	Die Departement kon nie in K1 en K2 dienste lewer nie as gevolg van Covid-19 beperkings. Die aanduider is tydens die hervoorleggingsproses	Hierdie aanduider is tydens die hervoorlegging hersien as gevolg van Covid-19.

PROGRAM 3: BIBLIOTEKE EN ARGIEFDIENSTE

Uitkoms	Uitsette	No.	Prestasie-aanduider	Werklike prestasie 2018/2019	Werklike prestasie 2019/20	Beplande teiken 2020/21	Werklike prestasie 2020/21 (K1 en K2)	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2020/2021	Kommentaar op afwykings	Redes vir hersiening van die JPP
									hersien as gevolg van Covid-19.	
2	Inspeksies uitgevoer	3.3.11	Getal inspeksies uitgevoer	31	30	30	10	- 20	Die Departement kon nie in K1 en K2 dienste lewer nie as gevolg van Covid-19 beperkings. Die aanduider is tydens die hervoorleggingsproses hersien as gevolg van Covid-19.	Hierdie aanduider is tydens die hervoorlegging hersien as gevolg van Covid-19.
2	Magtigings vir vervreemding uitgereik	3.3.12	Getal magtigings vir vervreemding uitgereik	22	20	19	7	-12	Die Departement kon nie in K1 en K2 dienste lewer nie as gevolg van Covid-19 beperkings. Die aanduider is tydens die hervoorleggingsproses hersien as gevolg van Covid-19.	Hierdie aanduider is tydens die hervoorlegging hersien as gevolg van Covid-19.
2	Inventarisse opgestel en bygewerk	3.3.13	Getal inventarisse opgestel en bygewerk	6	7	8	1	-7	Die Departement kon nie in K1 en K2 dienste lewer nie as gevolg van Covid-19 beperkings. Die aanduider is tydens die hervoorleggingsproses hersien as gevolg van Covid-19.	Hierdie aanduider is tydens die hervoorlegging hersien as gevolg van Covid-19.

Uitkomst, uitsette, prestasie-aanduiders, teikens en werklike prestasies tabel

Uitkoms	Uitsette	No.	Prestasie-aanduider	Werklike prestasie 2018/2019	Werklike prestasie 2019/20	Bepalende teiken 2020/21	Werklike prestasie 2020/21	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2020/2021	Kommentaar op afwyking
Subprogram 3.2: Biblioteekdienste									
Nasionale aanduiders									
2	Biblioteke gebou	3.2.1 (hersien)	Getal nuwe biblioteke gebou	2	4	1	0	-1	As gevolg van die Covid-19 pandemie en inperkingsregulasies kon die infrastruktuur projekte nie voltooi word nie.
2	Biblioteek-fasiliteite opgegradeer	3.2.2	Getal bestaande fasiliteite opgegradeer vir openbare biblioteek doeleindes	1	4	0	0	0	-
2	Hoeveelheid biblioteekvoor-raad aangekoop	3.2.3	Getal biblioteekvoor-raad aangekoop	4 003	3 941	3 300	2 109	-1 191	As gevolg van Covid-19 en die inperking van die sektor, kon boekbestellings slegs na September 2021 in aanvang neem. Verdragings in lewering vanaf uitgewers en diensverskaffers as gevolg van die tweede golf.
Provinsiale aanduiders									
2	Moniteringsbesoeke	3.2.4 (hersien)	Getal moniteringsbesoeke voltooi	1 503	1 495	737	477	-260	As gevolg van Covid-19 beperkings kon besoeke aan biblioteke nie plaasvind nie.
2	Biblioteek promosieprojekte	3.2.5	Getal promosieprojekte aangebied	11	11	11	9	-2	Nie moontlik om twee promosieprojekte te voltooi as gevolg van sluiting van sektor.
2	Opleidingsprogramme	3.2.6 (hersien)	Getal opleidingsprogramme aangebied vir	33	29	18	15	-3	Die sektor was gesluit vir meeste van die jaar as gevolg van Covid-19. Nie moontlik om Kwartaal 1 en 2 se teikens aan te

Uitsette	No.	Prestasie-aanduider	Werklike prestasie 2018/2019	Werklike prestasie 2019/20	Beplande teiken 2020/21	Werklike prestasie 2020/21	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2020/2021	Kommentaar op afwyking	
		personeel van openbare biblioteke						pas tydens aanpassingsberamings	
2	Biblioteke met openbare internettoegang	3.2.7	Getal biblioteke met openbare internettoegang	226	227	228	228	-	-
2	Getal biblioteekdienspunte	3.2.8 ** (hersien)	Getal biblioteekdienspunte	375	378	379	374	-5	Amptelike sluiting van vyf dienspunte: 1. TP Meyer 2. Goedgeacht 3. Malgas 4. Imizama Yethu 5. Goodwood Korrektiewe Dienste
2	Vervangingsbefondsing-oordragbetalings	3.2.9	Getal B3-munisipaliteite wat vervangingsbefondsing oordragbetalings ontvang vir personeel, bedryfsen/ of kapitaalbesteding betreffende biblioteke	15	15	15	15	-	-
2	Metrobiblioteek oordragbetalings	3.2.10	Getal munisipaliteite wat oordragbetalings van die Metro Biblioteek-toekenning ontvang vir die opgradering en instandhouding van biblioteke	1	1	1	1	-	-

Uitsette	No.	Prestasie-aanduider	Werklike prestasie 2018/2019	Werklike prestasie 2019/20	Beplande teiken 2020/21	Werklike prestasie 2020/21	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2020/2021	Kommentaar op afwyking	
2	Personeel befonds	3.2.11	Getal biblioteek personeelposte befonds deur vervangings-befondsing	252	240	240	240	-	-
2	Moniterings-besoeke	3.2.12 (hersien)	Getal moniteringsbesoeke aan B3 munisipaliteite*	48	46	15	15	-	-
2	Lidmaatskap	3.2.13	Getal geregistreeerde biblioteekgebruikers	-	-	731 456	665 684	-65 772	Afname in getal gebruikers wie se lidmaatskap outomaties opgeskort is op die sisteem omdat geen lidmaatskap hernuwing gedoen is as gevolg van sluiting van biblioteke..
2	Geletterdheid intervensies	3.2.14 (hersien)	Getal geletterdheid intervensies aangebied in openbare biblioteke in die Wes-Kaap	-	-	7 200	2 374	-4 826	As gevolg van die sluiting van biblioteke tydens Covid-19 was die intervensies beperk. Nie moontlik om kwartale 1 en 2 se teikens aan te pas nie tydens aanpassingsberamings.
Subprogramme 3.3: Argiewe									
Nasionale aanduiders									
2	Gemeenskaps-uitreikprogramme aangebied in biblioteke, museums en argiewe	3.3.1 (hersien)	Getal gemeenskapsuitreikprogramme aangebied in biblioteke, museums en argiewe	30	28	1	1	-	-
2	Mondelinge geskiedenis projekte	3.3.2	Getal projekte oor mondelinge geskiedenis onderneem	4	4	4	4	4	-
Provinsiale aanduiders									

Uitsette	No.	Prestasie-aanduider	Werklike prestasie 2018/2019	Werklike prestasie 2019/20	Beplande teiken 2020/21	Werklike prestasie 2020/21	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2020/2021	Kommentaar op afwyking	
2	Opleidings-intervensies	3.3.3	Getal rekordbestuurders opgelei	262	10	5	7	+2	As gevolg van Covid-19 is opleiding aanlyn aangebied.
2	Navrae verwerk	3.3.4 (hersien)	Getal navrae verwerk	6 070	6 812	2 550	2 932	+382	
2	Besoeke deur Navorsers	3.3.5 (hersien)	Getal besoeke deur navorsers aan die Argief.	8 896	9 316	5 400	2 649	-2 751	As gevolg van Covid-19 inperking, is die Leeskamer eers vanaf September 2020 aan die publiek oopgestel. Die verminderde getal navorsers toegelaat en die verkorte ure het 'n impak op die aantal besoekers gehad.
2	Herstelde argivalia	3.3.6 (hersien)	Getal argivalia (dokumente) herstel	563	570	292	425	+133	Die JPP teikens is hersien en verminder as gevolg van die Covid-19 inperking. Die getal rekords wat herstel word, verskil van tyd tot tyd as gevolg van onbehoorlike hantering en gebruik deur navorsers.
2	Lineêre meter rekords oorgedra	3.3.7 (hersien)	Getal lineêre meter rekords oordragte ontvang van regeringsliggame **	278.30	271	140	2	-138	Oordragte van rekords hang van regeringsliggame af; kantore kon nie oordra nie as gevolg van Covid-19 uitdagings.
2	Gefokusde ondersteuning	3.3.8 (hersien)	Getal lineêre meter gerangskik	236.30	242.65	170	166.8	-3.2	Groepe gerangskik verskil in grootte; die voorspelde totaal mag daarom verskil.
2	Gefokusde ondersteuning	3.3.9	Getal departemente wat gefokusde OIB-ondersteuning ontvang	2	2	2	2	-	-
2	Rekordklassifikasiesistelsels geëvalueer	3.3.10	Getal rekordklassifikasiesistelsels geëvalueer en/of goedgekeur	140	154	113	124	+11	Klassifikasiesistelsels word op aanvraag van kliëntekantore ontvang.

Uitkoms	Uitsette	No.	Prestasie-aanduider	Werklike prestasie 2018/2019	Werklike prestasie 2019/20	Beplande teiken 2020/21	Werklike prestasie 2020/21	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2020/2021	Kommentaar op afwyking
	en/of goedgekeur								
2	Inspeksies uitgevoer	3.3.11 (hersien)	Getal inspeksies uitgevoer	31	30	22	22	-	-
2	Magtigings vir vervreemding uitgereik	3.3.12 (hersien)	Getal magtigings vir vervreemding uitgereik	22	20	17	19	+2	Meer aansoeke vir vervreemdingmagtigings is van regeringsliggame ontvang. Hierdie is 'n aanvraag-gedrewe teiken en kan nie akkuraat voorspel word nie.
2	Inventarisse opgestel en bygewerk	3.3.13 (hersien)	Getal inventarisse opgestel en bygewerk	6	7	5	5	-	-

Nota: Grys aanduider selle dui hersiene aanduiders aan.

* Moniteringsbesoeke aan munisipaliteite is deur die komponent vir munisipale steundienste onderneem vir montering en kapasiteitsbou.

** Meting in lineêre meter is h argiefstandaard.

Strategie om onderprestasie aan te spreek

Die onderprestasie van die Program is as gevolg van Covid-19 en die inperkings wat op die sektor ingestel is. Die Program het sy teikens vir 2021/22 aangepas. Aanlyn intervensies is implementeer waar moontlik, bv aanlynopleiding, aanlynuitstallings en toere, geletterdheidprogramme en vergaderings.

Prestasie in verhouding tot Gestandaardiseerde Uitsette en Prestasie-aanduiders vir sektore met gelyklopende funksies

Alle gestandaardiseerde uitsette en prestasie-aanduiders is in die Jaarlikse Prestasieplan inkooporeer en daarom geïmplementeer en oor verslag gedoen in die Jaarverslag soos weergegee in die prestasietabel hierbo.

Skakeling van prestasie met begrotings

Subprogrambesteding vir Program 3: Biblioteek- en Argiefdienste was soos volg:

SubProgram	2020/21			2019/20		
	Finale begroting R'000	Werklike besteding R'000	(Oor-)/Onder-besteding R'000	Finale begroting R'000	Werklike besteding R'000	(Oor-)/Onder-besteding R'000
Bestuur	6 164	6 164	-	6 706	6 632	74
Biblioteek-dienste	330 963	325 383	5 580	370 232	368 965	1 267
Argiefdienste	21 376	21 376	-	20 478	19 719	759
Totaal	358 503	352 923	5 580	397 416	395 316	2 100

Die besparing hou verband met die stadige vul van poste (VvW) en biblioteekmateriaal wat gekoop is en nie teen 31 Maart 2021 gelewer kon word nie as gevolg van die impak van Covid-19 op die industrie. 'n Versoek vir 'n oorplasing van die toegewese besteding vir biblioteekmateriaal is aan die Provinsiale Tesourie voorgelê.

4.4. Program 4: Sport en Ontspanning

Doel

Om ontspanning- en sportaktiwiteite aan die inwoners van die Wes-Kaap te voorsien.

Subprogramme

Subprogram 4.1: Bestuur

Om strategiese steun aan die sport- en ontspanningskomponent te voorsien

Subprogram 4.2: Sport

Om sport te bevorder ten einde tot die versoening en ontwikkeling van die Wes-Kaapse gemeenskap by te dra deur die verskaffing van billike, toeganklike en bekostigbare sportfasiliteite, -programme en -dienste.

Subprogram 4.3: Ontspanning

Om ontspanningsaktiwiteite te bevorder deur middel van volhoubare programme; om bystand te verleen aan ontspanningstrukture vir spesifieke ontwikkelingsdoeleindes; en om ontspanning te gebruik om 'n aktiewe en gesonde leefstyl te bevorder en aan te moedig.

Subprogram 4.4: Skolesport

Om skolesport te bevorder deur hulpverlening met strukture, kompetisies, talentidentifisering, ontwikkeling, asook spesifieke en volgende-vlak-aktiwiteite.

Subprogram 4.5: MGO-program

Om skoolgaande leerders te voorsien van 'n gestruktureerde en beplande, daaglikse, naskoolse ontspanningsprogram, insluitend die verskaffing van prettige speel- en aangepaste geleenthede en aktiwiteite.

Bydrae tot Institusionele Uitkomste

Die Program dra by tot die Departementele Uitkoms 3 deur die voorsiening van toegang en geleenthede vir deelname en ontspanning.

Die Strategiese doelwitte, uitsette, prestasie-aanwysers, beplande teikens en werklike prestasies

SPORT

Klubontwikkeling

Gedurende 20/21 is 180 klubs met affiliasie-/registrasiegelde, kapasiteitsboukursusse en toerusting en/of uniforms ondersteun. Ons het 12 ligas in die tweede deel van die finansiële jaar ondersteun.

Skakeling met federasies

Die Departement het 138 federasies in die ses distrikte befonds, naamlik Sentraal-Karoo, Eden (Tuinroete), Overberg, Kaapse Wynlande, Weskus en Kaapstad (Metropool). Die befonding het gehelp met administrasie, ontwikkeling, kapasiteitsbou en transformasieprojekte in federasies, en om te verseker dat spanne nasionale byeenkomste kon bywoon. In sport is federasies ondersteun deur aan hulle datakoste te bied as deel van hul administrasie; dit het federasies in staat gestel om vergaderings virtueel aan te bied met hul affiliasies en atlete. Die Covid-19 pandemie het 'n sosiale en finansiële impak op sportfederasies, administrateurs, afrigters en atlete gehad. Tydens die inperkingsperiode het die Covid-19 Hulpbefonding positief bygedra deur by sommige finansiële verliese hulp aan te bied. Gedurende hierdie tydperk kon sportfederasies, administrateurs, afrigters en atlete aansoek doen om verligting en was daar 127 begunstigdes. Die befonding is deur Nasionale Sport en Ontspanning voorsien. Ons het as afleweringsevenoot R 1 000 000.00 tot die Wes-Kaapse Sportgemeenskap bygedra.

Sportrade/konfederasies

Die Wes-Kaapse Provinsiale Sportkonfederasie (WKPSK) is die sambreelliggaam vir amateursport in die provinsie. Die konfederasie bestaan uit ses distriksportrade en ontvang sy mandaat van die Suid-Afrikaanse Sportkonfederasie en Olimpiese Komitee (SASKOK). Die

WKPSK werk nou saam met die Departement en het ten doel om die nasionale doelwitte van SASKOK op provinsiale vlak uit te voer. Die distriksportrade staan onder toesig van die WKPSK om te verseker dat sport-en ontspanningsdoelwitte in elke distrik bereik word. Die rol van die WKPSK en sy distriksportrade sluit die volgende in: koördinerings van sportontwikkeling regoor alle sportkodes in die provinsie, versekering dat goeie bestuursoorsig beoefen word, hulpverlening aan federasies met hoëprestasiëprogramme soos talentidentifisering en massadeelname, versekering dat goeie finansiële en bestuurspraktyke gevolg word, bestuur en beheer van affiliasie van sportfederasies, en versekering dat regeringsprioriteite en –beleide soos uiteengesit wel uitgevoer en geïmplementeer word. In die oorsigtydperk was die Konfederasie in vennootskap met DKES instrumenteel om die gesprek oor die Sport Wysigingswetsontwerp met alle sportfederasies en distriksportrade in die Provinsie te fasiliteer.

Driesydiges proses

'n Driesydiges proses word elke jaar onderneem met alle federasies wat befondsing van die Departement ontvang het. Die proses het in Januarie en Februarie 2021 virtueel plaasgevind. In elke distrik het die Departement, die betrokke distriksraad en sportfederasie byeengekom om verantwoording te doen vir fondse wat ontvang is en hoe dit aangewend word. Wanneer dit afgehandel is, vind 'n beoordelingsproses in vennootskap met die burgerlike samelewing plaas om sportfederasies in die provinsie te befonds.

Vroue en meisies

Ingevolge die Nasionale Sport- en Ontspanningsplan (NSOP) van Suid-Afrika word spesiale klem geplaas op die insluiting, bemagtiging en bevordering van die regering se prioriteitsgroepe, naamlik die jeug, bejaardes, vroue en meisies, landelike gemeenskappe en persone met gestremdhede. Die Departement werk elke jaar nou saam met die WKPSK, distriksportrade, federasies en die Vroue- en Meisiekommissie om te verseker dat programme spesifiek gemik op die bemagtiging van vroue en meisies geïmplementeer word. Die Departement het in die oorsigjaar ses vroue- en meisiesprogramme ondersteun. Die Internasionale Vroue Konferensie is deur die Departement gefasiliteer waar prominente SA vroue in sport die gebeure op 8 Maart 2021 bygewoon het.

Gestremdheidsfinansiering is vir atlete met 'n gestremdheid gedurende die finansiële jaar beskikbaar gemaak.

Belangrike byeenkomste

Gedurende 2020/21 het die belangrike byeenkomste swaar gelyk as gevolg van Covid-19 en meeste van die groot Sportgeleenthede moes uitgestel word. Ons was in staat om 41 federasies wat groot byeenkomste aanbied te befonds en ondersteun. Sommige van hierdie soos die Kaapstad Maraton en die Nelson Mandela Vryheidswedloop is virtueel aangebied. In die 3^{de} kwartaal is 13 aktiwiteite en in die 4^{de} 26 aktiwiteite aangebied.

Beter Tesame Spele

Die Beter Tesame Spele (BTS) word jaarliks aangebied. As gevolg van die Covid-19 inperkings waardeur sportbyeenkomste verbied is, moes die Departement al ses Beter Tesame gebeurtenisse kanselleer om aan die bestaande regulasies te voldoen en die veiligheid van alle deelnemers te verseker.

Sporttoekennings

Gedurende die 2020/21 finansiële jaar het die Covid-19 inperkingsregulasies landwyd alle sportaktiwiteite tot stilstand gebring. As gevolg hiervan het die Departement besluit om nie die jaarlikse Sporttoekennings in die gewone formaat aan te bied nie. 'n Klein seremonie is egter aangebied waar Minister Anroux Marais verskeie Loftoekennings aan atlete en administrateurs toegeken het wat uitstaande betrokkenheid aan die sportgemeenskap getoon het deur hulle toegewyde benadering om atlete tydens die Covid-19 periode te ondersteun.

Lys van Ministeriële Loftoekennings

- Corne Bence (Wes-Kaap Fietsry)
- Zelda Hansen (DISWEC)
- Mpumelelo Mhlongo (DISWEC)
- Corena De Beer (WP Swartkruit Skiet)

Minister Marais het ook die geleentheid gebruik om formeel erkenning te gee aan lede van die Wes-Kaapse sportgemeenskap wat oorlede is gedurende hierdie tydperk.

Eerol:

- Stanley Henkeman - SA Oorplanting Sportvereniging.
- Winston Balada - WK Oorplanting Sportvereniging;
- Malcolm David Siegel – Kaapstad Brugunie;
- Jane Mandeau - WP Sportvereniging vir Liggaamlik- en Visueelgestremde;
- Sebastiaan Goliath - WP Sportvereniging vir Liggaamlik- en Visueelgestremde;
- Louwtjie Hugo - CW Jukskei;
- Samuel Andrews- CW Veerpyltjie;
- Magdalene Keet – CW Veerpyltjie;
- Peter Daniels -Joernalis;
- Ivan Pekeur- Boland Rugby;
- Linda Mase - SAFA CW;
- Manie Pietersen - SAFA CW;
- Thembelani Swangaza - SAFA CW;
- Errol Nichollis- Overberg Seilfederasie;
- Cornelius Malgas – Weskus Distrikskantoor;
- Rodney Williams - Skaak;
- Dr Eustace Moses - Skaak;
- Arthrob Petersen - Rugby;
- Anele Ngcongca - Bafana Bafana;
- Mzamo William Mandyu - Boks.

Fasiliteite

Om seker te maak dat Suid-Afrikaanse sport en ontspanning deur toereikende en goed instandgehoue fasiliteite ondersteun word, het DKES sewe munisipaliteite bygestaan: Laingsburg Munisipaliteit, en die geormerkte Netbal Nalatenskap befondsing is toegeken aan Swellendam, Kaap Agulhas, Hessequa, Langeberg, Knysna en Saldanhabaai munisipaliteite.

Akademies

Die Departement, tesame met sy belanghebbendes, gaan voort om die doeltreffendheid van die akademiesisteem te verseker en te koördineer deur atlete, afrigters en sportadministrateurs te steun in die volgende distrikte: Eden (Oudtshoorn), Sentraal Karoo (Beaufort-Wes), Weskus (Saldanhabaai), Kaapse Wynlande (Paarl), Overberg (Bredasdorp), en Kaapse Metro (Kaapstad). Hierdie distriksportakademies word deur die Wes-Kaapse Sportakademie (WEKSA) gesteun deur die atleetondersteuningsprogram in die provinsie. Ten spyte van die ontwrigting as gevolg van die Covid-19 virus, het die akademiesisteem voortgegaan om essensiële wetenskaplike en mediese ondersteuning te bied gedurende die moeilike tye. Die dienste gelewer tydens hierdie tye het ingesluit mediese en wetenskaplike ondersteuning, lewensvaardighede, afrigting, toetsing en oefenkampe. Die dienste is ook aan Provinsiale presterende atlete en spanne gelewer. Die twee provinsiale netbalspanne wat aan die nasionale liga deelgeneem het, naamlik die Tornados (het brons gewen) en die Southern Stings (vierde posisie) is deur WEKSA ondersteun.

Wes-Kaap Regering Gimnasium

Die Gimnasium speel 'n deurslaggewende rol binne die Wes-Kaapse Regering deur na die gesondheid en welstand van werknemers om te sien deur die fasilitering van welstand- en fiksheidprogramme gekoördineer deur die gimnasium instruktors. Al hierdie aktiwiteite moes aanlyn gedoen word as gevolg van die pandemie. Alhoewel dit aanvanklik 'n uitdaging was, het die programme daarin geslaag om 'n sleutelrol te speel om werknemers te motiveer om aan fiksheidaktiwiteite deel te neem en gemotiveerd te bly terwyl hulle tuis moes werk.

Die oefeningplanne het die volgende temas gebruik om lede aktief, stresvry en gemotiveerd te hou:

- Inperking Fiksheid Motivasië
- Oefeninggereedskap om tuis te gebruik
- Eetplan

Die Gimnasium is trots om gemeenskapgimnasiums konsekwent met kundigheid en donasies van toerusting by te staan.

UOWP

Die Departement het UOWP-fondse ontvang via die Departement van Openbare Werke se UOWP-toelae vir die skepping van indiensneming, kapasiteitsbou, aankoop van toerusting en uniforms en handelsmerke binne die Direktooraat: Sportbevordering.

ONTSPANNING

Ses Inheemse Spele-distriksgeleenthede is beplan vir Junie 2020, maar as gevolg van die Covid-19 pandemie is baie van die distriks-inheemse spele geleenthede uitgestel tot September 2020. Dit is later verder uitgestel soos die land steeds die gevolge van Covid-19 en die beperkings moes verduur en aktiwiteite is tot Maart 2021 uitgestel. In Maart 2021 was die land op waarskuwingsvlak 1 en al die distrikte het suksesvolle inheemse spele aktiwiteite aangebied met volle inagneming van die Covid-19 gesondheid- en veiligheidsprotokolle. Die volgende vlak van deelname soos die Provinsiale en Nasionale Inheemse Speleleenthede is alles gekanselleer as gevolg van die Covid-19 pandemie.

Op 24 September 2020 het die Inheemse Spele gemeenskap gemeenskapgebaseerde promosie-aktiwiteite aangebied om Erfenismaand deur inheemse spele aktiwiteite te vier. Talle

van hierdie aktiwiteite is deur die Inheemse Spele kodestrukture in verskeie distrikte en plaaslike gemeenskappe gekoördineer. Alhoewel die getalle beperk was, het vele 'n pretgevolde dag geniet met die hoop om die aktiwiteite weer in die nabye toekoms te hervat.

Die Provinsiale Inheemse Spele Kodestrukture het hul jaarvergaderings gedurende Maart 2021 gehou. Hierdie vergaderings is van algemene raadsvergaderings verander na uitvoerende lede-vergaderings en alle vergaderings is via virtuele platforms aangebied om enige kans op die verspreiding van Covid-19 te bestuur en te beheer.

Gedurende Oktober 2020 het die Departement in vennootskap met 'n atletieklub 'n Provinsiale Virtuele Groot Loop geleentheid ter erkenning van Nasionale Groot Loop Dag aangebied. Tussen Oktober en Desember het die ander distrikte in die Provinsie ook hul Virtuele Groot Loop geleenthede aangebied. Al hierdie is gerealiseer deur vennootskappe met of 'n atletieklub van die plaaslike area en/of die plaaslike munisipaliteit. Weer eens het vennootskappe, intra- en interregeringsverhoudings geseëvier. Die hoof Groot Loop geleentheid was die Provinsiale Virtuele Groot Loop, wat in die Kaapse Metropool gehou is waar DKES met die ARD Atletieklub en die Wes-Kaapse Provinsiale Atletiekfederasie saamgewerk het. Die aktiwiteit het oor 3 weke plaasgevind en deelnemers is gevra om aanlyn te registreer om deelname te bevestig. Die geleentheid het oor drie weke 836 deelnemers aangetrek. Daar was drie kategorieë beskikbaar vir deelnemers, naamlik die 5km pret-/hardloop en die 10 km en 15 km pret-/hardloop. Dit was belangrik om hierdie Groot Loop in die virtuele formaat binne die regulasies en reëls van die reaksie op die Covid-19 protokolle te hou. Minister Anroux Marais was deel van die formele medaljeseremonie wat in Grassy Park gehou is. As deel van haar ondersteuning en gesonde leefstyl kampanje het die Minister alle deelnemers en vennote bedank dat hulle pro-aktief en veerkragtig was gedurende die vernietigende pandemie tydperk en verder, dat hulle die relevansie van ontspanning en sport in die "nuwe normaal" getoon het.

Die Departement het ook die NOD geleentheid aangebied. Die NOD word gehou om aktiewe en gesonde leefstyl te bevorder en om ontspanningsaktiwiteite aan te bied met die doel om familie- en gemeenskapslede te verenig. Hierdie geleentheid is in vennootskap met NRO's, die Wes-Kaapse Onderwysdepartement en -loveLife aangebied. Die vennootskap het verseker dat verskeie rolle uitgevoer is en dat hulpbronne ten beste benut is vir die aanbied van hierdie suksesvolle geleentheid. Die Jeugkamp is as Nasionale program gekanselleer as gevolg van die Covid-19 pandemie.

MGO-PROGRAM

Die MGO-program is 'n naskoolse, massadeelnameprogram wat skoolgaande kinders op 'n daaglikse grondslag toegang bied tot verskeie gestruktureerde, prettige ontspanning, sport, kuns- en kultuuraktiwiteite.

Die skepping van 'n bemagtigende omgewing binne MGO-sentrums is 'n voortdurende proses wat deurlopende werwing en behoud van jeugdiges in naskoolse programme vereis. Verskeie strategieë wat sensitief is vir elke gemeenskap, is ontwikkel om gereelde en konsekwente deelname in naskoolse aktiwiteite te bevorder.

Die MGO-program bevorder 'n filosofie en ingesteldheid wat 'n gesonde leefstyl, lewenslange oefening en lewenslange leer bevorder. Dit fokus ook op die sielkundige, fisiologiese en geestelike ontwikkeling en welstand van deelnemers en gemeenskappe waarin die MGO-sentrums funksioneer. Die program verskaf ook werkseleenthede en afrigters word voorsien

van geleenthede vir kapasiteitsbou wat hulle bevoordeel, sowel as die jeug waarmee die afrigter werk.

Hierdie program word regoor die Wes-Kaap by MGO-sentrums aangebied, wat óf by 'n laerskool óf by 'n hoërskool gebaseer is. MGO-sentrums by laerskole dien oor die algemeen as toevoerkanaal vir naasliggende MGO-sentrums by hoërskole. Op hierdie manier word die leerder die geleentheid gebied om vir 'n uitgebreide periode voortdurende toegang en blootstelling te hê aan geleenthede wat deur die MGO-program aangebied word. Deelnemers word ook aangemoedig om by verskillende sport-, kuns- en kultuurklubs binne hul gemeenskappe aan te sluit om lewenslange aktiwiteite te bevorder. Toegang tot hierdie klubs is vergemaklik deur die buurtskoolprogram.

MGO-sentrums is grotendeels in histories benadeelde gebiede geleë. Dit is die algemene konteks waarin die meeste, indien nie alle, MGO-sentrums gesetel is, waar relatief swak fasiliteite, hulpbronne en sekuriteit die orde van die dag is. Ten spyte van hierdie nadele en omstandighede toon 'n aantal deelnemers vaardighede en talente en die potensiaal vir verdere ontwikkeling deur positiewe menslike elemente soos vasberadenheid, passie en verbintenis. Die deelnemers wat die genoemde potensiaal vir verdere ontwikkeling toon, het deur middel van verskeie prosesse van talentidentifisering en -ontwikkeling die geleentheid om hul vaardighede en talente na 'n hoër vlak te neem.

As gevolg van die Covid-19 pandemie kon aktiwiteite nie soos gewoonlik plaasvind nie. MGO-programme personeel was by humanitêre verligtingsprogramme binne hul gemeenskappe betrokke.

Die MGO-program het ook die volgende gedurende 2020/21 bereik:

- Ministeriële lofprysinge;
- Kapasiteitsbou vir afrigter; en
- Verbeterde verhoudings met vennote.

VOORWAARDELIKE TOELAE VIR UOWP

SA Voetbal Assosiasie Kaapstad	Federasie	Administrasie	Ja	40 000	40 000	-
Verskeie Federasies	Federasie	Data Ondersteuning	Ja	874 000	-	Fondse is einde Maart 2021 oorgedra vir data ondersteuning
Wes-Kaapse Provinsiale Sportkonfederasie	Federasie	Toelaag	Ja	270 432	270 432	-
Wes-Kaapse Provinsiale Sportkonfederasie	Federasie	Affiliasiefooie	Ja	106 500	106 500	-
GROOT GEBEURTENISSE						
Kaapstad Kanovaart	Federasie	Vryheid Roeiersies	Ja	10 000	10 000	-
Kaapstad Netball	Federasie	CTTNT U1 & 21 Jeug en Senior Toernooi	Ja	20 000	20 000	-
SA Figuurkaats Assosiasie WP	Federasie	Kaapse Interprovinsiale Figuurkaats Kampioenskappe	Ja	15 000	20 000	-
Wes-Kaap Watersport	Federasie	Provinsiale Watersport Kompetisie	Ja	20 000	20 000	-
Wes-Kaap Klim Federasie	Federasie	Kontinentale kampioenskappe & Olympiese kwalifiseerder	Ja	21 000	21 000	-
Wes-Kaap Pluimbal	Federasie	SA Silwer Valke en Interprovinsiale Toernooi	Ja	15 000	15 000	-
WP Fietsry	Federasie	Wes-Kaap Baan Kampioenskappe	Ja	10 000	10 000	-
WP Branderplankry	Federasie	Nasionaal gegradeerde Jeug & Junior Branderplankry kompetisie	Ja	10 000	10 000	-
WP Swartkruit Assosiasie	Federasie	Nasionale Kampioenskap	Ja	10 450	10 450	-
Boland Krieket	Federasie	Internasionale wedstryd RSA vs Engeland 120	Ja	20 000	20 000	-
Boland Moderne Vyfkamp	Federasie	Wes-Kaap Moderne Vyfkamp Kampioenskappe	Ja	10 000	10 000	-

Naam van oordrag-ontvanger	Soort organisasie	Doel waarvoor die fondse gebruik is	Het die Dept. voldoen aan artikel 38(1)(j) van die WOFB?	Bedrag oorgedra (R)	Bedrag bestee deur die entiteit (R)	Redes vir die fondse wat nie deur die entiteit bestee is nie
Kaapse Wynland Kanovaart	Federasie	Kano/Kajak Sprint	Ja	10 000	10 000	-
Kaapse Wynland Skaak	Federasie	Wes-Kaap Geslote Kampioenskap Aanlyn Gebeure	Ja	10 000	10 000	-
Kaapse Wynland Ruiters	Federasie	Wes-Kaap Ruiters Kampioenskappe	Ja	10 000	10 000	-
Kaapse Wynland Ruiters	Federasie	Wes-Kaap Dressuur Kampioenskappe	Ja	10 000	10 000	-
Kaapse Wynland SA Fisiek Gestremde	Federasie	Streekproewe	Ja	15 000	3 499	Balans van befondsing is in die 2021/22 boekjaar teruggegee aangesien die gebeure gekanselleer is.
Eden Watersport	Federasie	SA Vlak 2	Ja	10 000	10 000	-
Eden Moderne Vyfkamp	Federasie	Laserwedloop Wes-Kaap kampioenskappe	Ja	15 000	15 000	-
Eden Toutrek	Federasie	SA Nasionale Toutrek Kampioenskappe	Ja	10 000	10 000	-
Wes-Kaapse Provinsiale Sportkonfederasie	Federasie	Nelson Mandela Vryheidswedloop	Ja	80 000	80 000	-
Wes-Kaapse Provinsiale Sportkonfederasie	Federasie	Ondersteun Kaapstad Marathon	Ja	60 000	60 000	-
Wes-Kaapse Provinsiale Sportkonfederasie	Federasie	Ondersteuning van die SA /Oeganda/ Namibië Netbal Toetsreeks	Ja	50 000	50 000	-
Wes-Kaapse Provinsiale Sportkonfederasie	Federasie	Gebeureforum Meestersklas 4de webinar	Ja	10 000	10 000	-
SA Figuurkaats WP	Federasie	WP Kampioenskappe	Ja	35 000	35 000	-
Weskus Snoeker	Federasie	Kaap Provinsiale Kampioenskappe	Ja	15 000	15 000	-
WP Muurbal	Federasie	Muurbal Streekstoernooi	Ja	10 000	10 000	-
Boland Moderne Vyfkamp	Federasie	SA Kampioenskappe	Ja	30 000	30 000	-
WK Skaak	Federasie	Senior and Junior aanlyn kampioenskappe	Ja	15 000	-	Fondse is teruggegee aangesien die gebeure gekanselleer is.
WP Skaak	Federasie	Ope Skaak Toernooi aanlyn gebeurtenis	Ja	15 000	15 000	-
WP Skaak	Federasie	Kaapstad Klassieke Toernooi aanlyn gebeurtenis	Ja	15 000	15 000	-
SWD Krieket	Federasie	Kaapstad Interprovinsiale Toernooi vir Kusprovinsies	Ja	25 000	25 000	-
Kaapstad Fietsry Trust	Federasie	Virtuele Fietsrygebeurtenis	Ja	40 000	40 000	-
WP Vlieghengel	Federasie	WK Ope Dames Vlieghengel Kampioenskappe	Ja	20 000	20 000	-

Naam van oordrag-ontvanger	Soort organisasie	Doel waarvoor die fondse gebruik is	Het die Dept. voldoen aan artikel 38(1)(j) van die WOFB?	Bedrag oorgedra (R)	Bedrag bestee deur die entiteit (R)	Redes vir die fondse wat nie deur die entiteit bestee is nie
Overberg Fietsry	Federasie	SA Pad Kampioenskappe	Ja	35 000	35 000	-
Kaapstad Fietsry Trust	Federasie	Dubbel Eeu Toer	Ja	10 000	10 000	-
Wes-Kaap Toutrek	Federasie	WK Toutrek Kampioenskap	Ja	15 000	15 000	-
Kaapse Wynland Fietsry	Federasie	Paarl 6	Ja	20 000	20 000	-
Sentraal Karoo Tennis	Federasie	Junior Ontwikkelings-toernooi	Ja	10 000	10 000	-
Wes-Kaapse Provinsiale Sport Raad	Konfederasie	UCI Fietsry Wêreld Gebeurtenis	Ja	500 000	-	Gebeure is gekanselleer. Fondse is teruggegee in die 2021/22 boekjaar.
Naskoolse Programme						
Kaap Innovasie & Tegnologie	MSW	Implementerings-vennoot vir YearBeyond data admin projek	Ja	1 800 000	598 190	Fondse sal in die 2021/22 boekjaar bestee word soos aangedui in die sakeplan.
Die Learning Trust	Trust	Bydrae tot ontwikkeling & produksie mbt Covid-19	Ja	250 000	250 000	-
Die Learning Trust	Trust	Bydrae tot hoërskool akademie	Ja	338 990	338 990	-
Die Gemeenskapkas	OSW	Toelae	Ja	8 000 000	2 153 000	Fondse sal in die 2021/22 boekjaar bestee word soos aangedui in die sakeplan.
Die Gemeenskapkas	OSW	Ondersteun naskoolse virtuele opleiding	Ja	730 000	455 142	Fondse sal in die 2021/22 boekjaar bestee word soos aangedui in die sakeplan.
Padvinders Suid-Afrika	OSW	Ondersteun padvinders in skoolprogramme	Ja	2 376 000	380 211	As gevolg van die uitgestelde begin van die skooljaar is besteding vertraag. Fondse sal in die 2021/22 boekjaar bestee word volgens die sakeplan.
MathMoms	MSW	Ondersteun ouers @home leer & wiskunde ontwikkeling	Ja	1 500 000	53 220	As gevolg van die uitgestelde begin van die skooljaar en die einde van kwartaal 1 wanneer betalings gedoen word, val alle betaling in die nuwe jaar. Fondse sal in die 2021/22 boekjaar bestee word volgens die sakeplan.
Die Learning Trust	Trust	Bydrae tot 'n gekombineerde aanlyn & gesig tot gesig naskoolse akademie	Ja	841 000	-	Betalings word aan die einde van kwartaal 1 gedoen. As gevolg van die vertraging in die kwartaal sal fondse in die 2021/22 boekjaar volgens die sakeplan bestee word.
Hope Through Action Found SA MSW	MSW	Ondersteun tuis leer program	Ja	2 550 000	-	As gevolg van die uitgestelde begin van die jaar en daarom ook kwartaal twee, sal alle

Naam van oordrag-ontvanger	Soort organisasie	Doel waarvoor die fondse gebruik is	Het die Dept. voldoen aan artikel 38(1)(j) van die WOFB?	Bedrag oorgedra (R)	Bedrag bestee deur die entiteit (R)	Redes vir die fondse wat nie deur die entiteit bestee is nie
						fakture in die 2021/22 boekjaar verwerk word volgens die sakeplan.
Die Gemeenskapskas	OSW	Implementeringsvennoot vir 'n opgegradeerde jeugdiensprogram	Ja	2 205 000	-	Fondse sal in die 2021/22 boekjaar bestee word soos aangedui in die sakeplan.
Die Gemeenskapskas	OSW	Implementeringsvennoot vir die basiese pakket jeugmobiliseerder projek	Ja	1 604 136	-	Fondse sal in die 2021/22 boekjaar bestee word soos aangedui in die sakeplan.
Wes-Kaapse Provinsiale Sportkonfederasie	Konfederasie	UOWP personeel - Toelaes	Ja	2 929 596	-	Oordragbetalings verdrag as gevolg van Covid-19; fondse sal as toelaes vir UOWP personeel gebruik word in die nuwe boekjaar.
Wes-Kaapse Provinsiale Sportkonfederasie	Konfederasie	Ondersteun atlete se afrigters en personeel	Ja	2 660 630	-	Oordragbetaling is uitgestel as gevolg van Covid-19. Fondse sal in die 2021/22 boekjaar bestee word.
Wes-Kaapse Provinsiale Sportkonfederasie	Konfederasie	Ondersteun Wes-Kaap gebaseerde Olimpiese atlete	Ja	665 000	134 000	Die gebeurtenis is uitgestel as gevolg van Covid-19. Fondse sal in die 2021/22 boekjaar bestee word.
Stellenbosch Sport Akademie	OSW	Atlete ondersteuningsdienste vir Luva Manyona	Ja	282 000	179 165	Projek word hersien. 'n Besluit sal in die 2021/22 boekjaar geneem word gebaseer op die uitkoms van die hersiening.
Wes-Kaapse Provinsiale Sportkonfederasie	Konfederasie	Covid-19 verligtingsfonds aan afrigters van federasies, organisasies en Entiteite in die WK	Ja	133 060	133 060	-
Netbal Suid-Afrika	OSW	Ondersteun 2023 Netbal Wêreldbeker	Ja	30 000 000	-	As gevolg van Covid-19 kon ontwikkelingsprogramme nie plaasvind nie. Fondse sal in die 2021/22 boekjaar bestee word.
Die Gemeenskapskas	OSW	Implementeringsagentskap vir die YearBeyond program	Ja	13 413 000	9 529 954	Fondse sal in die 2021/22 boekjaar bestee word soos aangedui in die sakeplan.
Wes-Kaapse Provinsiale Sportkonfederasie	Konfederasie	Honoraria/Toelaes	Ja	5 421 632	1 711 292	Honoraria/Toelae vir April tot Junie 2021
Wes-Kaapse Provinsiale Sportkonfederasie	Konfederasie	Honoraria/Toelaes	Ja	10 977 013	-	Honoraria/Toelae vir April tot Junie 2021
Wes-Kaapse Provinsiale Sportkonfederasie	Konfederasie	Implementering van ontspanning, kuns & sport ontwikkeling	Ja	242 193	242 193	-

Naam van oordrag-ontvanger	Soort organisasie	Doel waarvoor die fondse gebruik is	Het die Dept. voldoen aan artikel 38(1)(j) van die WOFB?	Bedrag oorgedra (R)	Bedrag bestee deur die entiteit (R)	Redes vir die fondse wat nie deur die entiteit bestee is nie
Wes-Kaapse Provinsiale Sportkonfederasie	Konfederasie	Honoraria/Toelaes	Ja	2 625 000	2 625 000	-
Wes-Kaapse Provinsiale Sportkonfederasie	Konfederasie	Honoraria/Toelaes	Ja	2 625 000	2 625 000	-
Wes-Kaapse Provinsiale Sportkonfederasie	Konfederasie	Honoraria/Toelaes	Ja	2 403 159	-	Honoraria/Toelae vir April tot Junie 2021
Wes-Kaapse Provinsiale Sportkonfederasie	Konfederasie	Honoraria/Toelaes	Ja	353 110	353 110	-
Wes-Kaapse Provinsiale Sportkonfederasie	Konfederasie	Honoraria/Toelaes	Ja	4 035 985	2 522 490	Honoraria/Toelae vir April tot Junie 2021
Wes-Kaapse Provinsiale Sportkonfederasie	Konfederasie	Diensvlakooereenkoms	Ja	2 172 000	-	As gevolg van Covid-19 kon ontwikkelingsprogramme nie plaasvind nie. Fondse sal in die 2021/22 boekjaar bestee word.
Wes-Kaapse Provinsiale Sportkonfederasie	Konfederasie	Toelaes	Ja	3 489 168	-	Honoraria/Toelae vir April tot Junie 2021
Wes-Kaapse Provinsiale Sportkonfederasie	Konfederasie	Implementering van ontspanning, kuns & sport ontwikkeling	Ja	2 156 104	-	As gevolg van Covid-19 kon ontwikkelingsprogramme nie plaasvind nie. Fondse sal in die 2021/22 boekjaar bestee word.
Wes-Kaapse Provinsiale Sportkonfederasie	Konfederasie	Implementering van Sportontwikkeling aktiwiteite en inisiatiewe	Ja	1 505 340	-	Honoraria/Toelae vir April tot Junie 2021
Wes-Kaapse Provinsiale Sportkonfederasie	Konfederasie	Implementering van ontspanning, kuns & sport ontwikkeling	Ja	1 854 726	10 829	As gevolg van Covid-19 kon ontwikkelingsprogramme nie plaasvind nie. Fondse sal in die 2021/22 boekjaar bestee word.
Wes-Kaapse Provinsiale Sportkonfederasie	Konfederasie	Honoraria/Toelaes	Ja	910 520	88 859	Honoraria/Toelae vir April tot Junie 2021
Wes-Kaapse Provinsiale Sportkonfederasie	Konfederasie	Honoraria/Toelaes	Ja	895 643	-	Honoraria/Toelae vir April tot Junie 2021
Wes-Kaapse Provinsiale Sportkonfederasie	Konfederasie	Honoraria/Toelaes	Ja	618 141	176 979	Honoraria/Toelae vir April tot Junie 2021
Wes-Kaapse Provinsiale Sportkonfederasie	Konfederasie	Honoraria/Toelaes	Ja	1 290 273	806 420	Honoraria/Toelae vir April tot Junie 2021
Wes-Kaapse Provinsiale Sportkonfederasie	Konfederasie	Implementering van ontspanning, kuns & sport ontwikkeling	Ja	91 586	91 586	-
Wes-Kaapse Provinsiale Sportkonfederasie	Konfederasie	Hulpbefondsing vir finansiële verliese en betalings aan beoordelaars gedurende die Covid-19 pandemie	Ja	150 000	150 000	-

Naam van oordrag-ontvanger	Soort organisasie	Doel waarvoor die fondse gebruik is	Het die Dept. voldoen aan artikel 38(1)(j) van die WOFB?	Bedrag oorgedra (R)	Bedrag bestee deur die entiteit (R)	Redes vir die fondse wat nie deur die entiteit bestee is nie
Wes-Kaapse Provinsiale Sportkonfederasie	Konfederasie	Befondsing vir implementering van projekte, administrasie, reise en verblyfonkoste	Ja	616 140	616 140	-
Wes-Kaapse Provinsiale Sportkonfederasie	Konfederasie	Hulpbefondsing vir finansiële verliese tydens die Covid-19 pandemie.	Ja	716 940	716 940	-
SPORTFASILITEITE						
Laingsburg Munisipaliteit	Munisipaliteit	Opgradering van badkamerligte	Ja	717 350	381 834	Die finansiële jaar van Munisipaliteite eindig aan die einde van Junie 2021.
Hessequa Munisipaliteit	Munisipaliteit	Opgradering van ligte, stadionligte, pale, storte en pawiljoene vir sitplekke	Ja	600 000	-	Die finansiële jaar van Munisipaliteite eindig aan die einde van Junie 2021.
Knysna Munisipaliteit	Munisipaliteit	Opgradeer karatara	Ja	600 000	-	Die finansiële jaar van Munisipaliteite eindig aan die einde van Junie 2021.
Langeberg Munisipaliteit	Munisipaliteit	Opgradering van Robertson Sportgronde	Ja	800 000	-	Die finansiële jaar van Munisipaliteite eindig aan die einde van Junie 2021.
Swellendam Munisipaliteit	Munisipaliteit	Bydrae tot kleedkamers, heining	Ja	600 000	-	Die finansiële jaar van Munisipaliteite eindig aan die einde van Junie 2021.
Kaap Agulhas	Munisipaliteit	Opgradering van ligte, netbalpale, kleedkamers en toilette	Ja	800 000	-	Die finansiële jaar van Munisipaliteite eindig aan die einde van Junie 2021.
Saldanhaabaai Munisipaliteit	Munisipaliteit	Opgradeer Ronnie Louw Sportgronde	Ja	600 000	-	Die finansiële jaar van Munisipaliteite eindig aan die einde van Junie 2021.
TOTAAL VIR PROGRAM 4				131 908 037	33 520 616	
TOTALE OORDRAGTE VIR BEGROTINGSPOS				415 384 410	239 595 991	

Alle oordragbetalings wat begroot is vir die tydperk 1 April 2020 tot 31 Maart 2021 is gedoen.

7. Voorwaardelike Toekennings

7.1. Voorwaardelike Toekennings en Geormerkte fondse betaal

Die Departement het geen voorwaardelike toekennings of geormerkte fondse gedurende 2020/21 betaal nie.

7.2. Voorwaardelike Toekennings en Geormerkte fondse ontvang

Voorwaardelike Toekennings: Gemeenskapsbiblioteekdiens Toekenning

Departement wat Toekenning oorgedra het	Nasionale Departement van Sport, Kuns en Kultuur
Doel van Toekenning	Om die kwaliteit van die biblioteekdiens in die Wes-Kaap te verbeter
Verwagte uitsette van die Toekenning	Soos in tabel hier onder
Ware uitsette bereik	Soos in tabel hier onder
Bedrag per gewysigde WVI	R 151 426 000.00
Bedrag ontvang	R 151 426 000.00
Redes indien bedrag soos per WVI nie ontvang is nie	nvt
Bedrag deur Departement bestee	R 151 246 000.00
Redes vir nie-besteding van fondse	nvt
Redes vir afwykings van prestasie	Soos per tabel hier onder
Maatreëls getref om prestasie te verbeter	nvt
Moniteringsmeganisme deur ontvangende departement	Gereelde besoeke en maandelikse en kwartaallikse verslae aan die nasionale departement voorgelê

Voorwaardelike Toekennings: Gemeenskapsbiblioteekdiens Toekenning				
No.	Prestasie-aanduider	Geplande teiken 2020/21	Werklike prestasie 2020/21	Kommentaar op afwykings
1.1	Getal biblioteekposte deur voorwaardelike toekenning befonds	656	656	-
1.2	Getal biblioteekmateriaal kopieë aangeskaf	5 000	12 095	Herprioriterings van besparings waar projekte as gevolg van Covid-19 vertraag is
1.3	Getal nuwe biblioteekprojekte van befondsing voorsien	2	2	-
1.4	Getal voorwaardelike toekennings moniteringsbesoeke aan munisipaliteite	65	43	Sektor vir grootste deel van die jaar gesluit as gevolg van Covid-19 pandemie. Moniteringsbesoeke kon nie plaasvind nie.

Voorwaardelike Toekennings: Gemeenskapsbiblioteekdiens Toekenning				
No.	Prestasie-aanduider	Geplande teiken 2020/21	Werklike prestasie 2020/21	Kommentaar op afwykings
1.5	Getal munisipaliteite wat voorwaardelike toekennings oordragbetalings ontvang	21	21	-
1.6	Getal biblioteekopgraderings van befondsing voorsien	0	0	-
1.7	Getal Mini-biblioteke vir die Blindes gevestig	1	1	-
1.8	Getal opleidingsprogramme aangebied	0	0	-

Voorwaardelike toekennings: Massadeelname en Sportontwikkeling Toekenning

Departement wat Toekenning oorgedra het	Sport en Ontspanning Suid-Afrika (Begroting 20)
Doel van Toekenning	Die fasilitering van sport en ontspanning deelname en bemagtiging in vennootskap met relevante belanghebbendes
Verwagte uitsette van die Toekenning	Soos in tabel hier onder
Werklike uitsette bereik	Soos in tabel hier onder
Bedrag per gewysigde WVI	R60 354 000
Bedrag ontvang	R60 354 000
Redes indien bedrag soos per WVI nie ontvang is nie	NVT
Bedrag deur Departement bestee	R60 353 000
Redes vir nie-besteding van fondse deur die entiteit	0.01 persent van die Toekenning is as gevolg van besparings op KwW (R730.27)
Redes vir afwykings van prestasie	Soos in tabel hier onder
Maatreëls getref om prestasie te verbeter	nvt
Moniteringsmeganisme deur ontvangende departement	Gereelde besoeke en maandelikse en kwartaallikse verslae aan die nasionale departement voorgelê (Sport en Ontspanning Suid-Afrika)

Voorwaardelike Toekennings: Klubontwikkeling				
No.	Prestasie-aanduider	Geplande teiken 2020/21	Werklike prestasie 2020/21	Kommentaar op afwykings
1.1	Getal mense opgelei om klubontwikkeling aan te bied	300	151	As gevolg van Covid-19 en die VT-toekenning vermindering van R23m, kon slegs 151 van die teiken bereik word.
1.2	Getal plaaslike ligas ondersteun	24	12	As gevolg van Covid-19 kon al 24 ligas nie plaasvind nie as gevolg van die noodsaak om sosiale afstand te hou en ondersteuning kon slegs aan 12 ligas gebied word.
1.3	Getal klubs van toerusting en /of klere voorsien	180	180	-
1.4	Getal sportakademies ondersteun	7	7	-

Voorwaardelike Toekennings: Klubontwikkeling				
No.	Prestasie-aanduider	Geplande teiken 2020/21	Werklike prestasie 2020/21	Kommentaar op afwykings
1.5	Getal klubs wat deelneem in die Landelike Sportontwikkelingsprogram	100	0	As gevolg van Covid-19 kon die Landelike Ontwikkelingsplan nie plaasvind nie.
1.6	Getal mense opgelei om sportakademie program aan te bied	150	0	As gevolg van Covid-19 en die vermindering van die VT-begroting kon die teiken nie bereik word nie.
1.7	Getal atlete deur sportakemies ondersteun	210	105	As gevolg van Covid-19 en die vermindering van die VT-begroting kon die teiken nie bereik word nie.
1.8	Getal personeel aangestel op 'n permanente basis binne 7% toekenning	6	12	12 is regoor Program 4 aangestel (6 in Klubontwikkeling en 6 in Siyadlala)
1.9	Getal sportfokusskole ondersteun	1	1	-
1.10	Getal gemeenskap sportkoördineerders vergoed	4	4	-

Voorwaardelike Toekenning: Siyadlala-Gemeenskapsmassadeelnameprogram				
No.	Prestasie-aanduider	Geplande teiken 2020/21	Werklike prestasie 2020/21	Kommentaar op afwykings
1.1	Getal jeugdige wat aan Nasionale Jeugkamp deelneem	200	0	Nasionale Departement het die projek gekanselleer as gevolg van Covid-19.
1.2	Getal sport en ontspanning projekte geïmplementeer deur sportrade	7	6	As gevolg van die begrotingsbesnoeiing en daaropvolgende hersiene teiken in die goedgekeurde sakeplan is die teiken na 4 verminder. Twee addisionele verslae is by die sportrade ingedien.
1.3	Getal mense wat aktief aan georganiseerde sport en aktiewe ontspanningsaktiwiteite deelneem	31 000	3 661	As gevolg van die begrotingsbesnoeiing en daaropvolgende hersiene teiken in die goedgekeurde sakeplan is die teiken na 2 000 verminder. Laer waarskuwingsvlakke soos vlak 1 het meer beweging toegelaat en beter deelname as beplan.
1.4	Getal Inheemse Spele-Klubs wat aan Inheemse Spele-toernooie deelneem	108	30	As gevolg van die begrotingsbesnoeiing en daaropvolgende hersiene teiken in die goedgekeurde sakeplan is die teiken na 30 verminder.
1.5	Getal Aktiewe Ontspanning Koördineerders vergoed	2	1	Die OO-proses het die posvlak van die koördineerders bepaal en dit het daartoe gelei dat daar alleenlik fondse vir die aanstelling van een persoon was.

Voorwaardelike Toekenning: Skolesportmassadeelnameprogram				
No.	Prestasie-aanduider	Geplande teiken 2020/21	Werklike prestasie 2020/21	Kommentaar op afwykings
1.1	Getal leerders ondersteun om aan nasionale skolekonomies deel te neem	650	0	Die hersiene teiken was 0, omdat geen nasionale aktiwiteite plaasgevind het nie as gevolg van die Covid-19 pandemie.
1.2	Getal leerders wat op provinsiale vlak aan skolesporttoernooie deelneem	1 680	305	Oorprestasie was as gevolg van die instel van waarskuwingsvlak 1 reaksie op Covid-19.
1.3	Getal leerders wat op distriksvlak aan skolesporttoernooie deelneem	6 400	3 171	Oorprestasie op die hersiene teiken van 2 700, as gevolg van 'n toename in deelname in die klusters wat in al die distrikte oor die Provinsie gestig is.
1.4	Getal skolesportkoördineerders vergoed	5	5	-
1.5	Getal skolesportstrukture ondersteun	16	16	-
1.6	Getal persone wat opgelei is om skolesport aan te bied	380	786	Oorprestasie op die hersiene teiken van 680, as gevolg van 'n toename in belangstelling in die virtuele opleiding wat plaasgevind het.
1.7	Getal skole van toerusting en/of uniforms voorsien	309	309	-

Geormerkte toewysings

Die volgende is 'n uiteensetting van geormerkte toewysings (begroting, ware besteding en (oor-)/onderbesteding) vir die 2020/21-boekjaar:

Naam van geormerkte toewysing	Aangepaste begroting R'000)	Werklike besteding (R'000)	(Oor-/onderbesteding (R'000)
Werksepping (voltydse ekwivalent) UOWK: Program 2: Kultuursake	2 000	2 000	-
Oordragte na Stad Kaapstad se biblioteke vir infrastruktuur en instandhouding	10 550	10 550	-
Munisipale vervangingsbefondsing	80 652	80 351	302
Breëbandkonnektiwiteit vir biblioteke en biblioteekdienste-aanvulling vir breëband	2 017	1 736	281
Naskoolse program en Saak vir Sport (GBS geld word beëindig)	35 403	35 403	-
Diensstabilisasie vir massasporttoekenning vermindering	3 461	3 461	-
Werksepping (voltydse ekwivalent) UOWK: Program 4: Sport en Ontspanning	5 000	5 000	-
MGO-sentrums insluitend onderhoud, nutsdienste en sekuriteit	6 000	4 792	1 208
Ondernemingsinhoudbestuur (OIB)	4 757	4 757	-
Wieg van Menslike Kultuur – Argeologiese en paleoontologiese-erfenistoerismoete	1 100	1 100	-

Naam van geormerkte toewysing	Aangepaste begroting (R'000)	Werklike besteding (R'000)	(Oor-/onder-besteding (R'000))
Kapasiteitsbou van Erfenishulpbronbestuur om uitvoering te gee aan die Wet op Erfenishulpbronbestuur, 1999 (Wet 25 van 1999) (WEHB)	507	-	507
Ondersteuning vir Kuns- en Kultuurorganisasies (NRO – jaarlikse befondsing)	4 933	4 933	-
Naskoolse Program – Jeug in Diens	8 500	8 500	-
Addisionele geormerkte toewysing vir biblioteekmateriaal	5 000	5 000	-
Kapasiteitsbou van die Wes-Kaapse Argiewe en Rekorddiens	706	706	-
Aanbied van die Netbal Wêreldbeker 2023	4 000	4 000	-

Werkseeping (voltydse ekwivalent) UOWP: Program 2: Kultuursake (R2 000 000)

Die Direkoraat: Kuns, Kultuur en Taal in die Departement Kultuursake en Sport het 'n ekstra R 1 000 000 vir die jaarlikse UOWP-toekenning ontvang. Dit het positiewe gevolge gehad en gelei tot die totstandkoming van 71 addisionele UOWP-werkseleenthede vir werklose jeugdiges.

Oordragte aan Stad Kaapstad biblioteke vir infrastruktuur en onderhoud (R10 550 000)

R10 550 miljoen is oorgedra aan die Stad Kaapstad vir infrastruktuur en onderhoud. Moniteringmeganismes het ingesluit gereelde besoeke en maandelikse- en kwartaalverslae voorgelê deur die Metro aan die Departement.

Munisipale Vervangingsfonds: (R80 652 000)

Die doel van hierdie toewysing was om munisipale investering in biblioteekdienste te ondersteun en om die toekomstige professionele lewering en ontwikkeling van sodanige dienste in die mees kwesbare B3-munisipaliteite van die Wes-Kaap te handhaaf. Vyftien munisipaliteite het oordragbetalings vir personeel, bedryfs- en/of kapitaalbesteding ten opsigte van biblioteke ontvang. Die begroting vir hierdie geormerkte toewysing was R80 652 000. Moniteringmeganismes het ingesluit gereelde besoeke en maandelikse- en kwartaalverslae voorgelê deur die Munisipaliteite aan die Departement.

Breëbandkonnektiwiteit vir biblioteke (R2 017 000)

Die doel van hierdie toewysing was om IKT-fasiliteite met gratis internettoegang aan openbare biblioteke te voorsien. Een nuwe terrein is met die internet gekoppel wat die totale aantal terreine wat deur die Landelike Biblioteekkonnektiwiteitsprojek gekonnekteer is op 228 bring. Die oorspronklike toekenning was R 7 651 000. Na die tweede aanpassing is die Breëbandtoekenning hersien tot R 2 107 miljoen waarvan R 1 736 miljoen spandeer is. As gevolg van Covid-19 en die sluiting van die sektor is die IKT toerusting aangekoop vir 2020/21 verdrag. Daar is versoek dat R 281 000 oorgedra word.

Naskoolse Program en Saak vir Sport (R35 403 000)

Die doel van hierdie toekenning was om die voetspoor van Naskoolse Programme uit te brei, 'n ondersteunende ekosisteem te bou wat toeganklik is vir ons jeug en kwaliteit programmering te verseker deur kapasiteitsbou. Tydens 'n onlangse investeringgeval vir Naskoolse Programme wat deur die Naskoolse Navorsingssimposium ontstaan het, het Nic Spaul gemeld dat waar dit 12 jaar behoort te neem om te matrikuleer in Suid-Afrika, dit eintlik

inderwaarheid 31 jaar neem gegewe die voorkoms van uitsak en herhaling van grade. Om dit en die ongelykheid van toegang tot opvoeding aan te spreek, wat vererger is deur Covid-19, vereis dat verder as die klaskamer gesoek word. Dit is die funksie van die Naskool Programme. Dit skep geleenthede vir kinders om hul passie te vind en te ontwikkel, dit skep ruimte om agterstande aan te spreek en die belangrikste, dit inspireer leerders om aan hulle opvoeding te werk.

Hierdie toekenning is ook aangewend om funksies en aktiwiteite van die MGO-sentrums en sy buurtskoolsentrums te ondersteun. Hierdie sentrums het gestruktureerde, naskoolse programme wat skoolgaande kinders op daaglikse basis toegang bied tot ontspanning, sport en kuns- en kulturgeleenthede. Toegang word ook tydens naweke en vakansies gebied. Terwyl deelnemers dit op vrywillige basis bywoon, word gereelde en konsekwente bywoning aangemoedig en ook as noodsaaklik vir die deelnemers aan die sentrums beskou. Die MGO- en Buurtskoolprogramme met hul MGO- en Buurtskoolsentra word oor die hele Wes-Kaap aangebied en verskaf ook werkseleenthede aan werklose jeugdige in die gemeenskap.

Diensstabilisering vir die vermindering van toekennings vir massasport (R3 461 000)

Die befondsing is toegeken om die bevordering van Sporttoerisme in die Wes-Kaap te verseker en om sport as sektor in die Wes-Kaap te bevorder, om gesondheid en welstand in die Wes-Kaapse Regering te bevorder en om die operasionele begroting in die Distrikskantore te steun. Ongelukkig, as gevolg van die Covid-19 pandemie was dit nie moontlik om die gesondheid en welstand program aan te bied nie en is die befondsing teruggegee aan die Provinsiale Tesourie. Hierdie befondsing was ook vir sportbevordering in die Wes-Kaap, vir die vervoer en reis na nasionale geleenthede en toernooie, insluitend ad hoc-befondsing vir atlete wat na internasionale geleenthede reis. Die befondsing vir internasionale reis is nie gebruik nie aangesien atlete nie kon reis nie as gevolg van die Covid-19 pandemie en die befondsing is aan die Provinsiale Tesourie teruggegee.

Werkseeping (voltydse ekwivalent) UOWP: Program 4: Sport en Ontspanning (R5 000 000)

Die befondsing ontvang is aangewend vir werkseeping, met tot gevolg dat 86 mense gewerf sal word om te help met die Klubontwikkelingsprogram, Kliënte-ondersteuning, Gespesialiseerde Dienste, Distrikskantore en die HD: Sport en Ontspanning. Die fondse sal verder gebruik word vir kapasiteitsbou en bemagtiging van personeel.

Die toekenning is ook gebruik om werkseleenthede vir werklose jeugdige in gemeenskappe te skep. Hierdie werkseleenthede het voorgekom in ons MGO-sentrums en Buurtskoolprogramme. Tesame met die fokus op massadeelname, dien hierdie programme ook as talentpoele waar deelnemers met potensiaal in ontspanning, sport, kuns en/of kultuur identifiseer kan word vir volgende-vlak deelname. Werknemers in hierdie programme, byvoorbeeld die afrigters, het verder toegang tot verskeie geleenthede, bv hulle kan verskeie geakkrediteerde kursusse bywoon.

MGO-sentrums insluitend onderhoud, nutsdienste en sekuriteit (R6 000 000)

Skoolgebaseerde, veeldoelige, gedeelde fasiliteite word ontwikkel by verskeie MGO-sentrums (of klusters van MGO-sentrums) en/of hul buurskole. Elkeen van hierdie gedeelde fasiliteite het op sy beurt hulp nodig met betrekking tot sy onderhoud, nutsdienste en sekuriteitskoste. Die fasiliteite word gedeel en deur al die skole in die buurt gebruik, sowel as die omliggende woonbuurte. Dit bied aan die deelnemers veilige en bevorderlike ruimtes en 'n plek waar hulle

betrokke kan raak in hul onderskeie ontspanning, sport, kuns- en kultuuraktiwiteite, van 'n massadeelname vlak, tot 'n bemeesteringsvlak. Hierdie fasiliteite kan ook soos 'n tuiste beskou word, omdat dit is waar deelnemers ontmoet, met mekaar in aanraking kom, 'n gevoel van aanvaarding ontwikkel, sowel as 'n identiteit, omdat dit is waar hulle selfbeeld groei en hulle waardesisteem verder ontwikkel word.

Ondernemingsinhoudbestuur (OIB) (R3 058 000)

Hierdie toekenning was vir operasionele sowel as projekverwante befondsing. Dit het die omvattende bekendstel van DvdP sowel as DvK ingesluit en is teen 31 Maart 2021 suksesvol voltooi.

Wieg van Menslike Kultuur – Argeologiese en paleontologiese- erfenis toerismoete (R1 100 000)

Die toekenning is vir die vestiging van toerisme infrastruktuur op 'n terrein by Diepkloof Rock Shelter en vir 'n interpretatiewe sentrum in Elandsbaai, wat interpretatiewe naamborde, 'n promenade, ablusiegeriewe en 'n parkeerarea by die terrein insluit. Vordering tot op datum sluit in die vestiging van die Elandsbaai Museum, wat sal dien as die Interpretasiesentrum; identifikasie van die lokaal wat die afsluiting van 'n Memorandum van Ooreenkoms met die plaaslike munisipaliteit oor die gebruik van die fasiliteit in Elandsbaai sal vereis; die voltooiing van 'n paneeluitstalling (tans in stoor) by die terrein; die voorgestelde area vir die parkeerplek moes ingesluit word by die formeel gazette beskermde area in terme van s28 van die EHB. Omdat Diepkloof rotsskuiling 'n Provinsiale Erfenisterrein is, is die area rondom die PHS as 'n beskermde area verklaar in terme van s28. Dit is gedoen deur 'n proses met Erfenis Wes-Kaap.

Kapasiteitsbou van Erfenishulpbronbestuur om effek te gee aan die Nasionale Erfenishulpbronbestuur Wet, 1999 (Wet 25 van 1999)(NEHB) (R507 000)

Die doel van die toekenning is om die uitdagings van personeel en ondersteuningsinfrastruktuur aan te spreek; om ondersteuning te bied om 'n hoogs doeltreffende en effektiewe erfenishulpbronbestuur deur kapasiteitsbou binne Erfenis Wes-Kaap. 'n Moderniseringproses vind tans plaas vir die renovasie van die 1^{ste} en 3^{de} verdiepings van die Protea Assuransie Gebou om die personeelkomponent te kan uitbrei met EHBP-personeel gesekondeer na EWK. Die aankope van kantoormeubels is reeds toegewys op die Basiese Rekeningstelsel en geld is oorgedra na 2021/22 om die verkrygingsprosesse te finaliseer, wat deur die Departement van Vervoer en Openbare Werke begelei word. Dit sal verseker dat die renovasie aan die gesondheid en veiligheidsnorme en standarde voldoen.

Ondersteuning aan Kuns- en Kultuurorganisasies (NRO – Jaarlikse befondsing) (R 4 933 000)

'n Addisionele bedrag van R 8 500 000 is ontvang vir oordragbetalings en toekennings om Kuns- en Kultuurorganisasies wat aktief betrokke is by die bevordering, ontwikkeling en bewaring van kuns en kultuur, te ondersteun.

Naskoolse Programme – Jeug in Diens (R8 500 000)

Die Jeug en Naskoolse Jeug in Diens begroting het 'n addisionele R8.5 miljoen ontvang om ons jeugdiens aanbod uit te brei en om 'n ekosisteem van steun aan jongmense te ontwikkel. 'n Verdere R1.5 miljoen is ontvang om die aanbod in Atlantis uit te brei en om die areagebaseerde voetspoor te versterk en die jeug te ondersteun deur in te skakel by die Presidensiële Basiese Pakket van dienswerk. Al die befondsing is bestee.

Addisionele geormerkte toekenning vir biblioteekmateriaal (R 5 000 000)

Hierdie toekenning is bestee op die verkryging van biblioteekmateriaal vir openbare biblioteke. Die fondse is toegeken op SLIMS en besluite oor die besteding is by die Seleksiekomitee vergaderings gemaak. Moniteringmeganisme sluit in om op te volg met verskaffers oor uitstaande bestellings.

Kapasitasie van die Wes-Kaapse Argief en Rekorddienste (R706 000)

Befondsing is deur Provinsiale Tesourie toegestaan vir die Argiefdiens vir KvW onder program 3 Bestuursbegroting: vir 2020/21 finansiële jaar, 'n bedrag van R2.2 miljoen, vir 2021/22 finansiële jaar 'n bedrag van R2.3 miljoen, en 2022/23 finansiële jaar 'n bedrag van R2.4 miljoen. Fondse is aangevra om kritieke poste te vul by Wes-Kaap Argiewe vir Rekordbestuur en die Argiefbestuur afdelings.

Aanbied van die Netbal Wêreldbeker 2023 (R4 000 000)

Hierdie toekenning is vir die Netbal Wêreldbeker nalatenskapprojekte in die volgende munisipaliteite: Hessequa, Swellendam, Kaap Agulhas, Knysna, Langeberg en Saldanhabaai. Dis sal vir die opgradering en konstruksie van netbalbane gebruik word.

8. Skenkerfondse

Geen skenkerfondse is in die oorsigjaar ontvang nie.

9. Kapitaalbelegging

9.1. Kapitaalbelegging, instandhouding en batebestuursplan

Geen.

Deel C

BESTUURSOORSIG

1. Inleiding

Bestuursoorsig, risikobestuur en nakoming is drie pilare wat saamwerk met die doel om seker te maak dat die Departement sy doelwitte bereik. Nakoming van die Departement se beleide en prosedures, wette en regulasies, asook sterk en doeltreffende bestuursoorsig word as die sleutel tot die Departement se sukses beskou. Hierdie afdeling verskaf 'n oorsig van die bestuursoorsig wat 'n integrale deel van die Departement uitmaak.

2. Risikobestuur

Die Departement het 'n Ondernemingsrisikobestuur- en Etiekkomitee (ORBEK) ingestel om die Rekenpligtige Beampte by te staan in sy verantwoordelikhede met betrekking tot risikobestuur.

VERANTWOORDELIKHEID VAN DIE ORBEK (ERMECO)

Die Ondernemingsrisikobestuur- en Etiekkomitee (ORBEK) rapporteer dat die verpligtinge ingevolge artikel 38(1)(a)(i) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, Tesourieregulasie 3.2.1 en Staatsdiensregulasies van 2016, hoofstuk 2, deel 1, 2 en 3 nagekom is. Die ORBEK rapporteer ook dat die gepaste formele Opdrag (op 29 Maart 2019 goedgekeur deur die ORBEK se voorsitter) aanvaar is en sake in ooreenstemming met hierdie Opdrag gereguleer het en al die verantwoordelikhede daarin vervat, nagekom het.

ORBEK-LEDE (ERMECO-LEDE)

Die ORBEK bestaan uit RB, topbestuur; SMS en geselekteerde lede van die Departement se bestuurspan. Soos volgens die Opdrag het die ORBEK vier keer (kwartaalliks) vergader tydens die oorsigjaar. Die meeste vergaderings is deur al die lede of sy/haar verteenwoordiger bygewoon.

Die tabel hieronder gee die toepaslike inligting oor ORBEK-lede:

LID	POS	GETAL VERGADERINGS BYGEWOON	DATUM AANGESTEL
Mnr B Walters	Rekenpligtige beampte (ORBEK-voorsitter)	3	31/03/2017
Me B Rutgers	Direkteur: Finansiële Bestuur (HFB)	3	31/03/2017
Me C Sani	Direkteur: Biblioteekdiens	4	31/03/2017
Mnr D Esau	Adjunk-direkteur: Interne Beheer (Risikobeampte)	4	31/03/2017
Mnr D Flandorp	Adjunk-direkteur: Eenheid vir Korporatiewe Verhoudinge (Etiekbeampte))	1	31/03/2017
Mnr G Mohamed (het DKES op 31 Augustus 2020 verlaat)	Direkteur: Ondernemingsinhoudbestuur	3	31/03/2017
Mnr G Redman	HD: Kultuursake	4	31/03/2017
Me J Boulle	HD: Naskoolse Program	3	31/03/2017

LID	POS	GETAL VERGADERINGS BYGEWOON	DATUM AANGESTEL
Me J Moleleki	Direkteur: Kuns, Kultuur en Taal, WKTK, WKKK	4	31/03/2017
Dr L Bouah	HD: Sport en Ontspanning	4	31/03/2019
Dr M Dlamuka (het DKES op 30 November 2020 verlaat)	Direkteur: Museums, Erfenis en Geografiese Namedienste RB: EWK	4	31/03/2017
Me N Dingayo	Direkteur: Provinsiale Argiefdiens	4	12/03/2019
Mnr S Julie	Direkteur: Strategiese en Bedryfsbestuursteun	4	31/03/2017
Mnr T Tutu	Direkteur: Sportbevordering	4	31/03/2017
Mnr P Hendricks	Direkteur: Sportontwikkeling	4	31/03/2017

Die volgende is 'n aanduiding van ander amptenare wat die ORBEK-vergaderings vir die verslagjaar bygewoon het:

NAAM	POS	BYGEWOON
Me A Haq	Direkteur: Ondernemingsrisikobestuur (DvdP)	3
Mnr D Micketts	Hoofrisiko-adviseur: Ondernemingsrisikobestuur (DvdP)	4
Me N Mabude	Risiko Adviseur: Ondernemingsrisikobestuur (DvdP)	4
Me M Natesan	Adjunk-direkteur: Provinsiale Forensiese Dienste (DvdP)	4

SLEUTELAKTIWITEITE VAN DIE ORBEK

Die Rekenpligtige Beampte is die voorsitter van die ORBEK en die Adjunk-direkteur: Interne Beheer is die Risikobeampte van die Departement.

In die uitvoering van sy funksie, het die ORBEK gedurende die jaar die volgende sleutelaktiwiteite uitgevoer:

- a) Die Departement se Risikobestuurbeleid, -strategie en implementeringsplan vir aanbeveling by die Ouditkomitee en goedkeuring deur die Rekenpligtige Beampte, is hersien;
- b) Monitor en hersien risiko's en pas gepaste risikovraag en -toleransies toe soos in die Provinsiale Ondernemingsrisikobestuurbeleid en Strategie (PORBS) aanvaar deur die Provinsiale Topbestuur. Rapporteer enige materiële veranderinge van die risikoprofiel aan die Rekenpligtige Beampte;
- c) Die Departement se burger-gesentreerde strategiese risiko's is bevestig. Dit illustreer die Departement se pogings om die bydraende faktore en impak wat die burger direk raak, aan te spreek.
- d) Risiko-intelligensie en tendensverslae is ontvang;
- e) Opkomende risiko's is geïdentifiseer;
- f) Het die implementering van die bedrogvoorkomingsimplementeringsplan gemonitor;
- g) Het die omvang en effektiwiteit van die integrasie van die risikobestuurplan binne die Departement evalueer;

- h) Het die implementering van die Departementele Risikobestuurbeleid, Strategie en Implementeringsplan beoordeel;
- i) Het die doeltreffendheid en versagtingstrategieë om aandag te gee aan wesenlike, etiese en ekonomiese misdaadrisiko's evalueer;
- j) Het oorsig oor etiese bestuur in die Departement verskaf.

SLEUTELRISIKO'S WAT GEDURENDE DIE JAAR OORWEEG EN GEHANTEER IS

Die volgende is die sleutelrisiko's vir die Departement wat gedurende die jaar oorweeg en aangespreek is:

Onvermoë om die Departement se statutêre en verwante dienste te lewer as gevolg van onbeplande beduidende ontwinging(s);

Beperkte vermoë om die Departement se uitkomste te bereik; en

Vernietiging/skade aan eiendom.

Daar is oor elke program se risiko's beraadslaag en gedebatteer gedurende die jaar en voorgelê tydens kwartaallike ORBEK-vergaderings. Daar is van senior bestuurders vereis om terugvoer te verskaf oor vordering met die implementering van aksieplanne om die waarskynlikheid dat risiko's mag materialiseer en/of die impak sou dit materialiseer, te verminder. ORBEK het ook risiko's terugverwys wat meer omvattend ontleed moes word en het addisionele versagting of aksies aanbeveel om risiko's te bestuur.

Die Ouditkomitee vir die Maatskaplike Kluster het onafhanklike toesig oor die departement se stelsel van risikobestuur verskaf. Die Ouditkomitee is voorsien van kwartaallike ERM-vorderingsverslae en risikoregisters om hul onafhanklike toesighoudende rol uit te voer.

BELANGRIKE OPKOMENDE RISIKO'S VIR DIE VOLGENDE BOEKJAAR

Die Departement is uiters bewus van die ekonomiese realiteite en krimpende begrotingskoevert teenoor maatskaplike behoeftes. Hierdie potensiele risiko's word fyn dopgehou en gemonitor, bespreek en bestuur.

AFSLUITING

Daar was beduidende vordering met die bestuur van risiko's gedurende die 2020/21-boekjaar. Goeie vordering is gemaak om risikobestuur vas te lê en om die risiko-volwassenheidsvlak binne die Departement te verhoog, wat bygedra het tot gunstige prestasie van die Departement. Die verbetering kan toegeskryf word aan risikobewustheid en opleidingsprogramme wat aan amptenare in die departement voorsien word via die MS Teams medium gedurende die Covid-19 pandemie. Die Departement het daarin geslaag om konsekwent te bly ten opsigte van toepassing van risikobestuur prosesse gedurende die uitdagende Covid-19 pandemie era.

Die verhoogde risiko-volwassenheid binne die departement het gelei tot verbeterde risikoresponsstrategieë vir risiko's wat binne die verskillende programme (in die Departement) geïdentifiseer is.

3. Bedrog en korrupsie

Bedrog en korrupsie hou beduidende maandelike risiko's in vir die Departement se bates en kan 'n negatiewe uitwerking hê op doeltreffende dienslewering en die Departement se reputasie.

Die Wes-Kaapse Regering (WKR) het 'n teenbedrog-en-korrupsiestrategie aanvaar wat die provinsie se standpunt bevestig van geen verdraagsaamheid teenoor bedrog, diefstal en korrupsie. In lyn met hierdie strategie is die Departement verbind tot geen verdraagsaamheid ten opsigte van korrupte, bedrieglike of enige ander kriminele aktiwiteite, hetsy intern of ekstern, en enige partye wat by sulke praktyke betrokke is of poog om dit te doen, word ingevolge alle beskikbare regsmaatreke vervolgt.

Die Departement het 'n goedgekeurde bedrog-en-korrupsievoorkomingsplan en 'n bedrogvoorkomingsimplementeringsplan, wat uitvoering gee aan die bedrogvoorkomingsplan.

Daar bestaan verskillende kanale vir die aanmelding van beweerde bedrog, diefstal en korrupsie, wat breedvoerig in die provinsiale Teenbedrog-en-korrupsiestrategie, die Fluitjieblaasbeleid van die WKR en die departementele Bedrog-en-korrupsievoorkomingsplan beskryf word. Elke bewering wat deur die Eenheid vir Provinsiale Forensiese Dienste (PFD) ontvang word, word in 'n gevallebestuurstelsel aangeteken, wat as 'n bestuursinstrument gebruik word om verslag te doen oor vordering met gevalle wat verband hou met die Departement en om statistiek vir die provinsie en Departement te genereer.

Werknemers wat die fluitjie blaas oor vermoedelike bedrog, korrupsie en diefstal word beskerm, indien die bekendmaking 'n beskermde bekendmaking is (d.w.s. voldoen aan statutêre vereistes van die Wet op Beskermde Openbaarings, 26 van 2000, bv. te goeder trou gedoen). Die Fluitjieblaasbeleid verskaf riglyne aan werknemers oor hoe om bekomernis by die gepaste lynbestuur, spesifieke aangewese persone in die WKR of eksterne instellings aan te meld, waar hulle redelike gronde het om te glo dat oortredings of onbehoorlikhede binne die WKR plaasvind of plaasgevind het. Die geleentheid om anonimiteit te bly, word verleen aan enige persoon wat dade van bedrog, diefstal en korrupsie wil aanmeld en indien hulle dit persoonlik doen, word hulle identiteit vertroulik gehou deur die persoon by wie hulle dit aanmeld.

Wanneer bedrog, diefstal of korrupsie bevestig is ná afloop van 'n ondersoek, word die betrokke werknemer wat aan dié dade deelgeneem het aan 'n dissiplinêre verhoor onderwerp. In alle sodanige gevalle word daar van die WKR-vertegenwoordiger wat die dissiplinêre verrigtinge geïnisieer het, verwag om die ontslag van die betrokke werknemer aan te beveel. Waar prima facie bewyse van kriminele gedrag bespeur word, word 'n strafregtelike saak by die Suid-Afrikaanse Polisie aangemeld.

Vir die oorsigjaar het die PFD 'n Saakbewegingsertifikaat vir die Departement uitgereik wat die volgende aandui:

Sake	Getal sake
Onafgehandelde sake soos op 1 April 2020	0
Nuwe sake (2020/21)	0
Afgehandelde sake (2020/21)	0
Onafgehandelde sake soos op 31 Maart 2021	0

4. Vermindering van botsende belange

Daar word van elke lid van die Seniorvlakbestuursdiens (SBD) verwag om jaarliks 'n finansiële openbaarmaking in te dien om te verseker dat daar geen botsende belange ten opsigte van die Departement se werksaamhede is nie. Alle personeel in die Direkoraat: Finansiële Bestuur op salarislvlak 11-12, asook departementele etiekbeampes, het hul finansiële openbaarmakings ingedien. Alle etiekbeampes het die aanlynkursus oor etiek voltooi. Hierbenewens dien elke personeellid wat op 'n keuringspaneel dien, 'n verklaring in om te verseker dat daar geen botsende belange is ten opsigte van kandidate wat om geadverteerde poste aansoek doen nie. Indien daar 'n botsing van belange vir 'n paneellid sou ontstaan, word daar van hom of haar vereis om aan die proses te onttrek. Daar word van elke lid van 'n bodkomitee vereis om 'n verklaring van belange te onderteken wanneer aanbiedings geëvalueer en beoordeel word. Personeel binne die Subdirekoraat Korporatiewedienste: Verhoudingsbestuur het 'n verklaring van geheimhouding voltooi omdat hul daaglik met sensitiewe inligting rakende menslikehulpbronne werk. Die prosedure van verklaring van belange is aan personeel van die DKES versprei en personeel is versoek om aan te dui of daar moontlike botsing van belange bestaan tydens die uitvoering van hul pligte.

5. Gedragskode

Alle pas aangestelde PAY-interns ontvang die gedragskode as deel van hul departementele induksiepakket wanneer hulle diens aanvaar. Die Kode is aan alle personeel versprei en personeel moes bevestig dat hulle die dokument ontvang het. Die Departement het riglyne aangeneem oor die gebruik van sosiale media. Hierdie riglyne strook met die provinsiale beleid op sosiale media en waarsku personelede om sosiale media verstandig te gebruik. Die riglyne is beskikbaar vir alle personeel en word tydens komponentvergaderings aangebied om te verseker dat personeel hul verantwoordelikheid begryp wanneer hulle sosiale media gebruik. Die vergoeding vir werk buite die Staatsdiens (RWOPS)-vorm is aan die DKES-personeel versprei.

6. Gesondheid-, veiligheid- en omgewingskwessies

As gevolg van die Covid-19 pandemie het Gesondheid-, Veiligheid- en Omgewingskwessies baie aandag ontvang om beide personeel van die Departement sowel as besoekers te verseker van 'n veilige omgewing.

Gedurende Junie 2020, in terme van seksie 16(5) van die Covid-19 Beroepsgesondheid- en Veiligheidsmaatreëls by die werk Covid-19 (C19 BGV), 2020, is die volgende aanstellings gemaak:

- 1 Nakomingsbeampte
- BGV COVID-19 Stuurkomitee lede
- 53 Fasiliteitsnakomingsbeampes

Die Beroepsgesondheid en Veiligheid (BGV) Covid-19 Beleid is goedgekeur saam met die Werkplek Protokolle waar Fasiliteitsnakomingsbeampes risikobepalings by die werkplek uitgevoer het om te verseker dat gesondheid- en veiligheidstandaarde voortdurend volgehou

word. Persoonlike beskermende toerusting is gedurende April en Mei 2020 verkry, versprei en gemonitor om aanvulling van voorrade te verseker.

Inspeksie van die Hoofkantoor is op 'n gereelde basis uitgevoer, maar as gevolg van die Covid-19 pandemie, kon jaarlikse oudits nie uitgevoer word nie en alternatiewe maatreëls is geïmplementeer. Fasiliteitsnakomingsbeamptes het hulle eie inspeksies uitgevoer, gebaseer op die vorige jaar se bevindings, regstellende maatreëls implementeer waar nodig en die opgedateerde inspeksiebevindings aan Hoofkantoor teruggestuur.

SBD-posvlak	Getal aktiewe SBD-poste per vlak	Getal SBD-lede per vlak	Getal ondertekende prestasie-ooreenkomste per vlak	Getekende prestasie-ooreenkomste as 'n % van SBD-lede per vlak
Departementshoof	1	1	1	100,0
Salarisvlak 14	3	3	3	100,0
Salarisvlak 13	8	8	8	100,0
Totaal	12	12	12	100,0

Nota: Hierdie tabel verwys slegs na werknemers wat as lede van die Senior vlak bestuursdiens (SBD) aangestel is. Werknemers wat vergoeding bó salarisvlak 12 ontvang, maar wat nie SBD-lede is nie, is uitgesluit. Voorts weerspieël die tabel inligting wat met salarisse per pos verband hou en nie die individuele salarisvlakke van werknemers nie. Die toekenning van prestasieverwante belonings (kontantbonus vir SBD-lede word later in die verslag aangegee. Raadpleeg Tabel 3.8.5 in hierdie verband. Die sluitingsdatum vir SBD-lede om die Prestasie-Ooreenkomste vir 2020/21 te onderteken, is uitgestel tot 31 Oktober 2020, as gevolg van die Covid-19 pandemie, soos in 'n DODA omsendbrief uitgereik in hierdie verband.

Tabel 3.6.2: Redes waarom prestasie-ooreenkomste nie op 31 Oktober 2020 met alle SBD-lede aangegaan is nie

Redes waarom prestasie-ooreenkomste nie met alle SBD-lede aangegaan is nie
Geen

Tabel 3.6.3: Dissiplinêre stappe ingestel teen SBD-lede wat nie teen 31 Oktober 2020 prestasie-ooreenkomste aangegaan het nie

Dissiplinêre stappe ingestel teen SBD-lede wat nie prestasie-ooreenkomste aangegaan het nie
Geen vereis nie

3.7. VUL VAN SBD-POSTE

Die tabelle in hierdie afdeling verskaf inligting oor indiensneming en vakatures soos dit met lede van die SBD volgens salarisvlak verband hou. Dit verskaf ook inligting oor die advertering en vul van SBD-poste, redes waarom daar nie aan voorgeskrewe tydraamwerke voldoen is nie en dissiplinêre stappe wat ingestel is in gevalle van nie-nakoming.

Tabel 3.7.1: Inligting oor SBD-poste soos op 30 September 2020

SBD-vlak	Getal aktiewe SMS-poste per vlak	Getal SBD-poste gevul per vlak	% van SBD-poste gevul per vlak	Getal SBD-poste vakant per vlak	% van SBD-poste vakant per vlak
Departementshoof	1	1	100,0	0	-
Salarisvlak 14	2	2	100,0	0	-
Salarisvlak 13	9	9	100,0	0	-
Totaal	12	12	100,0	0	-

Nota: Hierdie tabel verwys slegs na werknemers wat as lede van die Senior vlak bestuursdiens (SBD) aangestel is. Werknemers wat vergoeding bó salarisvlak 12 ontvang, maar wat nie SBD-lede is nie, is uitgesluit.

Tabel 3.7.2: Inligting oor SBD-poste soos op 31 Maart 2021

SBD-posvlak	Getal aktiewe SMS-poste per vlak	Getal SBD-poste gevul per vlak	% van SBD-poste gevul per vlak	Getal SBD-poste vakant per vlak	% van SBD-poste vakant per vlak
Departementshoof	1	1	100,0	0	-
Salarisvlak 14	2	2	100,0	0	-
Salarisvlak 13	9	8	88,9	1	11,1
Totaal	12	11	91,7	1	8,3

Nota: Hierdie tabel verwys slegs na werknemers wat as lede van die Senior vlak bestuursdiens (SBD) aangestel is. Werknemers wat vergoeding bó salarisvlak 12 ontvang, maar wat nie SBD-lede is nie, is uitgesluit..

Tabel 3.7.3: Advertering en vul van SBD-poste soos op 31 Maart 2021

SBD-posvlak	Advertering		Vul van poste	
	Getal vakatures per vlak binne ses maande geadvertreer ná vakant geraak	Getal vakatures per vlak binne 6 maande gevul ná vakant geraak	Getal vakatures per vlak nie binne 6 maande gevul nie, maar binne 12 maande gevul	
Departementshoof	1	0	0	
Salarisvlak 14	0	0	0	
Salarisvlak 13	1	0	0	
Totaal	2	0	0	0

Tabel 3.7.4: Redes vir nie-nakoming van vul van aktiewe SBD-poste – geadverteer binne 6 maande en gevul binne 12 maande ná vakant geraak

SBD-posvlak	Redes vir nie-nakoming
Departementshoof	NvT
Salarisvlak 14	NvT
Salarisvlak 13	NvT

Tabel 3.7.5: Dissiplinêre stappe ingestel vir nie-nakoming van voorgeskrewe hydraamwerke vir vul van SBD-poste binne 12 maande

Dissiplinêre stappe ingestel vir nie-nakoming van voorgeskrewe hydraamwerke vir vul van SBD-poste
Geen

3.8. WERKNEMERPRESTASIE

Die volgende tabelle toon die getal personeel volgens salarisband (Tabel 3.8.1) en personeel in kritieke beroepe (Tabel 3.8.2) wat 'n kerfvoordering verkry het weens prestasiebestuur (d.w.s. kwalifiserende werknemers wat tussen 3 en 4 vir hul prestasiebeoordeling ontvang het).

Tabel 3.8.1: Kerfvoorderings per salarisband, 1 April 2020 tot 31 Maart 2021

Salarisband	Werknemers soos op 31 Maart 2020	Vorderings na 'n ander kerf binne 'n salarisvlak	Kerfvoorderings as 'n % van werknemers per salarisband
Laer geskool (vlak 1-2)	99	39	39,4
Geskool (vlak 3-5)	158	104	65,8
Hoogs geskool: produksie (vlak 6-8)	184	97	52,7
Hoogs geskool: toesighouding (vlak 9-12)	78	55	70,5
Senior bestuur (vlak 13-16)	12	6	50,0
Totaal	531	301	56,7

Tabel 3.8.2: Kerfvoorderings per kritieke beroep, 1 April 2020 tot 31 Maart 2021

Kritieke beroep	Werknemers soos op 31 Maart 2020	Vorderings na 'n ander kerf binne 'n salarisvlak	Kerfvoorderings as 'n % van werknemers per salarisband
Argivaris	17	9	52,9
Kultuurbeampte	6	2	33,3
Erfenisbeampte	3	1	33,3
Taalpraktisyns	6	4	66,7
Bibliotekaris	24	11	45,8
Museumgeesteswetenskaplike	8	17	212,5
Sportbevoorderingsbeampte	18	7	38,9
Totaal	82	51	62,2

Ten einde goeie prestasie aan te moedig, het die Departement die volgende prestasiebelonings vir die 2019/20-prestasietydperk aan werknemers toegeken, maar dit is eers in die 2020/21-boekjaar uitbetaal. Die inligting word aangebied volgens ras, geslag en gestremdheid (Tabel 3.8.3), salarisbande (Tabel 3.8.4 en Tabel 3.8.5) en kritieke beroepe (Tabel 3.8.6).

Tabel 3.8.3: Prestasiebelongings volgens ras, geslag en gestremdheid, 1 April 2020 tot 31 Maart 2021

Ras en geslag	Profiel van begunstigdes			Koste	
	Getal begunstigdes	Totale getal werknemers in groep soos op 31 Maart 2020	% van totaal in groep	Koste (R'000)	Gemiddelde koste per begunstigde (R)
Swart	0	142	0,0	0	0
Manlik	0	73	0,0	0	0
Vroulik	0	69	0,0	0	0
Bruin	0	291	0,0	0	0
Manlik	0	141	0,0	0	0
Vroulik	0	150	0,0	0	0
Indiër	0	7	0,0	0	0
Manlik	0	4	0,0	0	0
Vroulik	0	3	0,0	0	0
Wit	0	80	0,0	0	0
Manlik	0	23	0,0	0	0
Vroulik	0	57	0,0	0	0
Werknemers met 'n gestremdheid	0	11	0,0	0	0
Totaal	0	531	0,0	0	0

Tabel 3.8.4: Prestasiebelonings (kontantbonus) per salarisband vir personeel onder S8D-vlak, 1 April 2020 tot 31 Maart 2021

Salarisbande	Profiel van begunstigde			Koste		
	Getal begunstigdes	Totale getal werknemers in groep soos op 31 Maart 2020	% van totaal in groep	Koste (R'000)	Gemiddelde koste per begunstigde (R)	Koste as 'n % van die totale personeel-besteding
Laer geskoold (vlak 1-2)	0	99	0,0	0	0	0,0
Geskoold (vlak 3-5)	0	158	0,0	0	0	0,0
Hoogs geskoold: produksie (vlak 6-8)	0	184	0,0	0	0	0,0
Hoogs geskoold: Toesighouding (vlak 9-12)	0	78	0,0	0	0	0,0
Totaal	0	519	0,0	0	0	0,0

Nota: Die koste word bereken as 'n persentasie van die totale personeelbesteding vir salarislak 1– 12 soos weerspieël in Tabel 3.1.2.

Tabel 3.8.5: Prestasiebelonings (kontantbonus), per salarisband, vir SBD-vlak, 1 April 2020 tot 31 Maart 2021

Salarisband	Profiel van begunstigde			Koste		
	Getal begunstigdes	Totale getal werknemers in groep soos op 31 Maart 2020	% van totaal in groep	Koste (R'000)	Gemiddelde koste per begunstigde	Koste as 'n % van die totale personeelbesteding
Senior Bestuur Salarisband A (Vlak 13)	0	9	0,0	0	0	0,0
Senior Bestuur Salarisband B (Vlak 14)	0	2	0,0	0	0	0,0
Senior Bestuur Salarisband C (Vlak 15)	0	1	0,0	0	0	0,0
Totaal	0	12	0,0	0	0	0,0

Nota: Die koste word bereken as 'n persentasie van die totale personeelbesteding vir salarisvlak 13-16 soos weerspieël in Tabel 3.1.2.

Tabel 3.8.6: Prestasiebelonings (kontantbonus) per kritieke beroep, 1 April 2020 tot 31 Maart 2021

Kritieke beroep	Profiel van begunstigde			Koste		
	Getal begunstigdes	Totale getal werknemers in groep soos op 31 Maart 2020	% van totaal in groep	Koste (R'000)	Gemiddelde koste per begunstigde (R)	Koste as 'n % van die totale personeelbesteding
Argivaris	0	17	0,0	0	0	0,0
Kultuurbeampte	0	6	0,0	0	0	0,0
Erfenisbeampte	0	3	0,0	0	0	0,0
Taalpraktisyns	0	6	0,0	0	0	0,0
Bibliotekaris	0	24	0,0	0	0	0,0
Museumgeesteswetenskaplike	0	8	0,0	0	0	0,0
Sportbevoororderings-beampte	0	18	0,0	0	0	0,0
Totaal	0	82	0,0	0	0	0,0

3.9 BUITELANDSE WERKERS

Die tabelle hieronder gee 'n opsomming van die indiensneming van buitelandse burgers in die Departement ten opsigte van salarisbande (Tabel 3.9.1) en hoofberoep (Tabel 3.9.2). Die tabelle bied ook 'n opsomming van die totale getal buitelandse werkers in elke salarisband en volgens elke hoofberoep.

Tabel 3.9.1: Buitelandse werkers per salarisband, 1 April 2020 tot 31 Maart 2021

Salarisband	1 April 2020		31 Maart 2021		Verandering	
	Getal	% van totaal	Getal	% van totaal	Getal	% verandering
Laer geskool (vlak 1-2)	0	0,0	0	0,0	0	0
Geskool (vlak 3-5)	0	0,0	0	0,0	0	0
Hoogs geskool: produksie (vlak 6-8)	0	0,0	0	0,0	0	0
Hoogs geskool: toesighouding (vlak 9-12)	1	100,0	1	100,0	0	100,0
Senior bestuur (vlak 13-16)	0	0,0	0	0,0	0	0
Totaal	1	100,0	1	100,0	0	100,0

Nota: Die tabel hierbo sluit nie-burgers met permanente verblyf in die Republiek van Suid-Afrika in.

Tabel 3.9.2: Buitelandse werkers per hoofberoep, 1 April 2020 tot 31 Maart 2021

Hoofberoep	1 April 2020		31 Maart 2021		Verandering	
	Getal	% van totaal	Getal	% van totaal	Getal	% verandering
Projekbeampte	1	100,0	1	100,0	0	100,0
Totaal	1	100,0	1	100,0	0	0,0

Nota: Die tabel hierbo sluit nie-burgers met permanente verblyf in die Republiek van Suid-Afrika in.

3.10. VERLOFBENUTTING VIR DIE TYDPERK 1 JANUARIE 2020 TOT 31 DESEMBER 2020

Die volgende tabelle gee 'n aanduiding van die benutting van siekteverlof (Tabel 3.10.1) en ongeskiktheidsverlof (Tabel 3.10.2). In albei gevalle word die geskatte koste van die verlof ook verskaf.

Tabel 3.10.1: Siekteverlof, 1 Januarie 2020 tot 31 Desember 2020

Salarisband	Totale dae	% dae met mediese sertifikaat	Getal werknemers wat siekteverlof benut	Totale getal werknemers	% of totale werknemers wat siekteverlof benut	Gemiddelde dae per werknemer	Geraamde koste (R'000)
Interns	36	44,4	19	75	25,3	2	8
Laer geskool (vlak 1-2)	156	60,3	37	62	59,7	4	68
Geskool (vlak 3-5)	429	76,2	105	184	57,1	4	275
Hoogs geskool: produksie (vlak 6-8)	447	75,4	105	204	51,5	4	523
Hoogs geskool: toesighouding (vlak 9-12)	228	80,7	50	78	64,1	5	412
Senior bestuur (vlak 13-16)	20	75,0	5	13	38,5	4	75
Totaal	1 316	73,9	321	616	52,1	4	1 361

Nota: Die verloftoekenning soos bepaal in die "Verlofbepalings", gelees saam met die toepaslike kollektiewe ooreenkomste, maak voorsiening vir normale siekteverlof van 36 werksdae in 'n siekteverlofsiklus van drie jaar. Die driejaar-siekteverlofsiklus het in Januarie 2019 begin en eindig in Desember 2021. Die inligting in elke geval toon die totale verlof, met uitsluiting van ongeskiktheidsverlof, wat deur werknemers geneem is. Vir 'n aanduiding van ongeskiktheidsverlof geneem, raadpleeg Tabel 3.10.2.

Tabel 3.10.2: Ongeskiktheidsverlof, 1 Januarie 2020 tot 31 Desember 2020

Salarisband	Totale dae	% dae met mediese sertifikaat	Getal werknemers wat siekteverlof benut	Totale getal werknemers	% of totale werknemers wat siekteverlof benut	Gemiddelde dae per werknemer	Geraamde koste (R'000)
Interns	0	0,0	0	75	0,0	0	0
Laer geskool (Vlakke 1-2)	4	100,0	1	62	1,6	4	2
Geskoold Vlakke 3-5)	4	100,0	1	184	0,5	4	3
Hoogs geskool produksie (Vlakke 6-8)	24	100,0	2	204	1,0	12	28
Hoogs geskool toesighouding (Vlakke 9-12)	1	100,0	1	78	1,3	1	1
Senior bestuur (Vlakke 13-16)	0	0,0	0	13	0,0	0	0
Totaal	33	100,0	5	616	0,8	7	34

Nota: Die verloftoekenning soos bepaal in die "Verlofbepalings", gelees saam met die toepaslike kollektiewe ooreenkomste, maak voorsiening vir normale siekteverlof van 36 werksdae in 'n siekteverlofsiklus van drie jaar. Wanneer 'n werknemer sy of haar normale siekteverlof uitgeput het, moet die werkgewer ondersoek instel na die aard en omvang van die werknemer se ongeskiktheid. Sodanige ondersoeke moet uitgevoer word ingevolge item 10(1) van bylae 8 van die Wet op Arbeidsverhoudinge.

Ongeskiktheidsverlof is nie 'n onbeperkte hoeveelheid addisionele siekteverlofdae tot 'n werknemer se beskikking nie. Ongeskiktheidsverlof is addisionele siekteverlof wat voorwaardelik toegeken word volgens die werkgewer se diskresie, soos daarvoor voorsiening gemaak is in die Verlofbepalings en Beleid oor Ongeskiktheidsverlof en Aftrede weens Swak Gesondheid (PILIR).

Tabel 3.10.1) gee 'n opsomming van die gebruik van die jaarlikse verlof. Die salaris-ooreenkoms wat met die vakbonde aangegaan is met die Koördinerende Bedingsraad vir die Staatsdiens in 2000 vereis die bestuur van jaarlikse verlof om hoë vlakke van die uitbetaal van opgehoopte verlof by beëindiging van diens te voorkom.

Tabel 3.10.3: Jaarlikse verlof, 1 Januarie 2020 tot 31 Desember 2020

Salarisband	Totale dae geneem	Totale getal werknemers wat jaarlikse verlof benut	Gemiddelde getal dae geneem per werknemer
Interns	330	51	6
Laer geskool (Vlakke 1-2)	982	61	16
Geskoold Vlakke 3-5)	2 920	182	16
Hoogs geskool produksie (Vlakke 6-8)	3 516	204	17
Hoogs geskool toesighouding (Vlakke 9-12)	1 464	78	19
Senior bestuur (Vlakke 13-16)	235	13	18
Totaal	9 447	589	16

Tabel 3.10.4: Opgehoopde verlof, 1 Januarie 2020 tot 31 Desember 2020

Salarisband	Totale opgehoopde verlof beskikbaar soos op 31 Des 2019	Totale dae opgehoopde verlof geneem	Getal werknemers wat opgehoopde verlof benut	Gemiddelde getal dae geneem per werknemer	Getal werknemers met opgehoopde verlof soos op 31 Des 2020	Totale opgehoopde verlof beskikbaar soos op 31 Des 2020
Interns	0,28	0	0	0	0	0
Laer geskool (Vlakke 1-2)	1 435	63	2	32	49	1 430
Geskoolde Vlakke 3-5)	1 633	11	2	6	48	1 621
Hoogs geskoolde produksie (Vlakke 6-8)	819	61	2	31	19	743
Hoogs geskoolde toesighouding (Vlakke 9-12)	295	0	0	0	4	295
Totaal	4 182	135	6	23	120	4 089

Nota: Dit is moontlik dat die totale getal opgehoopde verlofdae kan styg, aangesien werknemers wat bevorder is of na die Departement oorgeplaas is hulle opgehoopde verlofkrediete behou, wat deel vorm van daardie spesifieke salarisband en uiteindelik van die departementele totaal.

Tabel 3.10.5: Verlofuitbetalings, 1 April 2020 tot 31 Maart 2021

Rede	Totale Bedrag (R'000)	Getal werknemers	Gemiddelde betaling per werknemer
Verlofuitbetalings gedurende 2020/21 weens nie-benutting van verlof in die vorige siklus	0	0	0
Uitbetalings vir opgehoopde verlof by diensbeëindiging	476	5	95 153
Huidige verlofuitbetalings by diensbeëindiging	299	36	8 301
Totaal	775	41	18 893

3.11. GESONDHEIDSVORDERINGSPROGRAMME, MET INBEGRIIP VAN MIV EN VIGS

Tabel 3.11.1: Maatreëls getref om die risiko van beroepsblootstelling te verminder, 1 April 2020 tot 31 Maart 2021

Eenhede/ kategorieë werknemers wat geïdentifiseer is as hoë risiko om MIV en verwante siektes (indien enige) op te doen	Belangrike maatreëls getref om die risiko te verminder
Die aard van die Departement se werk stel werknemers nie bloot aan 'n verhoogde risiko om MIV/vigs op te doen nie. Ondanks die baie lae beroepsrisiko word alle werknemers op alle vlakke binne die Departement geteiken.	<p>As gevolg van die Covid-19 pandemie en inperkingsstoestand is die gesondheidsbevorderingsplanne opgeskort.</p> <p>Werknemer-gesondheids- en welstanddienste word aan alle werknemers in nood gelewer en sluit die volgende in:</p> <ul style="list-style-type: none"> ▪ 24/7/365 telefoonberading; ▪ persoonlike berading(4-sessie-model); ▪ trauma- en kritieke-insidentberading; ▪ bewusmaking rakende MIV/vigs, insluitend aanlyn e-sorgdiensteun ▪ opleiding, afrigting en geteikende intervensies waar nodig.

Tabel 3.11.2: Besonderhede oor gesondheidsbevordering, insluitend MIV/vigs-programme, 1 April 2020 tot 31 Maart 2021

Vraag	Ja	Nee	Besonderhede, indien ja
1. Het die Departement 'n lid van die SBD aangewys om die bepalings soos vervat in Deel VI E van Hoofstuk 1 van die Staatsdiensregulasies, 2016, te implementeer? Indien wel, verskaf sy/haar naam en posisie	P		Me Letitia Isaacs, Waarnemende Direkteur, Organisasoriese Gedrag, (Departement van die Premier)
2. Het die Departement 'n toegewyde eenheid of het dit spesifieke personeellede aangewys om die gesondheid en welstand van werknemers te bevorder? Indien wel, dui die getal werknemers aan wat by hierdie taak betrokke is en die jaarlikse begroting wat vir hierdie doel beskikbaar is.	P		Die Korporatiewedienstesentrum (KDS) in die Departement van die Premier verskaf 'n transversale diens aan die 11 departemente, insluitend die Departement van Kultuursake en Sport. n Spesifieke werknemergesondheid- en welstandeenheid in die Direkoraat: Organisasoriese Gedrag en die Hoofdirekoraat: Organisasoriese Ontwikkeling dien om die gesondheid en welstand van werknemers in die 11 kliëntdepartemente te bevorder. Die eenheid bestaan uit 'n adjunk-direkteur, drie assistent-direkteure en twee WGW-praktisyns. Begroting: R4.293 m
3. Het die Departement 'n werknemerbystand- of gesondheidsbevorderingsprogram vir werknemers ingestel? Indien wel, dui die sleutelemente/-dienste van hierdie program aan.	P		Die Departement van die Premier het 'n diensvlakoooreenkoms met Metropolitan Health (eksterne diensverskaffer) aangegaan om 'n werknemergesondheid- en welstanddiens aan die elf (11) departemente van die Korporatiewedienstesentrum te lewer. Die volgende intervensies is aangegaan: Herintegrasie in werksituasie; Geestesgesondheid en Konflikbestuur. Hierdie intervensies is op die uitbreek van die Covid-19 pandemie gebaseer, sowel as die tendense wat in die kwartaalverslae reflekteer is en geïmplementeer om werknemersbehoefes aan te spreek. Die geteikende intervensies vir werknemers sowel as bestuurders was gemik op persoonlike ontwikkeling, die bevordering van gesonde leefstyle, en die verbetering van hanteringsvaardighede. Dit het aanbiedings, werkswinkels, groeibesprekings om bewustheid te skep en werknemers aan te moedig om 'n proaktiewe benadering te hê om die impak van hierdie probleme in die werkplek te beperk, behels. Geteikende intervensies is ook geïmplementeer om bestuurders toe te rus met instrumente om werknemers in die werkplek te betrek. Inligting oor hoe om toegang tot die WGW-diens te verkry, is aanlyn gedeel.

Vraag	Ja	Nee	Besonderhede, indien ja
4. Het die Departement ('n) komitee(s) ingestel soos beoog in deel VI E.5 (e) van hoofstuk 1 van die Staatsdiensregulasies, 2016? Indien wel, verskaf die name van die lede van die komitee en die belanghebbende(s) wat hulle verteenwoordig.	P		<p>Die Provinsiale Werknemergesondheid- en Welstandbestuurskomitee is ingestel, met lede wat deur elke departement genomineer is.</p> <p>Die Departement van Kultuursake en Sport word deur mnr Devero Flandorp en me Bernadine Damons verteenwoordig.</p>
5. Het die Departement indiensnemingsbeleide en -praktyke hersien om te verseker dat dit nie onbillik teen werknemers diskrimineer op grond van hul MIV-status nie? Indien wel, lys die indiensnemingsbeleide/-praktyke wat dienooreenkomstig hersien is.	P		<p>Die transversale bestuursraamwerk vir werknemergesondheid- en welstandprogramme binne die Wes-Kaapse Regering is in werking en is in Desember 2016 deur die Koördinerende Kamer van die KBRS vir die Wes-Kaap aanvaar.</p> <p>n hierdie verband maak alle indiensnemingsbeleide voorsiening vir billike praktyke, ongeag die MIV-status van personeel of aansoekers. Werkplekpraktyke word voortdurend gemonitor om beleidsnakoming en regverdigheid te verseker.</p> <p>Onder die WGW-banier is vier WGW-beleide goedgekeur, waaronder MIV & Vigs, en TB-bestuur wat reageer op die voorkoming van diskriminasie in die werkplek teen werknemers met MIV/vigs en TB, en dié wat daardeur geaffekteer word.</p> <p>Hierbenewens het die Departement van Gesondheid, die leidende departement rakende MIV/vigs, die transversale MIV/vigs-/SOI werkplekbeleid en -program goedgekeur wat op alle departemente van die Wes- Kaapse Regering van toepassing is. Die beleid is in lyn met die vier pilare van die gewysigde Nasionale Strategiese WGW-raamwerk 2018.</p> <p>Gedurende die verslagtydperk is die transversale WGW-beleide, waaronder die beleid vir die bestuur van MIV, vigs en TB, deur die DSA geoudit ten opsigte van die DSA-beleide, sowel as die Nasionale Strategiese Plan vir MIV, TB en SOI's (2017-2022), wat inklusiwiteit en uitskakeling van diskriminasie en stigma teenoor werknemers met MIV verseker.</p>
6. Het die Departement maatreëls ingestel om MIV-positiewe werknemers, of diegene wat as MIV-positief beskou word, teen diskriminasie te beskerm? Indien wel, lys die sleutelemente van dié maatreëls.	P		<p>Die Departement het die Provinsiale Strategiese Plan oor MIV/vigs, SOI's en TB 2017 – 2022 geïmplementeer om MIV en TB in die hoofstroom te plaas en die geslag- en regtegebaseerde dimensies daarvan by die kernmandate in te sluit om MIV-verwante stigma te verminder.</p> <p>Die doel is om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • diskriminasie ten opsigte van MIV en TB in die werkplek te verminder. Dit sluit veldtogte teen onbillike diskriminasie en die bemagtiging van werknemers in.

Vraag	Ja	Nee	Besonderhede, indien ja
			<ul style="list-style-type: none"> onbillike diskriminasie ten opsigte van toegang tot dienste te verminder. Dit sluit in dat seker gemaak word dat die Direktoraat Werknemerverhoudinge aandag gee aan klagtes of griewe met betrekking tot onredelike diskriminasie en dat opleiding aan werknemers verskaf word. <p>As gevolg van die Covid-19 pandemie kon die Departement nie beplande maatreëls om die stigma en diskriminasie teen mense wat infekteer of moontlik met VIGS infekteer is, implementeer nie. Dit het die volgende maatreëls ingesluit:</p> <ul style="list-style-type: none"> Toetsingsessies (Bloeddruk, Glukose, Cholesterol, TB, BMI) MBT-toetsing TB-praatjies en-toets Verspreiding van plakkate en pamflette; Verspreiding van kondome en impromptu- gesprekke; en Die viering van Wêreld-vigsdag en welstandsgeleentehede.
7. Moedig die Departement sy werknemers aan om vir MIV berading-en-toetsing (MBT) te gaan? Indien wel, lys die resultate wat behaal is.	P		<p>MBT-SESSIES:</p> <p>Daar is geen MBT-sessies in die verslagtydperk gehou nie as gevolg van die Covid-19 inperkings.</p>
8. Het die Departement maatstawwe/aanwysers ontwikkel om die impak van sy gesondheidsbevorderingsprogram te monitor en te evalueer? Indien wel, lys dié maatstawwe/aanwysers.	P		<p>Die impak van gesondheidsbevorderingsprogramme word aangedui deur inligting wat via die kwartaallike verslae van die WGWP voorsien word. Die Werknemergesondheid- en Welstandprogram (WGWP) word deur kwartaallike en jaarlikse verslagdoening gemonitor en die ontleding van tendense kan gedoen word deur die vergelyking van departementele benutting en demografie, d.w.s. ouderdom, geslag, probleemprofiel, werknemer- vs. bestuurderbenutting, getal gevalle. Temas en tendense gee ook 'n beeld van die risiko's en impak wat die WGWP-kwessies op individue en die werkplek het.</p>

3.12. ARBEIDSBETREKINGE

Die volgende provinsiale kollektiewe ooreenkomste is gedurende die periode met vakbonde aangegaan.

Tabel 3.12.1: Kollektiewe ooreenkomste, 1 April 2020 tot 31 Maart 2021

Totale kollektiewe ooreenkomste	Geen
--	-------------

Tabel 3.12.2 gee 'n opsomming van die uitslag van dissiplinêre verhore wat gedurende die oorsigjaar binne die departement gehou is.

Tabel 3.12.2: Wangedrag en dissiplinêre verhore gefinaliseer, 1 April 2020 tot 31 Maart 2021

Uitslag van dissiplinêre verhoor	Getal sake gefinaliseer	% van totaal
Afdanking	1	100,0
Totaal	1	100,0
Persentasie van totale diensstaat		0,2

Nota: Uitslag van dissiplinêre verhore verwys slegs na formele gevalle

Tabel 3.12.3: Tipes wangedrag by dissiplinêre verhore hanteer, 1 April 2020 tot 31 Maart 2021

Tipes wangedrag	Getal	% van totaal
Nalatige of opsetlike wanbestuur van finansies	1	100,0
Totaal	1	100,0

Tabel 3.12.4: Griewe ingedien, 1 April 2020 tot 31 Maart 2021

Griewe ingedien	Getal	% van totaal
Getal griewe opgelos	6	75,0
Getal griewe nie opgelos nie	2	25,0
Totale getal griewe ingedien	8	100,0

Nota: Griewe ingedien verwys na sake wat binne die verslagdoeningsperiode gefinaliseer is. *Onopgeloste griewe verwys na sake waar die uitslag nie ten gunste van die gegriefde party was nie. Alle sake, opgelos en ongelos, is afgehandel.

Tabel 3.12.5: Dispute by Rade ingedien, 1 April 2020 tot 31 Maart 2021

Dispute by Rade ingedien	Getal	% van totaal
Getal dispute gehandhaaf	0	0,0
Getal dispute afgewys	1	100,0
Totale getal dispute ingedien	1	100,0

Nota: Rade verwys na die Koördinerende Bedingingsraad vir die Staatsdiens (KBRS) en die Algemene Staatsdienssektorbedingingsraad (ASDSBR). Wanneer 'n dispuut "gehandhaaf" word, beteken dit dat die Raad die appèl as regsgeldig en geloofwaardig ten gunste van die benadeelde ag. Wanneer 'n dispuut "afgewys" word, beteken dit dat die Raad nie ten gunste van die benadeelde beslis het nie.

Tabel 3.12.6: Stakings, 1 April 2020 tot 31 Maart 2021

Stakings	Getal
Totale getal persoonwerksdae verloor	0
Totale koste (R'000) van werksdae verloor	0
Bedrag (R'000) verhaal as gevolg van geen werk, geen betaling	0

Tabel 3.12.7: Voorkomende skorsings, 1 April 2020 tot 31 Maart 2021

Voorkomende skorsings	Getal
Getal persone geskors	0
Getal persone wie se skorsing 30 dae oorskry het	0
Gemiddelde getal dae geskors	0
Koste (R'000) van skorsings	0

Nota: Voorkomende skorsings verwys na personeel wat met volle salaris geskors is, terwyl die saak ondersoek word.

3.13. VAARDIGHEIDSONTWIKKELING

Hierdie afdeling beklemtoon die Departement se pogings ten opsigte van vaardigheidsontwikkeling. Tabel 3.13.1 weerspieël die opleidingsbehoefte soos aan die begin van die oorsigtydperk en Tabel 3.13.2 die werklike opleiding wat verskaf is.

Tabel 3.13.1: Opleidingsbehoefte geïdentifiseer, 1 April 2020 tot 31 Maart 2021

Beroepskategorieë	Geslag	Getal werknemers soos op 1 April 2020	Opleiding verskaf aan begin van verslagtydperk			Totaal
			Leerderskappe	Vaardigheidsprogramme en ander kortkursusse	Ander vorms van opleiding	
Wetgewers, senior amptenare en bestuurders (Salarisband 13 – 16)	Vroulik	4	0	8	0	8
	Manlik	8	0	21	0	21
Beroepslui (Salarisband 9 - 12)	Vroulik	45	0	81	0	81
	Manlik	32	0	40	0	40
Tegnici en verwante beroepslui (Salarisband 6 - 8)	Vroulik	115	0	149	0	149
	Manlik	85	0	128	0	128
Klerke (Salarisband 3 – 5)	Vroulik	89	0	162	0	162
	Manlik	88	0	147	0	147
Basiese beroepe (Salarisband 1 – 2)	Vroulik	32	0	21	0	21
	Manlik	30	0	45	0	45
Subtotaal	Vroulik	285	0	421	0	421
	Manlik	243	0	381	0	381
Totaal		528	0	802	0	802
Werknemers met gestremdhede	Vroulik	7	0	1	0	1
	Manlik	4	0	2	0	2

Nota: Die tabel hierbo identifiseer die opleidingsbehoefte aan die begin van die verslagdoeningsperiode volgens die Departement se Werkplekvaardigheidsplan.

Tabel 3.13.2: Opleiding verskaf, 1 April 2020 tot 31 Maart 2021

Beroepskategorieë	Geslag	Getal werknemers soos op 31 Maart 2021	Opleiding verskaf gedurende die verslagtydperk			
			Leerderskappe	Vaardigheidsprogramme en ander kortkursusse	Ander vorms van opleiding	Totaal
Wetgewers, senior amptenare en bestuurders (Salarisband 13 – 16)	Vroulik	4	0	0	0	0
	Manlik	7	0	2	0	2
Beroepslui (Salarisband 9 - 12)	Vroulik	43	0	21	0	21
	Manlik	32	0	4	0	4
Tegnici en verwante beroepslui (Salarisband 6 - 8)	Vroulik	112	0	51	0	51
	Manlik	87	0	30	0	30
Klerke (Salarisband 3 – 5)	Vroulik	89	0	18	0	18
	Manlik	84	0	6	0	6
Basiese beroepe (Salarisband 1 – 2)	Vroulik	29	0	1	0	1
	Manlik	30	0	2	0	2
Subtotaal	Vroulik	277	0	91	0	91
	Manlik	240	0	44	0	44
Totaal		517	0	135	0	135
Werknemers met gestremdeheid	Vroulik	7	0	1	0	1
	Manlik	4	0	0	0	0

Nota: Die tabel hierbo identifiseer die getal opleidingskursusse wat gedurende die oorsigtydperk deur individue bygewoon is.

3.14. BESERING AAN DIENS

Hierdie afdeling verskaf basiese inligting oor beserings wat tydens amptelike diens opgedoen is.

Tabel 3.14.1: Besering aan diens, 1 April 2020 tot 31 Maart 2021

Aard van besering aan diens	Getal	% van totaal
Slegs basiese mediese aandag benodig	1	50,0
Tydlike ongeskiktheid	1	50,0
Permanente ongeskiktheid	0	0,0
Noodlottig	0	0,0
Totaal	2	100,0
Persentasie van totale diensstaat		0,3

3.15. BENUTTING VAN KONSULTANTE

Tabel 3.15.1: Aanstelling van konsultante deur aanwending van begrote fondse

PROGRAM	KONSULTANTFIRMA	PROJEKTITEL	AARD VAN DIE PROJEEK	TOTALE GETAL KONSULTANTE WAT OP DIE PROJEEK GEWERK HET	DUUR: WERKSDAE/URE	KONTRAKWAARDE IN RAND	TOTALE GETAL PROJEKTE	TOTALE INDIVIDUELE KONSULTANTE	BGSEB-VLAK
2	Calorb Consultancy	Erfenis-kundigheid	Voorsiening van erfenis-kundigheid om erfenisaansoeke ingevolge die Wet op Nasionale Hulpbronne te verwerk vir 'n tydperk van 6 maande (Maart-Sept 2020)	3	2 976 uur (totaal)	R434 400.00	1		
2	Calorb Consulting	Erfenis-kundigheid	Voorsiening van erfenis-kundigheid om erfenisaansoeke ingevolge die Wet op Nasionale Hulpbronne te verwerk vir 'n tydperk van 6 maande (Okt 2020 – Maart 2021)	3	372 dae (2 976 uur) (totaal)	R451 200.00	1		
2	I and M Futureneer Advisors	Lewensvatbaarheidstudie van terreine mbt Nelson Mandela Roete na Vryheid (deel van die voorgestelde Weerstand en Bevryding Erfenisroete)	Lewensvatbaarheidstudie oor voorgestelde ontwikkeling van Die Pad na Vryheid: terreine verwant aan die Nelson Mandela Roete na Vryheid op 11 Februarie 1990	3	406 uur (totaal)	R345 000.00	1		
2	I and M Futureneer Advisors	Lewensvatbaarheidstudie van "Tussen Die Riviere" (deel van voorgestelde Weerstand en Bevryding Erfenisroete)	Lewensvatbaarheidstudie van "Tussen Die Riviere": Herdenking van vroeë nalatenskap van weerstand by die inheemse mense van SA	3	324 uur (totaal)	R276 000.00	1		
2	Soeker Solutions	Nuwe uitstalling vir Worcester Museum	Navorsing, kurasie en vervaardiging van 'n nuwe uitstalling vir Worcester Museum	16	239 uur (totaal)	R57 000.00	1		
3	Datacentrix	OIB vir twee Wes-Kaapse departemente	Implementering van 'n OIB-oplossing in twee Wes-Kaapse departemente deur SITA en OpenText, 'n geakkrediteerde IKT-verkoper	8	249 dae (totaal)	R4 795 204.77	1		

PROGRAM	KONSULTANTFIRMA	PROJEKTITEL	AARD VAN DIE PROJEK	TOTALE GETAL KONSULTANTE WAT OP DIE PROJEK GEWERK HET	DUUR: WERKSDAE/URE	KONTRAKWAARDE IN RAND	TOTALE GETAL PROJEKTE	TOTALE INDIVIDUELE KONSULTANTE	BGSEB-VLAK
4	Universiteit van die Wes-Kaap	'n Saak vir Sport	Fase 3 van 'n Saak vir Sport Navorsing	3	1 092 uur (totaal)	R300 000.00	1		Bydrae was nie voldoen nie
4	Development Works Change-makers	Impakontledingsnavorsing vir Geen- en Laefooi skole	Statistiese evaluasie en analise van die impak van die Hoërskool Akademiese Program by Geenfooi- en Laefooiskole soos vereis deur die Jeug en Naskoolse Programkantoor	4	29.45 dae (235 uur) (totaal)	R203 225.00	1	4	2

Deel E

FINANSIËLE JAARSTATE

1. Verslag van die Ouditeur-Generaal

Verslag van die Ouditeur-Generaal aan die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement oor begrotingspos 13: Wes-Kaapse Departement van Kultuursake en Sport

Verslag oor die audit van finansiële state

Mening

1. Ek het die finansiële state van die Wes-Kaapse Departement van Kultuursake en Sport soos uiteengesit vanaf bladsy 215 geouditeer. Dit behels die begrotingstaat, die staat van finansiële posisie soos op 31 Maart 2021, die staat van finansiële prestasie, die staat van veranderinge in netto bates en die kontantvloei staat vir die jaar toe geëindig, asook die aantekeninge by die finansiële state, met inbegrip van 'n opsomming van noemenswaardige rekeningkundige beleide.
2. Na my mening is die finansiële state in alle wesentliche opsigte 'n billike aanbieding van die finansiële posisie van die Wes-Kaapse Departement van Kultuursake en Sport soos op 31 Maart 2021, asook van die finansiële prestasie en kontantvloei vir die jaar toe geëindig, in ooreenstemming met die Gewysigde Kontantstandaard en die vereistes van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur van Suid-Afrika, 1999 (Wet 1 van 1999) (WOFB), en die Wet op die Verdeling van Inkomste van Suid-Afrika, 2019 (Wet 1 van 2019) (DORA).

Grondslag vir mening

3. Ek het my audit in ooreenstemming met die Internasionale Standaard vir Ouditering (ISA's) uitgevoer. My verantwoordelikhede ingevolge hierdie standaard word verder beskryf in die afdeling in hierdie auditverslag oor die Ouditeur-Generaal se verantwoordelikhede vir die audit van die finansiële state.
4. Ek is onafhanklik van die Departement in ooreenstemming met die Internasionale Etiekstandaarderaad vir Rekenmeesters se Etiese Kode vir Professionele Rekenmeesters, (met inbegrip van internasionale onafhanklikheidsstandaarde (IESBA-kode), sowel as die etiese vereistes wat van toepassing is op my audit in Suid-Afrika. Ek het my ander etiese verantwoordelikhede nagekom in ooreenstemming met hierdie vereistes en die IESBA-kodes.
5. Ek glo dat die auditbewyse wat ek verkry het, voldoende en toepaslik is om as grondslag vir my auditmening te dien.

Beklemtone van aangeleentheid

6. Ek vestig die aandag op die onderstaande aangeleentheid. My mening is nie aangepas ten opsigte van hierdie aangeleentheid nie.

Onsekerheid rakende die toekomstige uitslag van buitengewone litigasie of regulatoriese optrede

7. Met verwysing na aantekening 17.1 by die finansiële state is die Departement die verweerder in 'n saak oor kompensasie wat vloei uit die verklaring van 'n terrein as 'n Provinsiale Erfenis Terrein. Verlof tot appél by die Hoogste Hof van Appél is toegestaan en daarom kon die finale uitkoms van die aangeleentheid nie bepaal word nie en geen voorsiening vir enige aanspreeklikheid wat kan voortspruit, is in die finansiële state gemaak nie.

Ander aangeleentheid

8. Ek vestig die aandag op die onderstaande aangeleentheid. My mening is nie aangepas as gevolg van hierdie aangeleentheid nie.

Ongeouditeerde aanvullende bylaes

9. Die aanvullende inligting soos uiteengesit op bladsy 279 tot 293 maak nie deel uit van die finansiële state nie en word as bykomende inligting aangebied. Ek het hierdie bylaes nie geoudit nie en gevolglik spreek ek nie 'n mening daaroor uit nie.

Verantwoordelikhede van die Rekenpligtige Beampte vir die finansiële state

10. Die Rekenpligtige Beampte is verantwoordelik vir die voorbereiding en billike aanbieding van die finansiële state in ooreenstemming met die Gewysigde Kontantstandaard en die vereistes van die WOFB en Dora, en vir sodanige interne beheer as wat die Rekenpligtige Beampte nodig ag om die opstel van finansiële state wat vry is van wesenlike wanvoorstellings, hetsy weens bedrog of foute, moontlik te maak.
11. Met die opstel van die finansiële state is die Rekenpligtige Beampte verantwoordelik vir die evaluering van die Departement se vermoë om as 'n lopende saak voort te bestaan, met openbaarmaking, waar toepaslik, van aangeleenthede wat op 'n lopende saak betrekking het en met behulp van die lopendesaak-grondslag van rekeningkundige verantwoording, tensy die toepaslike beheerstruktuur van voorneme is om die Departement óf te likwiede óf om werksaamhede te staak, of as daar geen realistiese alternatief bestaan as om dit te doen nie.

Ouditeur-Generaal se verantwoordelikhede vir die oudit van die finansiële state

12. My doelwitte is om redelike gerusstelling te bekom oor of die finansiële state in geheel vry is van wesenlike wanvoorstelling, hetsy weens bedrog of foute, en om 'n ouditeursverslag uit te reik wat my mening insluit. Redelike gerusstelling is 'n hoë vlak van gerusstelling, maar is nie 'n waarborg dat 'n oudit ooreenkomstig die ISA's altyd 'n wesenlike wanvoorstelling sal uitwys wanneer dit bestaan nie. Wanvoorstellings kan uit bedrog of foute voortspruit en word as wesenlik beskou indien daar redelikerwys verwag kan word dat dit, hetsy individueel of gesamentlik, die ekonomiese besluite van gebruikers geneem op grond van hierdie finansiële state kon beïnvloed.
13. 'n Verdere beskrywing van my verantwoordelikhede vir die ouditering van die finansiële state word in die bylae by hierdie ouditeursverslag ingesluit.

Verlag oor die oudit van die jaarlikse prestasieverlag

Inleiding en omvang

14. In ooreenstemming met die Wet op Openbare Oudit van Suid-Afrika, 2004 (Wet 25 van 2004) (WOO) en die algemene kennisgewing daarvolgens uitgereik, het ek 'n verantwoordelikheid om verslag te doen oor wesenlike bevindings betreffende die gerapporteerde prestasie-inligting teenoor voorafbepaalde doelwitte vir gekose programme soos aangebied in die jaarlikse prestasieverlag. Ek het die prosedures gevolg om bevindings te identifiseer, maar nie om bewyse in te samel om geruststelling uit te spreek nie.
15. My prosedures fokus op die gerapporteerde prestasie-inligting wat gebaseer moet word op die goedgekeurde prestasiebeplanningsdokumente van die Departement. Ek het nie die volledigheid en toepaslikheid van die prestasie-aanwysers soos ingesluit by die beplanningsdokumente geëvalueer nie. My prosedures ondersoek nie of enige optrede van die Departement dienslewering moontlik gemaak het nie. My prosedures het ook nie enige openbaarmakings of stellings ten opsigte van beplande prestasie-strategieë en -inligting met betrekking tot toekomstige tydperke wat ingesluit sou kon word as deel van die gerapporteerde prestasie-inligting gedek nie. Gevolglik is my bevindings nie van toepassing op hierdie aangeleentheid nie.
16. Ek het die nuttigheid en betroubaarheid van die gerapporteerde prestasie-inligting geëvalueer in ooreenstemming met die kriteria wat uit die prestasiebestuur- en verslagdoeningsraamwerk ontwikkel is, soos in die algemene kennisgewing omskryf, vir die volgende gekose program wat in die jaarlikse prestasieverlag van die Departement vir die jaar geëindig 31 Maart 2021 aangebied word:

Program	Bladsye in die jaarlikse prestasieverlag
Program 4 – Sport en Ontspanning	105 – 151

17. Ek het die prosedures gevolg om vas te stel of die gerapporteerde prestasie-inligting behoorlik aangebied is en of prestasie konsekwent was met die goedgekeurde prestasiebeplanningsdokumente. Ek het verdere prosedures gevolg om vas te stel of die aanwysers en verwante teikens meetbaar en relevant was, en het die betroubaarheid van die gerapporteerde prestasie-inligting geëvalueer om vas te stel of dit geldig, akkuraat en volledig was.
18. Ek het nie enige wesenlike bevindings oor die nuttigheid en betroubaarheid van die gerapporteerde prestasie-inligting vir hierdie program geïdentifiseer nie.

Sport en Ontspanning

Ander aangeleentheid

19. Ek vestig die aandag op die onderstaande aangeleentheid.

Bereiking van beplande teikens

20. Raadpleeg die jaarlikse prestasieverlag, bladsye 105 tot 151, vir inligting oor die bereiking van beplande teikens vir die jaar, asook verduidelikings wat verskaf is vir die onder-/oorprestasie rakende 'n aantal teikens.

Verslag oor oudit aan voldoening aan wetgewing

Inleiding en omvang

21. Ooreenkomstig die WOO en die algemene kennisgewing daarvolgens uitgereik, het ek 'n verantwoordelikheid om wesenlike bevindings oor die nakoming van die Departement betreffende spesifieke aangeleenthede in sleutelwetgewing uit te wys. Ek het prosedures gevolg om bevindings te identifiseer, maar nie om bewyse in te samel om gerusstelling uit te spreek nie.
22. Ek het nie enige wesenlike bevindings oor voldoening ten opsigte van spesifieke aangeleenthede in sleutelwetgewing soos uiteengesit in die algemene kennisgewing ingevolge die WOO geïdentifiseer nie.

Ander inligting

23. Die Rekenpligtige Beampte is verantwoordelik vir die ander inligting. Die ander inligting behels die inligting ingesluit in die jaarverslag, met inbegrip van die Rekenpligtige Beampte se verslag en die Ouditkomitee se verslag. Die ander inligting sluit nie die finansiële state, die ouditeursverslag en die gekose programme soos aangebied in die jaarlikse prestasieverlag waarvoor spesifiek in hierdie ouditeursverslag verslag gedoen word, in nie.
24. My mening oor die finansiële state en bevindings oor die gerapporteerde prestasie-inligting en voldoening aan wetgewing dek nie die ander inligting nie en ek spreek nie 'n ouditmening of enige vorm van gerusstellingsgevolgtrekking daarvoor uit nie.
25. Ten opsigte van my oudit is ek verantwoordelik om die ander inligting te lees en derhalwe te oorweeg of die ander inligting wesenlik strydig is met die finansiële state en die gekose programme soos aangebied in die jaarlikse prestasieverlag, of my kennis verkry uit die oudit, of andersins blyk 'n wesenlike wanvoorstelling te wees.
26. Indien, gebaseer op die werk wat ek uitgevoer het op die ander inligting wat ek bekom het voor die datum van die ouditeur se verslag, ek bevind dat daar 'n wesenlike wanvoorstelling van hierdie ander inligting is, is ek verplig om daardie feit te rapporteer.
27. Wanneer ek wel ander inligting ontvang en lees, indien ek wesenlike wanvoorstelling daarin identifiseer, moet ek hierdie aangeleentheid kommunikeer aan die bestuur en versoek dat die ander inligting reggestel word. Indien die ander inligting nie reggestel word nie, sal ek hierdie ouditeursverslag moontlik moet herroep en 'n gepaste gewysigde verslag heruitreik. Indien dit egter reggestel word, sal dit nie nodig wees nie.

Gebreke rakende internebeheer

28. Ek het interne beheer wat verband hou met my oudit van die finansiële state, gerapporteerde prestasie-inligting en voldoening aan toepaslike wetgewing in ag geneem; my doel was egter nie om enige vorm van geruststelling daaroor uit te spreek nie. Ek het nie enige beduidende gebreke in interne beheer geïdentifiseer nie.

Kaapstad

31 Julie 2021

Bylae – Ouditeur-generaal se verantwoordelikheid vir die oudit

1. As deel van 'n oudit in ooreenstemming met die ISA's oefen ek professionele oordeel uit en handhaaf professionele skeptisisme regdeur my oudit van die finansiële state, asook ten opsigte van die prosedures uitgevoer op gerapporteerde prestasie-inligting vir gekose programme en rakende die Departement se voldoening ten opsigte van die gekose onderwerpe.

Finansiële state

2. Bykomend tot my verantwoordelikheid vir die oudit van die finansiële state soos in hierdie ouditeursverslag beskryf, moet ek ook die volgende doen:
 - Risiko's identifiseer en evalueer van wesenlike wanvoorstelling van die finansiële state, hetsy weens bedrog of foute, ouditprosedures gerig op daardie risiko's ontwerp en uitvoer, en ouditbewyse bekom wat voldoende en toepaslik is om as grondslag vir my mening te dien. Die risiko om 'n wesenlike wanvoorstelling weens bedrog nie te identifiseer nie, is groter as vir een weens foute, aangesien bedrog samespanning, vervalsing, voorbedagte weglatings, wanvoorstellings of die omseiling van interne beheer kan behels.
 - Begrip bekom van interne beheer in verband met die oudit om ouditprosedures te ontwerp wat in die omstandighede toepaslik is, maar nie vir die doel om 'n mening oor die doeltreffendheid van die Departement se interne beheer uit te spreek nie.
 - Die toepaslikheid van rekeningkundige beleide wat toegepas is en die redelikheid van rekeningkundige skattings en verwante openbaarmakings deur die Rekenpligtige Beampte evalueer.
 - 'n Gevolgtrekking maak oor die toepaslikheid van die Rekenpligtige Beampte se gebruik van die lopendesaa-grondslag van rekeningkundige verantwoording in die opstel van die finansiële state. Op grond van die ouditbewyse wat verkry is, stel ek ook vas of daar wesenlike onsekerheid bestaan ten opsigte van gebeure of omstandighede wat beduidende twyfel kan wek oor die Wes-Kaapse Departement van Kultuursake en Sport se vermoë om as 'n lopende saak voort te bestaan. Indien ek bevind dat daar wesenlike onsekerheid bestaan, word daar van my verwag om in my ouditeursverslag die aandag te vestig op die verwante openbaarmakings in die finansiële state oor die wesenlike onsekerheid of, indien sodanige openbaarmakings ontoereikend is, die mening oor die finansiële state te wysig. My gevolgtrekkings is gebaseer op die inligting tot my beskikking op die datum van hierdie ouditeursverslag. Toekomstige gebeure of omstandighede kan egter meebring dat 'n departement ophou om as 'n lopende saak voort te bestaan.
 - Die algehele aanbieding, struktuur en inhoud van die finansiële state, met inbegrip van die openbaarmakings, evalueer en bepaal of die finansiële state die onderliggende transaksies en gebeure op 'n manier verteenwoordig wat billike aanbieding tot gevolg het.

Kommunikasie met diegene wat met bestuursoorsig belas is

3. Ek skakel met die Rekenpligtige Beampte betreffende, onder andere, die beplande omvang en tydsberekening van die oudit en beduidende ouditsbevindings, met inbegrip van enige beduidende gebreke in interne beheer wat ek tydens my oudit identifiseer.
4. Ek bevestig ook aan die Rekenpligtige Beampte dat ek voldoen het aan tersaaklike etiese vereistes betreffende onafhanklikheid en maak alle verhoudings en ander aangeleenthede bekend wat na verwagting redelikerwys betrekking kan hê op my onafhanklikheid en, waar toepaslik, verwante sekerheidstellings.

2. Finansiële jaarstate

FINANSIËLE JAARSTATE

VIR DIE WES-KAAPSE DEPARTMENT VAN KULTUURSAKE EN SPORT

vir die jaar geëindig

31 Maart 2021

Inhoudsopgawe

Begrotingstaat	219
Aantekeninge by die Begrotingstaat	247
Staat van Finansiële Prestasie	249
Staat van Finansiële Posisie	250
Staat van Veranderinge in Netto Bates	251
Kontantvloeistaat	252
Aantekeninge by die Finansiële Jaarstate (insluitend rekeningkundige beleide)	253
Bylaes	291

**WES-KAAPSE DEPARTEMENT VAN KULTUURSAKE EN SPORT
BEGROTINGSPOS 13**

**BEGROTINGSTAAT
vir die jaar geëindig 31 Maart 2021**

Begroting per program									
Program	2020/21							2019/20	
Betalings vir kapitaalbate	<u>8</u>	(18,044)	(20,816)
Toename/afname in nie-ontvangbare rekeninge		152	(14)
Netto kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite		(17,892)	(20,830)
KONTANTVLOEI UIT FINANSIERINGSAKTIVITEITE			
(Afname)/toename in netto bates		3	(11)
Netto kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite		3	(11)
Netto toename in kontant en kontantekwivalente		1,152	3,004
Kontant en kontantekwivalente aan begin van periode		8,194	5,190
Kontant en kontantekwivalente aan einde van periode	<u>16</u>	9,346	8,194

**WES-KAAPSE DEPARTEMENT VAN KULTUURSAKE EN SPORT
BEGROTINGSPOS 13**

**AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE
vir die jaar geëindig 31 Maart 2021**

REKENINGKUNDIGE BELEIDE

Opsomming van belangrike rekeningkundige beleide

Die finansiële state is in ooreenstemming met die onderstaande beleide voorberei, wat konsekwent in alle weselike aspekte toegepas is, tensy anders aangedui. Die bestuur het tot die gevolgtrekking gekom dat die finansiële state 'n billike voorstelling is van die Departement se primêre en sekondêre inligting.

Die konvensie van historiese koste is gebruik, behalwe waar anders aangedui word. Die bestuur het gebruik gemaak van assesserings en skattings vir die voorbereiding van die finansiële jaarstate. Dit is gegrond op die beste inligting wat ten tyde van voorbereiding beskikbaar was.

Waar tersaaklik en sinvol, is bykomende inligting openbaar gemaak om die bruikbaarheid van die finansiële state te verbeter en om te voldoen aan die statutêre vereistes van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur (WOFB), Wet 1 van 1999 (soos gewysig deur Wet 29 van 1999), en die Tesourieregulasies uitgereik ingevolge die WOFB en die jaarlikse Wet op die Verdeling van Inkomste.

1 Basis vir voorbereiding

Die finansiële state is volgens die gewysigde kontantstandaard voorberei.

2 Lopende saak

Die finansiële state is volgens die basis van 'n lopende saak voorberei.

3 Aanbiedingsgeldeenheid

Bedrae word in die geldeenheid van Suid-Afrikaanse rand (R) aangegee, wat ook die Departement se funksionele geldeenheid is.

4 Afronding

Tensy anders vermeld, is finansiële syfers tot die naaste eenduisend rand (R'000) afgerond).

5 Omrekening van buitelandse valuta

Kontantvloei wat voortspruit uit buitelandsevalutatransaksies word na Suid-Afrikaanse rand omgerekend deur die heersende sigkoers op die datum van betaling/ontvangs te gebruik.

6 Vergelykende inligting

6.1 Vergelykende inligting vir vorige periode

**WES-KAAPSE DEPARTEMENT VAN KULTUURSAKE EN SPORT
BEGROTINGSPOS 13**

**AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE
vir die jaar geëindig 31 Maart 2021**

Vergelykende inligting vir die vorige periode word in die huidige jaar se finansiële state aangegee. Waar nodig is syfers, wat in die vorige periode se finansiële state ingesluit is, herklassifiseer ten einde te verseker dat die formaat waarin die inligting aangebied word in ooreenstemming is met die formaat van die huidige jaar se finansiële state.

6.2 Vergelyking van huidige jaar met begroting

'n Vergelyking tussen die goedgekeurde, finale begroting en werklike bedrae vir elke program en ekonomiese klassifikasie is by die begrotingstaat ingesluit.

7 Inkomste

7.1 Begrote fondse

Begrote fondse bestaan uit departementele toewysings, sowel as direkte vorderings teen die Inkomstefonds (d.w.s. statutêre toewysing). Begrote fondse word in die staat van finansiële prestasie erken op die datum waarop die begroting in werking tree. Aansuiwerings wat ooreenkomstig die aansuiweringsbegrotingsproses gemaak word, word in die staat van finansiële prestasie erken op die datum waarop die aansuiwerings in werking tree. Die netto bedrag van enige begrote fondse wat teen die verslagdoeningsdatum aan die/deur die tersaaklike Inkomstefonds verskuldig is, word as 'n betaalbare/ontvangbare rekening in die staat van finansiële posisie erken.

7.2 Departementele inkomste

Departementele inkomste word by ontvangs in die staat van finansiële prestasie erken en word daarna in die tersaaklike Inkomstefonds inbetaal, tensy anders vermeld. Enige bedrag wat teen die verslagdoeningsdatum aan die tersaaklike Inkomstefonds verskuldig is, word as 'n betaalbare rekening in die staat van finansiële posisie erken.

7.3 Opgelope departementele inkomste

Opgelope bedrae ten opsigte van departementele inkomste (belastinginkomste uitgesluit) word in die aantekeninge by die finansiële state aangeteken wanneer:

- dit waarskynlik is dat die ekonomiese voordele of dienspotensiaal wat met die transaksie verband hou na die Departement sal vloei; en
- die inkomstebedrag betroubaar bereken kan word.

Die opgelope inkomste word bereken teen die billike waarde van die bedrae wat ontvangbaar is. Opgelope belastinginkomste (en verwante rente en/of boetes) word bereken teen bedrae wat ontvangbaar is vanaf invorderingsagente.

Afskrywings word gedoen ingevolge die Departement se skuldafskrywingsbeleid.

8 Uitgawes

8.1 Vergoeding van werknemers

**AAANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE
vir die jaar geëindig 31 Maart 2021**

8.1.1 Salarisse en lone

Salarisse en lone word op die betaaldatum in die staat van finansiële prestasie erken.

8.1.2 Maatskaplike bydraes

Maatskaplike bydraes wat deur die Departement ten opsigte van huidige werknemers gemaak is, word op die betaaldatum in die staat van finansiële prestasie erken. Maatskaplike bydraes wat deur die Departement ten opsigte van voormalige werknemers gemaak is, word op die betaaldatum in die staat van finansiële prestasie as oordragte na huishoudings geklassifiseer.

8.2 Ander uitgawes

Ander uitgawes (soos goedere en dienste, oordragte en subsidies en betalings vir kapitaalbates) word op die betaaldatum in die staat van finansiële prestasie erken. Die uitgawe word as 'n kapitaaluitgawe geklassifiseer indien die totale bedrag wat betaal is meer is as die kapitalisasiedrempel.

8.3 Opgelope bedrae en betaalbare rekeninge nie erken nie

Opgelope bedrae en betaalbare rekeninge word teen die verslagdoeningsdatum teen kosprys in die aantekeninge by die finansiële state aangeteken.

8.4 Bruikhuurkontrakte

8.4.1 Bedryfsbruikhuurkontrakte

Betalings vir bedryfsbruikhuur wat gedurende die verslagdoeningsperiode gemaak is, word op die betaaldatum as lopende uitgawes in die staat van finansiële prestasie erken. Die bedryfsbruikhuurverpligtinge word in die aantekeninge by die finansiële state aangeteken.

8.4.2 Finansiële bruikhuur

Betalings vir finansiële bruikhuur wat gedurende die verslagdoeningsperiode gemaak is, word op die betaaldatum as kapitaaluitgawes in die staat van finansiële prestasie erken. Die finansiële bruikhuurverpligtinge word in die aantekeninge by die finansiële state aangeteken en word nie tussen die kapitaal- en rentegedeeltes verdeel nie. Bates van finansiële bruikhuur wat aan die einde van die huurtermyn bekom is, word aangeteken en bereken teen die laagste van:

- die kosprys, synde die billike waarde van die bate; of
- die som van die minimum bruikhuurbetalings wat gemaak is, insluitend enige betalings om eienaarskap aan die einde van die huurtermyn te bekom, wat rente uitsluit.

9 Bystandshulp

9.1 Bystandshulp ontvang

**WES-KAAPSE DEPARTEMENT VAN KULTUURSAKE EN SPORT
BEGROTINGSPOS 13**

**AAANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE
vir die jaar geëindig 31 Maart 2021**

Bystandshulp in kontant ontvang, word in die staat van finansiële prestasie erken wanneer dit ontvang word. Bystandshulp in natura ontvang, word in die aantekeninge by die finansiële state op datum van ontvangs aangeteken en teen billike waarde bereken. Bystandshulp wat nie bestee is vir die doel waarvoor dit bestem is nie en enige onbenutte fondse van bystandshulp wat aan die skenker terugbetaal moet word, word as 'n betaalbare rekening in die staat van finansiële posisie erken.

9.2 Bystandshulp betaal

Bystandshulp betaal word op die betaaldatum in die staat van finansiële prestasie erken. Betalings vir bystandshulp wat voor die ontvangs van die fondse gemaak word, word as 'n ontvangbare rekening in die staat van finansiële posisie erken.

10 Kontant en kontantekwivalente

Kontant en kontantekwivalente word teen kosprys in die staat van finansiële posisie verklaar. Bankoortrekkings word afsonderlik in die staat van finansiële posisie as 'n bedryfslas aangedui. Vir die doeleindes van die kontantvloeistaat behels kontant en kontantekwivalente die volgende: kontant voorhande, deposito's gehou, ander hoogs likiede korttermynbeleggings en bankoortrekkings.

11 Vooruitbetalings en voorskotte

Vooruitbetalings en voorskotte word in die staat van finansiële posisie erken wanneer die Departement die kontant ontvang of uitbetaal. Vooruitbetalings en voorskotte word aanvanklik en later teen kosprys bereken.

12 Lenings en ontvangbare rekeninge

Lenings en ontvangbare rekeninge word in die staat van finansiële posisie teen kosprys plus opgelope rente erken, waar rente gehef word, minus bedrae wat reeds betaal of afgeskryf is. Afskrywings word gedoen ingevolge die Departement se afskrywingsbeleid.

13 Beleggings

Beleggings word teen kosprys in die staat van finansiële posisie erken.

14 Finansiële bates

14.1 Finansiële bates (nie elders gedek nie)

'n Finansiële bate word aanvanklik erken teen die kosprys daarvan plus transaksiekoste wat direk toeskryfbaar is aan die verkryging of uitreiking van die finansiële bate. By die verslagdoeningsdatum moet 'n departement sy finansiële bates teen kosprys bereken, minus bedrae wat reeds betaal of afgeskryf is, behalwe vir erkende lenings en

**WES-KAAPSE DEPARTEMENT VAN KULTUURSAKE EN SPORT
BEGROTINGSPOS 13**

**AAANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE
vir die jaar geëindig 31 Maart 2021**

ontvangbare rekeninge wat teen kosprys plus opgelope rente bereken word, waar rente gehef word, minus bedrae wat reeds betaal of afgeskryf is.

14.2 Waardedaling van finansiële bates

Waar daar 'n aanduiding is van waardedaling van 'n finansiële bate, word 'n skatting van die vermindering in die aangetekende drawaarde in die aantekeninge by die finansiële state aangedui, ten einde die beste skatting te bied van die bedrag van die toekomstige ekonomiese voordele wat na verwagting uit die bate ontvang sal word.

15 Betaalbare rekeninge

Betaalbare rekeninge word teen kosprys in die staat van finansiële posisie erken.

16 Kapitaalbates

16.1 Roerende kapitaalbates

Roerende kapitaalbates word aanvanklik teen kosprys in die aantekeninge by die finansiële state aangeteken. Roerende kapitaalbates wat deur 'n nieruiltransaksie verkry is, word teen billike waarde soos op die datum van verkryging bereken. Waar die koste van roerende kapitaalbates nie akkuraat bepaal kan word nie, word die roerende kapitaalbates teen billike waarde bereken en waar billike waarde nie bepaal kan word nie, word die roerende bates teen R1 bereken.

Alle bates wat voor 1 April 2002 verkry is (of 'n latere datum soos deur die OG goedgekeur) mag teen R1 aangeteken word. Roerende kapitaalbates word gevolglik teen kosprys gedra en is nie aan depresiasie of waardedaling onderhewig nie. Biologiese bates word gevolglik teen billike waarde gedra. Latere uitgawes van 'n kapitaalaard vorm deel van die koste van die bestaande bate wanneer dit vir gebruik gereed is.

16.2 Ontasbare bates

Ontasbare bates word aanvanklik teen kosprys in die aantekeninge by die finansiële state aangeteken. Ontasbare bates wat deur 'n nieruiltransaksie verkry is, word teen billike waarde soos op die datum van verkryging bereken. Ontasbare bates wat intern gegenerereer word, word in die aantekeninge by die finansiële state aangeteken wanneer die Departement met die ontwikkelingsfase van die projek begin. Waar die koste van ontasbare bates nie akkuraat bepaal kan word nie, word die ontasbare kapitaalbates teen billike waarde bereken en waar billike waarde nie bepaal kan word nie, word die ontasbare bates teen R1 bereken. Alle bates wat voor 1 April 2002 verkry is (of 'n latere datum soos deur die OG goedgekeur) mag teen R1 aangeteken word. Ontasbare bates word gevolglik teen kosprys gedra en is nie aan depresiasie of waardedaling onderhewig nie. Latere uitgawes van 'n kapitaalaard vorm deel van die koste van die bestaande bate wanneer dit vir gebruik gereed is.

16.3 Erfenisbates

**WES-KAAPSE DEPARTEMENT VAN KULTUURSAKE EN SPORT
BEGROTINGSPOS 13**

**AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE
vir die jaar geëindig 31 Maart 2021**

Erfenisbates is bates van kulturele, historiese, omgewings-, natuurlike, wetenskaplike, tegnologiese of artistieke belang en wat onbepaald tot voordeel van huidige en toekomstige geslagte bewaar word.

17.1 Voorsienings

Voorsienings word in die aantekeninge by die finansiële state aangeteken wanneer daar 'n heersende wetlike of afgeleide verpligting is om ekonomiese voordele as gevolg van gebeure in die verlede te verbeur, en dit waarskynlik is dat 'n uitvloei van hulpbronne wat ekonomiese voordele of dienspotensiaal behels, benodig sal word om die verpligting te vereffen en 'n betroubare skatting van die verpligting gemaak kan word. Die voorsiening word bereken as die beste skatting van die fondse wat benodig word om die bestaande verpligting teen die verslagdoeningsdatum te vereffen.

17.2 Voorwaardelike aanspreeklikhede

Voorwaardelike aanspreeklikhede word in die aantekeninge by die finansiële state aangeteken wanneer daar 'n moontlike verpligting bestaan wat uit gebeure in die verlede voortspruit, en waarvan die bestaan slegs bevestig kan word deur die voorkoms of nie van een of meer onsekere toekomstige gebeure wat buite die beheer van die Departement is, of wanneer daar 'n bestaande verpligting is wat nie erken word nie omdat dit nie waarskynlik is dat 'n uitvloei van hulpbronne benodig sal word om die verpligting te vereffen nie, of die bedrag van die verpligting nie betroubaar bereken kan word nie.

17.3 Voorwaardelike bates

Voorwaardelike bates word in die aantekeninge by die finansiële state aangeteken wanneer 'n moontlike bate uit gebeure in die verlede voortspruit, en waarvan die bestaan bevestig kan word deur die voorkoms of nie van een of meer onsekere toekomstige gebeure wat buite die beheer van die Departement is.

17.4 Kapitaal Verpligtinge

Verpligtinge word teen kosprys in die aantekeninge by die finansiële state aangeteken.

18 Ongemagtigde uitgawes

Ongemagtigde uitgawes word in die staat van finansiële posisie erken tot die uitgawes óf:

- deur die Parlement of die Provinsiale Wetgewer met befondsing goedgekeur word en die betrokke fondse ontvang word; óf

- deur die Parlement of die Provinsiale Wetgewer sonder befondsing goedgekeur word en teen die toewysing in die staat van finansiële prestasie afgeskryf word; óf
- na ontvangbare rekeninge vir invordering oorgedra word.

Ongemagtigde uitgawes word bereken teen die bedrag van die bevestigde ongemagtigde uitgawes.

19 Vructelose en verkwistende uitgawes

**AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE
vir die jaar geëindig 31 Maart 2021**

Vrugtelose en verkwistende uitgawes word in die aantekeninge by die finansiële state aangeteken wanneer dit bevestig is. Die bedrag wat aangeteken word, is gelyk aan die totale waarde van die vrugtelose en/of verkwistende uitgawes wat aangegaan is. Vrugtelose en verkwistende uitgawes word uit die aantekeninge by die finansiële state verwyder wanneer opgelos of na ontvangbare rekeninge vir invordering oorgedra. Ontvangbare rekeninge rakende vrugtelose en verkwistende uitgawes word bereken teen die bedrag wat na verwagting verhaalbaar is en word onerken wanneer dit vereffen of gevolglik as onverhaalbaar afgeskryf word.

20 Onreëlmatige uitgawes

Onreëlmatige uitgawes word in die aantekeninge by die finansiële state aangeteken wanneer dit bevestig is. Die bedrag wat aangeteken word, is gelyk aan die waarde van die onreëlmatige uitgawes wat aangegaan is, tensy dit onprakties is om te bepaal, in welke geval redes daarvoor in die aantekening verskaf word. Onreëlmatige uitgawes word uit die aantekening verwyder wanneer dit óf deur die betrokke gesag gekondoneer word en na ontvangbare rekeninge vir invordering oorgedra word, óf nie gekondoneer word nie en nie verhaalbaar is nie. Ontvangbare rekeninge rakende onreëlmatige uitgawes word bereken teen die bedrag wat na verwagting verhaalbaar is en word onerken wanneer dit vereffen of later as onverhaalbaar afgeskryf word.

21 Veranderinge in rekeningkundige beleide, rekeningkundige skattings en foute

Veranderinge in rekeningkundige beleide word terugwerkend toegepas ingevolge GKS-vereistes.

Regstelling van foute word terugwerkend toegepas ingevolge GKS-vereistes behalwe in die mate wat dit onprakties is om die tydperkspesifieke gevolge of die kumulatiewe uitwerking van die fout vas te stel. In sulke gevalle sal die Departement die beginsaldo's van bates, laste en netto bates herverklar vir die vroegste tydperk waarvoor terugwerkende herstatering prakties moontlik is.

22 Gebeure ná die verslagdoeningsdatum

Gebeure ná die verslagdoeningsdatum wat as aansuiweringsgebeure geklassifiseer is, is in die finansiële state in berekening gebring. Gebeure ná die verslagdoeningsdatum wat as nieaansuiweringsgebeure geklassifiseer is, word in die aantekeninge by die finansiële state openbaar gemaak.

23 Kapitalisasiereserwe

Die kapitalisasiereserwe bestaan uit finansiële bates en/of laste wat voortspruit uit 'n vorige verslagdoeningsperiode, maar wat vir die eerste keer in die huidige verslagdoeningsperiode in die staat van finansiële posisie erken word. Bedrae word in die kapitalisasiereserwes erken wanneer dit in die huidige periode geïdentifiseer word en

**AAANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE
vir die jaar geëindig 31 Maart 2021**

word na die Nasionale/Provinsiale Inkomstefonds oorgedra wanneer die onderliggende bate van die hand gesit word en die betrokke fondse ontvang word.

24 Verhaalbare inkomste

Bedrae word as verhaalbare inkomste erken wanneer 'n betaling, wat in 'n vorige boekjaar gemaak is, in die huidige boekjaar van 'n debiteur verhaalbaar word. Bedrae word óf na die Nasionale/Provinsiale Inkomstefonds oorgedra wanneer dit ingevorder is, óf oorgedra na die staat van finansiële prestasie wanneer dit afgeskryf word.

25 Verwantepartytransaksies

Verwantepartytransaksies binne die Minister/LUR se portefeulje word in die aantekeninge by die finansiële state aangeteken wanneer die transaksie nie onder beding van uiterste voorwaardes plaasvind nie. Die getal individue en hul volle vergoeding word in die aantekeninge by die finansiële state aangeteken.

26 Voorraad (met ingang van 'n datum bepaal deur 'n Tesourie-instruksie)

Voorraad word op die datum van verkryging teen kosprys in die prestasiestaat aangeteken. Waar voorraad as deel van 'n nieruiltransaksie verkry is, word die voorraad teen billike waarde soos op die datum van verkryging bereken. Voorraad word gevolglik teen die laagste van kosprys en die netto realiseerbare waarde bereken, of waar vir verspreiding bedoel (of verbruik in die produksie van goedere vir verspreiding) teen geen of 'n nominale koste, die laagste van koste en die heersende vervangingswaarde. Voorraadkoste word vasgestel volgens die kostegronslag van beswaarde gemiddelde.

27 Werknemervoordele

Die waarde van elke hoofklas van verpligting rakende werknemervoordele (opgelope bedrae, betaalbare rekeninge en voorsienings) word in die aantekening by werknemervoordele openbaar gemaak.

**WES-KAAPSE DEPARTEMENT VAN KULTUURSAKE EN SPORT
BEGROTINGSPOS 13**

**AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE
vir die jaar geëindig 31 Maart 2021**

Jaarlikse Begroting

1.1 Jaarlikse Begroting

Hierby ingesluit is fondse toegewys ingevolge die Begrotingswet (en die Aansuiweringsbegrotingswet) vir Nasionale Departemente (begrote fondse) en Provinsiale Departemente:

	Finale begroting	2020/21 Werklike fondse ontvang	Fondse nie aangevra/ nie ontvang nie	Finale begroting	2019/20 Begroting ontvang	Fondse nie aangevra/ nie ontvang nie
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	
Administrasie	64,926	64,926	-	67,033	67,033	-
Kultuursake	117,128	117,128	-	119,351	119,351	-
Biblioteek- en Argiefdienste	358,503	358,503	-	397,416	397,416	-
Sport en Ontspanning	205,248	205,248	-	210,650	210,650	-
Totaal	745,805	745,805	-	794,450	794,450	-

1.2 Voorwaardelike toekennings

	Nota	2020/21 R'000	2019/20 R'000
Totale toekennings ontvang	30	<u>220,656</u>	<u>250,204</u>

1. Departementele inkomste

	Nota	2020/21 R'000	2019/20 R'000
Verkoop van goedere en dienste buiten kapitaalbates	2.1	436	2,438
Boetes, strafgelde en verbeurings	2.2	186	404
Rente, dividende en huur op grond	2.3	5	29
Transaksies in finansiële bates en laste	2.4	404	5,432
Oordrag ontvang	2.5	450	1,000
Totale inkomste ingevorder		1,481	9,303
Min: Eie inkomste ingesluit by begroting	13	(818)	(3,517)
Departementele inkomste ingevorder		<u>663</u>	<u>5,786</u>

Die totale afname in inkomste word hoofsaaklik toegeskryf aan die impak van Covid-19 en die gevolglike vermindering in die algehele begrotingsinkomste.

Redes vir beduidende stygings en/of dalings word onder die betrokke subaantekening verduidelik.

**WES-KAAPSE DEPARTEMENT VAN KULTUURSAKE EN SPORT
BEGROTINGSPOS 13**

**AAANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE
vir die jaar geëindig 31 Maart 2021**

2.1 Verkoop van goedere en dienste buiten kapitaalbates

	2020/21 R'000	2019/20 R'000
Verkoop van goedere en dienste gelewer deur die Departement	417	2,386
Ander verkope ¹	417	2,386
Verkoop van skroot, afval en ander gebruikte gebruiksgoedere ²	19	52
Totaal	436	2,438

¹ Ander verkope bestaan hoofsaaklik uit Kommissie op Versekering en Loonbeslag oorbetalings -R97 duisend, Rente op kapitaalbates - R19 duisend, fotokopieë - R13 duisend en Ingangsfooie – R137 duisend en Verkope van geringe bates – R150 duisend. Die vermindering in ander verkope hou verband met verminderde inkomste gevorder op toegangsfooie vir die verslagjaar as gevolg van die nasionale inperking wat 'n invloed gehad het op die aantal besoeke aan die museums en die toerismesektor in die algemeen.

² Die afname is hoofsaaklik as gevolg van die groter inkomste gegeneer uit biblioteekboeke en afvalpapier wat in die vorige finansiële jaar verkoop is.

2.2 Boetes, strafgelde en verbeurings

	2020/21 R'000	2019/20 R'000
Strafgelede ¹	186	404
Totaal	186	404

¹ Boetes bestaan uit verlore biblioteekboeke. Die bedrag wat ontvang is, is gebaseer op die aantal en koste van biblioteekboeke wat deur die munisipaliteite as verlore bevestig is en deur besoekers betaal is. Die afname is hoofsaaklik as gevolg van die sluiting van Openbare Biblioteke vir die grootste deel van die verslagjaar as gevolg van die nasionale inperking.

2.3 Rente, dividende en huur op grond

	2020/21 R'000	2019/20 R'000
Rente ¹	5	29
Totaal	5	29

¹ Rente ontvang het betrekking op skuld wat in die oorsigjaar ontvang is.

2.4 Transaksies in finansiële bates en laste

	2020/21 R'000	2019/20 R'000
Ontvangbare rekeninge	-	1
Ander inkomste insluitend verhaalbare inkomste ¹	404	5,431
Totaal	404	5,432

**WES-KAAPSE DEPARTEMENT VAN KULTUURSAKE EN SPORT
BEGROTINGSPOS 13**

**AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE
vir die jaar geëindig 31 Maart 2021**

¹ Vorige boekjare se uitgawes het in die huidige finansiële jaar herstel. Die verhoging hou verband met onbenutte toekennings van munisipaliteite in die vorige finansiële jaar (R551 duisend – Beaufort-Wes (BW) Munisipaliteit: Ontwikkeling van Sport en Ontspanningfasiliteite; R228 duisend – George Munisipaliteit: Ontwikkeling van Sport en Ontspanningfasiliteite; R4,428 miljoen – Stad Kaapstad : Voorwaardelike toekenning vir Gemeenskapsbiblioteekdienste.

2.5 Oordragte ontvang

	2020/21	2019/20
	R'000	R'000
Ander regeringseenhede ¹	450	1,000
Totaal	450	1,000

¹ Vir die verslagjaar onder oorsig het die Departement minder befondsing van ander regeringseenhede as die vorige jaar ontvang. Befondsing vir die jaar onder oorsig is van die Nasionale Departement van Sport, Kuns en Kultuur ontvang vir navorsing en dataversameling oor die status van Gemeenskapskuns-en Kultuursentra en Organisasies in die Wes-Kaap.

3. Hulpbystand

3.1 Skenkings in natura ontvang

	2020/21	2019/20
	R'000	R'000
<i>Lys in natura ontvang</i>		
Goedere en Dienste: Korporatiewe items	1	2
Goede en Dienste: Geringe Bates	65	-
Kapitale Bates: Masjinerie en Toerusting	319	-
Totaal	385	2

Ingesluit in die Hulpbystand nota vir die huidige finansiële jaar, word alle donasies in natura ontvang, in verdere detail in Bylae 1E bekend gemaak.

4. Vergoeding van werknemers

4.1 Salarisse en lone

	2020/21	2019/20
	R'000	R'000
Basiese salaris ¹	145,623	150,769
Prestasietoekenning ²	-	1,023
Diensgebaseerd	411	333
Vergoedend/omstandig ³	983	2,504
Ander niepensioengewende toelaes ⁴	25,496	26,386
Totaal	172,513	181,015

**WES-KAAPSE DEPARTEMENT VAN KULTUURSAKE EN SPORT
BEGROTINGSPOS 13**

**AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE
vir die jaar geëindig 31 Maart 2021**

<p>¹ Die afname is hoofsaaklik as gevolg van bedankings en aftredes gedurende die verslagjaar.</p> <p>² Geen prestasietoekennings is tydens die verslagjaar betaal nie.</p> <p>³ Vergoedings- / omstandigheidskoste bestaan uit oortyd – R136 duisend en Waarnemende toelae (insluitend Rolvertolkingsposte) – R847 duisend. Die afname is hoofsaaklik as gevolg van minder oortyd gewerk tydens die verslagjaar as gevolg van die impak van Covid-19 in die verslagtyd in alle sektore.</p> <p>⁴ Ander niepensionerende toelae bestaan uit kapitaalvergoeding, bv. gesubsidieerde voertuigtoelae – R51 duisend behuisingstoelae – R6,812 miljoen, Nie-pensioendraende toelae – R7,680 miljoen en Diensbonus – R10,952 miljoen. Die afname is verwant aan diensvoordele wat aan personeel gekoppel is wat bedank of afgetree het gedurende die verslagjaar.</p>

4.2 Maatskaplike bydraes

	2020/21 R'000	2019/20 R'000
Werkgewerbydraes		
Pensioen	17,876	18,204
Medies	12,133	11,483
Bedingingsraad	55	53
Versekering	2	-
Totaal	30,066	29,740
Totale vergoeding van werknemers	202,579	210,755
Gemiddelde getal werknemers ¹	538	560

¹ Gemiddelde personeel word bepaal deur die totale getal personeel in diens aan die begin en einde van 'n boekjaar.

5. Goedere en dienste

	<i>Nota</i>	2020/21 R'000	2019/20 R'000
Administratiewe koste		833	1,564
Advertering		1,352	4,448
Geringe bates	<u>5.1</u>	19,688	28,131
Beurse (werknemers)		436	727
Spyseniering		1,126	8,761
Kommunikasie		3,148	3,896
Rekenaardienste	<u>5.2</u>	5,440	3,662
Konsultante: Besigheids- en adviesdienste ¹		7,063	4,801
Regsdienste		2,018	1,960
Kontrakteurs ²		3,881	3,342
Agentskap en ander ondersteuning/uitbestedingsdienste ³		278	-
Vermaak		4	40
Ouditkoste – ekstern	5.3	3,214	3,910
Vlootdienste		3,115	8,235
Verbruiksgoedere	5.4	20,470	18,504
Bedryfsbruikhuurkontrakte		938	773
Eiendomsbetalings	5.5	3,466	4,965

**WES-KAAPSE DEPARTEMENT VAN KULTUURSAKE EN SPORT
BEGROTINGSPOS 13**

**AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE
vir die jaar geëindig 31 Maart 2021**

Huurgeld en verhuring		164	350
Vervoer verskaf as deel van die departementele aktiwiteite		1,556	7,719
Reis- en verblyfkoste	5.6	2,959	22,161
Lokale en fasiliteite		709	3,128
Opleiding en ontwikkeling		3,024	2,792
Ander bedryfsbetalings	5.7	4,437	7,496
Totaal		89,319	141,365

Covid-19 het 'n groot impak op die sektore gehad wat deur die Departement ondersteun word. Vanaf 26 Maart 2020 tot 15 September 2020 was ons sektore in algehele inperking, met slegs sedert die tweede datum as amptelike datum waarop ons sektore weer geleidelik kon begin funksioneer met die nodige higiëniese protokolle gereed om die verspreiding van die Coronavirus teë te werk. Ons sektore is opnuut deur die tweede golf geraak (aangepaste vlak 3) vanaf 28 Desember 2020 tot 15 Februarie 2021, wat ons aktiwiteite verder beperk het. As gevolg hiervan is ons begroting verminder en hierdie vermindering word weerspieël in die lynitems in hierdie nota. Hierdie vermindering het die volgende items aansienlik beïnvloed:

- Administrasiefooi – verlaging in reisagentskapfooi as gevolg van beperkings op reis,
- Advertering – vermindering in aanvraag na promosie- en bemarkingsitems as gevolg van gekanselleerde aktiwiteite,
- Geringe bates – begroting is verminder met die gevolg dat minder biblioteekmateriaal aangekoop is,
- Beurse – studente is verhinder om te studeer omdat sommige instellings nie toegerus is vir afstandonderrig nie,
- Spyseniering – minder spyseniering benodig as gevolg van gekanselleerde gebeure,
- Vermaak – begroting is verminder,
- Vlootdienste - het afgeneem as gevolg van kansellering van gebeure, met monitering en implementeringsbesoeke aan terreine, en die sluiting van die naskoolse programme.
- Huur en verhuring – koste verminder as gevolg van gekanselleerde gebeure,
- Vervoer verskaf as deel van departementele aktiwiteite – minder aktiwiteite as gevolg van die inperkings op ons sektore,
- Reis en verblyf – reis was onnodig as gevolg van gekanselleerde aktiwiteite, en
- Lokale en fasiliteite – vermindering in kostes as gevolg van gekanselleerde gebeure.

¹ Die toename in konsultante: Besigheid- en adviesdienste is as gevolg van die implementering en bekendstel van die Ondernemingsinhoudbestuursprojek in die Departement van die Premier en die Departement van Landbou.

² Die toename in Kontrakteurs is as gevolg van die uitbreiding van veiligheidsdienste aan addisionele twee gedeelde fasiliteite wat in die verslagjaar tot stand gekom het.

³ Betalings aan die paneel van beoordelaars wat die aansoeke vir die Kuns en Kultuur Covid-19 Verligtingsfonds in die verslagjaar gekeur het.

5.1 Geringe bates

	2020/21 R'000	2019/20 R'000
Tasbare bates		
Masjinerie en toerusting ¹	19,688	28,131
Totaal	19,688	28,131

¹ Verwys na die verduideliking in nota 4 onder geringe bates.

5.2 Rekenaardienste

	2020/21 R'000	2019/20 R'000
SITA-rekenaardienste	3,725	3,447
Eksterne rekenaardiensverskaffers ¹	1,715	215
Totaal	5,440	3,662

**WES-KAAPSE DEPARTEMENT VAN KULTUURSAKE EN SPORT
BEGROTINGSPOS 13**

**AAANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE
vir die jaar geëindig 31 Maart 2021**

¹ Die toename word hoofsaaklik toegeskryf aan die inskrywingsfooi en dienste vir E-boeke wat in die verslagjaar betaal is. Die diens sal die publiek in staat stel om in al drie amptelike tale toegang te verkry tot elektroniese boeke op enige toestel te kry binne die Provinsie.

5.3 Ouditkoste - ekstern

	2020/21 R'000	2019/20 R'000
Gereeldheidsoudits	3,195	3,734
Rekenaaroudits	19	176
Totaal	3,214	3,910

Die afname is hoofsaaklik as gevolg van die vermindering van die ouditomvang as gevolg van die impak van Covid-19.

5.4 Verbruiksgoedere

	2020/21 R'000	2019/20 R'000
Verbruiksvoorraad	17,917	13,250
Uniforms en kleding ¹	478	153
Huishoudelike voorraad ²	2,149	760
Boumateriaal en -voorraad	6	22
IT-verbruiksgoedere	115	72
Ander verbruiksgoedere ³	15,169	12,243
Skryfbehoeftes, drukwerk en kantoorvoorraad ⁴	2,553	5,254
Totaal	20,470	18,504

¹ Die toename is as gevolg van uniform aankope vir die YearBeyond tutors wat leerders in die naskoolse programme ondersteun het. Materiaal maskers en gesigskerms is boonop aangekoop om te verseker dat Covid-19 protokolle tydens die verslagjaar toegepas kon word.

² Die toename is hoofsaaklik as gevolg van die aankoop van Persoonlike Beskermdende Toerusting om behoorlike higiëniese protokolle te verseker. Dit het handreinigers, weggoibare papier, en muur- en staalontsmettingtoerusting ingesluit.

³ Ander verbruiksgoedere bestaan hoofsaaklik uit Sport en Ontspanning verbruiksartikels (sporttoerusting en kleding) – R13,780 miljoen, dierekos en mediese voorraad - R144 duisend, tuin- en plaasvoorraad - R962 duisend, Mediese toerusting - R195 duisend. Sport en ontspanning verbruiksartikels het toegeneem as gevolg van toerusting wat vir skole, klubs en spilpunte aangekoop is, sowel as tuin-en plaastoerusting wat toegeneem het as gevolg van die uitbreiding van die gedeelde fasiliteite van drie na vyf tydens die oorsigjaar.

⁴ Die afname is hoofsaaklik as gevolg van die sluiting van Openbare Biblioteke vir 'n groot deel van die finansiële jaar, met as gevolg dat minder ink vir drukkers aangekoop is.

**WES-KAAPSE DEPARTEMENT VAN KULTUURSAKE EN SPORT
BEGROTINGSPOS 13**

**AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE
vir die jaar geëindig 31 Maart 2021**

5.5 Eiendomsbetalings

	2020/21 R'000	2019/20 R'000
Munisipale dienste	1,089	1,372
Eiendomsinstandhouding en -herstelwerk	-	325
Ander ¹	2,377	3,268
Totaal	3,466	4,965

Die algemene afname is as gevolg van die hervestiging van die Museumgeesteswetenskaplikedienste van Ruyterwacht na Queen Victoriastraat in Kaapstad, waardeur die sekuriteit en munisipale dienste deur die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling betaal word, wat ook die gebou beset.

¹ Ander bestaan hoofsaaklik uit Veiligheid en Sekuriteit - R1,929 miljoen en Skoonmaakdienste – R383 duisend.

5.6 Reis- en verblyfkoste

	2020/21 R'000	2019/20 R'000
Plaaslik ¹	2,943	21,819
Buiteland ²	16	342
Totaal	2,959	22,161

¹ Verwys na die verduideliking in nota 4 onder reis en verblyf.

² Die Departement het bygedra tot die kostes van 'n kandidaat om die William Hill World Darts Championship in Londen by te woon.

5.7 Ander bedryfsuitgawes

	2020/21 R'000	2019/20 R'000
Professionele liggame, lidmaatskaps- en inskrywingsgeld ¹	783	165
Hervestigingskoste	31	32
Ander ²	3,623	7,299
Totaal	4,437	7,496

¹ Die toename was hoofsaaklik weens 'n vooruitbetaling vir Sabinet-intekening gedurende die oorsigjaar.

² Ander bestaan hoofsaaklik uit druk- en publikasiedienste – R917 duisend, koerier- en afleweringdienste – R90 duisend, Honoraria (UOWK) R2,543 miljoen. Die afname is hoofsaaklik as gevolg van Honoraria weens die uitvoerende besluit om UOWK-begunstigdes deur implementeringsagentskappe aan te stel, sowel as minder druk- en publikasiedienste gedurende die verslagjaar benodig.

**WES-KAAPSE DEPARTEMENT VAN KULTUURSAKE EN SPORT
BEGROTINGSPOS 13**

**AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE
vir die jaar geëindig 31 Maart 2021**

6. Betalings vir finansiële bates

	Note	2020/21 R'000	2019/20 R'000
Ander wesentliche verliese afgeskryf	6.1	162	22
Skulde afgeskryf	6.2	43	127
Totaal		205	149

6.1 Ander wesentliche verliese afgeskryf

	2020/21 R'000	2019/20 R'000
Aard van verliese		
Ongelukskade- staatsvoertuie	162	22
Totaal	162	22

Alle verliese is ondersoek en/of na die staatsadvokaat verwys voordat dit afgeskryf is.

6.2 Skulde afgeskryf

	2020/21 R'000	2019/20 R'000
Aard van skulde afgeskryf		
Personeelskulde– slegte skuld ¹	43	127
Totaal	43	127

¹ Die toename in afskrywing hou verband met personeelskulde wat gedurende die verslagjaar goedgekeur en afgeskryf is. Afskrywings personeelskulde hou hoofsaaklik verband met oorbetalings van salarisse as gevolg van die tydsberekening van bedankings. Hierdie sake is na die staatsadvokaat verwys wat aangeraai het dat dit onekonomies is om voort te gaan en het aanbeveel om hierdie sake af te skryf.

7. Oordragte en subsidies

	Note	2020/21 R'000	2019/20 R'000
Provinsies en munisipaliteite	31, Annex 1A	247,384	267,941
Departementele agentskappe en rekeninge	Annex 1B	3,226	2,936
Instellings sonder winsoogmerk	Annex 1C	170,735	139,574
Huishoudings	Annex 1D	3,962	1,035
Totaal		425,307	411,486

**WES-KAAPSE DEPARTEMENT VAN KULTUURSAKE EN SPORT
BEGROTINGSPOS 13**

**AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE
vir die jaar geëindig 31 Maart 2021**

8. Besteding vir kapitaalbates

	Note	2020/21 R'000	2019/20 R'000
Tasbare bates		18,010	20,816
Masjinerie en toerusting ¹	27.1	18,010	20,816
Ontasbare bates		34	-
Sagteware	27.1	34	-
Totaal		18,044	20,816

1 As gevolg van die impak van Covid-19 is die Departement se begroting verklein, met die gevolg dat minder masjinerie en toerusting in die oorsigjaar aangekoop is.

8.1 Ontleding van fondse aangewend om kapitaalbates te bekom – 2020/21

	Voted funds R'000	Total R'000
Tasbare bates	18,010	18,010
Masjinerie en toerusting	18,010	18,010
Ontasbare bates	34	-
Sagteware	34	-
Totaal	18,044	18,044

8.2 Ontleding van fondse aangewend om kapitaalbates te bekom – 2019/20

	Voted funds R'000	Total R'000
Tasbare bates		
Masjinerie en toerusting	20,816	20,816
Totaal	20,816	20,816

8.3 Finansiële bruikhuuruitgawes ingesluit by uitgawes vir kapitaalbates

	2020/21 R'000	2019/20 R'000
Tasbare bates		
Masjinerie en toerusting	11,080	11,402
Totaal	11,080	11,402

**WES-KAAPSE DEPARTEMENT VAN KULTUURSAKE EN SPORT
BEGROTINGSPOS 13**

**AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE
vir die jaar geëindig 31 Maart 2021**

9. Kontant en kontantekwivalente

	2020/21 R'000	2019/20 R'000
Gekonsolideerde betaalmeester-generaal rekening	9,306	8,154
Kontant voorhande	40	40
Totaal	9,346	8,194

10. Vooruitbetalings en voorskotte

	2020/21 R'000	2019/20 R'000
Reis- en verblyfkoste	4	9
Totaal	4	9

10.1 Vooruitbetalings (as onkoste hanteer)

	Bedrag soos op 1 April 2020 R'000	Min: Ontvang in die huidige jaar R'000	Plus of Min: Ander R'000	Plus: Lopende jaar se vooruitbetalings R'000	Bedrag soos op 31 Maart 2021 R'000
Goedere en dienste ¹	78	(78)	-	103	103
Totaal	78	(78)	-	103	103

¹ MultiChoice-intekengeld vir die tydperk 1 April 2021 tot 31 Augustus 2021 (R28 duisend), SABINET-intekengeld vir die tydperk 01 April 2021 tot 31 Oktober 2021 (R73 duisend) en Suid-Afrikaanse Museumassosiasie (SAMA) vir die tydperk 1 Januarie tot 31 Desember 2021 (R2 duisend).

	Bedrag soos op 1 April 2019 R'000	Min: Ontvang in die huidige jaar R'000	Plus of Min: Ander R'000	Plus: Lopende jaar se vooruitbetalings R'000	Bedrag soos op 31 Maart h 2020 R'000
Goedere en dienste ¹	606	(606)	-	78	78
Totaal	606	(606)	-	78	78

¹ MultiChoice-intekengeld vir die tydperk 1 April 2020 tot 31 Julie 2020 (R11 duisend) en Microbox skandeerder jaarlikse fooi vir die tydperk 01 April 2020 tot 31 Oktober 2020 (R67 duisend).

**WES-KAAPSE DEPARTEMENT VAN KULTUURSAKE EN SPORT
BEGROTINGSPOS 13**

**AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE
vir die jaar geëindig 31 Maart 2021**

11. Ontvangbare rekeninge

	Nota	2020/21			2019/20		
		Lopend R'000	Nie- lopend R'000	Totaal R'000	Lopend R'000	Nie- lopend R'000	Totaal R'000
Eise verhaalbaar	<u>11.1</u>	3	-	3	-	-	-
Verhaalbare personeelskuld	<u>11.2</u>	144	1,088	1,232	177	1,197	1,374
Personeelskuld	<u>11.3</u>	251	127	378	297	170	467
Totaal		398	1,215	1,613	474	1,367	1,841

11.1 Eise verhaalbaar

	Note	2020/21 R'000	2019/20 R'000
Provinsiale departemente	<i>Annex 3</i>	3	-
Totaal		3	-

11.2 Verhaalbare uitgawes (afkeuringsrekeninge)

	2020/21 R'000	2019/20 R'000
Salaris: Omswaaibeheer: Ca	1	3
Salaris: Belastingeskuld: Ca	8	-
Skade aan voertuie – Rekening ¹	320	468
Diverse afkeuring	903	903
Totaal	1,232	1,374

¹ Die toename in beskadigde voertuie hou verband met nuwe sake wat gedurende die oorsigjaar aangegaan is..

11.3 Personeelskuld

	2020/21 R'000	2019/20 R'000
Ander – Departementele skuld	183	270
- Indiensskuld	195	197
Totaal	378	467

**WES-KAAPSE DEPARTEMENT VAN KULTUURSAKE EN SPORT
BEGROTINGSPOS 13**

**AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE
vir die jaar geëindig 31 Maart 2021**

11.4 Waardedaling van ontvangbare rekeninge

	2020/21 R'000	2019/20 R'000
Skatting van waardedaling van personeelskuld	122	156
Skatting van waardedaling van beskadigde staatsvoertuie	113	33
Totaal	235	189

12. Begrote fondse vir terugstort in die Inkomstefonds

	2020/21 R'000	2019/20 R'000
Beginsaldo	9,879	6,864
Oordrag vanaf staat van finansiële prestasie	10,351	9,879
Gedurende die jaar betaal	(9,879)	(6,864)
Eindsaldo	10,351	9,879

13. Departementele inkomste en NIF-ontvangste vir terugstort in die Inkomstefonds

	2020/21 R'000	2019/20 R'000
Beginsaldo	129	146
Oordrag vanaf staat van finansiële prestasie	663	5,786
Eie inkomste ingesluit by begroting	818	3,517
Gedurende die jaar betaal	(1,113)	(9,320)
Eindsaldo	497	129

14. Betaalbare rekeninge – lopend

	2020/21 R'000	2019/20 R'000
Verrekeningsrekeninge	87	11
Totaal	87	11

Note

14.1

14.1 Verrekeningsrekeninge

	2020/21 R'000	2019/20 R'000
Salaris: ACB-herroepingsrekening	33	4
Salaris: Inkomstebelastingrekening	33	7
Salaris Pensioenfondstrekening	21	-
Totaal	87	11

**WES-KAAPSE DEPARTEMENT VAN KULTUURSAKE EN SPORT
BEGROTINGSPOS 13**

**AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE
vir die jaar geëindig 31 Maart 2021**

15. Netto kontantvloei beskikbaar uit bedryfsaktiwiteite

	2020/21 R'000	2019/20 R'000
Netto surplus volgens staat van finansiële prestasie	11,014	15,665
Terugtel van niekontant-/kontantbewegings nie beskou as bedryfsaktiwiteite nie	8,027	8,180
Afname/(toename) in ontvangbare rekeninge – lopend	76	(9)
Afname in voorafbetalings en voorskotte	5	47
(Toename)/afname in ontvangbare rekeninge – lopend	76	(7)
Besteding op kapitaalbates	18,044	20,816
Terugstortings in Inkomstefonds	(10,992)	(16,184)
Eie inkomste ingesluit by begroting	818	3,517
Netto kontantvloei gegenereer deur bedryfsaktiwiteite	19,041	23,845

16. Rekonsiliasie van kontant en kontantekwivalente vir kontantvloei doeleindes

	2020/21 R'000	2019/20 R'000
Gekonsolideerde betaalmeester-generaal rekening	9,306	8,154
Kontant voorhande	40	40
Totaal	9,346	8,194

**WES-KAAPSE DEPARTEMENT VAN KULTUURSAKE EN SPORT
BEGROTINGSPOS 13**

**AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE JAARSTATE
vir die jaar geëindig 31 Maart 2021**

17. Voorwaardelike aanspreeklikhede en voorwaardelike bates

17.1 Voorwaardelike aanspreeklikhede

		<i>Nota</i>	2020/21	2019/20
Aanspreeklik vir	Aard		R'000	R'000
Huisleningswaarborges	Werknemers	<i>Anneks 2A</i>	55	55
Eise teen die Departement ¹		<i>Anneks 2B</i>	11,470	11,470
Totaal			11,525	11,525

¹ Eise teen die Departement sluit in:

- Midnight Storm Investments 170 (Pty) Ltd v Minister van Kuns en Kultuur en Andere, wat verband hou met 'n hofspraak wat by 'n Noord-Gautengse Hooggeregshof aanhangig gemaak is. Die saak hou verband met 'n besluit geneem deur EWK om nie die beplande luukse behuisingsontwikkeling, hersonering en onderverdelingsregte van 'n eiendom, wat 'n provinsiale erfenisterrein is, goed te keur nie. EWK word genoem as derde verweerder en die LUR vir die Wes-Kaapse Departement van Kultuursake en Sport word as vyfde verweerder genoem. Die eienaars het 'n dagvaarding uitgereik om koste te verhaal wat hulle op die grond aangegaan het, aangesien hulle beweer dat die deklarasie hul eiendomsregte beperk en as 'n konstruktiewe onteining gesien moet word. Die saak is in Julie 2019 aangehoor en is afgesluit met die slotbetoë in Januarie 2020. Die hof het die beslissing in die beskuldigdes se guns. Na die uitspraak is 'n bevel van appèl toegestaan. Indien die eis suksesvol is by die Appèlhof, word EWK se aanspreeklikheid op R8,2 miljoen beraam, tensy die Departement die Konstitusionele Hof nader om 'n finale besluit oor die aangeleentheid te maak.
- TRF Sport: Eis vir goedere verkoop en afgelewer wat verband hou met gebrekkige trapmeule wat deur die Departement ontvang is. Aansoek om summier uitspraak gebring en teëgestaan. Eiser het nie geantwoord nie, aangeleentheid hangende en word beraam op R191 duisend.
- TRF Sport: Eis vir substandaard goedere wat afgelewer is, met betrekking tot bordspeletjies wat by die maatskappy bestel is. Skikkingsvoorstel is gemaak ten opsigte van goedere wat voldoen. Eiser het nie geantwoord nie, aangeleentheid hangende en word beraam op R478 duisend.
- Dagvaarding teen die Departement van Onderwys en die Departement van Kultuursake en Sport ingestel vir persoonlike besering en word beraam op R2,6 miljoen.

Voorwaardelike aanspreeklikheid met betrekking tot die hofspraak oor die 2020/21 Salarisbevriesting:

